

**DIE PERSPEKTIEF VAN DIE VROULIKE OUTEUR OP DIE**

**VLAAMSE KOLONIALE ERA**

DEUR

**ANNA SUSANNA PETRONELLA VAN DER MERWE**

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM**

in die vak

**AFRIKAANS**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: PROFESSOR H.M. ROOS**

**NOVEMBER 1996**

## OPSOMMING

In hierdie verhandeling word die tekste van onderskeidelik Mireille Cottenjé (Dagboek van Carla - 1968), Daisy Ver Boven (Mayana - 1974), Henriëtte Claessens (Afscheid van Rumangabo - 1983) en Lieve Joris (Terug naar Kongo - 1987) bespreek as verteenwoordigend van die koloniale literatuur deur die vroulike outeur.

Die doel is om vas te stel hoe daar deur die vroue outeur in die Vlaamse letterkunde aan die Afrika-ervaring gestalte gegee is. Eerstens word 'n oorsig van die begrip koloniale literatuur gegee en daarna word literêr-histories op die Vlaamse Afrika-literatuur vanaf die prekoloniale- tot die postkoloniale era gefokus.

Nadat 'n analise van die tekste gedoen is om die individuele perspektiewe te evalueer, blyk dit dat die vroue outeurs in 'n groot mate gemeenskaplike visies in hul siening van die koloniale era openbaar. 'n Beeld van die koloniale Kongo soos dit in die ervaringswêreld van die vroue outeurs bly voortleef het, kan so verkry word.

## **ABSTRACT**

In this thesis, the texts of Mireille Cottenjé (Dagboek van Carla - 1968), Daisy Ver Boven (Mayana - 1974), Henriëtte Claessens (Afscheid van Rumangabo - 1983) and Lieve Joris (Terug naar Kongo - 1987) were respectively studied as representative of the colonial literature written by female authors.

The aim is to establish how stature is given in the literature to the Africa experience by the female author. In the first instance the concept colonial literature is discussed followed by a historical review of the Flemish African literature from the pre-colonial to the postcolonial era.

After an analysis has been completed to evaluate the individual perspectives of the different authors, it appears that the female authors reveal shared perspectives in their views on the colonial era. Through knowledge of the work of these authors, an image of the colonial Congo can be found, as it lives on in the world of the female literator.

## **KEY TERMS**

Central Africa: Congo/Zaire; imperialism; colonialism; mission of civilization; paternalism; racism; primitiveness; acculturation; évolué; declaration of independence; Flemish-African literature; pre-colonial and postcolonial literature; female authors; motives; perspectives.

## **DANKBETUIGING**

Ek wil graag my erkentlikheid teenoor en dank aan die volgende persone betuig:

Aan professor H.M. Roos my studieleier, vir positiewe leiding en motivering.

Aan Marietjie Cronje vir netjiese en keurige tikwerk.

Aan my man Frik en my dogters Elmé en Elmarie vir hul liefdevolle ondersteuning.

## INHOUDSOPGAWE

### **HOOFSTUK I     AGTERGROND EN WERKSWYSE**

#### 1.1     'n Literêr-historiese oorsig

1.1.1	Inleiding	1
1.1.2.	Die term <u>koloniale literatuur</u>	2
1.1.3	Die Kongo/Zaire en kolonisasie	4
1.1.4	Die Vlaamse Afrika-literatuur	11
1.1.4.1	Prekolonisasie : tot 1908	11
1.1.4.2	Periode 1908 tot 1945	13
1.1.4.3.	Vanaf 1945 tot 1960	16
1.1.4.4	Na 1960 : postkoloniale literatuur	20
1.1.4.5	Aspekte van die Vlaamse koloniale literatuur	28
	#1 Die mondelinge literêre tradisie in Afrika	30
	#2 Karakterbeelding in die Vlaamse Afrikaroman	33
	#3 Die swart vrou en kolonialisme	35
	#4 Die blanke vrou in die Kongo	36
	#5 Die posisie van die évolué	38
	#6 Verhouding: Europeër/Afrikaan	40
1.1.4.6	Ten besluite	44

#### 1.2.     Teoretiese basis

1.2.1	Inleiding	47
1.2.2	Letterkunde as werklikheidsverslag	47
1.2.3.	Interpretasie deur middel van kommunikasie	51
1.2.3.1	Inleiding	51
1.2.3.2	Die term <u>kommunikasie</u>	51
1.2.3.3	Die outeur tydens die kommunikasieproses	52
1.2.3.4	Die rol van die leser	53
1.2.3.5	Vertellersgesag	55
1.2.3.6	Fokalisasie	56
1.2.3.7	Resepsie	57
1.2.3.8	Interpretasie	57

1.3	<u>Die vroulike stem in die koloniale roman</u>	
1.3.1	Inleiding	58
1.3.2	Fokus op die Nederlandse en Vlaamse vroue outeur	60
1.3.3	Die manlike stem	63
1.4	<u>Werkswyse</u>	
1.4.1	Keuse van verhale en outeurs	63
1.4.2	Metodologie	64
1.4.3	Doelstelling	65

## **HOOFSTUK 2 MIREILLE COTTENJÉ : DAGBOEK VAN CARLA(1968)**

2.1	<u>Die verhaal as deel van 'n historiese tydgewrig</u>	66
2.2	<u>Die verhaaltitel</u>	67
2.3	<u>Intrigeverwikkelinge</u>	67
2.4	<u>Vertelinstansie en fokalisering</u>	72
2.5	<u>Tydruimte</u>	76
2.5.1	Tydhantering	77
2.5.2	Ruimte	81
2.5.2.1	Die koloniale ruimte	81
2.5.2.2	Die metropolitaanse ruimte	83
2.6	<u>Karakterbeelding</u>	85
2.6.1	Onderlinge betrokkenheid van die karakters	87
2.7	<u>Taalgebruik en styl</u>	92
2.8	<u>Tema</u>	96
2.8.1	Huwelikstrou versus passie	97
2.8.2	Afrika versus Europa	98
2.8.3	Aangegane verbintenisse	100

2.8.4	Natuurbeelde	101
2.9	<u>Ten besluite</u>	103

### **HOOFSTUK 3     DAISY VER BOVEN: MAYANA (1974)**

3.1	<u>Intrigeverwickelinge</u>	106
3.2	<u>Die roman as tydsdokument</u>	110
	3.1.1 Die kolonis (kolonisor)	112
	3.1.2 Die inlander (gekoloniseerde)	115
3.3	<u>Vertelinstantie en fokalisering</u>	118
3.4	<u>Tydruimte</u>	121
	3.4.1 Ruimte	121
	3.4.2 Tydhantering	125
3.5	<u>Karakterbeelding</u>	127
3.6	<u>Taalgebruik en styl</u>	131
3.7	<u>Tema en motief</u>	136
	3.7.1 Die onafhanklikheidstrewes as motief	137
	3.7.2 Swart/blank reaksie op dekolonisasie	137
3.8	<u>Ten besluite</u>	140

### **HOOFSTUK 4. HENRIËTTE CLAESSENS: AFSCHEID VAN RUMANGABO(1983)**

4.1	<u>Die onderlinge betrekking tussen fiksie en werklikheid</u>	143
4.2	<u>Die verhaaltitel</u>	145
4.3	<u>Intrigeverwickelinge</u>	146
4.4	<u>Verteller en fokalisator</u>	150

4.5	<u>Tydruimte</u>	155
	4.5.1 Tyd	155
	4.5.2 Ruimte	158
4.6	<u>Karakterisering</u>	162
4.7	<u>Taal en styl</u>	169
4.8	<u>Tema en motiewe</u>	171
	4.8.1 Die haat/liefde - motief	171
	4.8.2 Die motief van angs en onsekerheid	172
	4.8.3 Die simboliese ruimte	173
4.9	<u>Ten besluite</u>	174

## **HOOFSTUK 5      LIEVE JORIS : TERUG NAAR KONGO (1987)**

5.1	<u>Inleiding</u>	177
5.2	<u>Die verhaaltitel</u>	179
5.3	<u>Die roman as feitelike gegewe</u>	179
	5.3.1 Outobiografiese realiteite	180
	5.3.2 Politieke, sosiale en ekonomiese realiteite na onafhanklikheid	182
5.4	<u>Intrigeverwikkeling</u>	188
	5.4.1 Vertelfases	189
5.5	<u>Vertelinstantie</u>	195
5.6	<u>Tydruimte</u>	203
5.7	<u>Karakters</u>	209
5.8	<u>Taal en styl</u>	214
5.9	<u>Ten besluite</u>	217



**HOOFTUK 6**

**SLOTSOM**

221

**BRONNELYS**

230

## HOOFSTUK 1

### AGTERGROND EN WERKSWYSE

#### 1.1 'n Literêr - historiese oorsig

##### 1.1.1 **Inleiding**

Tydens koloniale verbintenisse van meer as 'n eeu tussen België en die Kongo, het daar tussen hierdie gebiede ook literêre bande ontstaan. Verskeie literêre werke het tydens die prekoloniale, die koloniale en die postkoloniale tydperke die lig gesien. Derglike verhale word vandag almal as koloniale literatuur geoormerk.

Met 'n historiese agtergrond ('n werklikheid) as basis word in hierdie tekste 'n verhaal vertel wat veral aan die hedendaagse leser 'n vernuwende blik en insig op die koloniale realiteite gee: "Gebeurtenisse zijn verleden, maar worden nu zodra ze als verhalen worden neergeschreven, met een titel, een naam die gewicht verleent aan wat gebeurde, of komen tot leven door degene die ze vertelt (Bloem 1983:7).

Deur 'n beskrywing van enkele koloniale tekste geskryf deur vroue, wil ek die volgende vrae ondersoek:

1. Hoe gebruik die vroulike outeur in die geselekteerde verhale die historiese agtergrond om fiksie te skep waardeur 'n bepaalde visie van die outeur beliggaam word?
2. Is daar enige gemeenskaplike motiewe in hierdie geselekteerde verhale teenwoordig wat 'n spesifieke perspektief van die vroulike outeur op die koloniale era belig?

Hierdie vrae kan alleen beantwoord word deur die tekste binne die groter literêre-historiese raamwerk van Vlaamse koloniale literatuur te plaas en ook 'n oorsigtelike beskouing van daardie groter raamwerk te gee.

## 1.1.2

**Die term koloniale literatuur**

Vanselfsprekend vorm die kolonisasie milieu die onderwerp van wat vandag as koloniale literatuur bekend staan. Vir die doel van hierdie studie is dit die geografiese era wat as die "Geheimzinnige Zwart Land" bekend was, ook onder andere genoem die "onafhanklike Kongostaat", die "Kongo Vrystaat", die "Belgiese Kongo", die "Kongo Republiek" en tans Zaïre, wat die koloniale agtergrond vorm. Kolonisasie is 'n proses wat noodwendig op sekere plekke gedurende sekere periodes plaasgevind het en is daarom tydruimtelik gebonde. Die periode waarop die geselekteerde tekste betrekking het, omvat die jare waarin die kolonisasieproses in volle gang was, sowel as die tydperk tydens die onafhanklikheidsdrama en die tydperk ná verselfstandiging.

Die siening van Bas Heijne dat "alles mag.....zolang er maar verzonnen wordt en niet gelogen," lewer volgens Roos (1993:28) subjektiewe maar ook sinvolle kommentaar op die besondere en dan ook onsekere houding tussen historiese "feit" en fiksionele verhaal soos dit in koloniale letterkunde bestaan. Nuwe perspektiewe oor die aard van koloniale letterkunde ontwikkel steeds en begrippe soos koloniaal en postkoloniaal is daarom moeilik noukeurig omskryfbaar.

Dit is dikwels so dat alles wat oor die kolonies geskryf is, as koloniale letterkunde benoem kan word. Volgens Roos (1993:29) is dit egter 'n sambreelterm wat by die interpretasie van individuele tekste en spesifieke oeuvres dikwels nie bevredig nie. In die Anglo-Amerikaanse wêreld word die begrip postkolonialisme gebruik, verwysend na "all the cultures affected by the imperial process from the moment of colonization to the present day" (D'haen 1990:11). Volgens Luc Renders (1994:158) word Vlaamse prosa oor Kongo-Zaïre deurgaans as koloniale literatuur bestempel. Vlaamse Afrika-letterkunde behoort "koloniaal" genoem te word omdat in die meeste tekste binne dié gebied, daar vanuit 'n Vlaamse perspektief na Afrika, meer spesifiek die Kongo, gelet word.

Die Nederlandstalige literatuur wat op Sentraal Afrika gerig is, word deur middel van verskillende terme aangedui byvoorbeeld Koloniale literatuur, Nederlandse Kongo Lettere en Vlaams Afrikaanse literatuur. Volgens Vermeulen (1988:6) is die mees neutrale en omvattende begrip die term Nederlandse Afrika literatuur. Vir hierdie studie word die term Vlaamse Afrika - literatuur gebruik.

Renders (1993:3) haal Verthé aan wat die term "Vlaams - Afrikaanse letterkunde" omskryf as ".....de letterkunde van een Vlaming die nu in Belgisch Kongo woont en ermee vergroeid is, die al zijn denken en voelen op dat land africht en door dit land zelf aangegrepen is." Renders meen dat hierdie emosionele stelling geen ruimte vir 'n kritiese blik op die koloniale ingesteldheid laat nie. Vermeulen (1989:98) beweer: "Precies in dergelijke romans waarin de blanke outeur door middel van zijn personages probeert door te dringen tot de kern van de vreemde cultuur herkennen we heel duidelijk de betrokkenheid van die Vlaamse romancier op die Afrikaanse mens en leefwereld."

Renders (1993:4) bevraagteken dan ook die kenmerkende ideologiese toon van die Vlaamse koloniale literatuur. Hy vra tereg: "Hebben zij van het pamfletachtige, met vooroordelen overladen beeld van Afrika, volgens Vints, Bogers en Wymeersch toonaangevend in België, afstand kunnen doen of hebben ze het slechts bevestigd?"

In sy inleiding tot die vertaling van Couperus se De Stille Kracht (1975:xii) bestempel Beekman koloniale literatuur as "een literatuur waarin die historische psychologische confrontatie tussen Oost en West gestalte krijgt."

D'haen (1990:11) meen dat die definisie ook verwoord kan word as "confrontatie tussen gekoloniseerde en koloniserende kultuur." Hy merk verder op: "Zowel in die koloniale als de postkoloniale literatuur gaat het om een confrontatie tussen 'centrum' en 'marge' en 'periferie.' Het onderscheid zit erin of men vanuit het centrum naar de marge of van de marge naar het centrum kijkt." In die eerste geval het 'n mens te make met koloniale literatuur en in die tweede geval gaan dit oor postkoloniale literatuur. Hierdie konfrontasie vorm ook in die Vlaamse literatuur die sentrale tematiek.

By "ouer" denkers oor die begrip koloniale literatuur, heers daar ook uiteenlopende menings omtrent die basiese kenmerke daarvan. In Ange Clooster se "Inleidende Beschouwingen" by die eerste uitgawe van Zuiderkruis ('n "Tydschrift voor Vlaams-Afrikaanse Letterkunde") sê sy onder andere: "Wanneer er gesproken wordt over koloniale letterkunde of koloniale schrijvers, dan moet elk politiek element geweerd worden, er moet daaronder verstaan worden: de letterkunde van een Vlaming die nu in Belgisch-Afrika woont en al zijn denken en voeten op dit land africht.[....] Het begrip Vlaams-Afrikaans duidt daarbij kontreet de twee

bronne aan waaruit de nuwe letterkunde zal groei: Vlaanderen en Afrika, een gesmolten in die zeer eie gevoelsindrukke en -uitdrukking van een nuwe volk : die Vlaams - Afrikanen" (Aangehaal in Verthé 1961:178).

Volgens Coolsaet (1974:15) beteken koloniale literatuur "het zoeken van homologe strukturen van koloniale sosiale en ekonomiese verhoudinge en die literaire produkte, via die werelddeskouwing van die klasse waaruit die literator afkomstig is." En die wêreldbeskouing van 'n gekoloniseerde, voeg Coolsaet by, wat as agtergrond van en boustof vir literêre werke dien, moet nie as 'n statiese entiteit beskou word nie. Aanvanklik sal die gekoloniseerde in die aliënasië-fase probeer om die gelyke van die blanke te word, ten spyte van sosiale en psigologiese gevolge. Die onmoontlikheid van assimilasie met die blanke se lewensgewoontes en denkpatrone sal as antitese die Negritude oproep: 'n verheerliking van die andersheid (Black is Beautiful). Gedurende die bevrydingsfase sal die Afrikaan "via het gewapend verzet teen het kolonialisme" oorwin. In die nasionale bevrydingstryd ontdek en ontwikkel 'n volk sy eie wese, en dus ook sy eie kuns en literatuur. En daarom dan uiteindelik ook, die afstandneem van koloniale letterkunde.

Ek ondersoek tekste wat almal ná onafhanklikheid geskryf is, dus eintlik postkoloniale werke, maar geskryf vanuit die perspektief van die blanke Europeër (vrou) wat as kolonialis/toeris na die kolonie en die gekoloniseerde kyk — dus in wese steeds koloniale letterkunde.

### 1.1.3

#### **Die Kongo/Zaire en kolonialisasie**

Kolonisasie word omskryf as die ekonomiese, politieke en maatskaplike beleid waardeur groot moondhede kontrole oor landstreke handhaaf of uitbrei (HAT 1979). Deelgenote in die koloniale proses staan in 'n onewewigtige verhouding tot mekaar en die politieke-, ekonomiese en sosiale oorheersing van die een is noodsaaklik vir die voortbestaan van die ander. Die gekoloniseerde word gekonfronteer met onder andere dwangarbeid, rassisme en die vernietiging van tradisionele kulture.

Tydgenote van die kolonisasieproses het egter nie hierdie mening gedeel nie. Joostens (1991:165,186) verwys na bydraes in die tydskrif Band waarin vroeëre en regverdigende opinies ten opsigte van kolonisasie

gegee word: "Kolonisasie is vóór alles opvoedingswerk. Dat maak er de grootheid van uit; [.....]" en ten opsigte van dié verhouding "teenoor de arbeiders is deze opvoedingsplicht van grote betekenis" ; "een toekomst zonder blankes is uit den boze" (Pétillon). Dequae sluit aan by laasgenoemde opinie: ".....het gaat om het behoud en de uitstraling van de westerse beschaving, alsook om bevruchting van het zo lange tijd steriel gebleven Afrika." Vir Ryckmans beteken kolonisasie in sy "waardige" opvatting niks meer of niks minder as "beschaven" nie en 'n redaksielid van Band naamlik Vanderlinde, lê klem op die plig van die koloniale regering om nie die beskawingswerk enigsins te kortwiek nie. Rottiers glo dat die doel van kolonisasie was en is "... de ontvoogding van de Afrikaan, van willoos, ongeorganiseerd natuurkind [....] tot een volwaardig element in een Afrikaanse samenleving, [...] de bevrijding van de swarte uit de slavernij van een onhygi[ë]nisch, vijandig milieu, waarin bijgeloof en vooroordelen, machtsmisbruik en barbaarse levenswijzen welig tierden."

Eeue gelede al het Athene, Carthago en oud-Rome ter wille van welvaart op slawe wat uit koloniale besittings afkomstig was, gesteun. Met die ontstaan van die heerssug-politiek gedurende die twintigste eeu word 'n nuwe tipe kolonialisme vergestalt. Word die kapitalistiese politiek in 'n algemene raamwerk geplaas, beteken dit eenvoudig die totale ontwingting en oorheersing van die tradisionele ekonomie en die natuurlike en geleidelike ontwikkelingspatroon: "Africa is having to pay a huge price once more for the historical accident that this vast and compact continent brought fabulous profits to western capitalism, first out of its trade in its people and then out of imperialist exploitation" aldus Nkruma (in Coolsaet 1974:12). Ter verdediging van die koloniale politiek redeneer die kolonis dat die swarte tog onderontwikkel is, hy leef arm en kan "nog altijd iets van onze westerse beschaving leren...". Afrika is beskou as 'n ongeskonde land, "onbedorven als een kind of als land van regressie, van terugval in die evolucie, van stagnatie (onze eigentijdse voorouers; zonder geschiedenis") (Joostens 1991:22). Hegel se beskrywing omstreeks 1830 van Afrika en sy inwoners as 'n wêrelddeel wat buite die geskiedenis staan en dus geen geskiedenis het nie, sluit aan by bogenoemde stelling dat die Afrikaan deur afwesigheid bepaal word, terwyl die Weste 'n beeld van historiese aanwesigheid vertoon: "..... in wat hij mist creëert het westen een beeld van zichzelf as universele en tegelijk historische aanwesigheid" (Joostens 1992:31).

Die kerk het sy eie aksent binne die kolonisasieprojek gelê en motiveer die krag en noodsaak van die kersteningsproses soos onder meer deur Verthé se siening verwoord: "Toen België rond de laaste eeuwende voor zijn beschavings-programma in Afrika word geplaats, zijn we naar Kongo gegaan. Niet in de gesteltenis van de vroegere kolonisasievolkere, doch eerder in de geest van gezanten..." Deur die beskawing aan die primitiewe mens te bring "brengen we meteen de eis, de roeping in zijn leven" (In Joostens 1991:46). 'n Fragment uit René Poortman se Moeder, ik sterf (1937) verwoord ook hierdie beskawingsideaal: "De man, die uit't moederland in de steppe van de kolonie komt om te werken, en te beschaven" (Verthé en Henry, 1961:77). Dis egter tegelykertyd ook 'n skerp aanklag teen die verknechting van die swarte; die woorde van die titel word deur 'n swartman uitgespreek en vertolk die lot van die Kongolees.

In sekere universitêre milieus was mense begaan oor die (politieke) toekoms van die kolonie. Van Bilsen (dosent aan die "Instituut voor Overzeese Gebiedsdelen" in Antwerpen) publiseer in 1955 sy Dertigjaarplan om die Kongolese tot selfstandigheid te lei. Antisiperend op Van Bilsen se dokument en met die inagneming van die strewe van die évolués, is G. Walschap die eerste outeur wat die problematiek van kolonisasie en dekolonisasie ernstig aanpak. In sy roman Oproer in Kongo (1953) word tereg op die vraag waarom die blanke na die Kongo gekom het, geantwoord: "om wille van de beschaving die ze op de neger wilden overdragen, of omdat ze er financieel voordeel in zagen (p.186).

In die siniese Afrika gesegde, "toe die blanke hierheen kom, het ons die grond gehad en hulle die Heilige Skrif. Nou het ons die Heilige Skrif en hulle die grond", skuil 'n ironiese aanklag teen kolonisasie. In die kolonie is dit die kolonis wat profiteer en usurpeer: "...geïndoktrineerd door het 'exotisme' en die geldingsdrang vertrek men naar de kolonie, zo zien we velen, zelfs al ware zij in het begin ietwat verlegen personages, spoedig tot tyrannieke koloniste evolueren, die gebruik maken van elke greintje macht dat ze verkregen hebben [...]" aldus Coolsaet (1974:39). Vir die Duitse Ryk was diamante, en vir België veral rubber, tot groot ekonomiese voordeel. Deur middel van die kolonisasie proses is die lewensruimte van die oorspronklike inwoners ingeperk — is die mens in sy eie ruimte bedreig en kon dit tot geweld lei.

Placied Tempels het egter teen die middel van die twintigste eeu reeds sy besorgdheid uitgespreek oor die feit dat die swartes op eie Afrika bodem tot vreemdelinge gemaak is. In sy bekende Bantu - filozofie (1946) word die kragtebeginsel met God as kragverwerker en die mens as onderhouer van die skeppende krag, as panteïstiese beginsel aanvaar. Hy vra dat van die swartes beter mense gemaak moet word sonder om eers "de mensch, die reeds in hen bestond, te doden" (Joostens 1991:197). Tempels het 'n invloed op baie Vlaamse Afrika-outeurs gehad deur 'n brug na Afrika se geheime te span.

Verhale oor "donker Afrika" het eeue lank die verbeelding van Europa aangegryp. Die Belgiese Kongo wat byna die hele Sentraal-Afrika omvat, was die mees ontoeganklike deel van die kontinent en is deur Joseph Conrad as "the heart of darkness" beskryf. Coolsaet (1994:85) verwys na Omer De Wit in Blanke Man, Zwarte Vriend (1961) waarin 'n jong missionaris die Kongo soos volg beleef: "Afrika, fluistert hij. Hier ben ik. [...], ik zal vechten!" (p.36) en na Demers wat die Kongo in Het Grote Avontuur (1937:52) soos volg beskryf: "Gansch het woeste, gevaarlijke Afrika, waarvan hij fantastische verhale had gelezen, bedreigde hem in dezen donkeren nacht." Die Duitse kolonis Clara Brockmann assosieer Afrika egter met lig, spesifiek maanlig — "...the wonderful magic of the African moonlight." In haar roman Du heiliges Land konsentreer sy op die ligaspek van die Namib waarin Afrika voorgelê word as simbool van vryheid — met behulp van 'n ideologiese kinkel kan beweer word dat die Duitsers lig na Afrika gebring het (Carusi 1989:177). Wanvoorstellings kom ook in Afrika self voor ten opsigte van geskiedkundige en geografiese feite. Volgens Van Rensburg (1983:2) word hierdie onkunde onder andere bestendig deur die aanwesigheid van verskillende koloniale owerhede en verskillende Europese tale. Deur middel van toenemende tegnologiese en wetenskaplike kennis kon historici geleidelik die fisiese beeld en atmosfeer van "donker Afrika" wysig. Reeds al in die begin van die sewentien tagtigs het Europa met 'n ander oog na Afrika gekyk en met behulp van die stoomboot en kinien die binneland makliker bereik. Nuwe data is aan Europa deurgegee, sieninge oor Afrika het meer verfyn en gedetailleerd geraak en is gepubliseer. Tereg merk Robert Audrey in African Genesis op: "The only dark aspect of the dark continent, is our knowledge of it" (Boudart 1990:152).

Histories beskou, neem die Vlaamse koloniale literatuur lank voor Stanley wat in opdrag van Leopold II na Afrika reis, 'n aanvang.



Leopold I het alreeds vanaf sy ampsaanvaarding gedroom van koloniale uitbreiding en sy konsessie in die baai van Santo-Tomas in Guatemala getuig van sy ondernemingsgees. De Hoon skryf in 1844 'n avontuurnovelle Guatemala waarvan die handeling in Guatemala gesitueer is. België het sonder enige buitelandse ambisie en 'n seevaarttradisie, deur middel van Koning Leopold II se imperialistiese ideale by Afrika betrokke geraak. In Januarie 1876 lees Leopold II in The Times van ene Cameron se ontdekking van Sentraal Afrika, en stuur in 1879 vir Stanley (met die koning se finansiële steun) na die Kongoriviermond om sodoende sy territoriale ambisie te bevredig. Na die Geografiese konferensie in September 1876 deur Leopold II in Brussel gereël, word die "International African Association" gestig om ontdekkingswerke op nasionale vlak in Midde-Afrika te doen. Leopold II sou oënskynlik slawehandel beperk, maar in Afrika sou hy ook 'n winsgewende kolonie vestig. Tydens die Berlynse Konferensie (1884-1885), is Afrika se toenemende belangrikheid in die onderhandelinge weerspieël en word die grondreëls vir die verdeling van Afrika gewettig. Leopold II se diplomatieke vernuf is beloon toe die Berlynse Konferensie in Februarie 1885 die Kongo, agt maal groter as België, as 'n nuwe en volwaardige staat erken het. Die Kongo is as privaatbesit aan Leopold II toegewys; die naam is na Kongo Vrystaat verander en Leopold II kon daarna op slinkse wyse die grense van die Kongo Vrystaat verder uitstoot. Leopold II het die fondasie vir die twee-en-vyftig jaar van 'n Belgies-geadministreerde Kongo gelê. In 1955 het goewerneur-generaal Pétillon in sy verwelkomingsrede aan Koning Boudewijn tydens sy besoek aan die Kongo onder meer gesê: "België ontstaan uit de wil van een volk, Kongo daarentegen is geboren uit de wil van een Koning" (Joostens 1991:184). België het dus eiendomsreg op Afrikabodem verkry. Eiendomsreg wat ook Vlaamse politieke, maatskaplike en ekonomiese bande met Afrika beteken. Europa se meerderwaardigheid het politieke soewereiniteit en ekonomiese dominansie verseker; later sou kulturele oorheersing volg. Die onderhawige gebiede moes ter wille van die erkenning van internasionale aanspraak, effektief beset word.

Aangespoor deur onder andere idealisme of die sug na avontuur, het vele Vlaminge die stem van Afrika gehoorsaam. Sekere vereistes is aan die aspirant kandidate gestel, vergelyk Clement Van Straelen se Wegwijzer voor wie naar Kongo wil (1947). In 1908 was daar 3 000 Europeërs in die Kongo waarvan 55% Belge was; in 1945 was die getal Belge 24 000 en in 1959 het die getal na 89 000 opgeskuif (Kurian 1992:429). Vir sommige van die nuwe aankomelinge was

Afrika 'n paradys; ander was ontgogeld. Op die agterblad van Paul Brondeel se roman Ik blanke kaffer (1970) word gesê: "Kongo een paradys ... wat moet ik daarom lachen!" Die hoofkarakter Cafmeyer vertel van sy wedervaringe in die "broeihete land van ondankbaarheid." In Tropenwee (1904) van Henri van Boven word die moeilike bestaan van die blanke as gevolg van onder andere die hitte beskryf en die mite van 'n Afrika-paradys die nek ingeslaan.

In Afrika moes die Vlaminge binne 'n Franstalige oorheersde regeringsopset wortelskiet, en daar was vele probleme vir die oorlewing en aanpassing. Veral gedurende die oorlogsjare was die kolonis verward en rigtingloos. Moontlik kan die Lingala gesegde: "Lolema djola feka feka", wat die blanke as 'n vlermuis beskryf wat vlieg sonder om te weet waarheen, hier van toepassing wees. Die Vlaminge moes op eie inisiatief vir hul voortbestaan veg. Bewus van die afsondering wat veral die Tweede Wêreldoorlog teweeg gebring het, beywer die Vlaamse koloniste hulle vir 'n beter kultuurlewe ter plaatse. Verthé pleit dat diegene wat op die "geestelike voorposte" in die Kongo staan, hul geestelike erfdeel moet bewaar (Joostens 1992:35). Die Vlaminge moes die belange van "hun land, hun België" voorop stel. Oral is toneelgroepe, volksdansgroepe en Vlaamse Vriendekringe gestig wat kulturele bewuswording weerspieël het; "geroepen zijn om onze menzen in Kongo gezonde ontspanning en gezonde Vlaamse kultuurleven te bezorgen," aldus Joostens (1991:87). Besoekende Vlaamse letterkundiges, skilders en toneelgroepe het 'n belangrike skakel met die bekende Europese wêreld gevorm. Kort na die Tweede Wêreldoorlog begin die Belgiese regering met die toekenning van kulturele reisbeurse met die verwagting dat die beskawingswerk in die Kongo estetiese waarde sal verkry. So maak outeurs soos onder andere G. Walschap, Emiel van Hemeldonck en André Demedts met die kolonie kennis. In 1955 lê Van Hemeldonck byvoorbeeld sy reisindrukke in Olifante hebben voorrang vas. Verskeie letterkundige pryse, byvoorbeeld die "Driejaarlijkse prijs voor koloniale Letterkunde" word deur Davidsfonds uitgereik en hierdie Katolieke uitgewery bring heelwat Kōngoromans op die mark.

Die rykdom van die kultuur as bind- en kommunikasiemiddel kon beplande politieke en ekonomiese samewerking vergemaklik. Literêre dialoog tussen die Vlaminge in Afrika en die Kongolese kon vir wisselwerking tussen mens en mens, en volk en volk sorg. Vanuit België het Leopold II die letterkunde ter wille van kolonialistiese propaganda aangemoedig — hy was deeglik bewus van die invloed van

die geskrewe woord. Enkele letterkundige inisiatiewe word geneem: in 1942 word die eerste Vlaamse kulturele tydskrif Band in Leopoldstad tot stand gebring, die breinkind van "een tiental bewuste Vlaminge [...] door de oorlogsomstandighede in Afrika gebracht" (Joostens 1991:79). Vir die geskiedenis van die Vlaamse Afrika-literatuur beteken dit 'n mylpaal. Band moes, volgens die redaksie, "het brandpunt worden van een groeiende Vlaamse koloniale literatuur." Band berig dat met die opvoering van De Wonderdokter deur Jos Janssens "liep de ruime Albert I-zaal te Kalina bomvol." By hierdie geleentheid spreek ene dr. Caligari 'n woord oor Band soos volg uit: "Band is een tijdschrift dat bestuurd en voortgebracht wordt door het elite van de Vlaamschtalige Belgen in Kongo. [...] Het stelt geen belang in politiek" (Band 1944 in Joostens 1991). Die toneelstuk Mariken van Nieumeghen in 1944 is vir Band van groot belang "...want het is geen kleinigheid in oorlogstijd hier een Vlaamsch tooneelstuk op den kop te tikken." Op 8 November 1955 word die tydskrif Zuiderkruis op die been gebring en akkommodeer dit, net soos in die geval van Band, 'n verskeidenheid genres. Deur middel van Zuiderkruis het die begrip "Vlaamse Afrika - letterkunde" burgerreg verkry. Band en Zuiderkruis versmelt in Januarie 1960 en die Vlaamse letterkunde in en oor Afrika kon op hierdie basis voortbou.

Dit is interessant dat hierdie bedrywighede ook die Afrikaanse letterkunde geraak het. André Demedts pleit vir 'n band met die "stambroeders uit het zuiden" (Suid-Afrika) en die volksgenote uit die Noorde (Afrika) sodat die Vlaamse literatuur daardeur verskeidenheid en openheid kan verkry. Hy vra dat skrywers "meer uit zichzelf, uit hun onmiddellijke omgeving, uit de beperkte gezichtskring van een vlak land kunnen treden" — skeppende kragte uit onder andere Insulinde, Suid-Afrika en die Kongo bring nuwe insigte. In 'n artikel in Band word na C.L. Leipoldt verwys as skakel in die "kultuurbroederskap" tussen Vlaminge en na Suid-Afrikaners "as blanke vaandeldraers van 'n beskawing wat vir Afrika vreemd en nuut is" (Joostens 1991:100).

Daar is verskillende menings oor die kwaliteit van die in die Kongo geproduseerde literêre werke. As die Belgiese koloniale literatuur nog nie dieselfde artistieke peil bereik het as byvoorbeeld die Franse, Engelse of Noord - Nederlandse koloniale literatuur nie, "dan is haar studie toch van zeer groot belang voor wie kennis wil maken met het Belgische beschavingswerk in Afrika" (Vertommen in Joostens 1992:38). In 1951 pleit Jonckheere vir 'n Vlaamse koloniale literatuur van niveau, dit wil sê "zonder atavistisch provincialisme" en hy voeg by: die kolonie bied 'n

unieke kans om deur middel van 'n soort "kruisbestuiving komaf te maken met 'de verouderde romantiek van de Maagd van Vlaanderen' " (Joostens 1991:38). Walter Geerts se debuutbundel Ballade van de Wenge (1954) is "een teken [...] dat onze taal hier leeft en dit leven, zo goed als ergens anders, tot gedichten kan worden omgeschapen" verseker Leo Simoens (Joostens 1991:113). Kolonisasie sal noodwendig 'n gewysigde wêreldbeskouing van die gekoloniseerde en dus ook noodwendig 'n vorm- en temaverandering in die letterkunde teweeg bring.

#### 1.1.4 Die Vlaamse Afrika - Literatuur

##### 1.1.4.1. Prekolonisasie : tot 1908

Hierdie tydperk word gekenmerk deur verkenning en verowering. In De Limburgers in Congo (M. Luwel) word 'n oorsig gegee oor die pioniers wat voor 1908 "in het wildvreemde land hebben medegeholpen aan het verspreiding van de beschaving" (aangehaal in Renders 1993:4). Filippo Pigafetta word erken as die outeur wat die eerste boek oor die Kongo die lig laat sien het en dit in 1519; dit word 'n skakel in die literêre ontdekkingskring van Afrika. Jan Huigen se Itinerario handel oor die Weskus van Afrika en die Kongo; in 1623 verskyn Toortse der Zee-Vaert van seevader Ruiters. Van den Broeke gee 'n boeiende verslag van sy reise na die Kongo in Korte historiael (1634). Volgens Verthé en Henry (1961:29) word die grondslag vir die Vlaams Afrika - belletrie deur bogenoemde outeurs gelê.

Baie van die geskrifte oor Afrika (byvoorbeeld skeepsdagboeke) word gekenmerk deur die dokumentêre verslagstyl. Voor 1860 word 'n onvolledige beeld van Afrika in die literatuur weergegee; na 1860 kry reisverhale aftrek met as tema die natuur waarteen die mens moet veg. In 1668 word Afrika in Olfert Dapper se Noukeurige beschrijvinge der Afrikaanse gewesten beskryf. Ander beskrywings oor die Kongo kom voor in C. Hazart se Kerkelijke Historie van de Gheheele Wereldt en in Isaak Tirion se Hedendagsche Historie van Afrika (1763). Gezelle se belangstelling in die Kongo word in sy gedig Congolanders (in 1896 in die koerant De Gulden Spore gepubliseer) deur middel van 'n interessante taalspel openbaar. Hendrik Conscience se avontuurverhaal Goudland (1862) staan in teenstelling met die Vlaamse literatuur wat in hierdie tydperk hoofsaaklik didakties van aard was.

Die oorgang van genoemde verslae na koloniale letterkunde word deur Arnold Maes met sy Reis naar Midde Afrika (1879) verpersoonlik. Hy belig die voordele van die beskawing vir die koloniale gebied en vir die gekoloniseerde om "onbekende wetenskaplike rijkdommen in te oogsten" (Renders 1993:8). Maes is meer korrespondent as literator, maar gee 'n reeks beskrywings van die Afrika - landskap, kenmerkend van hierdie periode. In De Mey se Van Antwerpen naar Stanley-Pool: reisindruckken (1899) word heelwat filantropiese bespiegeling aangetref.

In 1890 lewer die slawehandelaars arbeiders vir die bou van die Matadi - Leopoldstad spoorlyn wat in 1898 oopgestel is. In sy sentimentele roman Ook een ideaal (1896), gee Pieter Danco 'n verslag van die aanleg van die eerste spoorlyn tydens die koloniale era; die superioriteitsdenke van die Europeër slaan duidelik in sy woorde deur: "Het gaat hier dan ook niet primair over Afrika, maar over het beeld dat Europeanen zich, met name in de context van de koloniale encounter, van Afrika vormden" (Corbey, aangehaal in Renders 1993:6). Met bogenoemde novelle lewer Danco die eerste Vlaamse bydrae tot die koloniale belletrie. Die tema is kenmerkend van hierdie periode: die liefdesverhouding van twee Europeërs, met as agtergrond die "eksotiese" Kongo. Daar is nie ruimte vir die gekoloniseerde as personage gelaat nie — die opstand van die "inlands werksvolk" word nie as outonome tema uitgewerk nie. Dieselfde temas as in die koloniale literatuur van ander taalgebiede word hier aangetref: die vyandige Afrika, die beskawingsroeping en die sentrale posisie van die blanke met die Afrikaan slegs as figurant. Die tema van die seksuele verhouding tussen die blanke man en die swart vrou word nie hier aangeraak nie.

Renders meen dat nie alle Europeërs of Vlaminge ten opsigte van hul meerderwaardigheid oor dieselfde kam geskeer kan word nie en verwys na die novelle De zwarte Kost (1898) van Cyriel Buysse waarin kritiek op die "domme Vlaamse bevolking, maar ook op de koloniasiepolitiek van het land" gerig is. Hoofkarakter Fortuné Massijn bevraagteken die sogenaamde beskawingswerk van die Europeër. In sy werk Twee jaren in Congoland (1902), ondersoek Constant de Deken sy roeping as missionaris in Donker Afrika. Hy beoordeel die Kongolees vanuit westerse norme: die enigste goeie swarte is 'n gedoopte swarte — die res is "menseneters, grotere kinderen, schelmen, dieven en veelwijvers." As gevolg van die evolusionêre denkbeelde wat gedurende die vorige eeu so kontroversieel was, word die Vlaamse outeurs verhinder om objektief oor Afrika te skryf. Die streng Katolieke Vlaamse tradisie en die

moeilike lewensomstandighede van die Vlaamse outeur in die Kongo vind neerslag in emosioneel - belaaide werke waarin cliché-agtig oor die Kongolese leefwyse geskryf word.

In die literêre pioniersjare speel Nederlandstalige geskrifte 'n groot rol; vergelyk byvoorbeeld Henri van Boven se Tropenwee (1904) waarin die tragiese ervaring van 'n kolonis in Afrika beskryf word. Dit is interessant om te let na die leimotief "wit" — die hoofkarakter word "de witte" genoem wat die totale onaanpasbaarheid van die blanke in Afrika suggereer. Die invloed van Van Boven se werk was van groot belang vir die koloniale literatuur in Vlaandere — hy word beskou as pionier van die Vlaamse koloniale letterkunde (Verthé en Henry 1961:39). Ook in 'n swarmoedige trant gee Joseph Conrad in Heart of Darkness (1902) sy indrukke van die Kongo waarin Leopold II se afsigtelike reputasie verbeeld word — dis 'n "bloederige en treurige" tropeverhaal wat deur gruweldade aldaar geïnspireer is.

#### 1.1.4.2

#### Periode 1908 tot 1945

Maatskaplike en politieke druk noop Leopold II om die Kongo Vrystaat in die hande van die Belgiese regering oor te dra en dit staan vanaf 1908 as die Belgiese Kongo bekend. Hierdie periode word gekenmerk deur die administratiewe besetting en die hernude vasstelling van die verowerde gebied. Na die Eerste Wêreldoorlog word Ruanda en Burundi as mandaatgebied aan België oorgedra en word die Vlaamse koloniale letterkunde se geografiese omvang vergroot.

Die blanke beskou op hierdie stadium sy aanwesigheid in die kolonie as "vanzelfsprekend, permanent en heilzaam" (Renders 1994:160). Met hierdie feit in gedagte, sou die pennevrugte wat hierdie periode as tema het, nie meer suiwer reisbeskrywing of dokumentêre verslae wees nie. Meer aandag word aan plaaslike feite en toestande en aan die mens en sy milieu geskenk. Administratiewe ordening en die toepassing van wet en orde vervang die mag van die tradisionele leiers. Hierdie verandering het sy stempel op die letterkunde afgedruk en in heelwat tekste word 'n Westerse perspektief aan die leser deurgegee. Die verhouding met die gekoloniseerde is steeds negatief en die kloof tussen swart en wit is groot. In Zwarte Maatjes (1932) en in Het zwarte leven van Mabumba (1935) verduidelik Verreet dat bekering tot die blanke geloof en die aanvaarding van die blanke beskawing, net tot voordeel van die swarte

sal strek — 'n duidelike voorbeeld van Westerse maatstawwe wat as absolute norm vir Afrika voorgehou word. Na die vestiging van die missionarisse, verskyn heelwat "kitsjerige verhalens oor massale bekeringe" (Stynen 1983:260). Volgens S. de Jonghe is die gekoloniseerde "zichself, hij is niet halfbeschaafd, waardoor complexiteit van karakter, maar hij is niet beschaafd" (Coolsaet 1974:55). Repressiewe rassisme steek sy kop uit, die ontginning van die verowerde gebied oorskadu nou die beskawingsideaal. Rassisme kristalliseer uit tot 'n ideologie: luiheid en seksuele potensie word — soos byvoorbeeld in die uitlating van De Jonghe — as aangebore kenmerke van die swarte voorgehou.

Na 'n periode van felle kritiek op die Leopoldiaanse Kongobeleid, was die Belgiese regering verplig om die beeld van die Kongo te probeer verbeter. Ook in die literatuur sou spore van hierdie rehabilitasiepolitiek gevind word. Een van die pogings om 'n genuanseerde beeld van die Kongo te gee, was afkomstig van Diericx in Dwars door Congoland, dagboek van eene Belgischen Congotrotter (1911). Sommige outeurs probeer om met 'n groter openheid en begrip oor Afrika te skryf — soms word die koloniale proses skerp veroordeel. Ander beskou en beoordeel Afrika steeds deur Europese oë. Albei groepe outeurs staan in konfrontasie met Afrika en die Vlaamse outeur se literêre werk word ten sterkste deur die kennismaking met die nuwe wêreld beïnvloed. Zuiderkruis lewer só kommentaar: "Het is een overtuigen dat de bindende kracht van ons letterkundig orgaan ligt in de drang om ons te kunnen inwerken in deze nieuwe wêreld..." (Verthé en Henry 1961:172). Daaglikse gebeure in die kolonie, afgewissel met verwysing na geld, drank en seksuele bedrywighede, vorm in baie van die literêre werke die belangrikste temas. Die koloniale mentaliteit is opmerklik; die swarte met hul slinksheid, die stoerheid van die plattelandse swarte, die heimwee na België en die natwiteit van die swarte wat in kontras met die beskaafde Europeër gestel word, vorm terugkerende motiewe. Die blanke vrou vorm ook 'n spesifieke tema, so ook die relasie blanke man — swart vrou. Alfons Vermeulen gee in De Pioniersdagen van Chicongo (1934) 'n voorbeeld van die nuwe tipe kolonis: "de worstelaar" wat weet hoe om aan te pas by "de ijzeren noodzakelijkheid." Daar is 'n behoefte om wat hy beleef, neer te skryf; dit wys, soos Coolsaet (1974:82) dit stel "op het terapeutiese karakter van de geskriften van die tijd" — op een of ander manier moet die verowerde koloniale voorregte geregverdig en verdedig word.

Kort voor die Tweede Wêreldoorlog word 'n verandering in die literatuur bemerk. In Het Koloniale in de Literatuur (1938) skryf Sylva de Jonghe soos volg: "[...] de Vlaamse koloniale literatuur is nog in haar foetus-periode, maar toch worden er reeds hartkloppingen waargenomen die vorm en leven geven" (Stynen 1983:260).

Die swarte vorm nou deel van die personages; in meer literêre werke word gepoog om die "zwart ziel" te analiseer, vergelyk die kenmerkende titel Blancs et Noirs au Congo Belge (J.M. Jadot) ten opsigte van die Franstalige koloniale literatuur. A. Walschap publiseer in 1933 sy veelbesproke novelle Bolalimai waarin die siel van die swarte "waarachtig" uitgebeeld word. Die feit dat hy bepaalde karakteristieke beskryf, wys op die invloed van die heersende ideologie in sy werk: "...maar vóór die tijd is Bolalimai al lang ontvlucht met kleergoed van de mensen...."(Coolsaet 1974:83).

Die reeds vermelde Het swarte leven van Mabumba is één van die ekstreemste vorms wat die "analyse van een negerfilosofie" kan aanneem. Die individualistiese tema skets die lewensbeskouing van die gekoloniseerde. J. De Pillecyn beskryf in sy twee novelles Bafoe (1934) en Mupenzi (1935) die swartes as "een natuurkind." Sendeling Bittremieux vestig die aandag van die leser op die gevoelslewe en denke van die swartman met Symbolisme in de Negerkunst (1937). Frans Demers se roman Het Groot Avontuur (1937) omvat 'n weergawe van die heersende vooroordele ten opsigte van die Afrikaan. Kenmerkend is die ideologie wat Demers in sy helde vergestalt: slegs blankes is belangrik. 'n Ontgogelde René Poortmans pen sy ontugtering in onder andere Moeder, ik sterf (1937) en in Zon in Zenith (1939) vas. In eersgenoemde roman word die verknegting van die Afrikane veral deur die toedoen van 'n mynmaatskappy aangekla. Aanvanklik betoon kolonis Monsen tot 'n mate simpatie met die swartes, maar noem hulle later "zwarten, kinderen, lui" en ten slotte "beesten". So word hy dan self die kolonis wat hy aanvanklik verag het. Vanuit 'n literêre oogpunt beskou, is dit die mees geslaagde werk in hierdie periode — Poortmans vermy die moraliserende en/of verontskuldigende onderbou van die meeste ander outeurs.

Ander outeurs wat ook in hierdie periode die Vlaamse belletrie met 'n verskeidenheid bydraes verryk, kan vermeld word: 'n Waardevolle koloniale dokument naamlik Onder de gulden ster (1929) verskyn uit die pen van De Cleene; T. Claeys vul die Vlaamse sendingliteratuur aan met



Waar de Meester mij riep (1931) en die hagiografiese geskrif De reus van Congo (1934) van A.Malcorps bevat 'n gedramatiseerde biografie van Stanley. Gedurende die oorlogsjare publiseer Band ook gereeld literêre bydraes van verskeie outeurs. Hier kan byvoorbeeld verwys word na onder andere Silja de Furnes se Katherine ziet Afrika (1942 : 123-126)\* waarin die blanke onderweg na Afrika is en Erik van Bever se Heimwee (1944: 242-246)\* waarin die nostalgie en heimwee gedurende die Tweede Wêreldoorlog uitgebeeld word. In Kongo ya Lobi (Janssen 1961:87) word die verhaalkuns gesien as 'n poging om deur te dring tot "het gemoed der zwarten en in hul sameleving. [...] Vanzelfsprekend gaan ze dan dieper en brengen ze een schonere kunst voort, al weten ze dat dié verhaalkunst [...] nog maar aan het begin staat." Die vroulike literêre stem is egter nog nie hoorbaar nie.

Die meerderheid van die tekste wat tot die einde van die dertigerjare gepubliseer is, verbeeld die koloniale bestaan as " dragers van het blanke gezag en de voorgenomen bestuurs- en rechtvorm, de realisators van het beschavingsplan" (Verthé en Henry, 1961:45). Dit is egter verkeerd om 'n mens blind te staar op die algemene kenmerke van 'n bepaalde literêre tydperk: In Sylva de Jonghe se oeuvre byvoorbeeld, word verwysings na elemente uit hierdie vorige periode aangetref waarin die pessimistiese kolonis deur die oerwoud tot ondergang gedoem is (Het Brousevuur 1941). Daar is egter 'n verskil: die kolonis gaan nie ten gronde nêr as gevolg van Afrika nie, maar ook deur homself.

\*\*

Verwys na verskyningsdatums in Band

#### 1.1.4.3

#### **Vanaf 1945 tot 1960**

Koloniale literêre werke (fiksie en reisverhale) voor 1960 fokus merendeels op die blanke se superioriteit. Die boodskap aan die leser is duidelik: die Afrikaan leef in die "barbarij" en die geweldige uitdaging aan die blanke is om die "barbare" te beskaaf. Lode Kerels stel tereg in sy skets Tropenleven (1947) onder andere die volgende vrae: "Is ons bestuur zich wel ten volle bewust van de omwenteling die we door onze opgelegde beschaving aan de inlandse middens opdringen? Zijn we wel innerlijk en innig zeker dat onze beschaving de redding van de negers nastreeft?"

Versetreaksies in onder andere Viëtnam, Madagaskar en Algerië steek na die Tweede Wêreldoorlog die kop uit; sosiale onrus styg en die kommunisme gedy. In hierdie periode verlaat die meeste koloniale outeurs die romangenre vir poësie en die kortverhaal. Die koloniale roman "blykt als genre over zijn hoogtepunt te zijn"; die indruk word verkry dat die genre "tezeer gekompromiteerd werd door het kolonialisme" en die "essayistiesch genre" sal na vore tree by onder andere Sartre en Memmi, aldus Coolsaet (1974:58). Die gekoloniseerde het bewys dat die mites van die vorige periodes omtrent "Afrika" en "de Neger" deur die realiteite verdring is — die blanke en die koloniale belletrie sal nou "ter diskusse gesteld worden"; dit word bewys in byvoorbeeld Leenhardt se analise van *La Jalousie* (Alain Robbe - Grillet, 1957) asook in Goldman se analise van *Les Nègres* (J. Genet, 1958). Die Afrikane is nie meer primitiewe diere of onskuldige "te-bekeren" inlanders nie, maar het 'n gevaar vir die blanke koloniale samelewing geword. Die boodskap is implisiet: "blank en zwart, het is allemaal één pot nat, iedereen is even onbetrouwbaar — een onbetrouwbaarheid die bij de zwarte slachtoffers nog begripelijk blijft" (T. Anbeek in Franken en Zonneveld 1995:82). Tydens die woelinge rondom die dekolonisasieproses word as politieke slagspreuk die woord *Indépendance* in die volksmond tot *Dipenda/Dipanda* omvorm. Die toenemende isolasie van die blanke hits rassediskriminasie aan en hiermee word die grondslag van neo-kolonialisme gelê "waardoor men in de individuele Afrikaan de Afrikaan tot zondebok kan maken van koloniale reperkussies" (Coolsaet 1974:103).

Van belang in hierdie periode is onder andere die verskyning van Band en die begin van die Kongolese onafhanklikheidsstryd in 1959. Die literatuur ondergaan ingrypende veranderinge as gevolg van veranderende koloniale, sosiale en ekonomiese strukture. Met die slagspreuk "Vir Vryheid, Vorst en Vaderland" lyk dit asof Band die gekoloniseerde heeltemal ignoreer, maar as gevolg van die versetbewegings aan die begin van die dekolonisasiebeweging word die blanke verplig om die Afrikaan anders te benader. R. Derine (Coolsaet 1974:89) waarsku: "Op elk gebied is de tijd voorbij dat we beslissingen nemen, zonder de inlanders te raadplegen." In Zuiderkruis word die wêreldbeskouing van Band weerspieël wanneer in die hoofartikel van die eerste uitgawe melding gemaak word van die rol wat die kolonis nog baie lank in Afrika sal speel. Dis opmerklik dat daar min aandag aan die romankuns gegee word — slegs enkele verwysings na en fragmente uit onder andere Makila Mabe (Clooster) en Mongala (Geerts) word

aangetref.

Rondom 1953 is daar 'n ontwaking in die koloniale poësie te bespeur: "[...] en er roert etwat" meen Geerts in Zuiderkruis. Temas wat onder die loep geneem word is nie meer rassisme, psigologiese konflikte en kolonialisme nie, maar onder andere die onvermoë om Afrika te peil, heimwee na België, die kontras tussen die Europeër en die Afrikaan, die komende onafhanklikheid, die onverklaarbare bekoring van Afrika en die Afrika-natuur en sy inwoners wat as primêre simbool van lewe besing word. Trippas verwoord die digter se betrokke aanwesigheid in Afrika soos volg: "Daarom wil ik niet dichten over Afrika, maar van uit Afrika over dezelfde onderwerpe als die waarover ik in Vlaanderen sou hebben geschreven" (Coolsaet 1974:92). Met die verskyning van "twee verrassende verzenbundels van kolonialen" Tropenkarnaval (1957) van Frans van der Walle en Wonga (1957) van Geerts, hoop Julian Haest "dat wij op weg zijn een specifieke Vlaamse koloniale poëzie te veroveren." Vir laasgenoemde is dit belangrik dat uit eie Afrika-ervaring, sonder 'n Europese mentaliteit, geput moet word. In 'n bundel Kongogedigte Kaluva (1957) van Marcel Coole word gepoog om deur middel van anekdotiese digkuns die magiese sielelewe van Afrika op te roep; Lernhout benadruk in sy gedig Afrika wat in 1957 in Zuiderkruis geplaas word, dat Afrika vir ewig aan hom behoort. In 'n afskeidsgedig Morgen vergestalt Geerts die verbondenheid aan Afrika:

*Wij zullen gaan  
armer dan we zijn gekomen:  
met in de lende  
de pijnen van de arbeid  
en in de lippen  
de pijnen van je beten.*

Volgens Renders (1993:21) is die kontak met die Kongo "...daardoor niet langer een verovering maar eerder een veroverd worden, een oorweldiging." Na 'n besoek aan die Kongo verskyn van Buckinx die digbundel De oevers van de stroom (1958) waarin hy probeer om die Kongolees se sielelewe te peil. Maurice Trippas se digbundel Geschonden Heelal (1959) openbaar sy inlewing in die Afrikawêreld — die gedigte handel oor die Vlaamse kunstenaar se psigologiese spanninge in Afrika. Hy beweer dat eers nadat daarvoor oplossings gevind is, kan die digter Afrika emosioneel-betrokke beleef. Walter Geerts neem die inisiatief vir die gemeenskaplike poësie-uitgawe van Vlaams-Afrika digters: Dichters om het Zuiderkruis (1960). Renders (1993:19) haal Geerts aan wat hierdie poësie beskryf as "...de trillende gevoelsnaar van

de Vlaming in Afrika, teenoewer Afrika, soms teen Afrika."

Ten opsigte van die Vlaamse romanskrywers kan in vergelyking met die vorige periode, van stagnasie gepraat word. Die blanke beskou sy posisie as onaantasbaar en vanuit die waan van sy superioriteitsgevoel word koloniale aangeleenthede deur 'n Europese oog bekyk en beoordeel. Moontlik sou dit die rede wees waarom die tema van die komende onafhanklikheid vermy word. Die konfrontasie met Afrika betrek die Vlaamse Afrika-outeur egter by 'n nuwe wêreld en hy kan hierdie beleving in die letterkunde vergestalt. So verkry die Vlaamse Afrika-literatuur 'n eie identiteit en kan daar met groter openheid oor Afrika en sy mense geskryf word. Die feit dat Bittremieux se wetenskaplike- en literêre werke van sy groot belangstelling vir die gebruike en sedes van die Yombe getuig, weerhou hom egter nie van die siening dat die swartes 'n "vervalle ras" is nie. Daar is egter wel enkele belangrike werke in die jare gepubliseer. As tema het Oproer in Kongo (1953) van G. Walschap, die verset van die gekoloniseerde teen Europese oorheersing; dis 'n visionêre voorbode van die onafhanklikheidsdrama. In hierdie opsig verskil die roman hemelsbreed van die meeste ander werke wat in hierdie tyd verskyn. Die weerstand soos voorgestel in hierdie periode is volgens Vertommen in Band "gefilterd": "Het richt zich niet tot het westers kolonialisme in-se, maar tot het kolonialisme van het oude type dat inderdaad heeft afgedaan" (Coolsaet 1974:95). Onbewustelik steek Walschap steeds vas in die mite van die swarte wat as kind opgevoed moet word.

Met sy analise van die "zwarte ziel" hoort Jac. Bergeyck se werk ook eintlik in die vorige periode tuis. In die novelle Het onzekere hart (1957) is die swarte nie meer lui, onbeskaaf of 'n objek tot bekering nie, maar word as deel van Afrika beskryf. Hy situeer die inlander in hul tradisionele milieu — in die dorps- en stamverbonde lewe in 'n geslote gemeenskap is hulle onbewus van enige politieke veranderinge. Die blanke maak as personages eers op die laaste bladsy sy verskyning en oukatoriële inmenging ontbreek.

Frans Demers skryf nou onder die naam J.M. Elsing. Hy verwerf bekendheid met sy triologie: In De 32e bruid (1953) gee hy 'n blik op "het hart van het donkere kontinent" voor die pionierstadium en die Baluba-samelewing fungeer as prototipe. Die Arabierse slawehandel word aangeval en 'n negatiewe beeld word van die Basoengoe (blanke) weerspieël in De rode dageraad (1954). Elsing spreek die koloniale

stelsel met sy ontwrigting op die lewenspatroon van die swarte in De Pioniers (1954) aan; deel drie eindig met 'n suggestie van die opkomende verzet teen kolonialisme: "Buiten bonzen de oorlogstrommen..." Onbedoeld dalk, vorm hierdie triologie 'n skerp aanval teen die koloniale stelsel.

T. Brulin verwys in sy toneelstuk Potopot (1957) na 'n spesifieke tipe kolonis en kolonialisme. By wyse van humor en ironie word die koloniste en die hele Belgiese bevolking daarvan beskuldig dat daar op die rug van "onze gouden babyolifant Kongo" gesit word. Potopot word voorgedhou as 'n "Évolué" wat deur die blanke "beskaaf" is en dit dien eintlik as regverdiging vir die koloniale stelsel.

Na Karel Jonckheere se besoek aan die Belgiese Kongo gee hy verslag in Kongo zonder buks of boy (1957) en Kongo met het blote oog (1959). Sekere koloniale fasette word belig, maar sy verslae toon nie objektiewe insig in en kritiek op kolonialisme nie.

Piet van Aken se De Nikkers (1959) staan op die drempel van hierdie nuwe periode waar die selfbehoud van die blanke kolonis as individu geregverdig moet word. Van Aken erken die reg van die gekoloniseerde om in verzet te kom, maar vrees dat die ekonomiese afhanklikheidsstruktuur daardeur skade sal lei. Daar word melding gemaak van die "hitsige nikkers" wat agter hul "domme glimlach" hul superieure geduld verberg waarmee "ze de dag verbeidden dat ze ons met een schop onder ons achterste weer over zee zouden jagen" (Coolsaet 1974:102). Volgens Coolsaet (1974:103) is die regverdiging vir en individualisering van die blanke kolonis se stryd om selfbehoud "uitgegroeid tot de centrale idee en tematiek van de volgende periode."

#### 1.1.4.4

#### **Na 1960: Postkoloniale literatuur**

Na die Afrikaan se kontak met ideologieë soos demokrasie, selfverwesening, selfbeskikking en sosialisme tydens die Tweede Wêreldoorlog, word die besef van 'n eie nasionalisme gevoed wat 'n anti-koloniale gesindheid versterk — die koloniale saak was nie meer geldig nie. Die monolitiese drie-eenheid van Koning, Kerk en Kapitaal het lank stabiliteit verseker, maar het begin wankel. Tydens die Wêreldtentoonstelling in Brussel (1958) kry gefrustreerde évolués en toekomstige Kongolese leiers 'n unieke kans om gedagtes oor politieke

idees te wissel. 'n Langsame mentaliteitsverandering word in België bemerk, maar hierdie verandering word slegs deur 'n paar outeurs wat 'n meer genuanseerde houding teenoor die koloniale vraagstukke aanneem, in die literatuur vergestalt. In 'n artikel in die maandblad De gids op maatschappelijk gebied (Desember 1955) word aanbeveel dat swartes binne 'n periode van dertig jaar outonome verteenwoordiging moet verkry — nie per se onafhanklikheid nie. Joostens (1992:36) verwys na Vandelinden wie se opinie is: "Geleidelijk zullen de inboorlingen zich moeten ontwikkelen, een plotseling ommekeer is tegen hul belang zelf." Maar Matsombo sing: "Jaar na jaar worden wij onderdrukt..." (Ik ben maar een neger), en verwyt die Belge wat die Kongolese nie tot selfstandigheid gelei het nie. Van Hoeck lê in Apollo tussen zwart en wit (1966) die vinger op die seerplek wanneer Rwamunigi die Europeër vir 'n te logge koloniale beleid verwyt; een van "...gewoon door [ging] met modelhoeven in te richten, diereparken af te bakenen, olifante te temmen en fröbelschooltjes te bouwen" (p.142). Band gee nege oproerige maande voor die Kongo se onafhanklikheid 'n verslag van hofbeampte M. Rae se afskeidsrede waarin hy die Belge verkwalik omdat die Kongolese nie opgevoed is om die beloofde onafhanklikheid te hanteer nie: "de democratie veronderstelt een lange leertijd" (Joostens 1991:242). Die paternalistiese idee "alles voor de zwarten, maar niets door de zwarten" laat Brussel in die waan verkeer dat die Kongo " 'n oase van rust midde in een woelig Afrika" is. Nodige en logiese veranderinge het agterweë gebly en die slagoffers van kolonialisme het 'n weerstand teen die magspatrone opgebou.

Kongolese nasionalisme tree aggressief na vore met die verskyning van die manifest Conscience Africaine (1 Julie 1956) en met die toekenning van onafhanklikheid aan Ghana in 1957 het die sluise van die koloniale damwal oopgebreek. 'n Totale ommeswaai met gepaardgaande revolusionêre kragte het die koloniale strukture verbrokkel. By die Pan-Afrika konferensie in Accra (1958) word die onafhanklikheid van alle Afrika gebiede teen 1960 geëis. 'n Nasionale bevrydingstryd wysig die wêreldbeskouing van die gekoloniseerde en dis in die verheerliking van 'n prekoloniale verlede dat die swartman hom sal "herontdekken als volk en als individu." 'n Militante toon word bemerk in 'n FRELIMO-lid, J. Robelo se gedig: "*Moeder.../het is schoon te strijden voor de vrijheid/ er schuilt een boodschap van gerechtigheid/ in elke kogel die ik schiet / oude drome schieten op als vogels*" (Gedicht van een strijder). Na vier eeue van slawehandel en bykans 'n eeu van Westerse kolonisasie het Afrika hom uit die greep van imperialisme losgewikkel. Die kind van

Afrika het op die heup van Afrika gehuil, hard genoeg sodat die res van die wêreld dit kon hoor.

Hierdie geroep het ook die Vlaamse Afrika-literatuur binnegedring en vir 'n nuwe dimensie gesorg — die politieke veranderinge in die Kongo het die ontwikkeling van die Vlaamse literêre konsepsie bepaal. Die postkoloniale literatuur word in die eerste plek deur die individualisering van die tematiek gekenmerk. In België stel terugkerende skrywers hul ervaringe ten boek. Die Vlaamse Afrika-literatuur het as gevolg daarvan 'n retrospektiewe karakter aangeneem: "de ex-kolonial maakt vanuit België met heimwee of verbittering die balans op van een voor hem, definitief afgesloten periode" (Renders 1994:163). Die meeste werke van hierdie periode kyk terug op die koloniale verhouding vóór en tydens die bevrydingstryd. Outeurs skryf die "wrok van gister" oor die Kongo-katastrofe uit. Julien Vermeulen (1986:77) beweer die stem van die postkoloniale outeur "klink scherp, hard, rauw, soms verbitterd en vaak melancholisch..." Sommige outeurs gee hulle oor aan 'n genadelose viviseksie en hanteer die koloniale wonde hardhandig; vergelyk byvoorbeeld outeurs soos Raf van de Linde, Jef Geeraerts en Jan Van den Weghe. In Arthur Verthé se gedig "Kongo" word die nostalgie na 'n "verlore" Kongo verwoord:

### Kongo

*Ik vrees dat gij ontglippen gaat  
schoon land van mij  
dat Kongo heet;  
uw ruimten zogen aan  
met al de kracht  
van hun verhoudingen;  
en thans verga ik  
- en met uw smaak in mij -  
van honger naar uw vlees;  
- en met uw beeld in mij -  
van liefde voor uw ziel  
verga ik;  
afgesneden van uw geest  
die ik betasten mocht,  
maar niet bezitten,  
zo, dat ik voor immer  
kind van u zou zijn*

(Uit: Mens en Afrika, 1959)

Volgens P. Hardy in Boekengids is "[...] Schrijven een vluchtvorm wat, historisch bekeken, in onze koloniale situasie tot gevolg heeft gehad dat die Vlaamse literatuur over Kongo eerst post-koloniaal ten volle is oengebloeid" (Coolsaet 1974:104). Vir die Vlaamse Afrika-roman beteken die periode na onafhanklikheid 'n tydperk van opbloei en herlewing waarin skrywersenergie ontketen word. Met die kolonis se gedwonge verhuising na Europa, is hy bewus van sy koloniale identiteit en sy unieke ervaring in die Kongo. Die literêre werke vorm die grondslag van 'n bewustheidsstroming wat herken word in die pennevrugte van onder andere Geeraerts, Van den Weghe, Van Hoeck, Bergeyck, Ver Boven, Brondeel, Claeys en Cottenjé. Van Hoeck (aangehaal deur Renders 1993:22) beweert: "De Kongolese onafhanklikheid van 1960 heeft het Vlaams-Afrikaanse proza een onverwachte impuls gegee en het opgetilt van folkloristiese reportage tot authentieke romankunst. De bijdrae van die koloniale outeurs tot die hedendaagse Nederlandse letteren is een feit. Zij mag niet onderschat worden maar ook niet overschat." Vir Van Hoeck was dit "een wonder en een paradoks" want op Belgiese bodem word die "stamelend kind een jonge boze man. Een enkele maal selfs een jonge boze vrouw."

Deur die afwesigheid van nuwe koloniale prikkels word die tematiek meer op die outeur en die Westerse wêreld self betrek en is dus meer uitgebreid. Inhoudelik en stilisties verander die literêre aanbod. Die vormvernuwing wat in die Vlaamse roman uit die vroeëre sestiger jare begin het, word nou ook in die Afrika-roman openbaar deur sekere outeurs wat hul ontnugterende ervaringe wil verbeeld. Die neerskryf van die pynlike ervaringe na hul afskeid van die Kongo lei tot 'n veelheid van benaderinge wat die Vlaamse letterkunde verryk. Vermeulen (1986:77) meen dat drie temas onderskei kan word; die dominante en oorkoepelende tema van die onafhanklikheidsgebeure, die liefdesproblematiek tussen swart en wit en die tematiek van die swart kultuur. Talle cliché's, stereotipe en vooroordele bly egter steeds in die koloniale literatuur vassteek.

Uit die verwarde aktualiteit rondom onafhanklikheidswording ontstaan daar aanvanklik eers 'n aantal verslae en beskrywings van gruweldade soos byvoorbeeld R. Smet se Het drama van Kongola in verband met die moord op twintig sendelinge in 1962. In verskeie werke vorm die traumatiese onafhanklikheidsgebeure die hooftema. Verskeie gebeurtenisse soos byvoorbeeld die verspreiding van die uhuru-gedagte, die muitery van die leer, die dood van Lumumba ensovoorts, vorm die



agtergrond van onder andere Van de Weghe, Brondeel en Van de Linde se vertellings. Sekere outeurs sluit egter hul oë vir die aktualiteit en laat hulle werke by die vroeëre Vlaamse Afrika-literatuur met die fokus op die ou koloniale orde aansluit. Die beeld van 'n tipiese koloniale maatskappy en die blanke se koloniale perspektief is duidelik waarneembaar in Gil Glaes-Smeets se Het geheim van Nambutch en anderen verhalen (1978). Op indirekte wyse toon sy aan dat die kloof tussen swart en blank nog ontsettend groot is.

In die tematiek van Jac. Bergeyck se werk na 1960 word 'n geleidelike ontwikkeling bemerk. Die blanke tree meer dikwels as outonome personage op — vergelyk De Levende Doden (1960) waarin die missionaris en sy leerstellinge literêre grondslag verkry. In Het Levende Beeld (1962) voer Bergeyck die swartman 'n stap verder: laasgenoemde betree die drempel van die Westerse beskawing en verkry formeel na sy verset die status van méns — hy kan nie meer langer as primitief of wild beskryf word nie. Die hoofkarakter in Bergeyck se roman Het stigma (1970) vereenselwig hom met die filosofie van die Afrikaan, maar word tydens die opstand uit die dorp verstoot. Bergeyck se wêreldbeskouing maak nie voorsiening vir die opvatting dat die verset van die gekoloniseerde deur onder andere die akkulturasie van kolonialisme veroorsaak is nie. Religieuse sinkretisme speel in De pofadders (1975) 'n sentrale rol en in Een tuin die niet van Eden was (1985) vertel Bergeyck die verhaal van 'n blanke vrou en 'n swart vrou se verhouding wat deur onderlinge begrip geanker is. Shinta voel na haar kontak met die Westerse leefwyse ontuis tussen haar stamgenote en Hanneke voel weer na haar kontak met Afrika, binne die Vlaamse samelewing ontwrig. Simbolies verbeeld hierdie roman ook hoedat Zaïre na kontak met die Westerse beskawers in sekere opsigte "verziekte en eraan kapot ging, maar ook hoe het westen onherstelbaar getekend werd door deze confrontatie, hoe de eigenheid van dit land [...] altijd schromelijk onderschat werd" (De Sterck 1986:101). Het Orakel (1987) sluit tematies sterk by Bergeyck se romans uit die sestigerjare aan: die hoofkarakter Ngeleka beklee 'n skarnierposisie in die lokale gemeenskap — hy verteenwoordig die Westerse geneeskunde maar is terselfdertyd 'n spesialis op die terrein van tradisionele kruiegeneeskunde. In sy Verhale uit Kongo (1988) word geen blanke personage aangetref nie.

By Paul Brondeel vind die individualisering in die koloniale literatuur na 1960 op 'n ander wyse as by Bergeyck plaas. Eersgenoemde sorg vir 'n verrassing in die koloniale letterkunde in hierdie periode met Dagboek

van een nacht (1967) waarin die Kongo as milieu beklemdheid simboliseer. Hoofpersoon Arens beleef aan die vooraand van die opstand 'n lang nag van wanhoop. Die pessimistiese roman Ik, blanke kaffer (1970) handel oor die persoonlike ondergang van Cafmeyer (dubbelganger van Arens) wat as gevolg van die onafhanklikheidsdrama verhaas word. Die politieke verwickelinge in die Kongo vorm slegs die agtergrond van 'n persoonlike en psigologiese drama van die totale vervreemding van "de blanke kaffer" met die simboliese naam, Adriaan Cafmeyer. Laasgenoemde wou ontsnap van die na-oorlogse "armoe en de sleur" in België, maar vind die omstandighede in Afrika veel erger. Die aanspreking van die held deur die outeur laat die klem nie op die Kongo of die Afrikaan val nie, maar op Cafmeyer se persoonlikheid: "Hoe hard zou je het kunnen, [...] De eerste keer sla je de deur krachtig dicht, maar niet met al je kracht [...]" (Brondeel 1970:53). Gespletenheid is volgens Coolsaet (1974:107) "Brondeels middel om de individualisering van de huidige 'koloniale' literatuur uit te drukken." Geeraerts volg die algemene tendens van die na-oorlogse koloniale literatuur en ideologie na en soos by die meeste ander outeurs, vergelyk hy ook die Kongo en Europa met Lewe en Dood. In sy debuutroman Ik ben maar een neger (1961) is die swartman in gedurige konflik met die koloniale stelsel. In Schroot (1963) word dieselfde nihilisme by die hoofkarakter as in eersgenoemde roman, aangetref. Soos in Ik ben maar een neger, soek die swartman ook in Het verhaal van Matsombo (1966) na 'n magposisie. Die bespotlike beskrywing van die hooffiguur dien hier as regverdiging vir Geeraerts se eie koloniale verlede. Matsombo word deur die inbedding van sy verhaal binne 'n oorkoepelende vertellersperspektief in 'n swak lig geplaas. Die vraag wie die Afrikaan nou eintlik is, kom nou na vore. In die Gangreen - reeks (tussen 1968 en 1977 gepubliseer) word die Afrikaan as outonome funksionerende personage opsy geskuif. Die verhaal van die Afrikaan word nou die verhaal van die Europeër. As gevolg van die verandering in die koloniale situasie, skuif die Europese skrywer sy spesifieke Afrika-inslag ter syde deur dit te individualiseer en op sy eie evolusie te projekteer (Coolsaet 1974:109). Gangreen I, Black Venus (1968) vervul hier 'n oorgangsrol. Die Afrikaan ('n dier) word nou binne die koloniale ideologie deur 'n mens vervang. Wanneer Geeraerts sê: "(ik) wreek me [...] op het zwarte ras, ik wreekte ook de onvergeeflijke lafheid van mijn regeerders, [...]" (p. 208) is dit 'n teken van ideologiese evolusie.

In Raf van de Linde se werk word ook die veranderde klimaat van die onafhanklikheidsstryd van die Kongo bemerk. Sy lewensbeskouing word

hoofsaaklik deur die skuldgevoel oor koloniale wanorde bepaal. In al sy romans en novelles beklee die Europeër 'n sleutelposisie, maar hy plaas 'n vraagteken oor laasgenoemde se koloniale bestaan. Die hoofkarakter probeer in Die tijd is nu voorbij (1964) by 'n klimaat van verskrikking aanpas. Van belang in hierdie werk is die tweekantige siening van die Kongo- problematiek, waarby die sienswyse van die swarte ook aan die bod kom. In die ontwrigtende gebeure word die Europeër tot besinning en selfondersoek gedwing. Hinderlike bespiegeling oor die Kongolese onafhanklikheid, die afskeiding van Katanga en die verhouding tussen swart en blank word in sy roman Moeloeba Catteeuw (1965) aangetref. 'n Saaklike verslagstyl vergestalt die stemming van haat en ontgogeling in Aas voor de leeuwen (1967). Die veranderde houding van die blanke ná onafhanklikheid word in En toen werd alles anders (1971) beskryf.

'n Outeur wat vanuit koloniale verontwaardiging oor die gewapende verset skryf, is Jan van den Weghe. Hy voel geensins skuldig oor die koloniale verlede nie, maar verbittering as gevolg van 'n mislukte koloniale stelsel en solidariteit onder die blankes, vorm die hooftema van sy werk. Hier kan na die aktualiteitsroman Offerhonde van stro (1964) verwys word waarin hy die haatrelasies individualisties interpreteer: "ze verfoeien ons omdat we blank zijn ..." (Coolsaet 1974:113). Die verhaal is in die ek-vorm geskryf (die Afrikaan is dus aan die woord) en vertoon heelwat parallele met Geeraerts se Ik ben maar een neger. Van den Weghe onderstreep dan ook die feit dat die Afrikaan nie in staat is om met die blanke kultuur te assimileer nie. Met die onafhanklikheidsverklaring verval die moontlikheid om tot dialoog te kom. Van den Weghe gee in die verhalebundel Kinderen van Kongo (1965) 'n belaglike en bespotlike beskrywing van onder andere die évolué Pierre om daardeur sy ergerlikheid oor die anti-koloniale verset te regverdig.

Albert van Hoeck het ook die neo-koloniale individualisme tematies in sy werk uitgebou. Vir hom beteken verselfstandiging van die Kongo die einde van sy loopbaan daar. Na sy vertrek uit Bujumbura skryf hy die reisverhaal Apollo tussen zwart en wit (1966). Die verhaal wentel om die verbanning van 'n landdros vanuit Ruanda-Urundi — hierin word die verhouding tussen kolonis en kolonie verpersoonlik. Sterk individualistiese eienskappe kom ook voor in byvoorbeeld De kraanvogel op de vulkaan (1966) waarin die verhaal van die republiek van Ruanda vertel word en in Over de grens (1970) met die liefdesverhouding tussen 'n blanke meisie en 'n évolué as tema. Sy Miskraam van Moedertje Dipenda (1968) huldig steeds die beskawingsideaal.

Ander outeurs wat ook 'n bydrae gelewer het tot die belletrie oor die Kongo na onafhanklikheid, sluit onder meer André Claeys, Geert van Putten, Simon Schoonvliet en Tireliren in. Claeys vertoef in sy poëtiese roman Het duistere rijk (1963) in die verlede om die verborgenheid van die swartman te probeer ondersoek — hy "transcendeerde zijn persoonlik ressentiment, de hardnekkige Westerse vooroordelen en de recente politieke actualiteit om, als Bergeyck, de verborgen en lastig te bereiken randgebieden in het duistere rijk van de Bantupsyche te prospecteren" (Van Hoeck 1968:45). Hy bevraagteken in Zonen van Cham (1964) die toekomstige swart-wit verhouding wat onder andere deur Daisy Ver Boven positief benader word — die roman gee gestalte aan die afgryslieke moorde op alle blankes deur die oproeriges in Dembele. Van Putten se verbittering ten opsigte van die mislukte beskawingswerk in die Kongo en sy siening oor die barbaarsheid van die Kongolese vind neerslag in sy roman De achtershoede (1967). Schoonvliet beeld in die novelle De doden zwegen niet (1981) 'n slagting tydens die Katangese afskeiding uit. In Aiwa's tocht (1984) belig Tireliren die hoofkarakter se ontwikkeling teen die agtergrond van die moderne Zaïre. Die leser hoor in sy werk telkens 'n optimistiese noot.

In die Nederlandstalige jeugliteratuur is aanvanklik tekste gevind wat foutiewe etnografiese en ekologiese inligting deurgegee het. Die siening dat enige vreemde kultuur primitief, heidens, belemmerd en afkeurenswaardig blyk te wees en politieke en kulturele bevoogding deur die blanke geregverdig is, word byvoorbeeld in K. Norel se Scheepsmaat Woeltje (1971) (wat herdruk op herdruk beleef het) vergestalt. Cliche's soos "donkere huidskleur, kroeshaar, dikke lippen en platte neus" word sinoniem vir "achterlijkheid, lelijkheid, aggressiviteit en wildheid." Vir Lad Lavki in Nikkerke en Ikkerke (1931) is die sedelike opheffing van die swarte (Nikkerke) van groot belang. Custers en Monnens se Rik, de koloniale held (1950) is didakties-moralisties van aard en die swarte word ook op paternalistiese wyse benader. Sommige outeurs het probeer om die jong Vlaamse lesers met ideale vir die missie- en beskawingsprojekte in die kolonie te besiel. In 1924 gee goeweneur-generaal Rutten sy opinie ten opsigte van die jeugliteratuur soos volg weer: "In de kinderjaren beginnen de roepingen te kiemen die een geest van zelfverloochening en opoffering vereisen" (Vints, in Renders 1993:11). Daar vind egter geleidelik 'n tematiese verruiming plaas — meer kritiese geluide word opgevang. Effense kritiek word in Itembe, Ohé (1956) gehoor, maar met die heruitgawe in 1976 onder die titel Het

Blanke beest van Monda De Munck, bevestig die outeur "weliswaar onbewust, maar daardoor misschien des te tekenender een aantal tipisch koloniale stereotiepen" (Renders 1993:12). Vergelyk byvoorbeeld De rubberjager (1987) van Roger Schoeman waarin vertel word van die aanstootlike verlede van die vroeëre Belgiese Kongo. Hy konfronteer die jong lesers met die brute werklikheid op 'n rubberplantasie rondom die eeuwisseling. Dieselfde outeur gee in 1990 'n geromantiseerde en vir die jeugdige lesers, 'n aangepaste Stanley-biografie uit. Informatiewe uitgawes in die jare tagtig waaronder fotoverhale, kleurprenteboeke en opvoedkundige reekse soos Bingo in die stad en Bingo in Yama-Kara verruim die omvang van die Vlaamse Afrika-letterkunde. In Struelens se Erik op zoek naar zijn afstamming (1979) ontdek Erik dat sy ouers in die Kongo vermoor is en hy vertrek na Afrika om meer omtrent sy verlede uit te vind. Mama na Bana van Daisy Ver Boven verskyn in 1993 waarin die tematiek van haar werk (par. 3.7) duidelik deursyfer.

'n Ander periode van "bewogen" koloniale literatuur word volgens Stynen (1983:266), al is dit embrionaal, in die dokumentêre roman Als er geen hoop meer is, Stanleystad '64 (1973) van Frans Qunteyn aangekondig. Die band met die kolonie, byvoorbeeld op handelsgebied, bly bestaan en Stynen koester die hoop dat "uit de protagonisten van deze postkoloniale situasies ooit nog een generatie Zaïre-schrijvers" moontlik sal ontstaan (ibid: 267). Met Terug naar Kongo (1987) probeer Joris die grense tussen kolonialisme en postkolonialisme literêr verlê.

#### 1.1.4.5

#### **Aspekte van die Vlaamse koloniale literatuur**

Word die koloniale Kongo letterkunde in oënskou geneem, is daar sekere algemene en tipiese onderskeidende kenmerke wat opvallend teenwoordig is.

Soos die Engelse en Franse koloniale outeurs, skryf ook die Vlaamse outeur vanuit 'n geestelike klimaat waarin die koloniale opvattinge betreffende die beskawingsideaal of die sendingsaksie oorheers. 'n Blanke superioriteitsgevoel bepaal die beeld van die Afrika-mens. Die Vlaamse outeur skryf in Vlaams en daar word deur middel van 'n Vlaamse perspektief na Afrika gekyk. Persoonlike visie speel 'n vername rol; daar word dus verskillende individuele visies op die historiese werklikheid gegee. As basis het die verhale 'n historiese

waarheid wat 'n bepaalde historiese era omsluit en vertolk; dis maatskappy gerig en/of met 'n dokumentêre inslag. Die koloniale literatuur is nie altyd van hoogstaande literêre gehalte nie, dis meestal ontspanningslektuur — gewilde middelmootliteratuur. Volgens Rob Nieuwenhuys behoort sowel literêre en nie-literêre genres tot die Nederlands-Indiese belletrie: romans, gedigte, reisbeskrywings, dagboeke, briewe, memoires, natuurbeskrywings, geografiese verslae en antropologiese studies. Hierdie stelling kan ook van toepassing op die Vlaams Afrika-belletrie gemaak word.

In hul werk De Kongo in de Vlaamse Fiktie en Reisverhalen (1987) meen Bogers en Wymeersch dat talle Vlaamse outeurs tot met die sewentigerjare die Kongo cliché-agtig en naïef in hul romans en reisverhale voorstel. In hierdie geskifte word die Kongolees in meerdere of mindere mate as heidene, kinders, wesens sonder intellektuele vermoëns, "nobele wilden", seksbeluste beeste en onbeskaafde diere, voorgestel. Hierdie aanname van 'n Westerse superioriteit in teenstelling met die barbaar van "swart" Afrika vind beslis neerslag in die Kongoliteratuur: "Deze mythe houdt onder meer in dat men in Afrika geen geschiedenis, geen socio-politieke instelling, geen literaturen, godsdienst enz. zou gekend hebben en nog steeds niet zou kennen. Wij Europeanen hebben deze ingewikkelde maatschappijen genivelleerd tot een groot naïef beeld" (Aangehaal deur Renders 1993:3). Die voorstelling van Afrika deur nasionalistiese skrywers soos Nkrumah, Kenyatta of Biko sal verskil van dié van die Vlaamse outeur. Beekman klassifiseer die vroeëre Nederlands-Indiese tekste as 'n "onortodokse" literatuur en sien die populêre fiksie — veral dié deur vroulike outeurs soos Augusta de Wit — as sentimentele, cliché - belaaide melodrama. Roos (1993) verwys na Heine wat dit beskryf as "staaltjes van koloniale camp." Hierdie "onortodokse" vertellings word ook in die Vlaamse Afrika - belletrie aangetref, maar vertoon soos in die geval van die Nederlands-Indiese literatuur, later meer komplekse vormlike en tematiese ontwikkeling.

Die konkrete ruimte in die Vlaamse Afrika - literatuur is noodwendig die van die kolonie, gesitueerd in 'n spesifieke geografiese gebied. Die verhale uit Afrika verbeeld 'n tweeledige wêreld onder 'n Afrika-hemel: "die van de Afrikanen, met het ondoorgrondlijke van hun persoonlijke en volksbestaan; die van blanken, met hun avontuurlijk herboren worden in het evenaarsgebied, die van contacten, schuw en wantrouwig, waarderend en liefdevol" (Janssens, aangehaal deur Renders 1993:2). Die ruimte

bepaal in 'n groot mate die tipe verhaal en die visie wat die outeur op die spesifieke era het. Daar sal juis in hierdie studie gepoog word om vas te stel watter spesifieke perspektief die vroulike outeur op die Vlaamse koloniale era het. In die koloniale verhale wissel die milieu en era van teks tot teks. 'n Lokaliteit kan deur herinneringe opgeroep word of dit kan 'n ruimte wees waarin die verteller sy eie ervaringe vasgevang het. Outeurs wat oor die prekoloniale tydperk skryf, gebruik meestal as milieu die stereotiep van die "onbeskaafde", ongerepte "donker" Afrika. In Terug naar Kongo (1987) reis Lieve Joris 1700 km. per boot dwarsdeur die ewenaar na die hart van Afrika en swerf 'n halwe jaar deur Zaïre in "het Kongo van mijn heerom." Gregoire Matsombo bevind hom in Het verhaal van Matsombo (1966) egter op 'n stadium in Spanje waar hy sy vorige hoof teëkom. Die twee hoofkarakters in Cottenjé se Dagboek van Carla (1968) verlaat Afrika na die onafhanklikheidsverklaring van die Kongo en in België neem die verhaal sy verdere verloop. Die verhaal van 'n groep vroue wie se lewens wentel om 'n militêre kamp in Rumangabo, nie ver van die Ruandese grens af nie, word vertel in Claessens se roman Afscheid van Rumangabo (1983).

Daar is verskillende outeurs wat 'n spesifieke belangstelling in die eie aard van die Afrika-kultuur toon. Publikasies soos Leo Bittremieux se Vertellinge uit Mayombe (1924) dien as belangrike skakel in die ontwikkeling van die Vlaamse Afrika-literatuur omdat die uitbeelding van die kultuurlewe van die Afrikaan 'n tematiese vernuwing vorm. Die inheemse geloof in die Kongo-oerwoud dat die lewende deur die dode in 'n oerangs vasgevang word, word in Bergeyck se De levende dode (1960) verhaal waarin ook die problematiek van kinderloosheid aangespreek word. Van de Weghe laat in Djiki-djiki (1972) die hoofkarakter direk uit Tempels se kragtebeginsel-filosofie aanhaal en Bergeyck se roman Het onzekere hart (1959) handel oor die vraagstuk van die negatiewe kragte soos dit in 'n poligame huwelik voorkom. Sommige outeurs vul hul persoonlike ervaringe aan met antropologiese stof uit verskeie bronne, byvoorbeeld by die weergawe van die huwelikeremonie in My vriend Sebastiaan (1961) van Van Hoeck.

In die hieropvolgende paragrawe sal enkele uitstaande karakteristieke in meer besonderhede bespreek word.

#### #1. Die mondelinge literêre tradisie in Afrika

Die mondelinge literêre tradisie dra by tot die skepping van die bepaalde

karakter van die Vlaamse Afrika-roman deur middel van stilistiese, inhoudelike en strukturele funksies. Voordat Europeërs Afrika binne gedring het en lank voordat die skryftaal bekend was, neem orale Afrika-literatuur 'n aanvang. Met behulp van tradisionele literatuur, afhanklik van mondelinge oorlewinge, word sieninge oor die natuur, die ontstaan van die mens en die wêreld en die stryd tussen die mens en sy omgewing uitgedruk. Daarvoor word spreekwoorde, sprokies, raaisels, liedere, sages en legendes gebruik. Dié tradisionele poësie sal later met die verskyning van versetpoësie 'n rol speel.

T.V. Bulpin (Miller 1979:7) beskryf die mite soos volg; "It is through myths that the mind of man confronts the mystery of the universe, the riddle of his own beginning, the purpose of life and its irrevocable ending in death." Deur die mite vind die mens 'n verklaring vir die wonder van die natuur; 'n bonatuurlike sondebok om te blameer vir sy dwaashede; 'n vertroueling om met sy probleme te simpatiseer; hersenskimme om sy vrese te besweer.... " myths have provided him with personifications of the awesome power of creation, the spirit of nature which permeates all things:[...] It is through myths, too, that man has found a place for himself in the hierarchy of the universe." Alfons Walschap se novelle Longwangu, de smid begin met 'n mitiese verhaal oor Nkema, "de eerste smid der mensheid" wat sy ambag by die geeste geleer het — die outeur ontleen sy mitiese verhaalstof aan die Mongo-woordkuns. Tirelireen word deur die Ngbandi-woordkuns geïnspireer en sy Uit stenen geboren (1979) handel oor die mitiese verhaal van die skepping van die blanke en die swarte. Die mite van 'n voorvaderlike paradys wat sinspeel op die naderende onafhanklikheid van die land word in Bergeyck se Die pofadders (1975) aangetref en De levende doden (1960) verwys na die mitiese tye om die krag van die gees Mbayo te verklaar.

In die historiese sage word die stam-, dorps-, en clantradisies as geheel tot 'n epos saamgevoeg. Ëlsing benut sekere historiese gegewens in aansluiting by mitiese motiewe in De rode dageraad (1984) waarin verwys word na K̄alala Iloenga wat die B̄aluba ryk tot 'n magtige keiserryk uitgebou het. Clayes situeer sy verhaal Het duistere rijk (1963) vier eeue terug in die verlede in: "Hierin wordt de sage als een geïsoleerd geheel zowel tijdelijk, inhoudelijk als structureel vóór de eigenlijke roman geplaatst" (Vermeulen 1989).

Van die Vlaamse outeurs het probeer om die kenmerkende gesprekstyl van die Afrikaan in hul romans vas te lê. Daar is die interessante wyse



waarop dialoë assosiatief ontwikkel, die herhaaldelike opeenvolging van spreekwoorde, die opeenvolging van vrae en teenvrae, die gebruik van idiomatiese uitdrukkinge, vergelykings en beelde ensovoort. In Daisy Ver Boven se Mayana (1974) word dialoë "met woorde van het dorp" (p.233) (spreekwoorde en segswyses) met behulp van beeldryke taalgebruik aangewend om die gesprekskern te omvat. Die integrasie van Afrika-woorde ter wille van 'n realiteitsuggestie word veral deur Claves, Ver Boven, Van de Weghe, Geeraerts, Van de Linde en Bergeyck benut. Laasgenoemde se Het onzeker hart (1959) en De levende doden (1960) verbeeld onder andere die Luba se realiteitsbenadering en die ritmies-resitatiewe aard van heelwat taaluitinge.

Heelwat outeurs gebruik toesprake en redevoerings ter wille van stilistiese variëteit. Verskeie temas kom ten opsigte van gebed en seën in die gesproke woordkuns voor; die vrugbaarheidstema kom onder andere onder die bod in Van Hoeck se Mijn vriend Sebastiaan (1961) en in Ver Boven se Mayana (1974) waarin gebede en rituele die lot van die onvrugbare vrou vergestalt. Veral in populêre romans word sekere motiewe herhaal, byvoorbeeld die immorele aard van die inlanders, bywywe, ensovoorts wat die uitgangspunt van die verwikkeling in die roman vorm. Sommige outeurs maak gebruik van besweringe en verwensings; vergelyk hier onder andere Bergeyck se verhaal De levende doden (1960) waarin 'n onvrugbare vrou in 'n heks verander en die dorpshoof 'n beswering teenoor hekse en towenaars uitspreek. Van Hoeck se Over de grens (1970) handel oor 'n owerspelige vrou wat deur 'n towenaar in 'n sprinkaan verander word. Formele woordkunsvorme word ook ingespan om die romanstyl nader aan die Afrika-leefwêreld te bring. Verskillende vorme van begroetinge en lofspreuke kom voor en vele deugde word in spreekwoorde beliggaam.

Sekere outeurs gebruik diereverhale om die "Afrika-karakter" van hul werk te vergroot en om kultuurverskille tussen die Westerling en die Afrikaan te illustreer. Die diereverhaal maak 'n wesenlike onderdeel van die sprokiesgenre uit. Die meeste diereverhale uit Afrika fokus op die klein en slu diertjie wat die groter en sterker dier wil fnuik en oortref. Bittremieux se Van een ouden blinden hoofdman (1925) neem die Kiyombo-verhaal op waarin die mier die slang uitoorlê en S.de Jonghe benut in sy roman Storm over de rimboe (1941) 'n Kabundji-diereverhaal. Historiese romans wat sekere fases uit byvoorbeeld die prekoloniale geskiedenis van Sentraal-Afrika verbeeld, ontleen soms die hele intrige aan die orale tradisie. As voorbeeld kan Elsing se De 32ste bruid (1953)

en Clayes se Onder het teken van de regenboog (1972) wat onderskeidelik episodes uit die geskiedenis van die Luba en van die Lunda behandel, genoem word.

Die klaaglied, veral roubeklag, kom dikwels in die Vlaamse Afrika-literatuur voor. H. van Thiel se roubeklag in Het offer van Itota (1952) bevat elf verse; Bergeyck verwys in De levende doden (1960) dikwels na treursange. Op verrassende wyse pas Ver Boven in Gevierendeeld (1980) die roulied in: Makubo wat in België vertoef, laat sy blanke vriendin na 'n opname van 'n roulied luister. Minnesange en bruidsliedere is ook populêre verwysings. Tydens 'n huwelikeremonie van die Bakongo in L. Minjauw se Schaduw en het land de Bakongo (1946) sluit die outeur enkele bruidsliedere in en Van Hoeck laat 'n blanke romankarakter in Over de grens (1970) dieselfde bruidslied sing wat ook in sy Mijn vriend Sebastiaan (1961) voorkom. Geeraerts pas 'n klaaglike en eentonige liefdesliedjie in sy roman Ik ben maar een neger (1961) in. Vlaamse outeurs maak dikwels van byvoorbeeld strydkrete, dans-, werk- en stapliedere in die Afrikaromans gebruik. Elsing haal in De rode dageraad (1984) 'n strydlidjie aan; Van Thiel vang die arbeidsritme in 'n werkslied vas in Het offer van Itota (1952) en in Djiki-djiki (1972) van Van de Weghe word die Kongolied wat oor die koms van die blanke handel, gesing.

## # 2. Karakterbeelding in die Vlaamse Afrika-roman

Sosiale, demografiese en kulturele studies oor mense kan lig werp op onder andere verhoudingsprobleme en aanpassingsvermoë. In die literatuur skep die outeur karakters wat hy oortuigend aan die leser wil voorstel. Afrika besit 'n verskeidenheid etniese groepe met 'n variasie in bestaansvorme, tale, godsdienste en kulture wat as geloofwaardige personages uitgebeeld kan word. Gerard Julius Overschelde bundel in 1947 sy waarheidsgetroue indrukke oor die lewenswyse, sedes, oorsprong en immigrasiegewoontes van onder andere die Batwa-dwergjagter in die dokumentêre werk De Reuzen en Dwergen van Ruanda saam. Deur die oog van die meerderwaardige Europeër lyk hierdie mense van Afrika, sonder 'n geskrewe tradisie, agterlik; hul ekonomieë vertoon stagnant en hul kultuur eenvoudig en onveranderlik. In die koloniale literatuur word die minderwaardigheidsetiket dikwels om die nek van die Afrikaan gehang. Volgens Europese standarde glo missionaris Constant De Deken (Twee jaar in Congo 1952) dat net 'n gedoopte swarte goed kan wees; die res is kannibale, kinders, diewe en veelwywers. Volgens

Vermeulen (1989:90) word die swarte meestal gereduseer tot "gelukkige, wilden, naïve kinderen, kultuurloze barbaren, twistzieke ruziestokers, geobsedeerde wellustingen of belachelijke dwazen." So 'n mentaliteit slaan ook duidelik deur in Jef de Pillecijn se novelle Mupenzi. Gates (1986:200) haal Henry Merriman aan wat in With Edged Tools (1894) sê Afrikane "hired themselves out like animals, and as the beasts of the field they did their work — patiently, without intelligence..... such is the African."

Daar is egter outeurs wat die beeld van die Afrikaan nie net tot een stereotiepe profiel herlei nie. Verskillende fasette van beide die inlanders en die kolonis se leefwêreld en menswees word belig. In A. Maes se Reis naar Midden Afrika (1879) word 'n meer menslike en deursigtige perspektief van die Europeër ten opsigte van die Afrikaan gegee. In 'n reisbeskrywing wat in De Tijdspiegel verskyn, gee Pieter Geert Buckinx erkenning vir die swartes se eie identiteit: "De inlander maakt zonder twijfel deel uit van het woeste, Danteske landschap, en hij bezit een eigen persoonlijkheid, die naar mijn oordeel geëerbiedigd moet worden" (Aangehaal deur Renders 1993:20). In Tone Brulin se toneelstuk Potopot ontleed die outeur die swartman se komplekse sielelewe veral met betrekking tot sy verhouding met die blanke en die Westerse beskawing. Walschap vang in Oproer in Kongo (1953) wel die innerlike konflikte van die swart en wit karakter vas, maar hy kon nie sy ervaringe tot 'n Afrika-werklikheid omskep nie omdat "het Afrikaanse leven niet zuiver in de woorden, de gebaren en de verhoudingen van zijn personages aanwesig is," aldus Verthé en Henry (1961:111).

Aanvanklik is die imperialistiese inpalming van Afrika gelate aanvaar, maar met die opkoms van die swart bewussynsmag het die Afrikane in opstand gekom. Hierdie emosionele frontverandering is in die Vlaamse Afrika-belletrie verbeeld en die leser kon, afhangende van sy ingesteldheid, simpatie toon met die lotgevalle van die dupes van kolonialisme, al dan nie. So word byvoorbeeld die swart mediese hulpbeampte Gregoire Matsombo in Ik ben maar een neger (1961) nie deur Geeraerts as heroïese figuur geteken nie.

Ten opsigte van karakterbeelding in die Vlaamse Afrika-roman kan die volgende vrae gestel word: Word die karakters met koloniale arrogansie bekyk? Kan die gees van kolonialisme met behulp van die karakterisering vasgevang word? Word daar deur middel van karakter-beelding objektief na sosiale onreg gekyk? Is daar 'n growwe

veralgemening ten opsigte van karakterbeelding?

### #3 Die swart vrou en kolonialisme

Die meeste Vlaamse outeurs gee as gevolg van hulle onbegrip van die tradisionele- en sosio-kulturele strukture 'n eensydige beeld van die swart vrou: "grillig en sensueel, dierlijk en afstotelijk" en slegs op seksuele vlak vir die blanke man aanvaarbaar. In die tradisionele milieu is sy beskryf as "slavin, lastdier, seksueel objekt en eigendom van de man". De Jonghe (1938:22) verwys na die feit dat die trope die drifte verskerp: "...maar vooral het natuurlijk leven en de naaktlooperij werken aanstekelijk op de opgehitste zenuwen van den blanke." Die rol van die swart vrou as individu in die Vlaamse koloniale roman is nie noemenswaardig nie. Sy kan as agtergrond in 'n verhaal dien, maar aan haar gevoelslewe en denkpatrone word weinig aandag geskenk. Patriargisme, rassisme en die verspreiding van die Westerse invloed in Afrika soos byvoorbeeld in die onderwys, beteken vir die swart vrou die verlies van haar status as vrou en moeder en in 'n man-georiënteerde samelewing bly sy 'n onbekende wese. Kultuurverskille het veral kommunikasie gekniehalter — die moed het by die swart vrou ontbreek om haar intieme gedagtes met byvoorbeeld 'n meerderwaardige blanke vrou te deel. Die taal was ook 'n struikelblok; as seksmaat was die swart vrou se taal vir die blanke man nie van belang nie en het hy ook glad nie in haar familieagtergrond, haar kultuur, haar clanverbondenheid of in haar as mens belang gestel nie. Enkele outeurs belig veral die Afrika-vrou as bywyf van die blanke man; hier lê onder andere Geeraerts, De Laps en Ver Boven individuele aksente. In Ver Boven se Mayana word die (blanke) manlike hoofkarakter deur die oënskynlike seksuele vryheid van die (swart) vroulike hoofkarakter gefassineer.

Van die Vlaamse outeurs was sendelinge gewees en as gevolg van hul direkte sendingkontak met die inlandse vrou het hul benadering tot die swart vrou verskil van dié deur die lekeskrywer. Bergeyck het gevoel dat die swart vrou die slagoffer van tradisionele stamgewoontes was en neem in Een tuin die niet van Eden was (1985) die lot van die swart weduwee onder die loep. Frank Goddemaer beklemtoon weer in sy roman Nola (1953) die belangrikheid van die inlandse vrou. Ongelukkig laat hy op ongemotiveerde wyse Nola van haar volk vervreem en omvorm hy haar menswees tot Europese maatstawwe. Vir Raf van de Linde is die swart vrou die draer van die swart beskawing en kultuur; hy beskryf in sy roman De Maloeba Cateeuw (1965) die inlandse vrou as 'n

besorgde liefdevolle moeder, statig en eerbiedwaardig. Dit is die eerste outeur wat die liefde tussen 'n blanke en 'n inlandse vrou in 'n christelike huwelik vergestalt. Geeraerts beskou die ideale swart vrou as seksbevry, wulps, onderworpe, afhanklik — sy word seksueel verheerlik en terselfdertyd ook tot seksobjek gereduseer, vergelyk hier Gangreen I (1968). Beweeg hy weg van die beeld van die ideale vrou, praat hy minagtend van die "hete grieten met mòordbillen." Van den Weghe laat die inlandse vrou Maria in Offerhande van Stro (1964) reageer en dink soos die blanke. In Het duistere rijk (1963) van André Claeys verloën die klooster-suster Christine die christelike geloof toe haar familiebelange op die spel geplaas word. Van Hoeck laat die fokus in Mijn vriend Sebastiaan (1961) op 'n trotse Ruandese vrou val; Sebastiaan se onvrugbare vrou dood haar man se swanger tweede vrou omdat sy meen dat dié haar beheks het.

Die swart vrou is volgens Robin Visel (1988:39) "truly doubly - oppressed or doubly - colonized, by male dominance as well as by white economic and social dominance", terwyl die vrou van die blanke kolonis beskryf word as "half-colonized" — sy word ook deur patriargale strukture onderdruk, maar deel in die mag van die kolonis.

Dis opmerklik dat die Vlaamse vroulike outeur nie baie aandag aan die swart vrou skenk nie. Hier kan verwys word na onder andere Mirielle Cottenjé, Henriëtte Claessens en Lieve Joris. Daisy Ver Boven, die uitsondering, was genoodsaak om as die vrou van 'n gebiedsamtenaar die inlandse streektaal ter wille van kommunikasie aan te leer. In Afrika het sy vir Ntende (uit De rode aarde die aan onze harten kleeft), Nto en Mayana (uit Mayana) en Nzabibu (uit Gevierendeeld) leer ken en sy bevestig: "zij zijn echt...". Maar sy vra tereg: "Heb ik die vrouwen dan werkelijk goed gekend?" Sy hoop dat nou dat die swart vroue self die pen ter hand neem "zal uit hun geschriften wellicht blijken in hoever wij hen begrepen hebben. Laten Buchi Emecheta (Nigeria), Mariama Bâ (Senegal), Miriam Tlali (Zuid-Afrika) en anderen nu over zichzelf vertellen. Ik luister met de grootste aandacht" (Daisy Ver Boven 1989 :107).

#### #4. Die blanke vrou in die Kongo

In die vyf-en-sewentig jaar vanaf die koloniasieproses in 1885 tot die onafhanklikheid in 1960 het duisende wit vroue die Kongo as hul tuiste gehad. Die eerste Belgiese vrou in die Kongo bevind haar in 1886 in

Boma. Met aansporing van Leopold II vertrek 'n groep Scheutiste in 1888 na die Benede-Kongo om die Franse Katolieke sendelinge aldaar te vervang. Die ontginning van koper, industriële diamante, goud en tin trek groot ondernemings na die Kongo. Die aanleg van spoor- en landsweë, die verbetering van skeepvaart-dienste, motorvervoer en lugroetes maak die Kongo veral vir die vrou, meer toeganklik en aantrekliker. In die negentiende eeu wek die aankoms van die blanke vrou 'n opskudding onder die swart bevolking: "Ze klopten vol bewondering op hun mond en knipperden met hun vingers" (Quatre années en Congo 1938 : 20, aangehaal deur Claes 1980 : 13).

Die meeste vroue bly in die Benede-Kongo vanwaar hulle dan in die geval van siekte of swangerskap geriefliker na Europa kon terugkeer. In La colonisation de Katanga (Dryepont) word die hoërliggende Katanga en Kivu as 'n voortreflike bevolkingskolonie beskou indien 'n gesonde infrastruktuur daar gevestig sou word (Claes 1980:27). Die hoofpersoon in Cottenjé se Dagboek van Carla (1968) het verkies om in die Kongo aan te bly vir haar bevallings omdat sy onder meer so verknog aan die Kongo was.

Aanvanklik staan heelwat Belgiese vroue skepties teenoor die "wilde negerstamme, de groene verstikkende oerwouden, de drukkende hitte, de ontelbare insekten, de slopende ziekten, het harde leven vol ontbering, koorts en heimwee, de rode rubber, de grote maatschappijen en als het zg. 'Tombeau des blancs' " (Claes 1980:47). Sylva de Jonghe verwys in sy roman Waanzin in de tropen (p.8) na die vrou wat haar gemaklike lewe moes ruil vir onder andere son, hitte, muskiete, insekte en allerhande ongedierte "dat zich in de kleimuren en het strodak nestelt, van hitte zinderende melancholische dagen, en eindeloos lange door tamtamslag en leeuwen gebrul, behekste avonden, obsederend stille maar duffe nachten, uren van ijlkoorts, dagen van moedeloosheid en heimwee" (Claes 1980:50). Jeanne Maquet-Tombu kla in Jeannot, gosse d' Afrique oor die "wolken insekten (die) zich op elke stikje onbedekte huid wierpen..." (Claes 1980:74). Volgens F. Demers (in sy toneelstuk Eva) verwek die trope in vele vroue "abnormale zinnelijkheid"; die son verdroog die blanke vrou se vel, maar op die swartvrou se vel speel die sonstrale "als op gepoets koper" beweer Royer in Mouk, de zwarte moussa. Later skryf Jadot in Sous les manguiers en fleurs vol bewondering oor die swart vrou; Geeraerts neem hierdie tema gretig op. De Jongh (1938:26) gee sy siening van die blanke vrou in die kolonie soos volg weer: "De blanke vrouw die in Europa reeds slecht is word in

Kongo nog tienmaal slechter en gevaarlijker, [...] de fatsoenlijke vrouwe van by ons springt er daar maar heel lichtjies om met de goede zeden en de moreel-sterke vrouwe zal in die meeste gevallen ook wel een min of meer schadelijke krenk krygen."

Die ongetroude vrouwe het meestal die pos van byvoorbeeld tikster, telefoniste of verpleegster beklee terwyl die meeste getroude vrouwe nie 'n beroep beoefen het nie. Daar was 'n aanvraag vir opgeleide verpleegsters en Mireille Cottenjé kies 'n verpleegster as hoofkarakter in Dagboek van Carla. As milieu gebruik die outeur die dekolonisasie-proses van die Kongo om die verpleegster se liefdesintriges te verbeeld.

Afkoms en opvoeding kon die geestelike ingesteldheid van die vrouwe jeens Afrika beïnvloed en gerief en aansien is in 'n groot mate bepaal deur die sosiale posisie wat die man beklee het. In Lava (Cottenjé) is die vrouwe van 'n plantasie-eienaar ook tydens die breekpunt van die onafhanklikheidsproses in 'n hewige stryd met haarself gewikkel en Claessens se Afscheid van Rumangabo het as hoofpersoon 'n offisiersvrouwe wat deel uitgemaak het van die Force Publique. Die leser kry in laasgenoemde geval 'n blik op die lewensomstandighede en onderlinge verhoudinge van die vrouwe in 'n militêre kamp.

Sommige vrouwe het moeilik aangepas, maar andere kon 'n vol lewe lei: in Bertha Ruscat-Lagrou se dertig jaar verblyf in die Kongo het sy verskeie dialekte aangeleer; Gabrielle Deman kon haar besig hou met onder meer fotografie; agt koloniale vrouwe neem in 1938 aan 'n kunsuitstalling in Parys deel en Marie-Louise Delhaise ontvang in 1927 die driejaarlikse koloniale literêre prys vir haar roman Amedra.

In 1923 word die Union Des Femmes Coloniales gestig waarin vrouwe van hul beskawingsrol in die Kongo bewus gemaak is. Hierdie organisasie wat met die Brusselse feministiese klubs saamgewerk het, kon ondanks goeie bedoelinge, egter nie die massa vrouwe bereik nie omdat dit eintlik 'n eliteklub was. In die Vlaamse koloniale romans en reisverhale word nie van die UFC melding gemaak nie, waarskynlik weens Vlaams/Franse konflikte.

#### #5. Die posisie van die évolué

Die ideaal van 'n swart man met 'n beskaafde, christelike Europese identiteit word in die évolué beliggaam. In die Vlaamse Afrika-belletrie

word die évolués se posisies in die samelewing ook in oënskou geneem. Maar weer kom die ambivalente houding na vore: die blanke het 'n moeilike beskawingstaak, hy moet die Afrikaan opvoed. As die proses suksesvol is, is die eindproduk 'n "misprezen" en "beschimpde" évolué. Die évolués wou 'n afsonderlike groep, weg van hul stamgebonde volksgenote vorm, maar word kwalik in die "beskaafde" Europese kring ingesluit. As gevolg van die na-aap van die Westerse gewoontes, is hul vanuit wit perspektiewe as karikature beskou — hulle kon "self geen weg meer weten met hun leven.....". In Geeraerts se Ik ben maar een neger (1961) word 'n besliste negatiewe beeld van die évolué deurgegee. Die outeur beskou die évolué-wees net as skyn — ten spyte van die feit dat die semi-évolué Matsombo in beheer van 'n hospitaal in Bumba kom, skuil in hom die brutale, primitiewe barbaarsheid. Albert Van Hoeck se roman Apollo tussen zwart en wit (1966) suggereer dat in die "folklorische neger" nog te veel van die "primitiewe krijger" verborge lê. Vir Matsombo beteken toenadering tot die Europese beskawing 'n totale ontworteling; die verlies van 'n eie kultuur, tradisies en gemeenskap. Sy haat is begryplik as hy voel "wij nikkers, zijn een verdoemd ras" (p.86). Hulle is tot "op het merg uitgebuit door de Europese kolonistors, [...] ontgoochelde zoon, young angry man, masochistiese selfkweller en partijdige aanklagers die de rampspoed van zijn volk aan de schuld van zijn blanke voorgeders wijdt" (Van Hoeck 1968:114). In Ver Boven se De rode aarde die aan onze harten kleeft (1962) gee die évolué Nsimangi sy ontheemdheid soos volg weer: "Het was nu te laat voor hem, hij kon niet langer geloven in de gemeenschap..." (Van Uffelen 1989:111). Die verskynsel van die ontwortelde évolué kom ook in Cottenjé se Dagboek van Carla (1982) voor.

Van Uffelen (1989:112) meen dat in Geeraerts se beskrywing van Matsombo nie die "wezen van de évolué", maar die wese van die swarte in die algemeen herken word. Vir hom lê die oorsaak van hierdie onderskeid geleë in die geskiedenis van die Vlaamse koloniale literatuur; in die besondere soort wêreldbeeld van sy outeurs. Matsombo se verhaal is één in 'n reeks Vlaamse koloniale romans waarin weinig ontwikkeling ten opsigte van die swarte se beeld vertoon word; eersgenoemde verskil nie veel van die "karikature" uit die jare dertig nie. In Poortmans se Moeder, ik sterf (1937) wil die évolué Visiri die blanke deur middel van sy skoene beïndruk. In die meeste koloniale romans word die beeld van die évolué volgens die kontras tussen koloniale realiteite en blanke vooroordele vergestalt. In Ver Boven se roman Mayana (1974) dobber Mayana tussen die lewe as bywyf van 'n blanke kolonis, die lewe in die



swart gemeenskap en die lewe as vrou van 'n évolué rond. Nola breek weg van haar verlede en probeer 'n voortreflike voorbeeld van 'n vroulike évolué in Goddemaer se Nola (1953) te wees.

Dis opmerklik dat outeurs wat ontgogel is deur Afrika, meestal 'n negatiewe beeld van die swarte en die évolué deurgee. Soos in die geval van byvoorbeeld Ik ben maar een neger (Geeraerts, 1961), word die verval van die Kongo ook skerp belig in Van Puthen se De achterhoede (1967). Laasgenoemde gee 'n verwronge beeld van die Kongo deur middel van die hoofkarakter wanneer hy "vlekken (bloed, verf, mannezaad, coca-cola)" op die trappe van 'n stadsgebou opmerk — die haat en veragting jeens die Kongolees maak deel uit van sy ontgogeling.

Gerard Walschap en Daisy Ver Boven problematiseer die ingewikkelde tematiek van die évolué in onderskeidelik Oproer in Kongo (1953) en Gevierendeeld (1980). Bergeyck en Tireliren probeer vanuit 'n Afrika-perspektief te skryf; laasgenoemde outeur se roman Levende stenen (1982) handel oor die huidige Zaïre waarin die évolué self as lewende stene aan hul nuwe toekoms moet bou. Lieve Joris vind in haar roman Terug naar Kongo (1987) dat in die huidige Zaïre die évolué slegs vae herinneringe van 'n uitgediende paternalistiese stelsel oorgehou het.

#### #6. Verhouding: Europeër/Afrikaan

Kenmerkend van die Vlaamse Afrika-literatuur is die verhouding van die Europeër met die swart kontinent waarby rasseverhoudinge 'n beslissende plek inneem. Dit is 'n byna vanselfsprekende dimensie van alle koloniale literatuur. Breman (1991:342) merk op dat: "...in en door de koloniale ontmoeting het racisme nieuwe en zeer virulente impulsen kreeg." Tydens die aliënasiëproses word die gekoloniseerde met die "rassistiese" ideologie van die minderwaardigheid van die swarte en die superioriteit van die blanke gekonfronteer. Volgens hierdie visie is Afrika deur die kolonis in 'n toestand van onderontwikkeling aangetref en die "groot kinders" moes gelei word om op 'n sekere beskawingspeil te kom — hierdie houding roep sowel repressiewe rassisme as 'n humanitêre beskawingsdrang op. P. Rijckmans se Dominer pour servir (1931) is 'n sprekende voorbeeld van hierdie ideologie. Aangesien die gekoloniseerdes in diens van 'n ekonomiese mag staan en die Westerse demokrasie swartes as 'n objek beskou, kon hulle na goeddunke gebruik (en misbruik) word. Paternalisme en rassisme word konstruktief gebruik om die voortbestaan van kolonialisme te verseker, aldus Coolsaet

(1974:31).

Kulturele verskeidenheid is binne 'n koloniale sfeer moeilik as iets vanselfsprekends aanvaar. Die Griekse woord barbaros beteken oorspronklik "onbegrypelijk sprekend, buitelands, vreemd," voordat die negatiewe betekenis onbeskaafd daaraan geheg is; so ook verkry paganus wat "plattelander" beteken, die negatiewe konnotasie van heiden. Sendelinge volg aan die einde van die 19de eeu in die voetspore van die eerste pioniers. Teen 1960 was daar ongeveer sesduisend missionarisse deur meer as vyfhonderd swart priesters bygestaan, in die Kongo werkzaam. Die opdringing van 'n Europese godsdiens het meegehelp tot die vervreemding van 'n gekoloniseerde volk. In Handboek van Internasionale Moraal (1946) onder redaksie van kardinaal Van Roey, word onder meer gesê: "de wilde en ontaarde volkeren, slachtoffer van ondeugd, onwetendheid en bijgeloof, moeten steeds van buiten, d.w.z. van een beschaafder volk, den eersten prikkel, de hulp en de leiding tot hun opheffing ontvangen." Kolonisasie en kerstening loop dus volgens Van Roey hand aan hand. Die stelling kan moontlik gemaak word dat die christelike sending bygedra het tot koloniale rassisme deurdat die kerk die gekoloniseerde as heidene en dus as "minderwaardige skepsels" behandel het. "Wij blanken hebben twee wortels van het kwaad in Afrika geïmporteerd: de politiek en het (christelijk) geloof" verklaar 'n landbouer wat dertig jaar lank in die Kongo woonagtig was (Joostens 1991:58).

In 'n koloniale hiërargie moes elkeen leef binne die rangorde van die groepe waartoe hy behoort; vanselfsprekend het die Europeër sy bevoorregte posisie opgeëis. D'haen (1990:48) merk tereg op dat die koloniale samelewing beteken dat "ras en uiterlijke kenmerken grotendeels de plaats van het individu bepaal." Die aksent val op die "anders zijn". Implisiet of eksplisiet word beweer dat die Afrikaan in 'n sosiale vakuum leef. Gewilde temas soos onder andere veelwywery, oordrewe erotiek en seksualiteit, die optrede van die "luipaardmensen", die duistere gedoe van bouse towenaars en "menseneterij" kom in verskillende literêre werke aan die bod. Ook ten opsigte van sy kunsuitinge is die swarte minderwaardig geag. Vergelyk byvoorbeeld die beskrywing van die towenaar se beeld met "starende ogen, stijwe grijpklouwen" (Van den Weghe aangehaal in Bogers en Wymeersch 1987:82). In die swarte se dans- en musiekuitinge skuil volgens die blanke, iets dreigends; die trom se ritmiese "obsederende bonzen" wek onder meer aaklige gevoelens op. In die koloniale proses kan die

distansiëring van die "andere" 'n voorwaarde wees om die eie as 'n skynbare outentisiteit af te baken. Crowhurst-Bond (1989:175) verwys na die Duitse kolonis Von Falkenhausen wat binne haar eie domein haarself wou bewys: buite word sy gekonfronteer met "the other" — die Herero. Sy word ontnugter wanneer sy agterkom "that the Herero can also grow and plant succesfully." Die siening dat swartes biologies ook minderwaardig is, word dikwels deur die kolonialistiese bewind gehuldig. Soms word 'n soort waardeskaal opgestel waarin byvoorbeeld bepaal word dat die pigmeë op die laagste skaal balanseer, maar dat die Tutsie van Ruanda se fyn neus en lippe met hul "rasiale diakritika" aan die Europeër se vereistes beantwoord. Vyf-en-twintig jaar na onafhanklikheid hoor Joris steeds die rassistiese stem van die blanke in die Kongo weerklink (Terug naar Kongo). Sy verwys tydens 'n onderhoud met Reynebeau (1987:171) na "het verfoeide apartheidsregiem van Zuid-Afrika," maar erken dat sy self opgegroeï het met die ideologie van paternalisme: "een zwarte moet je over zijn bol aaien want die weet het per definitie niet so goed" (De Smet 1987:56). Mineke Schipper publiseer in 1994 'n roman wat in Afrika afspeel naamlik Conrads rivier. Tematies kom die saambestaan van lig en donker onder die soeklig. Die hooffiguur gaan na Afrika en "...ze wordt er prettig zwart. Haar echtgenoot blijft zeer wit en dus onaangenaam zwart" (p.5).

Coolsaet (1974:29-30) haal ondermeer die ekstreme uitsprake van Ducattillon en Memmi aan wat meen dat die lewenswyse van die gekoloniseerde tot elke prys vernietig moet word en dat die welvaart van die metropool op die uitbuiting van die kolonies moet berus. Hierdie beskouings is egter nie sonder meer aanvaar nie. In 'n maandblad van évolués La Voix du Congolais (Oktober,1952), kritiseer die redakteur die daar bestaande rassediskriminasie: "In cinemas, hotels, boats, trains, churches and other public places all the Africans are either excluded or clearly separated from the Europeans" en in sy boek Red Rubber beskuldig Edgar Morel vir Koning Leopold II van onmenslike behandeling van die Afrikane (Gann en Duignan 1970:201). Ballegeer (sekretaris van die kolonistevereniging FEDACOL) pleit dat die swartes gesien moet word "als bediendes, landbouwers,[...] of notabelen, in een woord als mensen" (Joostens 1991:169).

Die koms van die blanke vrou het in baie opsigte die rassekloof vergroot. Die woorde "lui, traag van begrip boys" en "niet te vertrouen" is meermale uit die mond van die blanke huisvrou gehoor. Vir die

swartman was dit moeilik om bevele van 'n vrou te ontvang. In sy werk Schuld ik Kongo? meen Delval dat hierdie gesag van die vrou een van die oorsake van opstand van die Force Publique in 1944 in Luluaburg was. Claes (1980:115) verwys na Demers se toneelstuk Eva waarin die blanke vrou uit verveling 'n spel met die swartman speel deur hom te verlei of vir die gek te hou. In die koloniale romans kom hierdie motief dikwels aan bod. Die swartman het aanvanklik aanvaar dat die swart vrou tot beskikking van die blanke man moet wees. Later sou die situasie 'n rassistiese kleur kry namate die swartman besef het dat hy nie ook dié reg op die blanke vrou het nie. In die seksuele relasie tussen die blanke vrou en 'n swartman probeer laasgenoemde sy minderwaardigheid wreek — vergelyk E. Cleaver se gedig "To a white girl": *"I hate you/ Because you're white/ Your white meat/ It's nightmare food."* Soms wil die swart vrou 'n seksuele verhouding met die blanke aanmoedig omdat dit "een subjektiewe poging (is) om objektief diens gelijke te worden en daardoor de eigen onderdrukking teniet te doen" (Coolsaet 1974:20). Jef Geeraerts het soms in sy kleinburgerlike romantiek bygedra om die illusie te skep dat die lewe van die swarte tussen die "wilde natuur" die ware lewe is. Rassistiese refleksies soos: die swarte het 'n groter seksuele potensie as die blanke omdat hy nader aan die natuur staan en "de trope doen de gemoederen ophitsen...." word voor die deur van die Afrikaan gelê. 'n Literêre tegniek om die fisiese minderwaardigheid van die swarte aan te toon, was die bespotting van die Afrikaan. Vergelyk byvoorbeeld: "Hij rook naar muskus. Anders dan blank zweet, dierlijker, zwoeler en niet zo zuur. [...] Net geboende notelaar en hij heeft hardlopersbenen met spieren als kabels" (Geeraerts 1966:62). Die implikasie is dat die Afrikaan 'n dier is en moet getem word; eersgenoemde word ook vergelyk met 'n objek naamlik 'n houtsoort en 'n metaal. Algemene gebruikte terminologie in sake die beeld van die swartman soos "luiwaard, bandiet, stumperd, veelwijver, bovenlijf als een stronk" en ten op sigte van die vrou, byvoorbeeld "snateren, kijven, viswijven, bronstig krijsen" kom voor. Die Afrikaan se mond word onder meer vergelyk met 'n snawel; hulle sukkel om 'n Europese taal aan te leer, hulle tonge staan daarvan "paraplu".

Verskeie van die Vlaamse Afrika-romans handel oor die problematiek van interkulturele kontak. Van Hoeck wil 'n liefdesverhouding laat slaag deur Afrika en Europa se kulture te verenig in Over de grens (1970); dis ook die geval met Van de Weghe se Kinderen van Kongo (1965). In die persoon van die évolué kom die konflik tussen Afrika en Europa se

kulture ook tot uiting. Matsombo, die hoofkarakter in Ik ben maar een neger (1961) het wel 'n sekere Westerse ontwikkelingspeil bereik, maar die roman eindig op 'n negatiewe noot met dié woorde: "In zijn ogen ligt de lege blik van de eeuwige neger" (Geeraerts 1961:286). Die verhaal huisves eksplisiet die koloniale denke. Ver Boven praat hard en duidelik in Gevierendeeld (1980) van die kloof tussen swart en blank. Die wanaangepaste hoofkarakter Cafmeyer gee in Ik blanke kaffer (1970) sy rassistiese opinie van die Kongolees weer: "...het ruikt hier ten slotte alle maal naar zweet, de negers stinken, se wassen zich niet, ze staan smorgens op stinkend naar transpiratie en sperma, de swarten wijven hebben slingerborsten...." (p.21). Sommige outeurs probeer wel vanuit die swartman se perspektief te skryf, soos byvoorbeeld van Bergeyck se literêre pennevrugte wat van insig getuig. In Een tuin die niet van Eden was (1985) laat hy die blanke meer begrip vir die swartman se identiteit toon.

"Woede in Frankfurt over racistisch exotisme" — so lui die opskrif in die NRC Handelsblad (11 Oktober 1993) waarin onder andere 'n diskussie tussen Geeraerts, Haasse en Joris ten opsigte van die verskille tussen die koloniale ervaringe in Nederlands-Indië en die Belgiese Kongo ter sprake kom. Geeraerts se Gangreen I word deur 'n swart spreker 'n "artistieke masturbatie" en 'n voorbeeld van "racistisch exotisme" genoem waaraan sowel eersgenoemde as Haasse hul skuldig maak: "U verheerlijkt allebei het koloniaal verleden en ziet de gekoloniseerden niet als mensen, maar als exotische objecten."

#### 1.1.4.6

#### Ten Besluite

Ter nagedagtenis aan 'n koloniale verlede is die "Koninklijke Museum voor Midden - Afrika" in Tervuren opgerig. W.F. Hermans skryf in die NRC Handelsblad (1992:3) onder die opskrif "Naar de Kongo met de tram" oor sy besoek aan hierdie museum. Dit herinner hom aan die "lugubere reputatie" van Koning Leopold II se Kongo-Vrystaat en vir Hermans hang om Kongo - Zaïre "een soort nevel van somberheid, treurnis en angst...."

'n Nuwe geslag historici en outeurs kan veral na die onafhanklikheid van die Kongo, Afrika se geskiedenis in 'n veranderde konteks plaas. Daar het 'n bewuswording van eenheid tussen verlede en hede ontstaan. Met die toenemende belang vir die prosastudie van die sogenaamde

narratiewe geskiedskrywing, vervaag die suiwer sosiaal-wetenskaplike aspek van geskiedskrywing en word geskiedskrywing in sekere opsigte as 'n vorm van literatuur gesien. Houben (1992:161) meen: "Het doel is schrijven over het verlede, vooral over wat mense dachten en voelden in een poging om zo hun leefwereld te reconstrueren." Hy haal dan ook Simon Schama aan wat in hierdie verband veelbetekenend oor "breaking bread with the dead," praat.

Die outeur uit 'n postkoloniale era kan 'n stukkie geskiedenis "oop skryf" sodat die leser met nuwe insig op historiese feite kan let; literêre werke kan 'n nuwe gesigspunt oplewer omdat die geskiedenis as te ware vanaf 'n sylyn beskryf word. Die studie van die koloniale literatuur fokus nie op die oprakeling van ou trauma of op die regverdiging van kolonialisme nie, maar probeer onder andere bewys dat relativerende omstandighede ook 'n rol speel as in retrospeksie na 'n historiese tydperk gekyk word. Die koloniale Kongo bestaan nie meer nie, maar die realiteit van die geskiedenis en die letterkunde wel. Die vraag kan gevra word in hoeverre die Vlaamse Afrika-literatuur relevant is vir die hedendaagse geskiedskrywing van die Kongolese verlede. Die persoonlike element ten opsigte van die keuse van romanstof en die individuele perspektief van waaruit die verlede aangebied word, speel 'n groot rol.

Die Vlaamse outeurs se betrokkenheid by de koloniale Kongo het aan die Vlaamse literêre wêreld 'n dinamiese dimensie verleen. Die Vlaamse Afrika-belletrie het vanaf stereotiepe reisverslae en gesellige sendingsketse tot 'n nuwe dimensie ontwikkel. As gevolg van agtergrond- en kulturele verskille het die deursnee (blanke) skrywer egter nog nie heeltemal ontslae geraak van sy vooroordele jeens Afrika en sy mense nie. Die beeld wat hy van die Kongo-Zaire en die swartes opgebou het, is steeds onvolledig. Dis 'n weerspieëling van sy eie Westerse houding ten opsigte van Afrika en sy mense en 'n voorbeeld van sy koloniale mentaliteit. Heel dikwels word die heilige koei van die Kongo, naamlik die koloniale bestuur, beskerm. Vir so 'n skrywer is dit onmoontlik om daarin te slaag om Afrika in al sy diversiteit 'n outentieke stem te gee. Lieve Joris maak na 'n besoek van ses maande aan die Kongo (vergestalt in Terug naar Kongo (1987)) die ietwat absurde aanspraak dat sy "...wel geslaagd ben, omdat ik wel ver ben kunnen doordringen in wat een pater de Zairese ziel noemt" (Reynebeau 1987: 174).

Outeurs soos onder andere Bergeyck en Tireliren se koloniale werke het egter 'n sein van verset teenoor die koloniale opset oorgedra. (Vergelyk ook Marita de Sterck se kritiese siening oor die rol van die sendeling in Afrika). Hulle het probeer om met begrip en verdraagsaamheid die leefwêreld van die Afrikaan te ondersoek en te herwaardeer. Of daar ooit werklike begrip en insig teenoor Afrika by die Europeër kan wees, is onder andere vrae wat Joris in haar literêre werke stel. Renders (1994) huldig die standpunt dat literatoure wat die koloniale mentaliteit aan die kaak stel of onbevrees hul standpunt oor die swarte weergee, bewus is van die betreklike waarde van die Westerse beskawingsideale. Die objektiwiteit van 'n nugter-denkende outeur wat die stem van die swartman probeer hoorbaar maak het, kon Westerse horisonne verbreed, kulturele kontak bevorder en versoepel en openheid en dialoog vergemaklik. Hulle werke word gekenmerk deur outentisiteit, betrokkenheid en oortuigingskrag wat deur middel van hul kultuurverruimende werking 'n aanwinst vir die Nederlandstalige literatuur beteken.

In paragraaf 1.1.4.5/6 is verwys na die koloniale verhouding tussen blank en swart waarin rassisme 'n definitiewe rol speel. Volgens Anbeek (Francken en Zonneveld, 1995:85) word die essensie van die koloniale en postkoloniale literatuur vergestalt in die konfrontasie met die Andere. Uit hierdie konfrontasie ontstaan 'n literatuur wat "onze eigen vooroordelen en onzekerheden weerspiegelt".

Die samevoeging van feitlike etnografiese data (byvoorbeeld die Luba-dans met volmaan) en foutiewe stereotiepe interpretasie (byvoorbeeld kannibale vyl hulle tande) laat die fokus op die "anderszijn" val. Dis veral opmerklik rondom die uitbeelding van bisarre gebruike soos met onder andere geboortes, puberteit, dood, en magies-religieuse rituele. Die invoeging van korrekte etnografiese gegewe kan as pleidooi teen rassisme en etnosentrisme dien.

Daar is beskuldigings dat die koloniale outeur dikwels historiese gebeurtenisse vanuit 'n Westerse perspektief selekteer en aanbied sonder om die wetenskaplike ontwikkeling en die relativisme van die etnologie in ag te neem. Bogers en Wymeersch (1987:132) gee hulle siening soos volg: "De meeste schrijvers van de Kongoromans zijn in feite blijven steken in het evolutionisme van die XIXde eeuw..." Vanuit 'n literêre-wetenskaplike oogpunt beskou, kan byvoorbeeld vasgestel word dat baie van die Vlaamse koloniale outeurs dikwels die "ik"-vorm

gebruik om vanuit 'n Europese perspektief die Afrikaan te beskryf. Dikwels word die Afrikaan as "die nikker" of "die makak" aangedui en nie beskryf om as literêre karakter tot lewe te kom nie. Binne die (vermeende) Westerse superioriteit kry die figuur van die Afrikaan dus perspektief en gestalte. Hierdie siening vorm meestal die grondtoon van die regverdiging van die Belgiese kolonisasieproses, selfs tot na die onafhanklikheidsverklaring van die Kongo.

## **1.2 Teoretiese basis**

### **1.2.1 Inleiding**

Hierdie studie is 'n ondersoek na die wyse waarop deur die literatuur die vroulike outeur haar ervaring van en visie op die koloniale era verwoord. Daar word gepoog om aan te toon hoedat 'n outeur 'n historiese agtergrond gebruik om fiksie te skep waardeur 'n spesifieke visie van die outeur beliggaam word (1.1.1:1).

Voordat die spesifieke visie van die outeur bepaal kan word, sal dit nodig wees om 'n teksanalise van die geselekteerde romans te doen. Met die ondersoek na die vertelproses, dit wil sê die spesifieke manier waarop in elke verhaal die epiese kategorieë van handeling, karakter, tyd en ruimtes georganiseer word, kan die prosawerk (verhaalgeheel) dan struktureel geanaliseer word.

Die ondersoek word aangepak met die doel om die tekste as reflektors van 'n bepaalde era en sy maatskaplike politieke aard te beoordeel. Die optrede en uitbeelding van die karakters; die omstandighede waaronder die gebeure plaasvind en die vertellersperspektief kan 'n beeld van 'n bepaalde tydperk (hier dan die koloniale era) vorm.

### **1.2.2 Letterkunde as werklikheidsverslag**

In die geselekteerde romans kom feitelike elemente wat oënskynlik die koloniale realiteite weerspieël, geredelik voor. Die romans is voorbeelde van kuns wat uit die realiteit ontstaan het en tot literatuur verwerk is. Deur middel van literêre en saaklike verwysing word uiteenlopende perspektiewe geopen. Die koloniale romans kan dus beskou word as verhale(fiksie) wat handel oor die koloniale situasie ('n historiese werklikheid).



Kolonialisme ('n realiteit) het diep spore in die Nederlandse sowel as in die Vlaamse literatuur getrap. In die werke van die Suid-Nederlandse outeurs kom die voormalige Belgiese Kongo sowel as die huidige Zaïre ter sprake. Tydens die koloniale proses ontplooi twee tradisies, in hierdie geval dié van die Europeër en dié van die Afrikaan en hierdie dialoog omvat die ervaringe wat deur taal (literatuur) omskep word. Die koloniale tekste word dus beskou as 'n historiese en geografies - geankerde boodskap waarin sosiale, kulturele, estetiese en ook biografiese kodes voorkom.

Du Plooy (1986:4) skryf oor fiksie soos volg: "Wanneer daar vertel word van dinge wat in die verbeelde werklikheid (in hierdie geval die koloniale era) gebeur het of sou kon gebeur, word so 'n storie of verhaal of die verhalende teks waarin die storie of verhaal weergegee word, as fiktief beskryf." Uit die koloniale werklikheid is elemente versamel waarmee 'n verstaanbare teks-in-beeld gekonstrueer is. Dis nie 'n regstreekse weerspieëling van die koloniale realiteite nie — deur middel van die literatuur is 'n model van die werklikheid aangebied.

Volgens Roos (1985:40) interpreteer die historikus gebeure vanuit individuele perspektiewe wat gevorm word deur heersende ideologie en die spesifieke tydsgeewig. Outeurs van literêre tekste steun op geskiedkundige feite om deur middel van literatuur 'n weergawe van die verskillende werklikhede te gee. Kyk ons byvoorbeeld na sekere titels van die Vlaamse koloniale romans, kan die ooreenkoms tussen verhaal (fiksie) en koloniale geskiedenis (feit) opgemerk word. Vergelyk die volgende titels: Ik blanke kaffer, Verhale uit Kongo, Ik ben maar een Neger, Het groene hart van Afrika en so meer. Die Vlaamse Afrika-literatuur vang die eggo's van kolonialisme (werklikheid) op. Elke romansier bring sy eie Afrika-ervaring tot lewe. Deur hul literêre produksie kon Cottenjé, Claessens, Ver Boven en Joris 'n beeld van die koloniale Kongo soos dit in hulle ervaringsveld bly voortleef het, aan die leser deurgee. Die outeurs skryf vanuit die koloniale situasie of as gemarginaliseerde waarnemers, maar die tekste word gepubliseer ná onafhanklikheid. Tydens hulle verblyf in die Kongo is eersgenoemde drie outeurs aan politieke en sosiale werklikhede onderwerp en skryf te midde van koloniale ervaringe onderskeidelik die romans Dagboek van Carla, Afscheid van Rumangabo en Mayana. In Joris se betrokkenheid by die koloniale literatuur in Terug naar Kongo, skryf sy oor 'n postkoloniale situasie. In haar reisverslag is die verwysing na die waarheid (werklikheid) betekenisvol.

Met die kennismaking van die geselekteerde outeurs (uitgesonderd Joris) se vorm van koloniale literatuur, versoen die leser homself dus van meet af aan met die grondliggende fiksionaliteit; dis 'n wêreld van woorde, 'n ander werklikheid "waartoe die van het dagelijks leven alleen het materiaal geleverd heeft, terwyl zij zelf van een totaal andere structuur is" (Blok 1960:242) en "... dat voor de persoon van de lezer de gebeurtenisse niet-nu-en-hier aanwezig, d.i. fictief zijn." (ibid: 252). Dis nie vir 'n leser van belang of Matsombo (in Ik ben maar een neger) nie bestaan nie en dat koning Leopold II wel bestaan het, wanneer 'n teks as "literatuur" omskryf word nie. Tussen die leser en die teks bestaan 'n dialoogverhouding; dis 'n proses van realisering en die leser konstitueer die teks as werklikheid: dis is (werklikheid) terwyl dit gebeur (Malan 1983:20-21). Volg 'n outeur 'n bepaalde werkswyse om byvoorbeeld personages en hul motiewe betekenisvol te openbaar, die leser se visie te verbreed en te verdiep en via die werklikheid die universele uit te lig, dan staan fiksie nie teenoor feit nie, maar in 'n jukstaposisie daarmee.

Word die teks dus as 'n gefiksionaliseerde herskepping van die werklikheid beskou, moet die verhaalstruktuur ondersoek word ten einde die teks te kan begryp. In die fiksionele tekste is gegewens soos gebeure, verteller, karakter, tyd en ruimte met mekaar vervleg.

Die verteller roep deur middel van woorde 'n bewussyn van die voortgang van tyd in sy herskepte wêreld op. Die gebeure in die geselekteerde tekste vind plaas gedurende die bykans honderd jaar koloniale verbintenis van België met die Kongo; van belang is dat daar retrospektief vertel word. Op die volgende vrae sal moontlik antwoorde verkry kan word: Vertel die outeur sy verhaal chronologies of sou daar afwyking van die tydsvolgorde voorkom? Wat sou die doel wees indien die outeur van terugflitse of vooruitskouings gebruik maak? Die moontlikheid bestaan dat die tyd ook tema van die epiek word en dan kan gelet word op watter manier die personasies die tyd benader en of hulle onderworpe aan die gang van die tyd sou wees. Die teenstelling tussen die subjektiewe - en objektiewe tydservarings kan die karakters beskryf, die verloop van die handeling bepaal en gestalte gee aan 'n spesifieke perspektief wat in die verhaal bestaan.

Deur die plasing van die karakters binne 'n historiese (koloniale) era, word norme gesuggereer wat eie aan 'n bepaalde tydsgeewrig is en waarteen die handeling en optrede van die karakters geïnterpreteer word. Die reële agtergrond (die storieruimte) waarteen die koloniale verhale

hulle klaarblyklik afspeel, word ruimtelik hoofsaaklik as die Kongo (Zaire) gespesifiseer. Ten opsigte van die vertellersruimte kan gelet word na die plek van die verteller (die fokaliseerder) in die verhaal, vanwaar hy sy waarneming doen en wat sy ideologiese perspektief en letterlike gesigspunt is. Sien die verteller sekere dinge omdat dit in haar belangesfeer val, sal na die belangeruimte gelet moet word. Sou dit moontlik wees dat die storieruimte ook tematies betekenis verkry en kan 'n bepaalde atmosfeer deur die storieruimte tot stand kom, is vrae waaraan aandag gegee kan word.

Die mate waarin 'n historiese kode (soos in die koloniale romans) deur personasies gevolg word, is vir die verhaalanalise 'n sinvolle vraag. Karakters se generering van en deelname aan gebeure binne 'n tyd - ruimtelike raamwerk onderstreep die feit dat hulle as betekenisdraers in 'n verhaal funksioneer. Die funksie van elke karakter sal bepaal moet word sodat die spesifieke boodskap wat die teks oordra, korrek geïnterpreteer kan word. Hoof- en newekarakters word hiërargies in 'n interrelasiepatroon geskik om die tema(s) van die teks te vergestalt. Deur te let op wat 'n karakter sê of doen, watter gebeure hy veroorsaak of waaraan hy deelneem en sy interrelasie met ander karakters, gee aan die leser insig in die individuele eienskappe van die karakters en stel die leser in staat om empatie met of afkeer van die karakter se perspektief te ervaar. Die ouer en ongenueanseerde indelingsbasis van vlak en ronde karakters (Forster) of statische en dinamiese karakters (Muir) kan uitgebrei word deur Blok se beskouing wat die karakters se houding ten opsigte van tyd en ruimte bepaal, te ondersoek. Word gesoek na die held in die verhaal, kan gelet word na dié karakter wat die hele proses van verandering ondergaan en die een wat groei tot insig in homself en sy omgewing. Wie die fokalisator is en wat en hoe die karakter fokaliseer, is van belang omdat 'n karakter deur die verskillende wyses van fokalisering onthul kan word.

Dis ook van belang om vas te stel hoedat elke betekenisdraende teksonderdeel verband hou met die handelingsverloop. Die wyse waarop die handeling, tesame met ander elemente, 'n literêre geheel tot stand bring, dra by tot betekenisstigting, sodat die leser die koloniale verhaal kan begryp as "a particular writer's way of saying how you can make sense of human experience" (Brooks en Warren, 1959:80). Realiteite soos onder andere aanpassingsprobleme, konfrontasie met die Kongolese, die koloniale beleid en die reaksie daarop, die stigting van politieke partye, die sluimerende politieke onrus, onderdrukte verwagtinge, die

onafhanklikheidstrauma, die muitery van die Force Publique gevolg deur 'n burgeroorlog, die uittog van die blankes, die dood van Lumumba en die magsoorname deur Mobutu vorm 'n integrale deel van die handelingsverloop.

Om te bepaal of 'n handeling funksioneel is, kan daarna gelet word of dit verandering veroorsaak of tot keuses lei en of dit konflik impliseer. Ook sal daar vasgestel moet word of die handelingsfases in logiese, verbandhoudende onderdele georden is en of elke handelingselement en -faset 'n bydrae tot die voortstuwing na die einde lewer.

Om tot 'n verantwoorde insig omtrent die visie van vroulike outeurs te kom en om die boodskap van die vroue outeur in die geselekteerde koloniale romans te begryp is dit nodig om van die teorieë rondom die kommunikasieproses tussen leser en outeur kennis te neem.

## 1.2.3 **Interpretasie deur middel van kommunikasie**

### 1.2.3.1 **Inleiding**


Literêre tekste is meerfasettig en draers van boodskappe en bewerkstellig kommunikasie; soos Du Plooy (1986:2) tereg opmerk: "Verhalende tekste is 'n weergawe van 'n storie of verhaal in die een of ander kommunikatiewe medium." Vir Segers (1980:18) is 'n literêre teks op 'n bepaalde wyse 'n gestruktureerde reeks van verbale tekens "...waaraan de lezer een dominante esthetische functie toekent." Hierdie studie konsentreer op die koloniale teks van waaruit 'n moontlike boodskap in die kommunikasieproses afgelei kan word. Die leser, die outeur, die vertellersgesag en die fokaliseerder kan as kommunikasie elemente in die kommunikasieproses 'n belangrike rol speel.

### 1.2.3.2 **Die term kommunikasie**

Literêre kommunikasie kan volgens Segers omskryf word as 'n totale proses van produksie, oordraging en resepsie van tekste "[...] door individuen of groepe die als literair of als esthetisch geaccepteer zijn of worden;" vir Jacobson (aangehaal in Du Plooy 1986: 124 en 215 en in Van Luxemburg et al 1983:138) is in elke kommunikasiehandeling die sender, die ontvanger, die boodskap, die konteks waarna die boodskap verwys, die kode waarin die boodskap gestel is en die kanaal waardeur

die boodskap oorgebring word, relevant. Waar die klem ten opsigte van bogenoemde ses faktore geplaas word, sal bepaal hoe die geselekteerde tekste benader moet word.

Van Coller en Van Rensburg beskou literêre kommunikasie as 'n taalhandeling waarin 'n gesprek gevoer word tussen 'n sender ('n ek) en 'n geadresseerde ('n jy) wat realiseer wanneer die hoorder op die uiting (boodskap) reageer en daar sprake van 'n perlokusiehandeling is (in Malan 1983:100).



Die outeur wil met behulp van die geskrewe woord (in hierdie studie die koloniale tekste) sekere intensies tot lewe bring en hoop dat die ontvanger sy boodskap (die perspektief van die vroulike outeur) sal kan interpreteer en daarop sal reageer.

### 1.2.3.3

#### **Die outeur tydens die kommunikasieproses**

Die reële outeur (die konkrete skrywer), die implisiete outeur (verantwoordelik vir die struktuur van die teks en vir dit wat die teks wil kommunikeer) en die fiktiewe outeur (dié skrywersfiguur wat in die teks self teenwoordig is), bring 'n teks tot stand, bepaal die medium, die boodskap en die kode en konfronteer die leser daarmee.

Koloniale verhale word ondermeer geskryf om aan die leser insig te gee in onder andere die lewensomstandighede van die kolonis, in die politieke ontwikkelingsproses, in die verhouding tussen swart en blank, in die inlandse kultuur en in die verhouding tussen kolonis en moederland. Word gesoek na die "boodskap" van die verhaal, kan byvoorbeeld gelet word na die hoofpersonages se sosiale en politieke oortuigings. Die resipiënt se kode word deur die lees gevorm; die leser lees 'n teks, byvoorbeeld die koloniale roman Mayana (Ver Boven), met sekere verwagtinge, veronderstellinge en vooropgesette menings ("leserskode"). Malan (1983:117) verduidelik Eco se siening dat elke teks helder en duidelik deur byvoorbeeld die linguistiese kode, die styl en die ingebede veronderstellings sy beoogde leser kies: "You cannot use the text as you want, but only as the text wants you to use it ..", aldus Eco, en dit beteken: 'n georganiseerde teks manipuleer. Van Luxemburg (in Malan en Jooste 1990:74) voel dat 'n outeur inderdaad altyd besig is

om die leser te manipuleer: "Hij schrijft zijn tekst vanuit een bepaald doel. Hy wil graag iets bereiken."

Die term verwagtingshorison verwys na die verwagtinge waarmee 'n leser 'n literêre werk benader en bewussynsinhoude wat aan die bod kom terwyl die werk gelees word. Malan (1983:156) stel Segers se kommunikasiemodel leser / literêre teks soos volg voor:

LESER Literêre verwagtingshorison	LESERSKODE	LITERÊRE TEKS Sekondêre modelvormende sisteem
	Literêre kode	
Sosio-kulturele verwagtingshorison	Sosio-kulturele kode	Natuurlike taal

Die reaksie van die reële leser kan help bepaal op watter manier die literêre boodskap in 'n sekere tyd ontvang sal word. Toe sekere lesers se verwagtingshorison deurbreek is, was die leserspubliek se reaksie negatief met byvoorbeeld die verskyning van Geeraerts se Gangreen I (1975). Die outeur van die koloniale roman byvoorbeeld, wil hê dat die leser met nuwe oë na al die realiteite in alle fasette moet kyk; die doel is om die leser nie bloot weg te neem uit die werklikheid nie, maar ook om hom terug te neem na die werklikheid. Deur middel van die leesproses word via die outeur ervaringe, insigte en waarhede ontbloot.

Hoek (in Malan 1983:87) meen dat die literêre boodskap sintakties, semanties en pragmaties verhol is; daarom vind 'n leser dit moeilik om 'n bepaalde teks te ontleed. Uit die leser se kennis van die norme van die genre en die vorm en tematiek van die reeds bekende koloniale werke, kan die verwagtingshorison tot stand kom. Verskillende lesers kan dieselfde roman op dieselfde vlak begryp, maar ook verskillende opinies daaromtrent huldig.

#### 1.2.3.4

#### Die rol van die leser

Lees is 'n manier van kommunikasie; 'n implisiete outeur dra 'n outeursintensie oor aan die implisiete leser wat dit tydens die lees van die teks moet rekonstrueer. Lees is dus 'n essensiële voorwaarde vir 'n

literêre interpretasie. Sentraal in die lees van 'n literêre werk is die interaksie tussen sy struktuur en die leser.

Onderskeid word gemaak tussen die reële leser (die konkrete leser wat werklik die teks lees); die resipiënt (die konkrete persoon wat die teks resepteer); die implisiete leser ('n abstrakte rekonstruksie in die teks self van dié leser wat toegerus is om adekwaat te lees); die eksplisiete leser (die geïntendeerde ontvanger van 'n taaluiting of teks) en die geïntendeerde leser (die reële leser tot wie die teks gerig is). Die leser van 'n roman is geen tabula rasa nie, maar is meer as 'n instansie en nodig vir die beweging in die teks en 'n reservoir vir idees, menings, insigte en oortuigings saamgevat tot 'n ingewikkelde samestelling. Soos Blok (1960:283) dit stel: "Men 'heeft' het verhaal pas, wanneer men het leest. Verhaal en lezer veronderstellen elkaar."

In beginsel word die leser nie benut om die psigologiese of wêreldbeskoulike aanvaarbaarheid van die roman te beoordeel nie, maar ter wille van betekenisvergestalting en om die opbou van die roman te voltooi (Mooij 1979:100). Die leser tree as beoordelaar op en terwyl hy lees word 'n genuanseerde insig verkry. Hy glo in die verhaalwerklikheid — die enigste werklikheid in die fiksie. Volgens Blok (1960:286) vorm die leser dus deel van die inhoud van die fiksie waar vooroordele, voorkeure, onbewuste aanvaarde konvensies en die beperkte lewenservaring 'n rol speel.

Tydens die "maak" van 'n teks moet die outeur die model van 'n waarskynlike of moontlike leser in ag neem; die outeur veronderstel dat hierdie leser die teks sal interpreteer soos hy dit sou wou hê. Die teks moet deur die leser in sy sosiale geheel geplaas word, met ander woorde, om die verhouding met die heersende ideologie vas te stel. Die "boodskap" moet gesien word in sy verhouding ten opsigte van 'n ideologie wat daarmee uitgebeeld word. Cottenjé byvoorbeeld, skryf haar Dagboek van Carla nie net vanuit 'n persoonlike visie op die koloniale bestel nie, maar plaas dit tegelykertyd binne 'n raamwerk van sosiale ideologieë wat tydens die koloniale tydperk gegeld het. Wanneer Joris in Terug naar Kongo probeer om 'n objektiewe weergawe van die toestand in Zaïre na onafhanklikheid te gee, wil sy die leser tot deelname aktiveer om so betrokke te raak by die spesifieke tydsgebonde gebeure. Daarom word daar tydens die lees van 'n literêre teks van die leser 'n mede-skeppende kommunikatiewe aktiwiteit verwag. Die leser moet in staat wees om deur middel van resepsie en interpretasie die koloniale

relaas tot 'n estetiese objek te kon omskep. Dis 'n proses van ontdekking; in elke verhaal probeer die outeur "sin" maak van sy wêreld: "...each story is going to open up a different prospect and pose a new problem" (Brooks en Warren 1959:527). Alhoewel die leser nie aktief aan die literêre gesprek kan deelneem in dié sin dat hy die boodskap kan verander of as spreker kan optree nie, voltooi hy tog die gesprek wanneer hy die boodskap realiseer.

### 1.2.3.5 **Vertellersgesag**

Die ondersoek na die vertelinstantie ten opsigte van onder andere sy identiteit, sy deelname aan gebeure en sy afstand van gebeure is van kardinale belang by 'n verhaalanalise. Deur die teenwoordigheid en optrede van die vertelinstantie kry 'n verhaaltteks sy besondere voorkoms. Deur te let na die onderskeidings van die vertelaspekte naamlik:

**Wie kyk:** die fokalisator (die visie van waaruit waargeneem word);

**Wie sê :** die verteller (die instansie wat die visie meedeel) en

**Wie doen en "bedoel" :** die implisiete outeur (die instansie wat die teks struktureer), kan meer duidelikheid tydens die verhaalondersoek ten op sigte van die vertellersgesag verkry word.

'n Verhalende teks kom dus tot stand deur 'n vertelinstantie wat taaluitinge doen; iemand vertel iets op 'n bepaalde manier; hy roep by die leser 'n verhaal op wat in 'n sekere tyd en ruimte afspeel. Du Plooy (1986:283) verwys na Bal wat die vertelinstantie noem "die instantie die de taalttekens uit die het verhaal beteken" wat die verhaalwerklikheid wil deurskou en wil hê dat wat vertel word, vir die leser betekenis kan hê. Die vraag kan gestel word: Wat is die perspektief van waaruit na mense, plekke, handeling en gebeure in die verhaal gekyk word? Word die perspektief verander, dan wysig die gesigspunt, die fokus en die ideologie van die verhaal.

Die keuse van 'n bepaalde verteller sal afhang van die afloop wat vir die verhaal beplan word. Elke vertelperspektief besit sy eie norm, beperking, voor- en nadele. Identifiseer die verteller homself as 'n "ek" of bly hy anoniem, sal hy verraai word deur die tekens van sy teenwoordigheid in die teks deur onder andere taalgebruik, ruimtebeskrywings, kommentaar op karakters of herhaling van beelde wat nie as gevolg van die fokalisering deur 'n sekere karakter ontstaan nie, aldus Roos (in Unisa 1984:239). Die identiteit van die ek-verteller kan vasgestel word sodra laasgenoemde homself binne die verhaal openbaar. In die koloniale



romans beklee die ek-verteller 'n belangrike plek as bemiddelaar tussen die outeur en die leser. 'n Vertelling vanuit 'n ek-vertelperspektief gedoen, bring 'n persoonlike en geloofwaardige effek tot stand, vergelyk byvoorbeeld Cottenjé se Dagboek van Carla en Henriëtte Claessens se Afscheid van Rumangabo. Die ek-verteller word in die romans 'n karakter in die verhaalwêreld; hulle word gedramatiseer en vertel 'n geskiedenis of hul eie geskiedenis van binne uit. Volgens Snyman (in Cloete et al 1985:77) word in 'n ek-vertelling slegs weergegee (vertel) wat self waargeneem en beleef word en die vertelling het dan ook die oortuigingsmoontlikhede van die biografie.

Soms kan die ek-verteller vir die leser onbetroubaar voorkom, omdat die verteller se begrip en wete beperk is of wanneer dit wat hy vertel en hoe hy dit vertel nie ooreenstem met wie hy is nie. Kriel (1989:43) verwys na Yacobi wat aandui dat die keuse van 'n onbetroubare verteller moontlik 'n sekere tegniek van die geïmpliseerde outeur is om 'n bepaalde "boodskap" onder die leser se aandag te bring.

#### 1.2.3.6

#### **Fokalisasie**

Volgens Roos (in Unisa 1984:228) word die term fokalisasie gebruik om die verhouding tussen die elemente in die verhaal (gebeure, tyd, ruimte en karakter) en die visie van waaruit daardie elemente aangebied word, aan te dui. Sy voeg dan ook by dat wat gefokaliseer word, wie dit is wat fokaliseer en hoe gefokaliseer word, kan wissel en funksioneer ten opsigte van die manier waarop 'n storie 'n sekere vorm aanneem. Om te vertel beteken om te sien en om waar te neem. Fokalisasie impliseer dus 'n subjektiewe waarneming en die manier waarop waargeneem word, hang saam met die waarnemer se wêreldbeskouing en weerspieël dus die waarnemer se ideologiese standpunt ten opsigte van wat hy waarneem (Yoyo in Malan en Jooste 1990:73).

Om vas te stel wie almal aan die woord is (die vertellers) en wie almal 'n visie op die gebeure het (die fokaliseerders), beteken ook om na die perspektief wat deur 'n vertelling gekommunikeer word, te let. Word gebeurtenisse weergegee, sê Van Luxemburg et al (1983:175), gebeur dit altyd vanuit 'n bepaalde visie; 'n standpunt word ingeneem en 'n sekere gesigspunt word beplan en dan vanuit 'n invalshoek aangebied. Joris se persoonlike geskiedenis bepaal byvoorbeeld die perspektief op wat sy waarneem en dit beïnvloed dus ook die leser se standpunt oor die

verhaalwêreld.

Cloete et al (1985:76) definieer perspektief as " 'n waarnemingshoek, 'n punt van waaruit die materiaal van die boekwêreld — die mense, die plek, die gebeure — waargeneem word en aan die leser bekendgestel word." Die instansie(s) tree op as vertellende karakters in die eerste of die derde persoon en kan met behulp van opsomming of implisering 'n verhaalwêreld skep. By verskillende outeurs is 'n visie op verskillende wyses oorgedra. In hierdie studie gaan spesifiek gelet word na watter visie die geselekteerde outeurs op die koloniale era het. Wanneer die fokaliseerder 'n karakter in die verhaal is, sien die leser die gebeure deur die oë van hierdie karakter en sal hy geneig wees om hom geredelik met die fokaliseerder se subjektiewe visie te vereenselwig.

### 1.2.3.7

#### **Resepsie**

Die begrip resepsie kan omskryf word as die ontvangs of assimilasië van 'n literêre produk deur 'n leser wat konkrete gestalte daaraan gee. Ohlhoff (in Cloete et al 1985:50) omskryf resepsie as "die ontvangs, reproduksie, aanpassing, assimilasië of kritiese beoordeling van 'n literêre produk of sy elemente deur 'n leser of lesers." 'n Resipiënt is dus dié leser wat op tekstekens reageer en 'n materiële teks konkretiseer tot 'n teks soos hy dit ervaar, verstaan en waardeer.

Die lees van literatuur bring die ondersoeker daarvan gou tot die besef dat elke teks op 'n eie bepaalde manier sy wêreld tot stand bring. Wanneer 'n leser verskillende perspektiewe en patrone in die teks verbind, kom die leser en die werk in beweging wat 'n interaksie (kommunikasie) tussen leser en outeur veroorsaak. Die perspektiewe in die vertelsel baken die outeur se visie af en gee aan die leser toegang tot wat die leser veronderstel is om te visualiseer.

### 1.2.3.8

#### **Interpretasie**

Interpretasie hou verband met 'n sistematiese teksverklaring en 'n adekwate betekenistoekenning: dit verg 'n konsentrasie op die teks en ook die inagneming van alle komponente van die literêre gespreksituasie (Cloete et al 1985:68). Malan(1983:54) haal vir Iser aan wat meen die literatuur het die effek dat dit die leser toelaat om sy eie werklikheid in perspektief te kry — om die onformuleerbare te formuleer (p.54). Mooij

(1979:35) verwys na Stutterheim wat opmerk: "elke beleving is reeds een interpretatie."

Tydens die teksanalise sal getrag word om met behulp van 'n leserskode deur middel van akkomodasie en assimilasië by 'n bepaalde tekskode aan te sluit. Tydens die leesproses kan die leser die boodskap dekodeer. Die insigte wat die geselekteerde verhale bring, is ingebed in die doen en late en ruimte van die personages. Die betekenis van die verhale is die verhaal self in sy totaliteit en samehang.

'n Literêre teks is meestal 'n "oop teks" waar byvoorbeeld gebeurtenisse onvolledig vertel word; vir die leser is dit dan moeiliker om tot interpretasie te kom. Oop tekste dwing die leser tot aktiewe deelname en aktiveer die voorstellingsvermoë van die leser. Daar sal gelet word na die nodige tekstekens wat aantoon wat in die geselekteerde verhale vir ontleding en interpretasie van die teks van belang is. Die spreker hanteer, kontroleer en manipuleer die teks doelbewus om 'n bepaalde fokus te verkry sodat die ontvanger op die boodskap kan konsentreer.

Die aard van die interpretasie sal grotendeels afhang van die ondersoeker se benadering tot die teks. 'n Leser wat bekend is met literêre tegnieke lees byvoorbeeld die geselekteerde koloniale romans as 'n fiktiewe "weergawe" van die historiese werklikheid. Die ondersoeker sal aktief moet aanvul wat in die teks gesuggereer word, tussen die reëls moet soek en verbande moet lê tussen uiteenlopende teksgedeeltes en tussen wat in die teks staan en die wêreld soos hy dit ervaar. Is die leser vertrouwd met die geselekteerde outeurs se ander literêre werke en die konteks van kolonialisme in die Kongo, sal hy in staat wees om 'n boodskap makliker te kan dekodeer.

Nadat die rol van die kommunikasietegnieke bepaal is, kan die leser deur middel van die kommunikasieproses dus vasstel of die geselekteerde koloniale romans literêre tekste is waarin outeur en leser in 'n aktiewe en betekenisvolle verhouding tot mekaar staan. Hierdie wisselwerking tussen leser en teks bepaal die resepsie en interpretasie van die tekste.

### 1.3 Die vroulike stem in die koloniale roman

#### 1.3.1. **Inleiding**

Volgens die "natuurlike orde" word die vrou gesien as die mindere in die

patriargale wêreld; haar werk is onderskat — 'n fenomeen wat in die belletrie wêreldwyd voorkom. In 1852 al het G.H. Lewes in The Lady Novelist gesê: "The event of female literature promises woman's view of life, woman's experience: in other words a new element", en voeg by dat vroue - en manlike outeurs ervaringe verskillend beleef. Ook vir vroueregvegter Mill was dit in 1869 'n bekommernis dat vroue "...would always be imitators and never innovators" (Showalter 1977:3-4). Die Nigeriese skrywer Nnu Ego verwoord haar frustrasie ten opsigte van Afrika-feminisme in The Joys of Motherhood (Buchi) soos volg: "God, when will you create a woman who will be fulfilled in herself, a full human being, not anybody's appendage?"

Geforseerd om "anders" as mans te wees, sal die vrou se ervaring 'n anderse perseptuele en emotiewe lewe omvat. Elaine Showalter kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n duidelike verskil is tussen literêre werke van vroue en mans. Sy verdeel die tradisie van vrouewerke in die "feminine" fase (1840 - 1880), dit wil sê die hoog Victoriaanse era met Eliot as fokuspunt; die "feminist" fase (1880 - 1920) waarin geveg is vir onder andere vrouestemreg met as fokuspunt Olive Schreiner, en van 1920 volg die "female" fase waarin geleidelike losmaking gekom het deur onder andere die "vormloosheid" van taal tot groter seggenskap te benut (in Van der Walt 1987:197).

Na koningin Victoria se dood ontstaan 'n verskerpte stryd tussen moralisme en seksuele vryheid en tussen feminisme en anti-feminisme. Romansier Forster verwys juis in A Room With A View spesifiek na individuele vryheid en seksuele vervulling vir vroue. Virginia Woolf beding in A Room of One's Own (1929) sterk vir fiksie "which would record the mundane experience of ordinary women, instead of the passion of the exceptional" (Stubbs 1979:229) en vir 'n verbondenheid van vroue met hulle self en met ander vroue. In George Egerton se eerste bundel kortverhale in 1893 heroorweeg sy die literêre beeld van die vroue en fokus op seks. Sy sien die "nuwe vrou" as "strong, sensitive, varied and fascinating" (Stubbs 1979:110). Toe die literatuur wou breek met die morele greep van die Victoriaanse seksuele ideologie, is te min vroue deur die literatuurgeskiedenis en deur uitgewers (alles in manlike hande) toegelaat om 'n groot rol te speel.

Die feministiese literêre kritiek spruit voort uit die vrouebevrydingsbeweging van die sestigerjare en die literatuur het 'n belangrike rol gespeel in die vervulling van die ideale van die vroue

versetbeweging. Laasgenoemde het gestrewe na opleiding, politieke en sosiale regte, werkseleenthede en seksuele eerlikheid. Die fokus val op die vrou as leser, skrywer en romankarakter; dis 'n soektog na die identiteit van die vrou. Hierdie opstandbeweging moet gesien word as "'n spesifieke soort politieke diskoers, 'n teoretiese 'besig-wees' met die stryd teen die patriargale en die seksistiese praktyke van die samelewing," aldus Combrink (in Van der Walt 1987:194). Sy verwys na Toril Moi wat feministiese literêre kritiek beskou as die studie van sosiale, institusionele en persoonlike magsverhoudinge tussen mans en vroue en na Selden wat die feministiese kritiese teorie beskou as 'n mikrokosmos van die hele teoretiese heelal "in which a power struggle continues unabated" want "feminists are quite consciously trying to wrest their share of discursive power from men." In 'n nuwe feministiese teologie word dinamiese kombinasies van moderne interpretasie tegnieke byvoorbeeld gebruik om die mite van die ondergeskikte Eva te ontmasker (Lombaard 1989:54). Vir die politieke feministe gaan dit ook oor magspel, meen Kate Millet in Sexual politics (1969) en sy onderskei dan tussen sex en gender. Sex is gebaseer op biologiese verskille en gender word sosio-kultureel bepaal. Die genekritiek gee aandag aan die aspekte van die vrou se "andersheid" ten opsigte van haar literatuur en volgens die Franse feministiese teorie word die swakheid van 'n openheid en vervloeiing in die vrou se taalgebruik omgesit in 'n kragtebeginsel.

Met die stukrag van die internasionale vrouebewegings het in die negentien sestig, die vroueroman 'n nuwe en dinamiese fase betree en het die vrou ten spyte van die tradisionele vooroordeel, skuldgevoel en inhibisies daadwerklik oor die aktualiteit begin skryf. Die vroue outeur was "anders", meer georganiseerd, meer aanpasbaar, meer avontuurlik en meer in kontrole van hul lewe, as hul manlike eweknie, aldus Showalter (1977:97).

### 1.3.2

#### **Fokus op die Nederlandse en Vlaamse vroue outeur**

Die Nederlandse literêre wêreld is oënskynlik tot 1970 deur manlike skrywers oorheers en Van Buuren (1986:19) vra tereg: "Waar is het vrouelike element in onze cultuur?" In Piet Calis se Het spel en die Knickers (1982) bespreek hy in die tydvlak ná 1945 slegs vier vroue outeurs; Lodewick se Literatuurgeschiedenis en bloemlezing (1978) is net so vrou-onvriendelik. Maarten 't Hart se essay in 1982 De vrouw bestaat niet wek verontwaardiging by die vroue outeur en bevestig die

onregverdige onderdrukking en magstrukture waaraan vroue blootgestel is. In Wie weegt de woorden. De outeur en haar werk (1985) kla elf skryfsters waaronder Van Paemel, oor onder andere manlike chauvinisme en gebrek aan vroulike mag in die gevestigde "manlike" literêre wêreld. Hulle stem dus nie saam met Fraser dat (aangehaal in Showalter 1977:79): "...a man's novel is generally a more finished production than a woman's; his education and experience give him wide range of thought and a larger choice of characters...". Vermij (1992:8) merk op: "Dutch literature is not concerned with tulips and cheese, nor is literature from Dutch and Flemish women restricted to women's problems." Sedert die latere sewentigerjare handhaaf "dameslektuur" 'n hoë peil beweer Roos (In Van der Elst, 1988:405), maar dan in die betekenis van "prosa déur en óór vroue met die fokus op dié soort betekenisvolle tematiese en tegniese kenmerke wat die geheelbeeld van die hedendaagse prosa bepaal." Dit sluit aan by Diny Schouten se siening dat die term vroueliteratuur aanvanklik nie bestaan in die betekenis wat later daaraan geheg word nie, naamlik: "literatuur ván, meestal óver maar per se vóór vrouwen" (1986:121).

In die jubileumboek by die viering van "10 jaar Dolle Mina", Meid, wat ben ik bewust geworden (1980) word die woord bewuswording as teken van bekering aanvaar; dit moes 'n "herkenning en ontmaskering van onderdrukkende structuren en mannenkongsis wees" en "het overwinnen van bescheidenheid" aldus Schouten (1986:121 - 130). Josepha Mendels se lesbiese roman Rolien en Ralien (1947) word herdruk en die vroue outeur kon haar geknakte selfbeeld herstel, het bewus geword van haar eiewaarde, was meer uitgesproke en kon in die literêre hoofstroom beweeg. Die meeste suksesverkopers van die tagtiger jare was werke deur vroue; vergelyk byvoorbeeld Marjan Berk se Een blonde rat (1985). Van Paemel se verhale is almal treffers — dit is sy wat onder andere as jong Nederlandstalige prosaïes die veelvlakkige aard van die hedendaagse prosa verbeeld as deel van die feministiese tendens. In Women writers from the Netherlands and Flanders (1992) verwys Vermij na minstens honderd vroue outeurs in Nederland en Vlaandere. Haar verwysing na die Vlaamse outeurs betrek onder andere ook Monika van Paemel met De vermaledijde vaders (1985); Lieve Joris wat in 1987 Terug naar Kongo publiseer; Kristien Hemmerecht se sober en ekonomiese taalgebruik as "an attempt to combat rhetorican cliché's" (Vermij 1992:69); Patricia de Martelaere se verskyning op die literêre toneel in 1988 met Nachtboek van een Slapeloze; Rita Demeester se tragiese en somber verhale; Liva Willems se protesliteratuur in Nee, Pedro nee;

Mirielle Cottenjé wat in Dagboek van Carla (1968) die fenomeen van die ontwortelde na vore bring; Henriëtte Claessens se Afscheid van Rumangabo (1983) wat gebeurde ná onafhanklikheid vasvat en Daisy Ver Boven se Mayana (1974) wat nog 'n vroulike stem uit die voormalige Kongo verteenwoordig.

Wanneer vroue outeurs feministiese elemente in hul werk na vore laat kom, word sulke perspektiewe volgens Van Buuren (1986:22) in fases onthul. Tydens die slagofferfase word klem gelê op die onderdrukking van die vrou, vergelyk onder andere Van Dullemen se roman De vrouw met de Vogelkop waarin een van die hoofkarakters tot die besef kom dat vroue eintlik net eksperimentele masjiene, rekenaars met emosies en seksmasjiene met skuldkomplekse is; Van Paemel het in Marguerite as tema die onderdrukkingslas wat van ma na dogter oorgedra word en Cottenjé se Lava handel oor 'n alternatiewe leefwyse los van die normale gesinsopset. In die reaksionêre fase soek die vrou na bevryding deur middel van die "bewuswordings" - roman. Hier kan verwys word na Dolores Thijs se De Vrouwenval waar die hoofpersoon praat van opoffering ter wille van 'n hersenskim, en een van Nederland se bekendste feministe Anja Meulenbelt soek in De schaamte voorbij na uitkoms deur middel van 'n lesbiese verhouding. In die refleksie stadium word vroulike karakters los van hul konteks in refleksie op hul eie wese geteken — Van Paemel gebruik 'n procédé waarin 'n karakter in subpersoonlikhede verdeel word (De Confrontatie). 'n Eie werklikheid word in die vierde fase binne die normale romanstruktuur geskep; vergelyk Maatje Lucioni se Alles anders waarin 'n ideale matriargale samelewing verbeeld word.

Keer 60 000 Belge in Julie 1960 na hul moederland terug, herleef of "ontstaan" (soos Van Hoeck dit stel in Vlaanderen (p.2/82)) die Vlaamse Kongoroman. Binne hierdie korpus kan die vrouestem nie negeer word nie en kan sy meer as 'n kwarteeu na onafhanklikheid nog die laaste trillinge van die koloniale of post-koloniale ervaringe verbeeld. Deur middel van 'n koloniale verlede het die Vlaamse vroue outeur 'n geleentheid en verantwoordelikheid ontvang om haar literatuur te kan rig op 'n gemeenskap wat háár perspektief van 'n verbye era kan opvang. Sy kan skryf oor onder andere kultuurverskille, foltering, aanpassing, vryheidstrewes en ook taboedebrekkende onderwerpe aansny. Die aantal koloniale werke deur vroue outeurs is wel minder as dié van haar manlike eweknie, maar sy kon deur middel van haar bemoeienis met die Kongo 'n bepalende rol in die koloniale literatuur speel en tot 'n

veranderde literêre klimaat bydra.

Net soos haar manlike eweknie, steun die vroue outeurs wat in hierdie studie bespreek word, op konkrete koloniale sosiale, politieke en ekonomiese realiteite. Hul wêreldbeskouinge van die tydruimtelike gebeurtenisse weerspieël hul perspektiewe op die koloniale era. In hierdie studie word gepoog om die belangstellende in aanraking te bring met hierdie wisselende perspektiewe sodat die leser op die vrouestem in die literatuur kan reageer.

### 1.3.3 **Die manlike stem**

Naas die ferm postkoloniale literêre stem van onder andere 'n Cottenjé, 'n Joris, 'n Claessens en 'n Ver Boven, staan die manlike outeur met 'n veel luider en skerper stem in die koloniale roman — ek verwys na outeurs soos onder meer Geeraerts, G. Walschap, Paul Brondeel, Soete, Van Hoeck, Claeys en Elsing. Bousset (1990:90) beskryf byvoorbeeld Jef Geeraerts se styl as 'n "roekeloze, jeukende, duidelik erotiese stroom"; hierdie onteenseglike mees markante figuur van die postkoloniale literatuur se oeuvre is deurdronge met manlike egoïsme.

Ter wille van tersaaklike vergelyking sal ook na werke van manlike koloniale outeurs tydens die teksanalise van die geselekteerde romans verwys word. Wat die manlike outeur deur middel van sy tekste kommunikeer, verwoord ook, net soos die vroulike outeur, verskillende visies op die koloniale era.

## 1.4 **Werkswyse**

### 1.4.1 **Keuse van verhale en outeurs**

Daar is besluit op die volgende tekste vir analise:

- |    |                     |                                     |
|----|---------------------|-------------------------------------|
| 1. | Mireille Cottenjé   | <u>Dagboek van Carla</u> (1968)     |
| 2. | Daisy Ver Boven     | <u>Mayana</u> (1974)                |
| 3. | Henriëtte Claessens | <u>Afskeid van Rumangabo</u> (1983) |
| 4. | Lieve Joris         | <u>Terug naar Kongo</u> (1987)      |



Bogenoemde romans oor 'n tydperk van bykans twee dekades geskryf, dek 'n wye spektrum in verband met die visie van die Vlaamse vroue outeur op die koloniale era. Elke romansier bring sy eie Afrika-ervaring tot lewe met behulp van 'n eie benadering en perspektief. 'n Kongobeeld wat in die ervaringsveld van die vroulike outeur bly voortlewe, word dus onthul. Die outeurs gee 'n werklikheidsweergawe van die koloniale era waarin 'n hoogs verbeeldingsryke en subjektiewe perspektief verweef is; dis almal werke uit die periode na onafhanklikheid, dus eintlik postkoloniaal, maar tog geskryf deur blankes en nie inheemse Kongobewoners nie.

Die hoofkarakters in al die geselekteerde tekste is meestal koloniste wat as gevolg van die politieke ambisie van Leopold II in Afrika beland het. Gebeure vóór en ná onafhanklikheid word geakkomodeer wat meebring dat die geografiese ruimte in teks na teks verskuif. In Dagboek van Carla (Cottenjé) bevind die hooffiguur haar ná onafhanklikheid weer terug in België. Cottenjé was vier jaar lank verpleegster in die Kongo. 'n Vertellende hoofpersoon wat die dagboek skryf, staan sentraal in Dagboek van Carla en verbeeld die hoofpersoon se abrupte vertrek uit die Kongo.

Daisy Ver Boven, vrou van 'n gewese gebiedsambtenaar in die Kongo, kan ook uit eie ervaring praat. In Mayana is die hoofpersone vasgevang in 'n kader van onkeerbare politieke gebeurtenisse.

As offisiersvrou kan ook Claessens 'n eerstehandse weergawe gee van gebeure tydens en ná die onafhanklikheidsdrama in die Kongo. 'n Liriese afskeid van die Kongo word in Afscheid van Rumangabo uitgebeeld. Die reaksie van die vroue van beroepsoldate op die gebeure wat afspeel tydens die onafhanklikheidsstryd in 1959-1960 word weergegee.

Joris sit 'n romantiese soektog op tou na 'n koloniale verlede; sy is nuuskierig, maar is wesenlik 'n onbetrokke buitestaander. In Terug naar Kongo gee sy 'n agternaperspektief op die gebeure waarvan sy slegs tweedehands verneem het.

#### 1.4.2

#### Metodologie

Die geselekteerde romans sal aan 'n strukturele teksontleding onderwerp word en aandag sal veral geskenk word aan die vertelsituasie, tyd, ruimte,

handelingsverloop, karakters, herhalende motiewe, tema en veral perspektief. Die ondersoek fokus op die teks as weerspieëling van 'n spesifieke era, sy maatskappy en sy politieke aard. Daar sal gelet word op die sosiologiese elemente in die verhaal waarin die vertellersperspektief, die karakteroptredes en -uitbeelding en die bepaalde omstandighede waaronder die gebeure plaasvind, 'n reflektor word van die koloniale tydperk.

#### 1.4.3

#### **Doelstelling**

Die mikpunt van hierdie studie is om vas te stel hoedat die vroue outeur deur middel van haar literêre werk 'n spesifieke perspektief op die Vlaamse koloniale era vergestalt. Die soeklig sal dus val op die verteller en die fokalisator se handeling en wese om te probeer vasstel hoe die verhaalelemente deur die geïmpliseerde outeur hanteer word om 'n bepaalde perspektief van die abstrakte outeur by die leser vas te lê.

**HOOFSTUK 2****MIREILLE COTTENJÉ: DAGBOEK VAN CARLA (1968)**

*Ik bèn pas als ik liefheb  
 zonder liefde ben ik  
 een fragment (van mezelf)  
 een zoeker (naar mezelf)  
 Daarom is in mijn leven  
 alleen liefde belangrijk  
 En al wat met liefde te maken heeft  
 Mijn schrijven bijvoorbeeld  
 Ik schrei (schrijf) omdat ik een liefde verloor  
 Ik scheid (schrijf) op onmacht tot liefde  
 Ik schreeuw (schrijf) om liefde  
 Ik beken (schrijf) : ik heb lief'*

\*( CREDO: Mireille Cottenjé )

## 2.1

**Die verhaal as deel van 'n historiese tydsgewrig**

Dagboek van Carla kan direk binne die kader van die politieke problematiek van die Kongo in die jare sestig geplaas word. Die roman verskyn in 1968, minder as 'n dekade na die onafhanklikheidswording. Die roman betrek die toestand kort vóór en net ná die verselfstandigingsproses. Die leser herken die koloniale realiteite — dit bied egter nie 'n egte weergawe of feitelike rapportering van die gebeure nie. 'n Duidelike spel met die taal vind plaas.

'n Mens sou kon beweer dat Mireille Cottenjé probeer om met behulp van die literatuur 'n brug tussen die leser en die koloniale verlede te span. Die roman dwing die leser tot 'n literêre-sosiologiese betrokkenheid. In die woordbetekenis (die taalspel) word dus 'n sosio-politieke tydsgewrig gebeeld.

Die historiese gebeure verkry 'n sterk werklikheidskarakter — midde-in hierdie periode van politieke veranderinge word verskillende fasette van kolonialisme tot lewe gebring.

\* Tydens 'n onderhoud in Het Volk (1978) oor haar roman Met 13 van tafel so gespesifiseer.

## 2.2

**Die verhaaltitel**

Die romantitel Dagboek van Carla verrai glad nie die feit dat die leser met koloniale literatuur te doene gaan kry nie. Die roman is dus in die eerste plek wat sy titel te kenne gee: 'n roman in 'n dagboekvorm aangebied. Die lekseem dagboek verklap iets van die toonaard van die roman. Dagboek impliseer onder andere dat die leesstof nie vir publikasie bedoel is nie en dat intens-persoonlike gegewens neergeskryf is. Tydens die lees van die roman kan vasgestel word dat 'n ek-verteller deur middel van 'n vertelling en 'n voorlesing uit haar dagboek 'n verslag gee van haar evaringe in die koloniale Kongo en in België kort vóór en direk na vryheidsmagte die soewereiniteit van die Belgiese Kongo geëis het.

Ten opsigte van die omslag ("het oppeppen van het uiterlijk van een boek") van die 1968 - uitgawe, gee Jaap Joppe (1968) soos volg sy mening: "Om de nette peperbek kwam een zorgvuldig gefabriekeerd gecartonneerd omslag, met imitatie-leer papier, een etiketje met 'Carla' in handschrift en om dat geheel een groen katoenen lint met een koperen sluiting." Vir Joppe beteken dit slegs: "een vrouwenroman voor dames." Die omslag suggereer dat die dagboek om sy inhoud buite "ongewijde" vingers moet bly. Die suggestie is ook daar dat hierdie teks nie "ernstige" literatuur is nie — dat dit populêre leesstof en daarom waarskynlik minderwaardig is.

## 2.3

**Intrigeverwikkelinge**

Dagboek van Carla maak bemoeniging met die aanvanklike rustige periode tydens die Belgiese bestuur en later met die dramatiese gebeure tydens die onafhanklikheidsperiode van die Kongo toe die kragte van nasionale selfbewuswording ontwaak het. Dis die verhaal van Carla Marten se ervaringe as verpleegster, huweliksmaat, moeder en minnaar, eers in Afrika en daarna in België. Veral val die klem op die liefdesverwikkeling van die hartstogtelike hoofpersoon: "...dis 'n gepassioneerde pleidooi van de ik-figuur voor de vrije liefde en haar even felle aanklacht van het mannelijk egoïsme" (Van Hoeck, 1978). Die verhaal begin met 'n rasonale moment wanneer Carla en Wim besig is om hul egskeidingsaak te finaliseer.

By monde van die ek-verteller se herinneringe ontvou die primêre geskiedenis: Carla werk as verpleegster in die Kongolese binneland, naby die Kivu-meer. Sy raak betrokke in 'n verhouding met 'n ouer getroude man — 'n tipe Hemingway. Haar "Reus" soos sy hom noem, verdwyn egter. Sy raak later bevriend met Wim, 'n outoritêre kolonis. Hy is stug en teruggetrokke met 'n obsessiewe betrokkenheid by sy vissersindustrie in Mboko aan die voet van die Tanganyikameer.

Carla is spontaan, onafhanklik, lewenslustig en gesteld op haar vryheid. Sy verklaar onomwonde: "...ik wil vrij blijven. Ik wil me niet wettelijk verbinden tot gehoorzaamheid, volgzzaamheid en dergelijke nonsens meer..." (p.15). Ten spyte van die feit dat sy gekant is teen 'n huweliksverbintenis, trou sy met Wim en volg hom na Mboko. Haar liefde vir Wim is eg en sy beleef gelukkige dae saam met Wim en haar vier kinders.

Karaktersverskille en uiteenlopende opvattinge veral oor liefde en trou en die verhouding tussen swart en blank veroorsaak konflik. Dit word bygelê, maar toenemende verwydering volg..

Wim, in wie Carla "de ernst van zijn karakter, de diepte van zijn gevoelens" (p.26) bewonder het, ontpop geleidelik in 'n diktator en beskou sy vrou as privaatbesit. Carla kan Wim se tirannieke woede-uitbarstings nie verwerk nie, maar sy moet swig voor die krag van sy argumente. Sy worstel veral met Europese sentimentaliteit (p.40) nadat haar man 'n swartman ongenadiglik met 'n sambok straf. Sy sukkel om menslike verhoudings tussen Europeër en Afrikaan te peil: "...'n muur staat er tussen hem en mij, tussen hun wereld en de mijne" (p.59). Sy voel 'n sterk geneentheid teenoor die jong Feza wat sy as assistent oplei. Feza se kind is 'n mulatto en Carla verdink Wim daarvan dat hy die pa van die kind is; sy herinner haar aan Wim se blik "op haar mooie, rijpende borsten" en haar "wiegende heupen..." (p.56). Wim se prestige is weereens op die spel; net soos toe sy hom wou verhoed het om die swartes te straf.

Wanneer Carla se vroeëre minnaar Frank opdaag, sukkel sy om haar emosies onder beheer te bring toe sy haar "knappe Reus" sien. Dat Frank haar nog steeds "verduiveld aantrok" is nie weg te redeneer nie (p.67). Danksy sy verstandige optrede kon sy haarself in toom hou: "Hij weerstond mij" (p.112) erken sy.

Die onafhanklikheidsgebeure met die gepaardgaande onluste, opstande en gruweldade noop Wim om Carla vir die bevalling van haar vyfde kind na België terug te stuur. Vertrek Carla en die kinders noodgedwonge terug na haar moederland, beteken dit dat die politieke verwickelinge in die Kongo meehelp om die breuk tussen haar en Wim te vergroot. In die vlugtelingskamp in Nairobi verneem sy dat Frank deur die Kongolese vermoor is. Wim besluit om ter wille van sy liefde vir Afrika en ook as gevolg van sy nuwe geloof in die trou en onafhanklikheid van "sy" Kongolese en in sy (vermeende) onbeperkte invloed op die swartes in die Kongo aan te bly.

Terug in België, ontvang Carla 'n brief van Stefan, 'n missionaris-vriend waarin hy 'n relaas gee van Wim se wedervaringe in die Kongo. Sy nedersetting is verwoes en hy het tydens die aanval ernstige brandwonde opgedoen. Teen sy wil word hy na België gerefatrieer. Carla verloor haar drie dae - oue baba en vir haar beteken die lewe nou "angst sonder bevrijding; treurnis sonder troost" (p.93) en die toekoms is uitsigloos: "een eindeloze stikdonkere tunnel" (p.95).

In die hospitaal waar Carla werk, versorg sy haar eggenoot volgens Stefan se instruksies: "...delicaat, uiterst omzichtig en met eindeloos geduld" (p.94), liefdevol. Sy swig egter voor die sjarme van 'n aantreklike Italiaanse dokter; hy is getroud en die vader van volwasse kinders. Sy verset haar heftig teen haar gevoelens en die verlange om 'n man soos dokter Filip Torrelti te mag besit. Filip se liefdevolle geaardheid en vitaliteit staan in sterk kontras met Wim se passiwiteit en depressiwiteit. Soek Carla toenadering tot Wim vir wie sy steeds liefhet, word sy afgewys omdat Wim glo dat Carla afkerig voel van sy verminking en dat sy slegs verlang na 'n man, sonder wie sy, soos sy self voorheen erken het, nie kan leef nie. Allens tree verdere verwydering tussen Carla en haar man in.

Wanneer Carla op 'n aand 'n rendezvous het met Filip na wie sy hartstogtelik verlang, word sy tussen gevoelens enersyds van passie en ontembare drif vir "Tiger" (soos sy vir Filip noem) en andersyds van spyt en liefde vir Wim van wie sy steeds bly hou, rondgeslinger. Wim toon geen begrip vir Carla se gevoelens nie omdat hy sy geloof in alles en veral in homself, verloor het.

Carla beskou haar liefdesavonture saam met Filip slegs as 'n versadiging van 'n fisieke behoefte, maar gee later toe aan 'n ontluikende liefde vir

hom. Sy wil hom egter nie misbruik nie; hy is immers te fyngvoelig en skerpsinnig. Intussen is Wim bewus van Carla se buite-egtelike verhouding en begin hy sy vrou, wat tog altyd vir hom 'n anker was, te haat. Hy weier onverbiddelik enige versoening tussen hom en haar. Die Filip-episode veroorsaak uiteindelik dan die finale breuk tussen Carla en Wim.

Carla besluit om Filip se aanbod vir 'n vakansie na Italië saam met hom en haar kinders, te aanvaar. Carla en Filip geniet hulle saamwees, maar die vakansie verloop nie altyd rimpelloos nie. Carla besef dat sy Filip sal moet prysgee en met haar tuiskoms soek sy Wim weer op. Hy is egter vasbeslote om te skei en die kinders op te eis. Ter wille van Wim se geluk (Wim het die kinders nodig om weer mens te word (p.172)) besluit Carla om die liefdesverhouding tussen haar en Filip te beëindig.

Carla probeer haarself daarna te vind. Sy kom tot die besef dat sy nie 'n ongebonde lewe saam met haar kinders sal kan lei nie. Met die egskeding word die kinders aan Wim toegesê. Sy besluit om haar terug te trek, vêr van Wim en die kinders. Sy beland by Wim se moeder by wie sy onderdak vind. Daar verneem sy van Wim se ongelukkige jeug en kon sodoende meer begrip vir sy problematiese persoonlikheid verkry. Na die geboorte van haar buite-egtelike kind staan sy die "dochttertje van zijn drome" aan Filip af. Sy bly uiteindelik alleen agter. Die breuk met die verlede is finaal.

Dagboek van Carla is 'n raamvertelling wat in twee dele uiteen val: Mboko Yetu (ons Mboko) — die Kongo-episode — en De Tunnel wat handel oor gebeurtenisse in België.

Deel een speel af in die Kongo waar politiek-tersaaklike situasies die fokuspunt is. Deur middel van terugflitse word die proses van aftakeling van 'n aanvanklike gelukkige huwelik uitgebeeld. Carla vertel aan die advokaat op minutieus - chronologiese wyse van haar geluk saam met Wim en van die bedreiging van haar geluk as gevolg van gebeurtenisse in die Kongo.

Die tweede deel handel oor die lewe van Carla terwyl sy as verpleegster in 'n hospitaal werksaam is. Die gedeelte word nie meer voorgestel as 'n lang verhaal aan die advokaat nie, maar as kort fragmente uit haar dagboek. Sy lees haar eie verhaal deur middel van chronologiese spronge uit haar dagboek: "Nu blader ik besluiteloos in het schrift. Kan

ik er het vervolg uit voorlezen plaats van verder te vertellen?" (uit die openingsparagraaf van deel twee).

Die boek eindig na die voorlesing uit die dagboek, weer in die kantoor van die advokaat waar die egskeidingsooreenkoms gefinaliseer word. Die oplossing vir Carla se probleme word deur Joppe (1968) as "rauw op het lijf" en "het geestelijk evenwicht, dat een definitiewe breuk met het verleden haar tenslotte schenkt" beskryf. Die fases in die gebeurelyn en elke faset van 'n handelingsfase hou met die teksgeheel verband. 'n Deurlopende verhaallyn word ten spyte van onderbrekings (in die gesprekke met die advokaat) aangetref. Handeling, karakter, tyd en ruimte dra by tot betekenisstiging sodat die leser die verhaal kan begryp as "a particular writer's way of saying how you can make sense of human experience" (Brookes en Warren in Cloete 1985:79). Die handelinge in die Kongo en later in België word deur middel van verskillende gebeure chronologies en tematies verbind. Deur die leser se waarneming van die manier waarop die storielaag gestruktureer is, dit wil sê in 'n dagboekvorm, kan hy hom vereenselwig met die verteller wat vanuit 'n agternaperspektief haar verhaal vertel en die reeks gebeurtenisse tot 'n eenheid rekonstrueer.

In resensies wat verskyn net na die publikasie van die roman, word in die kritiek algemeen gewys op die niveau - verskil tussen die twee dele. Die Kongo-gedeelte word meestal unaniem aangeprys, terwyl die tweede luik van die roman as "goedkoop plakwerk" beskou word. Hugo Bousset daarenteen (1973:57) vind deel twee struktureel tog geloofwaardiger: "Vijf-en-tachtig bladzijden lang gedetailleerde vertellen, doet onecht aan. Geloofwaardiger is de voorleessituatie in het tweede deel. Men kan zich b.v. voorstellen dat de toch aanwezige Wim niet tussenkomt bij een voorlezing; by een vertelling is dat vrijwel onmogelijk." Mark Dangin (1978:15) meen dat Dagboek van Carla "is uitgroeid tot een gave, volwaardige roman, spannend-avontuurlijk hoewel met een eenvoudige intrige." Ander resensente meen dat die kwaliteit van die verhaal gaandeweg verslap "in het slop der onwaarachtigheid." Die roman is dus nie sterk genoeg gestruktureer nie; die psigologie van die verteller en haar kinders het oningevuld gebly. Die klaarblyklike bedoeling van die outeur om vanuit 'n nuwe gesigspunt uit, Wim te belig ten einde die laaste newels rondom sy innerlike wese op te lig, slaag nie. Wim se moeder as "deus ex machina" tas die tot dan toe aanvaarbare gestalte van Wim aan.



Volgens Janssens (1983:391-392) kan die tematiek van die verblyf in die Kongo, die onafhanklikheidsdrama en die herklassering van die voormalige koloniste in hul moederland miskien ouderwets klink, "maar zij zijn niet veel meer dan een decor voor een ander problematiek die zich aan die documentaire aanknopingspunte optrekt, dieper graaft en albij al met overtuigende authenticiteit rechttoe rechtaan op de lezer afgaat." Ten spyte van die feit dat die situasie in die Kongo-Zaire verander het, kan die leser hom steeds vereenselwig met die gebeure in die roman. Die verhaaldebeure in Dagboek van Carla is literêr-sosiologies van belang omdat dit dien as reflektor van 'n bepaalde era met 'n bepaalde maatskaplike en politieke aard. Cottenjé se werk is dus deel van die herwaardering van die koloniale geskiedenis. Die herdruk in 1982 bevestig die belangstelling in die gebeure rondom die koloniale geskiedenis. In Nederland getuig kwaliteitkoerante, tydskrifte en 'n versamelbundel van hernude belangstelling in die koloniale verlede — vergelyk byvoorbeeld die tydskrif Indische Letteren (1986).

## 2.4

### Vertelinstantie en fokalisering

In Dagboek van Carla maak die geïmpliseerde outeur gebruik van 'n ek-verteller wat ook die hoofkarakter in die verhaal is. Vanuit die bewussyn van hierdie een karakter tree die ek-verteller as primêre verteller-fokalisator (Van Luxemburg et al., 1983:176) in die verhaal op.

Die verteller berig oor gebeure wat belangrik genoeg geag is om in haar dagboek aangeteken te word. By monde van die ek-verteller ontvou die primêre geskiedenis: die verteller beland as gevolg van België se koloniale verbintenis met die Kongo, in Afrika. Dis 'n verhaal waarin politieke verwickelinge 'n deurslaggewende rol in die lewens van die hoofkarakters gespeel het. Die verteller vertel retrospektief vanuit België oor die verbye jare in die Kongo en oor die tydperk toe sy na die onafhanklikheidsverklaring terug in België, as verpleegster werksaam was. Haar terugblikke kom voor in die vorm van monoloë (in die eerste deel) en van 'n dagboek (in die tweede deel). Alleen dit wat die primêre verteller (sowel as die primêre fokaliseerder) waargeneem het, word weergegee: hoe sy opgetree het, hoe omstandighede en ander karakters haar lewe beïnvloed het en hoedat een gebeurtenis na ander gelei het. Die verteller maak haar identiteit as Carla Marten (pp.11,105) bekend; die leser het dus te doene met 'n interne identifiseerbare verteller wat die verhaal struktureer — sy manipuleer die verloop van die gebeure en lê

die handeling met behulp van haar dagboek bloot.

Ter verdediging teen die skeisaak wat haar man aanhangig gemaak het, kry die verteller ook 'n geleentheid om haar kant van die saak te stel. Wanneer die advokaat die verteller dan aktiveer om haar verhaal te vertel (p.8), gebruik sy haar dagboek wat ook geskryf is ter geriewe van die regsgeleerde wat die skeisaak behartig. Vra sy aan die advokaat: "Kan een vrouw slecht zijn die een man jaren lang gelukkig heeft gemaak?" (p.8), val haar gedagtes terug die verlede in en vertel sy van haar ervaring in Afrika en later weer die in haar moederland.

Wanneer sy op 'n tydstip ophou met vertel (p.35), wonder sy waarom sy so meegevoer is deur haar eie verhaal, maar sy besef dit was sy self wat met hartstog in háár dagboek geskryf het dat Mboko (Afrika) haar eindbestemming is. Sy word herinner om "terug te keren naar het verleden" (p.36); om te vertel van konflikte in haar aanvanklike gelukkige huwelik. Die vertelperspektief word funksioneel gebruik om die hele verhaal vanuit die verteller se insig te beleef. Carla kry konkrete gestalte; sy is 'n karakter in haar eie reg binne die verhaal, sy is betrokke by die handeling en vertrouwd met die belangrikste karakters. Sy vertel haar eie geskiedenis, sy orden, selekteer en dra oor. Sy roep haar eie verlede "het stuk verleden" (p.96) op; sy fokaliseer dus die verlede met behulp van haar dagboek.

Sodra sy vasgevang raak in haar vertelling (p.59), dring die advokaat aan op verdere informasie: Het hulle tot na die onafhanklikheid gebly en die opstand voel aankom? Sy wou aanvanklik onbetrokke staan teenoor die "paniek-epidemie" (p.60), (as vrou sou sy eerder die "débacle" van haar huwelik wou verklaar hê) maar Frank se woorde: "En nu ben ik bang voor gans Congo: voor alle blanken, en voor alle zwarten, ..." (p.62) laat haar besef: "Hij draagt het virus ..." Sy negeer egter die realiteit en vier saam met Wim die Kongo se onafhanklikheid: "Leve de Dipanda!" en ag hulleself gelukkig dat hulle die virus "weerstaan hadden" (p.85). Sy betrek 'n hewige emosionele ervaringsveld in haar vertelling om die leser betrokke te maak by haar lotgevalle. Sy keer terug na insidente waaraan hoogtepunte gekoppel is.

Van die verteller word verwag om haarself bloot te lê — die geïmpliseerde outeur se keuse van dié spesifieke verteller vergemaklik haar nastrewing van 'n resultaat wat in Dagboek van Carla vergestalt moet word. Carla se spontane, eerlike en onbevange manier van vertel

gee aan die leser 'n indringende blik in die diepste gewaarwordinge van die ek-karakter. Omdat die fokalisering gebonde is aan die hoofkarakter, lei dit tot 'n mate van subjektiwiteit wat heel gepas by hierdie koloniale roman aansluit. Die vraag kan gevra word of die belewende-ek met behulp van haar vertroulike vertelwyse begrip by die leser soek omdat sy onder andere bereid is om skuld te aanvaar? Toon die leser begrip vir 'n vrou soos Carla wat haarself as vrou in 'n ongeoorloofde verhouding wil uitleef terwyl haar man in die hospitaal lê, sal eersgenoemde uitsien na die opwinding van 'n "verbode" liefdesverhouding met Filip. Lê die leser se simpatie by Wim, sal die leser skepties teenoor die intrede van Filip as karakter staan. Fokalisering word hier manipulerend met betrekking tot die leser gebruik. (Vergelyk paragraaf 1.2.3.6).

Die verteller se belydende toon en 'n intiem-persoonlike aanslag verseker dat die leser gedurig nou betrokke is by die vertelde gebeure. Die leser kan simpatiek ingestel staan veral ten opsigte van die feministiese regte wat deur die verteller opgeëis word. Sy neem ook die leser in haar vertroude deur te erken dat sy vir tien dae lank nie in haar dagboek geskryf het nie omdat sy bang was vir "concreet nadenken" (p.125). Vir die advokaat sê sy dat die laaste "feit" nou aan hom deurgegee is en "de rest valt buiten het dossier en gaat niemand nog wat aan" (p.189), maar vir die leser vertel sy van haar toekomsbesluite.

Die verteller se weergawe van die verhaaldebeure kan geloofwaardig voorkom omdat sy haar midde-in die situasie bevind. Haar vertelling skep die illusie van waarheid en werklikheid; dit het (vergeelyk paragraaf 1.2.3.5:56) die oortuigingsmoontlikhede van die biografie. Die realistiese inslag skep 'n geloofwaardige toon. Die gebeure is histories korrek; die verhaal speel af tydens die onafhanklikheids-trauma van die Kongo. Die verteller verseker die leser (p.35): "Ieder woord was wáár ..." Carla erken dat sy met "on- of uitgesproke woorde" (p.128) haarself iets kan wysmaak, maar wat sy in haar dagboek skryf, feitelik waar is.

Die aanbieding en beskouing van sekere gebeure geskied vanuit 'n bepaalde invalshoek. Die term Point of View word volgens Brooks en Warren (1959:687) soos volg omskryf "... to refer to the teller of the story — to the mind through which the material of the story is presented." Die ek-verteller bepaal die perspektief op die waargenome en sy kry dit reg om die leser se standpunt oor die verhaalwêreld te rig. In genoemde roman herken die leser ook die stryd tot "vryheid" deur 'n feminis as

bepaalde perspektief.

Op storievlak tree die verteller in gesprek met mede-karakters wat dan as sekondêre vertellers optree. Hierdie gespreksgenote is ondergeskik aan die primêre verteller en volgens Kriel (1989:54) wat Kirchner aanhaal, kan hulle nie hul binnelewe deur middel van monoloog openbaar nie. Die ek-verteller gaan verbintnisse met die karakters aan na wie sy verwys en deur hierdie verbintnisse word 'n beeld van die verteller gevorm. Vergelyk byvoorbeeld haar optrede teenoor Wim en haar minnaars. Sy ken haarself van binne en vertel van haar gedagtes en gevoelens en gee haar persoonlike reaksie/waarneming op hierdie karakters en hul optrede weer. Sy beoordeel hulle volgens hul handeling en dialoog. Haar insig is dus beperk. Vergelyk ook die situasies wanneer die verteller ander karakters aan die woord stel as sy in dialoog met hulle verkeer:

- Ik denk dat ik altijd van de vrouw zou houden die ik eenmaal liefheb. (Wim)

- Dat denk ik ook. Maar waarom dan trouwen? (Carla)

- Waarom dan niet trouwen? (Wim) (p.15)

en Filip se antwoord aan Carla:

- [...] maar voor mezelf, ik bedoel: voor de zonde die ik beging door jou lief te hebben, kan ik geen berouw opbrengen. Hoe ik dat ooit met mijn geloof zal kunnen verenigen is een raadsel. [...] (p.173)

Carla weeg die karakters aan háár standarde en maak háár waarneming aan die leser bekend.

Die verteller verval soms in monoloë en bespiegeling. Hierdie binnegesprekke gee haar die ruimte om as vertellergebonde en karaktergebonde fokalisator te funksioneer. Wanneer sy in die sneeulandskap in Europa oor haar herwonne geluk met Wim droom, analiseer sy haarself: "Je schatert het uit om het niet uit te snikken, je jaagt op genot en plezier om geen kans te krijgen in je binneste te kijken" (p.147). In 'n nagtelike monoloog (p.164) vra sy haarself af: "Ga je Filip voor de rest van zijn leven belasten met jouw tenietgaan? Verder zijn liefde misbruiken, [...]" Sy probeer sake met haarself uitpluis.

Op 'n stadium meen Carla dat sy dalk 'n goeie verteller is sodat die verhaal "een loopje met me nemen" (p.35); sy glo dat sy die advokaat geboei het met haar verhaal (p.36). Haar lang relaas van die bootrit saam met Frank (pp.77-82) dien moontlik as dekor vir sielkundige verwickeling. Terwy! Carla een aand (kort voor die bootrit) alleen in die

meer gaan swem het, het sy opeens gevrees dat krokodille haar moontlik kan doodmaak. In haar paniekbevange gedagtepraat: "Maar ik wou niet dood! Integendeel, dubbel wilde ik leven, een voor Wim en een voor Frank" (p.69), word haar individuele stryd verbeeld.

Dis die eksterne fokalisator wat fokaliseer as sy met verbittering en wrewel aan Wim dink nadat hy 'n swartman afgeransel het: "Slaven zielen, [...] En ik me maar hele dagen afsloven om ze iets als beschaving bij te brengen" (p.40). Sy raak ook opstandig as sy dink hoe onbetrokke die Kongolese as "een bende wilden" kan leef. In hierdie verhaal wat vanuit 'n agternaperspektief vertel word, kyk die ouer en "wyser" Carla (die eksterne fokalisator) na die afloop van die gebeure op die verlede terug.

Word aan die einde van die verhaal eintlik té lank getalm by die ontleding van Wim se karakter (pp.176-186), klink dit asof die geïmpliseerde outeur te openlik bedrywig is en hierdie feit kan die geloofwaardigheid van die ek-verteller aantas. Die klaarblyklike bedoeling van die geïmpliseerde outeur om vanuit 'n nuwe gesigspunt uit Wim te belig ten einde sy karakter te openbaar, is nie suksesvol nie. Weliswaar het die verteller op 'n stadium te kenne gegee dat sy Wim se ma sou wou opsoek om by haar te probeer vasstel wie of wat hom "zo stram heeft gemaakt" (p.43), maar die geïmpliseerde outeur probeer aan die einde te opsigtelik skik.

Mireille Cottenjé as outeur funksioneer dus op die teksvlak as die oorkoepelende organiserende instansie. Deur middel van die ek-verteller wat op die diskoersvlak optree, kan die sender (outeur) 'n boodskap aan die ontvanger (leser) deurgee. Tussen leser en outeur vind kommunikasie plaas en die leser kan interpreteer deur die betekenis van die teks te realiseer: 'n blik op die outeur se perspektief op die koloniale era word verkry.

## 2.5

### Tydruimte

Die geïmpliseerde outeur skep deur middel van verwysings na tyd en ruimte 'n eie woordewêreld van fiksie en bewerk met behulp van die tydruimtelike elemente samehang en binding tussen die verhaaldebeure. In Dagboek van Carla word tyd en ruimte as onskeibare dimensies beleef. "Tijd, plaats en gemeenschap" is volgens Roos (1975:105) die basiese

elemente van enige verhaalstruktuur en vorm die agtergrond waarin die handeling voltrek word.

'n Dagboekskrywer maak aantekeninge oor gebeure en die leser is heeltyd bewus van die konkrete tydruimtelike aspekte: op sekere datums het sekere dinge op spesifieke plekke gebeur waarin tydsbeweging en ruimte dus geleef en beleef is. Die roman weerspieël 'n politieke, sosiale en ekonomiese leefwêreld waarin die koloniale Kongo asook België tydruimtelik vasgepen word.

### 2.5.1

#### Tydhantering

*Time present and time past  
Are both perhaps present in the future  
And time future contained in time past.  
T.S. Elliot*

Daar is honderd-twee-en-negentig bladsye in die 1968 uitgawe van Dagboek van Carla daaraan bestee om verslag te gee van gebeurtenisse wat in die ek-verteller se lewe op 'n sekere tyd plaasgevind het. Die vertelde tyd omspan die verteller se vertrek uit België, haar verblyf in die Kongo en haar terugkeer na haar moederland. Opmerkings deur die verteller maak dit vir die leser moontlik om die duur van die primêre geskiedenis as verskeie jare vas te stel. Die vertelde tyd is opgedeel in episodes waarin die fokuspunte van deel een en deel twee verskil. Die agternaperspektief motiveer die verskynsel dat verbye gebeure geselekteer en gerangskik is binne 'n nuwe tydspatroom.

Die verhaal neem 'n aanvang in die teenwoordige tyd wanneer die verteller en haar vervreemde man met die advokaat konsulteer. Laasgenoemde met sy "honorarium, zijn barbaars wetboek ..." (p.7) en sy "wit-zwart geformuleerde feiten" is besig om sy kliënt (die verteller se man) se dagvaarding om 'n egskeiding aan die verteller voor te lê. Vanuit die hede gryp die verteller met behulp van haar dagboekantekeninge terug na gebeurtenisse uit die verlede om háár kant van die saak te stel.

In deel een vertel die verteller van haar ervaringe vandat sy Europa verlaat het om haar in Afrika te vestig en haar daarna gedwonge verhuising terug na België. Sy besluit om vanaf deel twee uit haar dagboek voor te lees. Die gedateerde voorlesing begin op 16 September

1960, kort na haar man se repatriëring — dit is histories gesien, 'n paar maande na die verselfstandiging van die Kongo en duur tot 15 Desember 1962. Die tydsverloop tussen die dagboekvertelling en die dagboekvoorlesing word chronologies aangestip.

Onderbreek die verteller op 'n stadium haar verhaal deur 'n innerlike monoloog (p.35), moedig die advokaat haar aan om na die verlede terug te keer (p.36). Sy wonder of hy ooit sou begryp hoedat twee mense ná agt jaar gelukkige getroude lewe nou wil skei ... Haar uitroep: "Misschien zou Wim me nooit los gelaten hebben [...] maar de orkaan die boven Congo woedde, heeft niemand gespaard" (p.84) plaas die tydruimtelike dimensie in 'n historiese konteks: "Iedereen heeft het voelen aankomen [...] Het virus van die paniek hang in de lucht" (p.60). Wat in die persoonlike lewe plaasvind, word dus veroorsaak deur die besondere ruimte in die bepaalde tyd waarin die verteller/karakter haar bevind.

Die verteller vra haarself af waarom sy eintlik al die moeite doen om nou uit haar dagboek voor te lees? (p. 96). Is dit "een behoefte af te rekenen met het stuk verleden dat ik met Wim deel?" Of is haar verhaal "... een tonen-van-mezelf aan die onbekende daar voor me?" In België voel sy beswaard oor die tyd: "Als een grijze processie trekken mijn dagen, mijn weken, voorbij, nergens een vonkje, nergens een sprankje licht ..." (p.97).

Deur middel van die vertelaksie en die verteller se tydsbeskouing word wye perspektiewe geopen waarin die leser tydgebonde hooffases en singewende elemente tydens die persoonlike tydsbelewenis van die verteller kan raaklees. Met behulp van behendige herinneringsbeelde (in die dagboek aangeteken) voeg die verteller 'n deel van die verlede in die hede in. Die hede word gebruik om die verlede te ontrafel en word so deel van die hede. Soos in Lava (Cottenjé, 1973), trag in Dagboek van Carla "de vrouwelijke ik-persoon zich te rechtvaardigen voor een mislukt huwelijk door in het verleden te spitten" ( Bousset 1990:195).

Baie verteltyd word aan sekere gebeure (tydruimtelike aspekte) afgestaan. Vergelyk byvoorbeeld Carla se verhouding met Wim vóór haar huwelik (pp.14-30); haar verwarring en saamwees met Frank regverdig heelwat bladsyruimte (pp.61-82). Heelwat tyd word ook bestee aan haar en Filip se liefdesverhouding — haar dagboekinskrywing van 18 September beslaan byvoorbeeld vyf bladsye en in 25 en 26 Februarie se inskrywing vanaf pp.151-168, vertel sy van haar en Filip se vakansie in

Italië. Dit wil voorkom asof sy die tyd by haar skoonmoeder ten volle wil benut sodat sy die "ware" Wim kan ontdek: "uren vertelde ik" (p.176). Die skoonmoeder teer op herinneringe en met behulp van tempo-wisseling plaas die verteller aksente op belangrike gebeure soos dié op p.180-182 waarin die agtienjarige Wim verantwoordelik gehou is vir die swangerskap van 'n skoolmeisie.

Daar is ook baie bladsyruimte aan fasette van die onafhanklikheidsdrama afgestaan, byvoorbeeld pp.84-90, maar die verteller koppel dit ook direk aan haar persoonlike lewe: "... de orkaan die boven Congo woedde, heeft niemand gespaard" (p.84). Nadat Radio Brazzaville berigte van opstande uitsaai, verplig Wim haar om dadelik te vertrek. Sy kom in opstand teen die politieke omwentelinge en skerm vir haar huwelik: "Het huwelijk is een onschendbaar geheel ..." (p.85). Haar wêreld staan vir 'n fraksie van 'n sekonde stil (p.86) toe sy die met-lanse-en-stokke gewapende swartes sien aankom. Sy erken later: "Ik was bereid hen te doden, allen, koud-weg te doden" (p.87). Sy beskou haar as "de eeuwige verliezer" toe sy noodgedwonge moes afskeid neem van haar huis, haar diere en haar tuin (p.89). Wanneer Stefan skryf van "Een hel van waanzin en haat" wat oor die Kongo losgebars het, en dat Wim ernstig beseer na België gerepatrieer is, stol die tyd vir Carla "... ik keek in een eindeloze, stikdonkere tunnel" (p.95).

Wanneer belangrike gebeurtenisse die handelingsverloop beïnvloed, gee die verteller 'n direkte verwysing na die tydsverloop: "... dagenlang leefden we zwijgend naast elkaar ..., hoe lang zou die hel nog duren; de tiende zwijgdag" (p.45); die periode van vervreemding "die eens uren maar ook soms dagen duren kon, vreesde ik als de pest" (p.55). Carla bedrieg nou al "zes dagen" (p.80) haar man; sy het nie "een sekonde" aan die gevolge gedink nie (p.129); haar geluk was "vier jaar lang" 'n stralende hemel gewees (p.71); Filip sê hulle wag al "een jaar" (p.116) vir mekaar; Carla vra net "een nacht" (p.118) saam met Filip. Wim kla dat hy al "maanden en maanden" (p.120) in die hospitaal lê, terwyl Carla se tien dae vakansie (p.171) soos 'n droom verby gegaan het.

Ongespesifiseerde tye word ook aangedui : Carla bevestig dat sy Mboko "Nu niet en nooit" (p.62) sal verlaat nie; sy vra aan Wim dat wat ook al mag gebeur, hy haar nooit sal verlaat nie (p.71); sy praat van haar gelukkigste jare saam met Wim (p.164); sy vra vir Wim om haar nooit te los te laat nie (p.84). Sy is onbewus van die tyd wanneer sy en Frank in die boot ry (p.80) en beseef dat die vakansie saam met Filip "wellicht de



laatste zonnige periode" in haar lewe sou wees (p.168). Die voorspellende aard van die politieke situasie (die onafhanklikheidsstrewes van die swartman) hou primêr met die tydsbegrip verband — vir Carla beteken die toekenning van die soewereiniteit aan die Kongo dat 'n sekere tydperk in haar lewe noodwendig kortgeknip is. Sy sal haarself by 'n veranderde tyd-ruimtelike situasie in België moet aanpas.

Daar is tye wanneer die verteller in konfrontasie met die tyd staan — terug in België wonder sy hoe dit met "jullie, mijn mensen" ná die onafhanklikheidswording gaan (p.101) en sy dink terug aan die tyd toe sy die Kongo moes verlaat het en Wim haar gevra het om nie vertrouwe in die toekoms te verloor nie (p.171); politieke beslissings het egter haar toekoms in Mboko saam met Wim vernietig. Aan haar moeder sê sy: "Ik ben bang, mama ..." (p.91). Soms wil sy die tyd vasgryp; sy wag twee maande op die dood (15 Desember inskrywing, p.188); "...doordrongen van de dood" wil sy hê dat die tyd snel moet verby gaan. Wim verseker haar dat haar kinders haar "al lang niet meer" mis nie (p.192) en hy sal haar "nooit vergeven" (p.142) nie. Kersaand voel sy dis 'n wêreld sonder grense "zonder verleden en zonder toekomst. Alleen en nu" (p.134). Wim se ongenaakbare houding veroorsaak dat die tye saam met hom in die hospitaal negatief ervaar word. Soms word die dagboek in 'n laai weggebêre; sy erken dat sy tien dae gelede iets in haar dagboek geskryf het (p.125) omdat die tyd vir haar 'n bedreiging inhou. Kersaand lui haar dagboek-inskrywing soos volg: "In geen tijden in mijn dagboek geschreven. Wanneer zou ik het doen. En daarbij, het is allemaal zo moeilijk, zo verward. Mijn binnenste, mijn situatie, Filip, Wim" (p.133). Sy probeer om die tyd (gekoppel aan gevaarlike ruimtes, gebeure en persone) te omseil deur haar dagboek te ignoreer.

In 'n gesprek met haar broer (p.144) verwys Carla na haar vroeëre geloof in vryheid, in liefde, in trou, in geluk, in die mensheid, in die Kongo en selfs in laasgenoemde se onafhanklikheidsstrewes, maar dit was alles "kastelen van zand" — net soos die lewe ook 'n proses van bou en afbreek beteken. Op p.190 verwys sy na haar "oude droom" waar sy onder andere as volwassene "vry" wou wees ('n kasteel van sand). Hierdie kasteel het verbrokkel toe sy ingestem het tot 'n huweliksverbintenis met Wim, maar Wim en haar kinders was haar nuwe kasteel van sand (p.31). Ondertussen het hierdie kasteel ook ingetuimel; grootliks te wyte aan die onafhanklikheidsverklaring van die Kongo toe noodgedwonge repatriasie na België plaasgevind het.

Carla besef dat sy weer moes begin bou aan die toekoms ('n nuwe kasteel) — sy wil probeer wegkom van die verlede: van Wim, van huweliksverpligtinge en die kinders (p.190). Die aanvaarding van 'n reële verlede (soos in haar dagboek vergestalt), vergemaklik haar saamleef met die verlede. Sy kon deur die blootstelling aan tyddimensies tot insig kom, haarself ontdek en toekomsgerigte besluite neem. Alleen deur "een aantal amputaties kon ze zichzelf terugvinden..." (Van Hulle 1988:52).

## 2.5.2

### **Ruimte**

Volgens Blok (1970 : 189) speel alle handeling af in "een bepaalde wereld" en is selfs soseer daarmee verbonde dat dié wêreld (ruimte) as deel van die verhaal beskou moet word. Die aard van die verwikkeling in Dagboek van Carla vergestalt in 'n reële ruimte. Die outeur skep vir haar fiktiewe karakters ruimtelike situering en hierdie ruimte word positief of negatief ervaar: "Hij beleeft de ruimte om zich heen en in die beleving wordt hij getekend. De lezer gaat de persoon zien omdat hij diens omgeving ziet en wel juist zo als die perzoon zelf haar ziet [...] De dingen om hem heen omramen hem, sparen hem uit en roepen zijn contouren op" (Blok 1970:225). Die verteller se relaas van die gebeure impliseer dat 'n deel van die vertellerfokus sal val op die ruimte wat sy gaan betree. Die dilemma van die verteller kry gestalte in die geografiese spanning Kongo-België.

### 2.5.2.1

#### **Die koloniale ruimte**

Deel een is getitel Mboko Yetu (ons Mboko) en situeer die verhaal binne Afrika. Hierdie spesifieke ruimte — 'n kolonie — staan aan die vooraand van 'n doelgerigte strewe na onafhanklikheid en vorm die spil waarom die intrige wentel.

Die verteller verklaar op p. 35: "[...] Voor Mboko ben ik geboren, heb ik mijn beroep gekozen, ben ik naar Congo gekomen; wil ik leven en zou ik desnoods willen sterven". Afrika se speelruimte is omskep in 'n belangeruimte; sy het dié ruimte as voorwerp van beleving toegeëien. Haar verbondenheid met Afrika spreek deur die volgende uitlatings: "... mijn mensen van Mboko" (p.101); "onze mensen" (p.85); "Ik heb niet voor niets geleefd" (p.88) en sy beskou haarself as "een

broussevrouw" (p.31). Praat Wim van Mboko as "mijn plekje onder de zon" (p.14) en "het mooiste plaatsje ter wereld" (p.67), ervaar die verteller mettertyd dieselfde gevoel jeens Afrika.

Die aanvanklike andersheid van Afrika is vir die verteller vreemd — sy het dikwels eensaam gevoel (p.15), maar sy beskryf dit later as "wat een goed land" (p.19). In die "paradyslike" ruimte van Afrika woon Wim in 'n yl gemeubileerde aluminiumhuis met sementvloere vol spinnekoppe (p.23); die nagte kan broeierig wees en die muggies irriterend. Die verteller word in die wildernis met Afrikasiektes en "razernij"-epidemies gekonfronteer. In Nairobi se vlugtelingskamp is die swartes wreed (p.89) en die verteller ervaar hoe "onhandelbaar, lui en tergziek negers kunnen zijn" (p.38). Ten spyte van aanpassingprobleme beleef sy haar "gelukkigste" jare saam met Wim in Afrika.

Die ruimte of fasette daarvan dien as projeksie van die verteller se gemoedstoestand. Sy tree as waarnemer op en haar subjektiewe sintuiglike instelling teenoor Afrika word blootgelê: In 'n oerwoudhotel is sy bewus van die ruimte "waar de kroonreigers uit je hand aten en een leeuw waakhond was" (p.11); sy ruik die reën (p.28); in die natuur voel sy nietig en roep uit: "Wat was de natuur groots" (p.25) en ervaar daar hulle liefde soos 'n huweliksplegtigheid, die kerk was die oerwoud, God, die natuur en die voëlgesang vorm die bruidsmusiek (p.28); sy sien hoedat die berge in die son skitter (p.34); sy voel die songloed "buiten en diep in me" (p.63); sy ervaar die broeierigheid van tropiese Afrika (p.31); die jubeling na die eerste reën (p.32); die geweld van 'n storm (p.80); sy wil die son oor die Tanganyikameer sien opkom en sy hitte voel (p.86).

'n Bepaalde milieu aktiveer konfliktsituasies; in hierdie geval tree die bevryding van die koloniale ruimte as aktiewe element op. Vir die karakters is dit lotsbepalend want wanneer Stefan berig: "Een hel van waanzin en haat het losgebars, ook jullie Mboke"; alle teuels "zijn losgerukt", "dit is dipanda" (pp:93-95) beteken dit dat die blankes as gevolg van die onstabiele ruimte, Afrika gaan verlaat. Fasette van die onafhanklikheidsdrama word uitgewys: "Uhuru! Dipanda! schreeuwden de zwartes en Congo daverde op zijn grondvesten" (p.60). "Na 30 juni daalt de Congolese frank"; "Congo is een zinkend schip en de blanke zijn de ratten die het verlaten, je verliest met je visserij alles" (p.72). Dekolonisering se korttermyn gevolge word belig: die koloniste moes die prys vir die bevrydingsproses betaal deur onder andere "Mijn plekje

onder de zon" (p.14) — Mboko Yetu (óns Mboko) te verlaat. Op p.137 gee die verteller 'n opsomming van wat gebeur het: "... de opstand in Congo, het verlies van ons fortuin, [...] de verwonding van mijn man, de heraanpassing aan een milieu ..." en "alles lag in een benauwende verlatenheid" skryf Stefan (p.93). Die einde van 'n bepaalde era van die koloniale geskiedenis van die Kongo beteken ook vir die verteller 'n vorm van afskeid. Hierdie situasie sluit aan by Jan van den Weghe se eksperimentele roman Djiki-djiki waarin 'n beeld van die sluipende aftakeling van die koloniale orde gegee word — woorde soos "havenloos, verdoofd, zinloos, verzuft" (pp.389-403) beskryf die haglike toestand.

### 2.5.2.2 Die metropolitaanse ruimte

Die verteller vertoef in haar dagboekverslag by die ruimtelike bakens van Europa. Binne die veranderde ruimte waarin sy beweeg, word insigte in haar bestaansomstandighede verkry. As gevolg van die ruimtelike verplasing het nuwe handelingsmoontlikhede en nuwe perspektiewe ontstaan.

Die bekende ruimte van Europa word vir die verteller na haar verpligte vertrek uit Afrika, 'n ruimtelike toevlugsoord. Tog is hierdie ruimte nie meer vir haar aanvaarbaar nie; vir haar is dit "een eindeloze stikdonkere tunnel" (p.96); Wim noem België 'n akwarium, 'n "enge ruimte" (p.100). Die ruimte reflekteer die verteller se gemoedstemming: België is 'n "afschuwelijk land" en sonder son (p.86); sy voel verlore in die plek "waar het altijd regent en koud is ..." (p.96). Op die lughawe in Zaventem wag sy in die "loden lucht" (p.90) met "angst zonder bevryding [...]"; duisternis zonder licht" (p.93) op Wim se aankoms.

In die vyandige omwêreld van die hospitaal waar sy verpleeg, voel Carla soos 'n gevange dier wat "schreeuw om mijn oerwoud, mijn zon, mijn vrijheid" (p.100). Sy kry hier te doene met 'n moeilike hoofverpleegster en Wim se woorde: "Donder op. En zet geen voet meer in deze kamer" (pp.142-143) noop haar om terug te keer na die bekendheid van haar ouerhuis. Dis in hierdie "aquarium" waar mense onbewus is van hul beperkinge dat sy haar visioen van "mijn - Wim - van - Mboko" (p.171) verloor het en waar haar kind kort na geboorte oorlede is. Wim, in sy rolstoel, is deel van die beperkte ruimte en sy soek by Filip na 'n onbeperkte wêreld (ruimte) sonder grense.

Deur die daarstelling van sekere ruimtes kan 'n bepaalde atmosfeer tot stand kom en kan die aard van die handeling bepaal word. Carla soek troos in die natuur nadat Wim haar 'n "hoer" genoem het en uit sy hospitaalkamer verdryf het. In die sneeulandskap in Italië ervaar sy "de wind in de haren, de zon in de ogen, de hoog opstuivende sneeuw langs onze benen" en kan sy uitroep: "Ik leef!" (p.146) en "Ik ga leven" (p.148). Na 'n rusie met Filip vertrek sy alleen na die berge waar die stilte van die verlate sneeulandskap haar "overrompeld" (p.147). Dis ook hier in die skilderagtige omgewing van die Suide waar sy 'n nuwe lewensfilosofie "genieten en après nous le déluge" aanvaar. Na haar besluit om Wim, Filip en die kinders te verlaat, ruik sy, op pad na Wim se moeder, die lente in die lug en is bewus van haar "taaie, koppige, onverwoesbare geest" (p.174). Na die geboorte van Filip se dogtertjie, verlang sy "hartstochtelijk" (p.189) na die natuur. Deur die ruimte te beleef, word Carla se gemoedslewe beïnvloed en dra dit by tot haar karakterontwikkeling.

Vanuit Afrika vertel Carla as jong verpleegter en later as getroude vrou en moeder van haar lewe in die Kongo. Sy is eiesinnig en vol selfvertroue en saam met Wim sou sy kon groei tot volkome vrou. Haar lewe lê oop en die normale huweliksprobleme is nie onoorkomlik nie. Sy kom hier oënskynlik teen 'n muur van 'n vreemde swart kultuur en 'n verandere politieke klimaat te staan. Op Mboko beteken sy egter vir "haar" swart mense iets; hulle het haar nodig. Haar man en haar kinders is ook 'n behoudende faktor. Sy leef vry en ongebonde in Afrika maar die dekolonisasie-proses gryp diep in haar persoonlike lewe in. Wanneer sy haar storie aan die advokaat vertel, doen sy dit in 'n gemaklike gesprekstyl.

Vanuit Europa praat Carla as ontnugterde vrou; sy is in 'n stikdonker tunnel vasgevang en gestroop van haar selfvertroue. Sy leef saam met skuldgevoelens en onsekerheid en sonder Wim lyk die toekoms vir haar doelloos. Sy bereik 'n cul-de-sac; haar probleme blyk onoplosbaar te wees. Sy loop haar vas teen 'n muur van Wim se onversetlikheid as hy haar afwys. In haar moederland voel sy soos 'n uitgeworpene en vind dit moeilik om aan te pas; sy erken: "Ik heb de laatste tijd zelf te veel klappen gekregen en kan ze niet verwerken" (p.96). Veral in die hospitaal is sy net 'n nommer. Sy en Wim dryf geleidelik uiteen en sy verloor ook haar kinders. Haar (Afrika) wêreld het ineen gestort en in die eng hospitaal-milieu moet sy psigies met haarself tot 'n vergelyk kom. Lees sy voor uit haar dagboek, kry die leser die gevoel dat die verteltrant

meer gedwonge is.

Hier kan verwys word na die feit dat die werklike outeur na 'n verblyf van vier jaar in die Kongo in 1960 na België moes terugkeer as gevolg van politieke onrus. In 'n onderhoud met G. Evenhuis in Hervormd Nederland (3 Junie 1972) beskryf sy haar gewaarwordinge soos volg: "Het was een enorme klap, die alle kolonialen hadden: het hier in België terug zijn, je niet meer thuis voelen, je niet kunnen aanpassen." Die herinneringe aan die gruweldade, die noodgedwonge werkloosheid na hul terugkeer in België en die vyandige houding van die Belge dryf ook vir Cottenjé tot terapeutiese skrywe.

## 2.6

### Karakterbeelding

Die wyse waarop die karaktergebonde verteller haar geskiedenis weergee, dien as openbaring van haarself. Die geïmpliseerde outeur verbeeld die verteller, allig in menig opsigte 'n alter ego, as 'n uitsonderlike kragtige vrou met 'n aggressiewe temperament, ek-gerig en 'n persoon wat nie teenstand teen haar waardebeplinge duld nie. So veg sy vir haar hartswaardes, vir eerlikheid, openheid en teen die bekrompenheid en eng wette van die maatskappy. As feminis wil sy onafhanklik wees en verwerp in haar wese die "mannemaatschappij". In 'n onderhoud (De Nieuwe Boekenkrant, 27.10.82) bely die outeur dat sy self haar huweliksverbintenis (in die konteks van die Kongo 1960 en met verskeie swangerskappe) met haar vryheidsdrang wou versoen het, maar sy kon nie daarin slaag nie. Die hoofkarakter se klag lui: "Waarom zou ik niet iemand kunnen hebben van mij en toch vrij blijven?" (Dagboek van Carla 1968:15). Haar "oude droom" as kind het behels: volwasse word, "mijn eigen weg gaan, [...] mezelf zijn" (p.190). Sy soek na 'n vry lewe sonder om in 'n rolpatroon vasgeknel te word. Sy stel dan ook haar standpunt ten opsigte van 'n huwelik: "Niets voor mijn" (p.15); "...ik wil vrij blijven" (p.25). Sy is kortom 'n vrou "en etat brut" soos sy deur een van haar minnaars genoem is.

Deur haar onbeskroomde selfontleding erken sy: "Die lome vuur in mijn schoot werd ondraaglijk" (p.18) as sy na 'n man verlang; sy kon haar oorgee aan die jong professor (p.20); sy verwag dat Wim rekening moet hou met "de vrouw die ik was" (p.67); sy sien uit daarna om haar minnaar te sien want haar "ganse grauwe dag ziet uit naar het vonkje" (p.101); "Je hebt altijd geweten dat ik het niet zonder man uithoud" (p.109); sy kon

nooit 'n man wat haar aantrek, "willen" weerstaan nie (p.112); sy "fladderde als een kroonreigerswifje dat gedekt wilde worden" (p.119) toe sy haar jeugliefde sien; seksuele bevrediging is noodsaak "anders ben ik ziek, ongedurig..." (p.126). Carla is 'n "eigenwijze draufgänger": sy "kotst als ze praat" (p.170), "ze rent haar radde tong voorbij [...] Zij verdedigt vooral één heilige zaak: de authentieke liefde, en dat is haar wilde pleitreden waard" aldus Marcel Janssens (1983:391). As "lustvrouw" pleeg sy vele sondes teenoor die maatskaplike bestel, maar sy regverdig haarself nie.

Ten spyte van haar feministiese beskouings besluit sy om haar vryheid prys te gee omdat sy nie alleen wil wees nie (pp.25, 84). Volgens Ferguson (1969) word sy beskou as "...een uitermate temperamentvol wifje dat, heeft ze haar zinnen eenmaal op iemand gezet, daar onverbloemd voor uitkomt," — Wim was die "andere" waarna sy verlang het (p.27) en tydens haar swangerskap het sy geen belang meer by vryheid nie (p.31).

In hul huwelikskonflikte word karaktertrekke openbaar wat alreeds voor haar huwelik na vore gekom het: sy is eiesinnig (p.15); onvergenoegd: ("Altijd wil ik iets wat ik niet hebben kan" p.19); nugter en ongeduldig (p.23); hardkoppig (p.47); 'n "pestkop" (p.76). As gevolg van omstandighede word die aanvanklike huweliksgeluk bedreig en verwydering vind plaas. Die dinamiese ek-figuur ondergaan verandering deur middel van geleidelike ontwikkeling. Perrine (in Schoonees 1981:18-19) meen dat "the change is likely to be the surest clue to the story's meaning. To state and explain the change will be the best way to get at the point of the story." Dié ontwikkeling vind neerslag in die politieke omstandighede van die Kongo en die daarmee gepaardgaande fisieke gesitueerdheid van die verteller en haar man: sy kan vrylik beweeg; hy is in die hospitaal en aan bande gelê. Sy gebondenheid knelter haar vryheid en hierdie situasie veroorsaak spanning.

Sy swig voor die sjarme van 'n aantreklike Italiaanse dokter wat haar as vrou raaksien: "mij ziet hij, de vrouw" (p.98). In haar gedagtes dink Carla hoedat Filip die oorsaak was van "honderden slaaploze nachten" waarin sy in haar gedagtes en drome ontrou aan Wim was (p.104). Ten spyte van haar ontrou, is sy nog lief vir haar man, sy wil hom versorg (p.102); sy "snakt" na hom en voel nie afkeer vir sy verminkte liggaam nie (p.108); sy wil by hom bly (p.109); sy pleit dat hulle saám moet veg vir hulle geluk (p.110); sy gee nog vir hom om (pp.140,144). Sy wil

haar man nie bedrieg nie (pp.112,117); maar haar "ik" weier om "op vlucht te slaan" (p.116); sy soek net één nag by haar minnaar (p.118). Sy is gebore onder die sterreteken van die Skerpioen en erken dat haar passie sterker as haar wil is — "veel sterker dan wat ook met mijn geest te maken heeft" (p.121) en daarom soek sy bevrediging by Filip wat haar verseker dat hy vroue aanbid wat nie skaam is om hul seksdriete uit te leef nie (pp.124,126,128).

Die verteller vrees die periode van vervreemding tussen haar en haar man "als de pest" (p.55). Haar pleidooi dat wat ook al gebeur Wim haar nooit moet verlaat nie (p.71), word nie vervul nie; hul huwelik verbrokkel en sy dink aan die dood as uitkoms (p.129). Sy voel soos 'n boom wat uit "sy bodem gerukt" is en "kapot gaat" (p.130). Maar al het sy deur hel gegaan, "...ik ben niet opgebrand" (p.110) en Wim se haat sal haar nie laat "verpletteren" nie (p.143); sy wil leef (p.146); sy is 'n "doordrijfster" (p.148). Saam met Filip wil sy haar nuwe filosofie uitleef, maar sy kan Wim nie vergeet nie. Sy doen 'n selfondersoek: "Ik ben een egoïst, een ontrouwe echtgenote, een waardelose vrouw, een slechte moeder" (p.164). Daarom kan sy vir haar minnaar sê: "Ik mag niet bij je blijven" (p.165).

Verwerp Wim haar pleitrede om vergifnis, aanvaar sy die konsekwensies van haar dade. Sy soek by Filip skuiling. Sy was één van die miljoene vroue wat so 'n verhouding met behulp van 'n kompromis kan aanvaar, "tegen de fundamentele wet van de liefde in" (p.168).

Algaande kom Carla tot selfinsig: Sy het nie meer 'n waardebeplanning nie: "Ik lieg tegen mijn man, verwaarloos mijn kinderen..." (p.134). Sy word genoop om as gevolg van (politieke) omstandighede toekomsgerigte besluite te neem.

### 2.6.1

#### **Onderlinge betrokkenheid van die karakters**

Daar is wisselwerking tussen die onderskeie karakters; hulle vul mekaar aan of vorm teenstellings. Die manier waarop karakters na mekaar kyk en waarneem, werp lig op hul eie lewensuitkyk. In die interrelasie van die karakters vind ontwikkeling plaas. Deur middel van beelding, segging, selfopenbaring, interrelasie met ander karakters, konflik en generering van en deelname aan gebeure binne 'n raamwerk van tyd en ruimte, verrig die karakters 'n belangrike dekodeeringsaksie (Van Eetveld in Cloete,



1985:74).

Veral dat die hoofkarakter met ander karakters verstrengel is, bring die problematiek van die ander karakters en telkens nuwe fasette van haarself na vore. Dis die kritiese blik van vernameklik die drie mans in haar lewe waaraan sy blootgestel word. Die ek-figuur "begaat uit louter spontaniteit heelwat tactloosheden en onhandigheden die door de andere, allerminst worden goedgepraat; integendeel, stevig gekritiseerd" (Ferguson 1969). Carla trou met Wim, 'n progressiewe, maar uiters "verknipste" kolonis en as belangrikste teenspeler vorm hy die ander pool waarom die verteller se basiese spanninge opgebou is. Die figure van die verteller en haar man word beliggaam deur essensiële teenstellings: "We zijn twee verschillende mensen" (p.24).

Gebore onder die sterrebeeld Steenbok is Wim die logiese denker (p.121); verbete en onverbidlik (p.38); besit enorme wilskrag en 'n yster wil (pp. 75,94). Hy toon trekke van die "outsider" figuur. Sy optrede kan gemotiveer en verklaar word deur sy verlede — hier gebruik die geïmpliseerde outeur die moederfiguur om sy karakter te openbaar: hy was hard en liefdeloos soos sy pa (p.176); trots, uitdagend, op homself aangewese en geslote (p.180). Volgens Carla is Wim Van Steen "de steen die me verpletterd heeft" (p.175). Carla se ontrou is 'n aanslag op sy superioriteit; hy beskou haar as ongeskik vir die beskawing (p.119); hy het gereken op haar liefde, trou, gewete en pligsbesef, maar hy noem haar 'n hoer (p.140).

Gebeure rondom Carla en Wim noep hulle om keuses te maak waarin sekere karaktertrekke noodwendig na vore tree. Omdat getrouheid in die huwelik vir Wim van kardinale belang is, (p.15) kon hy Carla se ontrouheid nie verwerk nie: "Ik zal je nooit vergeven. Ik haat je" (p.142). Op p.57 verklaar hy dat ontrou 'n katastrofe sal wees. Hy verwyt haar dat sy hulle liefde wat sy enigste houvas was (p.140) vir 'n verhouding met Filip verruil het: "Je moest en zou hem hebben" (p.140); sy verweer haarself deur te sê dat hy weet hoe sy is (p.141). Wim se onvergenoegdheid en verbittering (pp.96,117) laat Carla vra: is sy liefde saam met Mboko "opgebrand"? (p.110). Met sy beskrywing van Carla: "Misleiden — [...] — is één van haar specialiteiten. En [...] oplossingen zodanig inkleden dat niemand merkt dat ze alleen voor háár een oplossing zijn" (p.191) finaliseer Wim sy beslissing: met 'n tjek en 'n foto van die kinders kry hy sy sin om van Carla te skei (p.192).

Filip vervul in die stadium terwyl Wim in die hospitaal is, 'n belangrike funksie in die roman. Eersgenoemde is ervare, suksesvol en 'n uitstekende minnaar wat Carla as 'n vrou raaksien (p.98), hy is gevaarlik (p.99); bring opwinding en uitdaging (p.100). Haar verbintenis met hom verander haar lewe ingrypend en sy beland in 'n krisissituasie. Sy is van hom "bezeten" (p.104). Sy erken sy "ben een dwaas" (p.107) en wil wegkom uit die passie wat haar "verstrikt" (p.134). Filip is onbewus van die kontras tussen die verteller se geforseerde front wat sy bedags voorhou en haar spontane hartstogtelike "overgawe van 's nachts" (p.128). Filip ervaar Carla as 'n ware vrou wat nie skaam is om haar seksdrange te erken nie (p.173).

Frank is 'n eensydige figuur en Carla se kortstondige verhouding met hom is 'n blote tussenspel. Hy word benut om op die karakteristieke eienskappe van die verteller te fokus. Vir Stefan koester Carla 'n soort patetiese bewondering en is iemand in wie sy, by uitsondering, die "man" nie skyn raak te sien nie. Hy is haar "ndukuya kweli" (sowel broer as vriend) (p.77). As helper (karakter) probeer hy haar tot ander insigte dwing ten opsigte van haar verhouding met Wim (p.74) en noem haar 'n "mujensi" (oermens) omdat sy haar drifte volg en steeds op Frank verlief is (p.119). Hy weet sy is koppig (p.51), sy kan nie haar ware gevoelens verberg nie (p.73), maar hy bestempel haar ook as 'n "moedige vrou met een gouden hart" (p.95).

Afrikaan en Europeër kom teen mekaar te staan teen 'n agtergrond van politieke onstabiliteit en sosiale verskille en sal mekaar noodwendig beïnvloed. Deur middel van die verteller se gesigspunt word die leser aan dié verhouding bekend gestel.

Wim woon al dertien jaar tussen die Kongolese waar hy met behulp van swart arbeiders 'n lonende visbesigheid bedryf. Sy houding teenoor die swartes is patriargaal - progressief en sy verknogtheid aan die swartes getuig nie van welwillendheid nie, maar van sy begeerte om streng en regverdig absoluut te kan heers. Hy word genoem "Kanyanga" (p.44) want hulle ervaar hom as die gevaarlike een; hulle vrees en vereer hom as hulle leier en dra hom op die hande. Hulle haat immers "zachtmoedigen (zwakken, 'mannen-zonder-kloten')" (p.38). Straf hy die swartes (pp.40,53), beskuldig Carla hom van ongenaakbaarheid en noem hom 'n superieure Europeër (p.43); hy doen hom voor as één van die "zeldzame kolonialen die de bevoorrechte posisie in dit land waardig

is" (p.42). Stefan oortuig haar egter dat die swartes Wim respekteer. Haar inmenging veroorsaak dat die swartes ergerlik teenoor haar voel (p.49). In die swartman Shabani se woorde (nadat hy gestraf is): "Ndio, bwana. Akisanti, bwana," skuil daar geen woede en opstandigheid nie, slegs onderdanigheid (p.40). Word Wim deur Carla gekeer om Mandefu volgens Afrika-metodes te straf, is hy verplig om die swartman noodgedwonge te ontslaan omdat die tugtiging "waar hij om lacht" (p.54) Wim se gesag ondermyn het. Aangesien Wim die enigste werkgewer in die omgewing is, sal Mandefu 'n tipiese ontwortelde in die stad word. In die swartman se dreigement: "Daar krijg je spijt van Muzungu (blanke)" (p.54) skuil veragting en wrewel. Na die onafhanklikheid van die Kongo is Wim ontgogeld en verbitterd (p.120): die swartes het hom beroof van sy "Mboko Yetu" en as gevolg van hulle wreedheid moes hy veel liggaamlike en geestelike pyn verduur.

Die verteller se medemenslikheid word vergestalt in haar liefdesdiens wat sy tot opheffing van die swart vroue bewys. Carla aanvaar moeilik die begrensdeheid van die mens wanneer sy met tropiese siektes te doene kry (p.19). Beskuldig sy haar man dat hy die pa van Feza (die swart hulpverpleegster) se kind is, openbaar sy trekke van jaloesie en agterdog (p.58). Feza swyg soos swartes "altijd zweggen als een blanke iets over hun intiem leven wil weten" (p.55). Wim waarsku Carla dat sy nie emosioneel teenoor Feza moet optree nie want "... je bent een blanke, vergeet het niet weer" (p.58). Dis vir haar ook moeilik om deur te dring tot die innerlike wese van die Kongolees (p.59), vir Feza weer, is Carla se apologie slegs "blanke zaken" (p.59) en dus onverstaanbaar. Mandefu se oneerlikheid (p.53) en die swartes se wreedheid, veral in die vlugtelingskamp in Nairobi, is vir haar moeilik om te verwerk (p.89).

Wat Carla en Wim in die kolonie nader aan mekaar gebring het — aanvanklik altans — was hulle anti-paternalistiese houding jeens die swartes toe hulle met rassisme in die Hotel Bambou te doene gekry het. Aanvanklik was Carla ontsteld toe swartes die swembad wou gebruik, maar sy vra haarself later af waarom die blankes so "en bloc" na die swartes staar, asof laasgenoemde misdadigers is (p.11). Kort na haar aankoms in die Kongo erken Carla dat sy dit haar anders voorgestel het in Afrika.

Wim vereenselwig die hoere waarvan Carla melding maak (p.17) met swart vroue wat met siektes besmet is. Die "boys" soos die manlike swartes deur die koloniste genoem word, word onder andere as

huishulpe, en as draers en gidse gebruik wanneer blankes op staptogte deur die oerwoud gaan (p.28).

Toe Carla se eerste bevalling onverwags tuis moes plaasvind, dink sy aan wat die swart vroue onder soortgelyke omstandighede doen: "Zij onderbreken even hun werk op het veld, zonderen zich af, hurken en bevallen, zonder klacht en zonder hulp" (p.32). Feza laat die wiegie en warm klere wat Carla aan haar gegee het, onbenut en laat haar kind naak op die grond langs haar slaap. Met 'n bitter smaak in haar mond, sê Carla: "Mijn zuster..." (p.59). Met haar terugkeer uit die hospitaal (vir nasorg na haar bevalling), vorm die swartes 'n triomfboog van palmtakke en juig en sing om haar welkom te heet — sy ervaar hierdie gebaar van geneetheid met diepe ontroering (p.35). Die swart vroue maak baie selde van Carla se kundigheid gebruik vir bevallings; volgens Carla gebruik hulle liever 'n vroedvrou (p.50) en roep haar slegs wanneer komplikasies intree. Op p.68 verwys Carla na 'n vrou wat al vyf dae in kraam is: die lug ruik na "rotten eieren en drek" en die brousel in 'n geroeste blik het skynbaar die bevalling gestuit. Word aansteeklike siektes in haar privaat-kliniek gediagnoseer, sorg Carla dat die pasiënte na die hospitaal op Uvira gestuur word om daar onder kwarantyn geplaas te word (p.51). Op 'n stadium toe Carla dit oorweeg om Wim te verlaat as gevolg van sy ongenaakbare houding teenoor die swartes, openbaar sy 'n toegeneë gesindheid teenoor die Kongolese: "mijn vrouwen (Feza veral), mijn zieken, de kleine zwartjes" (p.42) is vir haar dan van groot belang.

Tydens Shabani se tugtiging wanneer hy aan 'n boom vasgemaak is en met 'n sweep geslaan word, is dit vir die verteller onverstaanbaar dat die swartes (mans, vrouens en kinders) 'n kring uit nuuskierigheid om hom vorm en daarna aangaan asof niks gebeur het nie (pp.38,39). Later verneem Carla by Stefan dat, indien Shabani tronk toe moes gaan, hy baie wreedaardiger deur die swartes gestraf sou word (p.48). Carla besef: die swartes bly ten spyte van die Europeër se sogenaamde beskawing, steeds "een bende wilden." Sy sien hoedat twee vroue "mekaar de hare uit het hoofd te trekken, daar zat een kind rustig met zijn eigen uitwerpselen te spelen...." (p.40). Maar wanneer sy na Feza kyk, dink sy: "al slaag ik alleen met jou, het blijft me de moeite waard" (p.41).

Wanneer Carla 'n bwana mukubwa ('n belangrike persoon) wat stories oor die onafhanklikheid versprei konfronteer met die feit dat die swartes nie weet wat "Indépendance" beteken nie, verweer die évolué homself

deur te sê dat hy oor sy land se politieke onafhanklikheid droom en dat hy die swart massa met mooi beloftes aan sy kant moet kry "want vliegen vang je niet met azijn" (p.61).

Tydens die uitbreek van die opstande oral in die Kongo, word Carla en Wim verseker van "hulle" swartes se lojaliteit (p.87). Sy kon toe sê: "Ik heb niet voor niets geleefd!" (p.88). Terug in België erken die verteller aan haar man: "Mijn tijd van niets doen en de negers commanderen is voorbij" en sy sal genees word van haar "meerderwaardigheidscomplex, zo typisch bij de kolonialen" (p.102). Wim beskuldig haar dat sy haar al die jare in Mboko afgesloof het vir die swartes omdat sy geglo het hulle het haar nodig. Hy daag haar uit: "Vraag hun nu eens of je terugkomen mag; ze zullen je een schop geven" (p.120). Stefan berig in sy brief dat Mandefu verantwoordelik was vir die plundering en verwoesting van Mboko Yetu; baie het hom gesien, maar "ze zullen zwijgen; hij is immers een clangenoot" (p.95). Wim deel nie Carla se ontsteltenis oor die radioberig dat missionarisse in die Kongo uitgemoor word nie; hy staan afsydig teenoor die gebeure (p.139).

Ten opsigte van karakterisering is die hand van die geïmpliseerde outeur duidelik sigbaar. Die uitbeelding van die inheemse bevolking en die blanke koloniste en die verhouding van en perspektief op hulle deur die ek-verteller is duidelik uitgewys. Politieke omstandighede dwing Carla om Afrika te verlaat; die onafhanklikheidstoekenning lei indirek tot die verbod van haar huwelik. Myns insiens is daarin geslaag om by die leser begrip te wek vir die verteller wat weens koloniale omstandighede persoonlike aanpassings en verskuiwings moes doen.

## 2.7

### Taalgebruik en styl

In Dagboek van Carla word die styl gevorm deur die besondere relasie tussen die verteller en haar taalgebruik; sy speel 'n spel met die taal met behulp van haar dagboek-aantekeninge. Die styl hou verband met en word bepaal deur die onderwerp en toon en tipe verhaal. Die outeur kies as literêre vorm die dagboek en die roman is daarvolgens gestruktureer. Verhalende fragmente, dialoë en innerlike sowel as uiterlike monoloë vorm deel van die dagboekinskrywings. Die verteller skryf in 'n sober en direkte taal, soms romanties - hartstogtelik, dan weer koel-bitter en aggressief. Sy wil deur middel van goedgekose woorde haar storie aan die leser vertel. In die hantering van die taal en styl is daar spesifieke

aanduidings dat die vertelling deur 'n vrou gedoen is. Haar vroulike aanslag is merkbaar in onder meer die aanwending van die poëtiese styl.

Deur die aanwending van die poëtiese styl kan die verteller haar innerlike gevoelens aan die leser oorbring: "O, wat is alles prachtig geworden [...] Er is leven, leven overal om ons heen! En zie hoe de berge schitteren in de zon!" (p.34). "Ik ademde gulzig de pittige nachtlucht in, gooide mijn kleren af en stapte in het meer. Het water omvatte mijn enkels, mijn benen, mijn dijen, mijn lenden. Ik wierp me neer en zwom weg, trage, geluidloze slagen" (p.69). Vergelyk ook: "De woorden klonken als verre echo's, ze deinden uit, kwamen harder terug" (p.80); "Zijn lach spatte open; een jonge zorgeloze lach..." (p.99). Die metaforiese taal word in 'n geluksalige oomblik saam met Wim deur die verteller gebruik soos by 'n huweliksplegtigheid: hulle kerk was die oerwoud, God was die natuur, die voëlgesang die musiek en "onze belofte van trouw: de woordelozse omstrengeling" (p.28).

Liriese gedeeltes sluit aan by die poëtiese styl sodat die gevoelvolle stemming van die verteller weergegee kan word: "...met hem zou ik mijn kinderen krijgen; met hem zou ik oud worden. Wim: mijn man" (p.27); "... de aarde smachtte, de planten waren dor, de heuwels zwart van de broussebranden, het wild had dorst, wijzelf ook, dorst naar vernieuwing van de natuur. We jubelden het uit toen we de eerste druppels voelden" (p.32); "...zwarten vlakken op het vlammende rood van de ondergaande zon. Die gloed! Buiten, en diep in me" (p.63); "Dan verbleekten de sterren en maan en gebeurde het wonder van iedere dag: de zon rees van achter de kim, helrood. Brutaal stuurde ze haar stralen door de tere nevelsluiers over het meer..." (p.19). Die volgende liriese gedeeltes leen hulself tot vergelyking met die natuur en die heersende politieke toestand in die Kongo: "Vier jaar lang was mijn geluk een stralende hemel geweest, mijn liefde een tropenzon: vurig, sterk, trouw" (p.71). "Niet één doden was verrezen, niet één zwarte blank geworden, niet één potopothut in één koel stenen huis veranderd, niet één gebrekkige fiets in een chique auto omgetoverd" (pp.84-85).

Heelwat filosofiese uitsprake word gemaak wanneer sy as vrou, moeder en minnares oor haar lewe moet besin: "Gelukkig zou ik hier moeten zijn. [...] Maar ik ben het niet. Altijd wil ik iets wat ik niet hebben kan. Vraag ik dan zo veel? Of is het leven zo arm?" (p.19); "Het is adembenemend zo veel dood om me heen, dacht ik koortsachtig, en hier ik die leef, en daar Wim die leeft ... lééft!" (p.29); "Eeuwig leven,

eeuwig dood? Wie kan het weten. En ondertussen ontsnapt je het brokje 'leven' — tastbaar, reëel, heerlijk — " (p.75); "Vlucht, geef je niet aan de stroming over, je zult wegdrijven en God weet, waar terecht komen." (p.112). Sy wil alle bande, gedagtes en verpligtinge van haar wegwerp en in 'n wêreld "zonder grenzen, zonder verleden en zonder toekomst" leef. Nou is belangrik: "Hoe belangrik kan het zijn als het verleden dood is en de toekomst beangstigend en donker als die nacht..." (p.134). In 'n nagtelike monoloog bespiegel die verteller oor die status quo van haar lewe van vra: "Waarom doe je het?" (p.164).

Verandering van styl in die woordkeuse kan die leser manipuleer om simpatie met die hoofkarakter te voel. Die verteller verwoord die verlies van haar kind soos volg: "Mijn kind lag in een glazen kast als een broos plantje. Drie dagen en drie nachten. Toen hebben ze het in een houten kist gelegd en het onder de grond gestopt" (p.92). Die leser deel die angs van 'n vrou wanneer Carla uit Afrika wegvlug: "Nairobi. Vluchtelingenkamp. Doffe, uitdrukkingloze gezichten van beroofde mensen. Gruwelverhalen. Bange kinderen. Bedrijvige Engelsen. Ik bleef er drie weken..." (p.89). Na 'n afjak deur Wim voel sy ontsenu en tranerig en verontagsaam die verkeersligte: "Remmen knarsten, chauffeurs schreeuwden: 'zottin', een agent floot verwoed en klapwiekte, ..." (p.120). Dis duidelik dat 'n vrou aan die woord is wanneer sy haar barensnood beskryf: "Een wee. Een harde die mijn lichaam uiteen scheurde! [...] Een schreeuw" (p.188).

Die strak styl kan ook in veral baie van die dialoë opgemerk word. Spanning word in die volgende dialoog waargeneem (p.38): "— Wat ga je doen? / — Eten / —Ik bedoel: met de boy./ — Straffen." Tydens 'n verkeersoortreding lyk die dialoog só: "—Papieren./ — Verrek./ Vous dites?/" (p.120); Wim en Carla se gesprek oor haar ontrouheid verloop op p.109 soos volg: " — Lieg je nu?/ — Nee/— Waarom kijk je me dan niet aan?" / 'n Eensydige dialoog klink só: "Hoe vond je de kinderen?/ —.../ Heeft Katrien haar vlinderverzameling gegeven?/ —.../" (p.169).

Hier kan ook verwys word na stylveranderinge wat byvoorbeeld die wisselende emosies wat in die karakter van die ek-verteller as 'n vrou gehuisves is, verwoord: Die verteller wil met haar woorde probeer om Wim "soepeler" te maak, meer toeganklik vir die mooi dinge in die lewe (p.27); sy wil Wim oortuig dat sy nie met haar vriende rondslaap nie: "Ze zijn net bronstige katers" (p.17). Is sy teleurgestel in Wim en Frank se houding, sê sy: "Ik begreep niets meer. Niets van het leven, niets van

de mannen, niets van mezelf" (p.64).

Verskillende karakters openbaar 'n individuele styl deurdat die geïmpliseerde outeur vir die karakters woorde in die mond lê. Carla se swangerskap laat Wim met besitlike teerheid sê: "Lieweling ... mijn engel... hoe lang is het al?" (p.30), maar nadat hy van haar ontrou hoor, kwets hy haar: "...en ik gruw van jouw onbeheerstheid. Ga hier weg" (p.108). Phillip verseker vir Carla: "Ik zal tot het einde van de wereld hollen om je te hebben" (p.117) maar in 'n jaloerse woedebui sê hy: "Onderschat mijn geduld niet, Carla. [...] De waarheid wil ik horen" (p.156) en in 'n teer oomblik noem hy haar "carissima" (p.173).

Soms gebruik die verteller kragwoorde wanneer die situasie hom daartoe leen. Dit is funksioneel in onder andere die volgende gevalle: Carla vervies haar vir 'n swartman toe hy haar by Wim in verleentheid bring: "Verdomde, smerige nikker!" vloek sy hom dan innerlik (p.23). Sy verkwalik Wim as hy 'n swarte straf: "Beschaving, verdomme, ze spuwden erop" (p.40); sy vererg haar vir Wim se stilswye: "Spreek verdomme!" (p.42) en sy noem Filip se seun 'n "Snotneus. Oh, jij verdomd snotjong..." (p.138) wanneer hy haar beskuldig dat sy sy pa net as plaasvervanger misbruik.

Die verteller se verhouding met Afrika en die Kongolese word ook in 'n veranderde styl weergegee, afhangende van die omstandighede. Carla verskil van Wim met betrekking tot hul verhouding tot die inlandse bevolking: sy wil probeer deurdring tot hul menswees, maar begryp nie hul sienswyses en hul verhouding onderling tot mekaar nie. Sy verwoord in 'n direkte, strak styl haar weergawe van verskillende situasies: "Ondertussen hadden de mannen Shabani aan een boom gebonden [...] [...] De toeschouwers ([...]) vormden een kring en spraken geen woord; hun gezichten waren effen, ondoorgrondelijk" (p.39). Oor die waarneem van bevallings, laat sy haar soos volg uit: "Ze halen er liever zo 'n vies oud wijf bij. Als ze helemaal geen raad meer weten, komen ze naar mij..." (p.50). Sukkel sy om aan Feza in Swahilli verskoning te vra, druk sy haarself soos volg uit: "Feza, [...] je mag niet boos zijn op me. En .... weet je, ik ben niet zo 'n echte blanke als de bwana hoor. Van mijn is het alleen mijn huid. De res [...] gewoon vrouw" (p.58). Kan sy nie deurdring tot Feza nie, dink sy met 'n bitter smaak in haar mond: "Mijn zuster" (p.59). Hier kan ook verwys word na Jac. Bergeyck se roman De levende Doden waarin die swartes in 'n wêreld van taboe's, rituele en bygelowe leef wat vir die Westerling onbegryplik is. Met behulp van 'n



sober skryfstyl probeer Bergeyck die sluier oor hierdie misterieuse lewenswyse oplig. Carla benut dus in haar vertelling spesifieke aspekte van die taal wat aandui dat sy vanuit die gesigspunt van 'n vróú oor 'n Afrika-kolonie skryf.

## 2.8

**Tema**

*'Ich kehre in mich selbst zurück,  
und finde eine Welt'* (Goethe)

Volgens Blok (1970:26) lê die leser al lesende verbande tussen woorde, woordgroepe, feite, situasies en gebeurtenisse met gemeenskaplike kenmerke en verbind dit tot eenhede op 'n hoër vlak van abstraksie, dit wil sê motiewe wat in feite veranker is. Gedurende hierdie proses word die tema van 'n verhaal openbaar.

Die primêre verhaalgewee omvat die ervaringe van 'n Belgiese verpleegster tydens en na die onafhanklikheidswording van die Kongo. Die verblyf in die Kongo, die ramp van die "Dipenda" en die hervestiging van die koloniste in hul moederland, vorm die oorkoepelende verhaalkern. Die karakters het om verskillende redes in die Kongo beland: die ek-verteller het haar beroep as verpleegster in Afrika kom beoefen; Wim wou twintig jaar se wrok in België agterlaat en 'n nuwe lewe in Afrika begin. Albei karakters kon as gevolg van die ingryping van die geskiedenis (kolonialisme) hul ideale verwesenlik.

Die tema word in die totaliteit van die verhaal beliggaam: dit gaan hier om 'n jong vrou se kreet om selfbevryding. Sy bevind haarself in 'n situasie waarin sy vir haar eie waardes moet stry en moet veg teen ontbindende kragte rondom haar. Sy verlang na 'n onbereikbare ideaal: sy bely die liefde vrymoedig, maar met die verwerping van maatskaplike norme sodat sy vry en onafhanklik kan wees.

Sy ontwerp 'n soort "privé-moraal" waarin sy psigies met haarself in die reine kan kom. Die sentrale motief word gesitueer en geïnterpreteer binne die konkrete motief van die man-vrourelasie. Die tema word ondersteun deur die karakters in hul tydruimtelike plasing (die Kongo); dit kry gestalte in die verwikkeling; neem vorm aan deur die vertellersoptrede en deur 'n reeks herhalende motiewe wat bymekaar aansluit.

## 2.8.1

**Huwelikstrou versus passie**

Die problematiek van huwelikstrou teenoor passie speel in die roman 'n belangrike rol. Die verteller staan voor 'n lewensbelangrike keuse tussen "vlees en geest, hartstocht en vriendschap, natuur en huis, vrou en moeder, avontuur en geborgenheid, non-conformisme en integratie in de maatschappij" (Bousset 1990:105). Sy skryf oor haar dilemma in haar dagboek soos volg: "Zal ik me kunnen losrukken van het verleden (van een man waar ik niet meer van houd), van de reeks scrupules die kleven aan 'Het Huwelijk', van mijn kinderen?" (p.190).

Die fokus val op die erotiekmotief; dis 'n liefde wat die verteller openlik, met verwerping van elke maatskaplike voorskrif, bely en beleef as 'n totaliteit in haar hart en sinne. Sy is 'n vrou wat deur die liefde "bezeten" is. Deur middel van die erotiekmotief word die verteller se reaksie op 'n huweliksverbintenis in teenstelling met Wim se siening gestel (p.15). Juis as gevolg van hulle verskillende sienings oor die huwelik ondersteun die hartstogmotief die verwyderingsproses. Op verskeie maniere word Carla in verband gebring met passie: Filip se oë laat haar "rillend doordringen van hun warmte" (p.100); sien sy vir Filip, "schoot een vlam langs mijn wervelkolom" (p.104); sy wil Wim nie bedrieg nie, maar haar "ik" weier om op vlug te slaan (p.112); "Een storm van begeerte barste uit" (p.115) as Filip haar aanraak. Trek sy haar uit as sy op Filip se aankoms wag, word die seksuele ritueel aan haar soeke na die (verlore) standvastigheid van Wim se liefde, gekoppel. Carla erken dat sy nie vir die beskawing geskik is nie (p.119), maar Wim wys haar daarop dat "die wildernis zijn wetten respecteren" (p.119) en dat hy geweet het dat sy nie getrou sou kon bly nie (p.141).

Die verteller is in 'n situasie tussen plig en plesier en reg en verkeerd geplaas. Sy kies plesier, maar betaal 'n duur prys daarvoor. Verkeer Carla in 'n gesprek met haarself, probeer sy haar passie vir Filip en haar liefde vir Wim teen mekaar opweeg. In die Kongo was Wim lief vir haar gewees; sy was "een bloeiende jonge borassuspalm met de armen naar de zon gestrekt om haar te omhelzen", maar in België is sy "een ontwortelde volwassen boom die zich kapot voelt gaan" (p.134). Sy kry nie antwoord op die vrae: Wat is liefde? Wat is passie? Eiewaan? Trots? Die "vryheid" waarna sy strewe blyk ramspoedig te eindig. Haar dade het haar lot help bepaal. Haar versugting "Zal er ooit een hoeve zijn, een Nieuw Mboko?" (p.102) word nie bewaarheid nie; Wim se liefde het soos hulle huis in Mboko, tot as verbrand (p.110). "Een

huwelik is geen porceleine vaas die je lijmen kunt" (p.129) besef Carla te laat. Daarom kan Wim vir Carla versoek: "Doen ons een genoeg: negeer ons verder, daar zijn we nu zo goed aan gewend" (p.192).

Jef Geeraerts beskryf die ideale swart vrou as onder andere "seksbevry, onderworpe, afhanklik" maar sy word ook genoem "dierlik, sensueel en hete grieten met móórbillen (par.1.1.4.5 #3 pp.35-36). Die swart vrou leef ná aan die natuur en gee haar sonder inhibisie, makliker oor aan haar seksdrange. Gemeet aan "koloniale" terme kan aanvaar word dat seksuele passie by die blanke meer "behoudend" is. Carla se "blanke huid" gekoppel aan die "beskaafde" wêreld se wette, verhoed haar om behalwe haar man, ook iemand anders lief te hê. Carla plaas 'n hoë premie op haar individuele vryheid en onafhanklikheid en haar erkenning dat sy onaanvaarbaar vir die beskawing is, sluit aan by Stefan se beskrywing van haar as 'n 'mujensi' ('n oermens) — een wat sy drifte volg. Die vraag kan gevra word of seksuele passie dan nie "beskaafd" is nie. In 'n "beskaafde" Europese milieu sou sy nie sonder meer haar seksuele drifte kon uitleef nie; haar buite-egtelike verhouding met Filip word volgens maatskaplike norme veroordeel. In Afrika ervaar sy haar "verhouding" met Frank nadat sy getroud is, moontlik met meer gemak — weg van die "beskawing" en volgens Afrika-norme, kan sy vryer optree. Carla skryf met vrymoedigheid in haar dagboek oor haar seksuele ervarings — die erotiek word beskryf as 'n bindende en ontbindende krag in 'n verhouding. Die stereotipe dat slegs swart vroue seksueel "vry" is, word deur Cottenjé omver gewerp.

## 2.8.2

### **Afrika versus Europa**

In Carla en Wim se huwelik is die saad van opstand teenwoordig, net soos in die sluimerende vryheidsstrewes van die swartman. Hulle het gemeenskaplike tydruimtelike wortels in Europa (die bekende) agtergelaat. In Afrika vergestalt hulle liefde teen die agtergrond van die eerste oproer in Leopoldstad: "Een hel van waanzin en haat" het losgebars (p.93).

In ooreenstemming met die tydsgees en onder andere onder VVO druk is aan die Kongo onafhanklikheid gegee. Beskrywings gedurende die onafhanklikheidskrisis word verbind met beelde van onsekerheid wat spanning ontketen. Op 30 Junie sou die swartes "zelf blank zijn en dus alles kennen, schatrijk zijn en alles mogen" (p.60). 'n Evolué

onderstreep sy siening soos volg: "Ik geloof in mijn droom: de politieke onafhankelĳkheid van mijn land" (p.61). Radio Brazzaville se berigte oor opstande in Leopoldville, Thijsstad en Luluabourg spel geweld, chaos en terreur uit. Lumumba se militante eis om onafhanklikheid in Akkra in 1958 begin om te realiseer. Die Kongo "daverde op zĳn grondvesten" (p.60) wanneer geskreue word "Uhuru!"; sendelinge word vermoor en in die vlugtelingskamp word "de meest weerzinwekkende beestighede" (p.90) gepleeg. Na 'n misstap word Mandefu afgedank (paragraaf. 2.6.1) en sy woorde: "Daar krijg je spijt van Muzungu" (p.54) word 'n werklikheid toe beweer word dat hy verantwoordelik was vir die brand waarin Wim ernstig vermerk is (p.95). Die Kongo is aanvanklik vir die koloniste 'n veilige koloniale vesting, maar die inlandse bevolking moes Afrika met vreemdes deel. Konfrontasie tussen die twee groepe lei uiteindelik tot die toekenning van soewereiniteit aan die Kongo. Die gepaardgaande onluste en geweld maak nou van Afrika vir sowel Europeer as Kongolees, 'n bedreigde onheilsruimte.

Die vryheidsvegters veroorsaak liggaamlike en geestelike letsels en die koloniste word hier die lydende party. Carla en Wim is ontnem van hul aardse paradys; Mboko Yetu het verander in "een benauwende verlatenheid" (p.93) en elkeen kan op sy eie manier "zĳn driften laten botvieren" (p.95). Simon Schoonvliet se novelle De dode zwegens niet roep ook 'n soortgelyke beeld van afskuwelike slagting op. Terme soos "moordlust, verbeest, demonen" is van toepassing op die blanke huurlinge van Tsjombe en die Baluba-rebelle tydens die Katangese afskeiding.

Deur haar drifte gelei, leef Carla haar eiesoortige lewe in Afrika en in Europa. Alhoewel die verteller bewus was van die politieke woelinge in die Kongo, sluit sy haarself daarvan af: "Maar ik voelde me er niet bij betrokken"; sy is slegs "gewoon vrouw..." (p.60). Ook weier sy om na Frank te luister wat sê hy sit midde in die "politieke modderpoel" en dat hy bekommerd is; sy probeer die onderwerp van die onafhanklikheidswording vermy (p.72). In haar sarkastiese opmerking aan Stefan dat die blankes oor twee maande almal "gezellig opgepeuzeld" sal word deur die Kongolese en dat almal wat nie deur "de zwarte broeders opgevreten worden, zullen met de communisten moeten afrekenen" (p.74) skuil wanhopige onsekerheid. Sy praat van "onze mensen" ten spyte van die feit dat die Kongo nie meer 'n kolonie is nie en sy verseker die swartes dat sy spoedig ná haar bevalling in België, na die Kongo sal terugkeer (p.84). Vir Wim was daar nie sprake van weggaan van die Kongo af nie:

"En nooit ga ik hier vandaan. Nooit. Nooit. Nooit" (p.73). Ook vermy hy die onderwerp van dekolonisasie. Wanneer Stefan vir Carla laat weet: "Recht bestaat hier niet meer. Dat is Congo van vandaag. Dat is de dipanda" (p.95) aanvaar sy dit met gelatenheid. Volgens Danguin (1978:2) was die Kongo vir Carla "een revelatie die zij met vitalistische levensdrift in haar heeft laten inwerken. Vandaar ook dat de overijlde, gedwongen vlucht na de onafhankelijkheidsverklaring voor haar een grote desillusie betekende. Een wereldbeeld stortte in".

### 2.8.3

#### Aangegane verbintenisse

Gebrekkige menslike verhoudings neem duidelik in die roman vorm aan. Die verteller en haar man ervaar die eeu-oue kragmeting tussen twee huweliksmaats; die tematiek sit dus gewortel in die relasie tussen die vrou en die man binne die daaraan inherente konfliktsituasie. Uitsprake wat getuig van onsekerheid en die onvermoë om mekaar te begryp, is teenwoordig: "Ik geef mijn vrijheid niet op" (p.15); "Jij maakt me nog eens krankzinnig met dat eeuwig zwijgen!" (p.108); "Waarom wil je nooit over vroeger praten, Wim? Het zou ons misschien tot een oplossing brengen" (p.133); "Je hebt me misleid" (p.141); "Ja, ik haat je" (p.142). Carla soek nie verskoning vir haar optrede nie, maar sy haal wel enkele sinne aan uit De profeet van Kahlil Gibran: "Zou één van u de ontrouwe vrouw voor de rechter wil brengen, hij wege ook zorgvuldig het hart van haar man en mete zijn ziel met mate. En wie de overtreder geselen wil, werpe ook een blik in de geest van hem tegen wie de overtreding was gericht...". Carla se pleidooi lui soos volg: "Je wist hoe ik was, Wim, van af het begin. [...] Heb je gedacht dat ik veranderen zou?" (p.141). Vir Wim egter, was hul liefde sy enigste houvas en sou hy die verlies van Mboko makliker kan verwerk het indien Carla getrou aan hom sou gebly het (p.140).

Die verteller se tydelike verbintenis met haar jeugliefde laat weer die fokus op haar hartstogtelike belewing van die liefde val. Met Frank se terugkeer na die Kongo "wentelde de wereld om" (p.61); sy erken dat sy vir Frank en vir Wim liefhet (p.70) en in haar vertwyfeling voel sy die "wroeging verscheurd me" (p.71). Die spel met die Italianer "zou heerlijk opwindend kunnen worden" (p.100) en dien as plaasvervanger vir Wim wat haar nie seksueel kan bevredig nie (p.123). Die verteller is in 'n emosionele tweestryd gewikkel: Sy het 'n slaaf van Filip geword.

Die verteller is gedurig besig om haar lewe te probeer orden. Rondgeslinger tussen pligsgevoel teenoor haar man en haar "verbode" liefde vir Filip, soek sy na geestelike ewewig wat deur middel van 'n breuk met die verlede bewerkstellig word. Misluk haar huwelik, soek sy die oorsaak by die politieke situasie in Afrika (p.84). In die proses van selfopenbaring en ontdekking aanvaar sy aan die einde haar lewenslot.

Ten opsigte van die verteller se verbintenisse met die inheemse mense, is dit beperk tot 'n meerdere-mindere (werkgewer-werknemer) -verhouding. Sy koester geen rassistiese gevoelens jeens die Kongolese nie (p.11), maar vind dit moeilik om tot hulle sielelewe deur te dring (p.13). Sy ervaar die swartes se geneentheid ná die geboorte van haar tweeling (p.35) en tydens hulle belofte om teen die "manne van die dipanda" (p.87) op te tree. Sy beskou Feza as haar "suster" en haar "rechterhand" en praat van "mijn vrouwen", maar sukkel om Mandefu se wraak teenoor haar man te verwerk.

Cottenjé gee haar herinneringe van die Kongo soos volg weer: "De zwaarste tol die ik op dit gebied betaald heb is mijn betrokkenheid met de zwarte bevolking van Centraal Afrika. Ik heb er enorm onder geleden, dat ik daar moest vluchten, dat die mensen van wie ik zo hield en waarvoor ik dag en nacht zo hard werkte als verpleegster, zich tegen mij keerden" (Leenen 1983;320a). Sy praat waarskynlik ook namens Carla, haar alter-ego. Na die onafhanklikheidsverklaring is die bande met die Kongo verbreek en kon Carla haar ervaringe van Afrika en sy mense slegs in haar herinneringe in dagboekvorm laat voortleef.

#### 2.8.4

#### Natuurbeelde

Herhalende momente word deur die milieu - tekening gegenerereer en opvallende leimotiewe lê in verskillende beelde verskuil. Die beleving en beskrywing van die natuur word hoofsaaklik gekoppel aan emosionele momente.

Die maan, 'n simbool van liefde, word deur die verteller gebruik om aan te dui hoedat haar en Wim se vriendskap met elke vol maan inniger groei (p.16). Sy laat ook blyk dat sy vroeër van die maan in die nag, in musiek en in poësie gehou het, maar sy verkwalik die maan dat "ze me je slechts vier dagen in de maand gunt" (p.17). Die maan is ook getuie toe sy Wim beskuldig dat hy omgang met swart vroue het (p.18) en sy pleit by Wim

ná 'n rusie, dat hulle die volgende "volle maan weer goede vrienden zijn" (p.19). Carla bly met haar twee-weke verlof (volle-maan-verlof) vol onrus en angs oor Wim (p.21) en ry 300 km in die maanlig na hom toe (p.22). Sy volg nougeset die gang van die maan. Met volmaan swem die visse nie nette toe nie en dan besoek Wim haar (p.27). Op 'n staptog deur die digte oerwoud soek Carla na Wim in die reën en wanneer die maan agter 'n wolk uitskuif en die donker doodse landskap belig, is sy bewus van die feit dat hulle lééf.

Skakeling met waterbeelde dui op onderlinge verbondenheid. Vir Carla was Wim een eiland (p.8) toe sy hom leer ken het. Stuur sy briewe na Wim, is dit 'n brug vanaf haar bewoonde wêreld na sy eiland (p.26). Op p.78 praat sy van "ons eiland" waar sy en Frank gelukkig sou kon wees. Op konkrete vlak vorm Mboko die spil waarom Wim se verblyf in Afrika draai; vir hom is België 'n akwarium en Mboko 'n oseaan (p.14). Vir Carla is Wim 'n dolfyn in die oseaan. Sy gebruik hierdie beeld om aan te toon dat Wim 'n geslote, selfversekerde mens is. Sy sien ook nie kans om na België te gaan vir haar bevalling nie: "Gaat een moederdolfijn haar jong werpen in een aquarium?" (p.31). Wanneer Carla tussen hartstog en huwelikstrou rondgeslinger word en na Afrika terug verlang, herinner sy haar Wim se beskrywing van België as 'n akwarium: "een enge ruimte met fraai geschikte plantjes, [...] en scholen vissen, alles even kleurloos, neutraal onpersoonlijk..." (p.100). Carla ervaar Wim se afsydigheid as "kopstoten tegen de wand" van die akwarium (p.138) en in sy ouerhuis vind Carla sy akwarium leeg — vir twintig jaar al.

Daar is ook assosiasies met die son: Wim praat van Mboko as sy plekkie onder die son (p.14). Die verteller assosieer die son met Afrika as dit "helrood" opkom om haar liggaam in "een goed land" te verwarm (p.19). Aan die vooraand van haar gedwonge vertrek uit Afrika, weet sy dat sy nie weer die son oor die Tanganyikameer sal sien opkom nie en nie sy warmte op haar vel sal kan koester nie (p.86) — daarom "omkneld zij een handjevol warme, zwarte aarde" (p.89) asof dit Afrika was. Haar versugting dat daar geen son in België is nie (p.86), koppel sy aan die norme van afsydige vreemdheid en in haar moederland verlang sy na "mijn oerwoud, mijn Zon, mijn vrijheid" (p.100).

In teenstelling met die sonlig wat lig en lewe simboliseer, ervaar sy soms donkerte; sy kyk in 'n eindelose stikdonkere tunnel (p.95) en soms vergelyk sy haarself met 'n mol wat instinktief grawe. Sy is "verdomme geen mol" nie, maar 'n vrou van vlees en bloed, waarvan die hitte in haar

haar uitjaag uit haar tunnel uit (p.109). Die tunnelbeeld word weer op p.111 herhaal wanneer sy haar en Wim se kwaliteite met mekaar vergelyk "...ik heb in mijn tunnel nie volgehouden."

Die Kongo word ruimtelik beskryf as "een goed land; gelukkig zou ik hier moeten zijn, of tenminste tevrede"(p.19) en die natuurbeskrywings is bewustelik gekies om te funksioneer in die psigologiese toestand-van-die-oomblik. Daar word in die paar gevalle waar realistiese natuurbeskrywings voorkom, slegs kortliks daarna verwys soos byvoorbeeld die broeierigheid van 'n Afrika-nag (p.31) en 'n storm wat verrassend vinnig tydens die reënseisoen opsteek (p.80).

## 2.9

### Ten besluite

Mireille Cottenjé se oeuvre wentel om die verhouding man/vrou. In Dagboek van Carla (1968), Eeuwige zomer (1969) en Lava (1973) staan die vrou as vertellende hoofpersoon sentraal, iemand wat na die bevryding van 'n te knellende huweliksband streef. Van Hoeck (1978) merk tereg op dat Cottenjé "in de strijd voor vrouwenemancipatie in Vlaanderen" nie in die agterhoede veg nie. Cottenjé erken dat sy in Dagboek van Carla die realiteit geweld aangedoen het, maar in haar latere werk stel sy haarself aan die leserspubliek bloot: in De verkeerde Minnaar (1978), Met dertien van tafel (1978) en in haar bekroonde roman Muren doorbreken (1980), praat sy openlik oor seksuele vryheid en protesteer sy teen manlike oorheersing. In haar driemaal bekroonde kinderroman Het Grote Onrecht (1973), kritiseer sy die apartheidsbeleid van Suid-Afrika. Sy ontvang ook die staatsprys vir jeugliteratuur met Er zit muziek in de lucht (1980). Leenen (1983) beweer: "Zelden schreef een vrouw in het Nederlands zo openhartig, integer en gevoelig over zichzelf en anderen als deze Belgische schrijfster."

Met die verskyning van Dagboek van Carla sluit Mireille Cottenjé aan by die koloniale romansiers wat na die Kongolese drama van 1960 hulle emosionele belewenisse in prosa verwoord.

Cottenjé erken in 'n onderhoud dat tydens die vier jaar wat sy in die Kongo was, sy heelwat dagboeke geskryf het "...over wat er gebeurde en mijn evolutie." In die verwarring tydens haar vlug uit Kongo, het die optekeninge verlore geraak. Sy het besluit om dit te rekonstrueer en wou wat "onderhuids gebeurde was" neerskryf: "Ik begon maar werd afgeremd



door de herkenbaarheid van de personen. Tenslotte heb ik alles toch, zonder remmingen van die aard, laten uitbarsten, om het later te bewerken. In veertien dagen en nachten ontstond toen Dagboek van Carla." Schrijven is dan "essentieel terapeutisch" en "zichzelf wedersamenstellen, klaarheid verwerven in een uitzichtloze situasie, keuzevrijheid verwerven en zo genezen" (Geerts 1968).

In die "godverlaten" streek tussen Bukavu en Usumbura was die outeur blootgestel aan onder andere korrupsie, dwangarbeid, die "mission civilisatrice" en die onoorkomelike kultuurgaping. Net soos Carla het die outeur die Kongolese probeer ophef. Die missionarisse het haar inisiatief gesteun, maar die Belgiese regering het meer in die landbou-ontwikkeling belang gestel. Die oproep van die bepaalde historiese periode in Dagboek van Carla word deur die leser as 'n konkretisering van die gebeure ervaar. Struktureel steun die roman nie op die Kongo-geskiedenis wat tot wesentliche gegewe sou uitgroeï nie, maar wat hier dien as dekor vir die gebeure.

Die roman is "een puur ego-document:[...] alleen de vrouw is aan het woord" (Geerts 1968); die ander "party" kry nie 'n geleentheid om iets in te bring ter verdediging nie. Carla word egter nie eensydig gunstig geportretteer nie; daarvoor is die figuur van Wim te eerlik geteken: "Je bent altijd zo voorbeeldig, Wim. Altijd geweest. Als vriend, als minnaar, als echtgenoot, als vader, als patiënt nu. [...] Ik kan niet tegen je op, je verplettert me met je kwaliteiten, je eenzaam streven naar een voorbeeld zijn" (p.111). Daarteenoor staan Carla se smeekbede (toe sy "de ziekte van de bewuste mens" in haarself ontdek) aan Wim: "O Wim, Wim, lees Gibran, lees en herlees hem en wees méns. Wees méns, Wim" (p.184). 'n Mens kan wel die indruk kry dat Dagboek van Carla 'n bevrydende wegs krywe is van bepaalde skuldgevoelens, 'n pleidooi pro domo waarby die fout van die mislukking van hul huwelik voor die deur van Wim gelê kan word, altans gesien in die lig van die vryheid wat Carla bó alles wil behou, selfs ten koste van andere.

Cottenjé is al op 'n keer "een zeer onafhankelijk dier, dat niet gekooïd wordt" genoem. As alter-ego van die outeur veg die hoofkarakter in Dagboek van Carla ook haar "kleine oorlog" ter wille van haar drang na vryheid. Die betoog word aangedryf deur 'n verbete eerlikheid. Die pleidooi is verbeeld in die struktuur en opset van die roman; dis 'n boek as vrug van 'n bittere mislukking en misrekening van verwagtinge, maar dis ook 'n losprys vir smart en selfregverdiging. Die roman bevat enkele

boeiende uitsprake wat, vanuit die motief van die individuele stryd vir vryheid van die vroulike hooffiguur, lig werp op die problematiek van die kolonis: "Ik had het me allemaal zo heel anders voorgesteld. Een Florence Nightingale zou ik zijn, een geliefde vriendin tot wie ze zich zouden wenden met hun zorgen en leed. Maar een muur staat er, tussen hen en mij, tussen hun wereld en de mijne. Iedere dag opnieuw slaan mijn illusies stuk tegen deze muur. En nog: Hoe moeilijk was de ontmoeting blank-zwart. Hoe weinig kende, hoe weinig begrepe we elkaar. Na al die jaren" (pp.13-14).

Vir die verteller is die dekolonisasieproses van die Kongo 'n traumatiese ervaring. Wanneer sy besef dat sy die Kongo noodgedwonge moet verlaat, hamer dit in haar kop: "Het is onmogelijk, onmogelijk" (p.86). Sy sou nie haar ideaal van die paternalistiese beskawingspolitiek waar sy haar veral op materiële en mediese sorg toegespits het, kon verwesenlik nie. Hierdie verskuiwing beteken ook die verlies van haar geliefde Mboko Yetu en 'n heraanpassing in Europa.

Jaap Joppe (1968:290(b)) noem Dagboek van Carla "Een roman, die balanceerd op de rand van leesvoer en waardevoller literatuur: de lezer aarzelt, leest en herleest — er zitten flarden van inzicht in die roman, de opzet en de politieke en levensbeschouwelijke achtergrond zijn intrigeren, er zit veel hysterische mooischraverij in." Die roman word egter onherroeplik na die afdeling "leesvoer" verwys: "een vrouwenroman voor dames."

Die aard en waarde van die insig wat uiteindelik in die samehangende patroon van Dagboek van Carla gehuisves is, word in die netwerk van gebeure, uitsprake en idees gevind. Die leser kan verbande skep en betekenis gee aan die feitelike gebeure in die roman. Weliswaar bekyk die verteller die onafhanklikheidsgebeure van 'n kantlyn af, maar die langtermyn gevolge van kolonialisme word duidelik uitgespel: dit raak die persoonlike lewe van die mens.

## HOOFSTUK 3

### DAISY VER BOVEN: MAYANA (1974)

#### 3.1

#### Intrigeverwikkeling

Die primêre verhaalgewe in Mayana is die van 'n jong Kongolese meisie se ervaringe tydens die Belgiese koloniale teenwoordigheid in Afrika. Dis in die eerste plek 'n verhaal van mense: dis die lot van drie mense wat dieselfde lyk, maar tog altyd weer anders is, omdat hulle handeling die bevestiging bring van hul verskil in afkoms, in ras en in hul leefwêreld. Die flapteks tipeer die situasie deur middel van 'n beeld van "drie sirkels die elkaar naderen, raken,'snijden'." Dis mense met eerbied en bewondering vir mekaar en 'n sterk sin vir reg en geregtigheid, maar wat elk in sy eie "wêreld" sit; die swarte is vasgevang in sy primitiwiteit; die blanke is vir die swarte onberekenbaar in sy reaksies en onbegryplik in sy (Westerse) denke.

Mayana is die naam van 'n vyftienjarige meisie (ndumba) uit die Muvila-clan wie se lewe verstrengel raak met dié van 'n veel ouer blanke rubberplantasie-eienaar, naamlik Bert Jacobs. Laasgenoemde besoek af en toe sy vriendin Marian Robert, weduwee van 'n vroeëre vriend wat 'n florerende besigheid in die stad opgebou het. Die drie karakters kan mekaar op beslissende momente, veral met die onafhanklikheidswording van die Kongo in volle gang, nie geestelik vind nie en elk gaan uiteindelik sy natuurlike bestemming tegemoet.

Mayana is deel van 'n familie in die platteland waar die verbondenheid aan die clan-lewe, bygelowe en rituele 'n groot rol speel. Haar pa Mpuyu koester hoë ideale vir sy dogter en hy neem haar saam stad toe om daar vir haar 'n ryk man te gaan soek. Op pad daarheen besoek hy vir Bert Jacobs met wie hy besigheid praat. Jacobs voel aangetrokke tot Mayana en "beveel" haar om met hom gemeenskap te hê. Sy besluit om by Jacobs aan te bly. Nsamba (die kok) en sy vrou Teresa is haar aanvanklik nie goedgesind nie en sy ervaar tussen Jacobs se vriende die diep kloof tussen swart en blank. Hier hoor sy ook vir die eerste keer van die "dipenda" maar sy begryp nie die slagspreuke van die évolués nie.

Mayana word oorweldig deur die stadsdrukke toe Jacobs haar op 'n keer saamneem. In haar pa se kroeg voel sy tuis tussen Jozefien (haar pa se

bywyf) en Sylvain, 'n vriend van haar pa. Sy voel ongemaklik toe Jacobs en sy vriendin Marian ook daar opdaag. Die lang dae op die plantasie raak mettertyd vervelig en Mayana wonder of 'n kind 'n oplossing sal wees. Sy voel skuldig omdat sy nog nie swanger is nie: "Zoveel manen al had zij bijna dagelijks omgang gehad met een man" (p.83). Sy raak egter gewoond aan die bedrywighede rondom die rubberplantasie en -fabrieke en sy aanskou Jacobs se woede toe 'n werker hom dreig. 'n Sterk ondertoon van die politieke spanning wat op hierdie tydstip in die Kongo aan die gang is, is voelbaar. Jacobs is bewus daarvan dat politieke partye ledekaarte aan sy werksmense verkoop.

Mpuyu besoek Jacobs en is beïndruk deur die voorkoms van sy dogter. Mayana wil aan Jacobs vertel dat sy wel swanger is, maar sy besef dat hy nie van háár 'n kind wil hê nie. Sy wil hom voorberei op die nuus en skimp deur te sê: "Als ik een kind had, [...] dan was ik geen vrouw alleen meer" (p.97). Jacobs is hewig ontsteld en sy ontken haar swangerskap omdat sy bang is dat hy haar sal verwerp. In haar binneste weet Mayana dat Jacobs haar kind gedood het, "zoals tovenaars kunnen doen, met één enkele speldeprik in een fetisj" (p.98). Sy steel geld uit Jacobs se winkel om die ngangadjoloko (kruiedokter) of die nganga (toordokter) te kan betaal vir 'n aborsie. Sy is egter vol wroeging: hoe kan 'n dogter van Nto uit die Muvila-clan steel? Was 'n man dit werd? Op pad na die sendingstasie in Koto beland sy en Jacobs in 'n motorongeluk en sy verpleeg die sterk man met die dubbele lewenskrag van 'n vrou wat "een kind draagt." Jacobs skel haar uit as 'n krenge, 'n hoer en 'n smerige negerin toe hy ontdek dat sy die geld wat vermis word, gesteel het. Hy rand haar in sy ontsettende en onredelike woede aan en sy verloor haar kind. Sy vlug na Nto en word daar liefdevol deur haar ma en die clanmoeders versorg. Die hulp van die nganga word ingeroep om die gevolge van die miskraam te genees.

Mayana se oudste broer daag onverwags by die stat op en hy probeer haar van haar lusteloosheid te bevry. Kafundu se vriendin en Mayana raak hegte vriendinne en sy word weer die vrolike water- en houtdraertjie saam met Yaninga. Mayana vermy egter enige gesprek waarin gepoog word om haar belangstelling in mans aan te wakker. Nto glo dat 'n vrou wat begeer word, selfvertroue besit. Mpuyu verwyf sy dogter omdat sy Jacobs verlaat het, maar haar lusteloosheid laat hom wonder of Jacobs haar nie dalk mishandel het nie.

Hy hoop dat Mayana in die ryk Sylvain, wat 'n goeie bruidskat sal kan betaal, sal belangstel. Die hele clan is bekommerd oor die jong Mayana wat nie wil trou nie. Die hulp van die ngo mukubwe (’n trommelstok) word ingeroep, maar die rituele "behandeling" werp nie vrugte af nie. Mayana bly onrustig. Jacobs daag onverwags by Nto op; sy ontvang hom koel en beleefd, maar weet waarvoor hy gekom het: "Hij, de grote blanke, moest toegeven dat een kind van het dorp in zijn bloed een brand ontstoken had, die hij niet blussen kon" (p.136). Wat Mayana in Jacobs se oë lees "jaag een rilling door haar leden" (p.137); die dorp en sy mense is nie meer van belang nie. Vir die eerste keer soen Jacobs haar (iets wat vir Mayana onmoontlik gelyk het), en hulle raak versoen.

Sedert die onafhanklikheidseise met "reuzenschreden op hen afkwam" (p.143) is die blankes meer aangewys op mekaar en die vroue word na hul moederland terug gestuur. Jacobs neem Mayana nou meer dikwels saam stad toe en moedig haar aan om die tydjie saam met haar mense te geniet; veral koester sy haar in Sylvain se bewondering vir haar. Op 'n keer word Mayana deur Marian binnegenooi in haar huis en Mayana vind in haar 'n goeie vriendin; sy voel egter uitgesluit as sy merk hoedat Jacobs Marian met teerheid aankyk.

Intussen verhewig die politieke konflik in die Kongo — die Kongolese raak meer aggressief en die blankes vreesbevange: "Toen was, geruisloos sluipend als de luipaard in de nacht, die vreemde onrust over hen gekomen, over hen allen, blank en zwart. Waar kwam zij vandaan?" (p.188). Mayana voel ontuis in Jacobs se huis met die "vreemde naargeestige" atmosfeer. Mayana het verneem dat die "dipenda" aan die gang is, maar voel teleurgesteld dat nog niks drasties verander het nie. Mayana se status as "vrou van de blanke" daal vinnig; sy is bekommerd dat Bongonyo (Jacobs) die Kongo sal moet verlaat. Kafundu (leier van die tweede onafhanklikheidsbeweging) daag onverwags by die plantasie op met die versoek dat Mayana moet terugkeer na haar dorp. Ten spyte van die feit dat hy haar oortuig dat alle blankes die Kongo sal moet verlaat, besluit sy om by Jacobs te bly. Hy vertel haar ook van die rebelle-aanval op Jacobs se vriende en dat hulle deur Kabuiko vrygelaat is. Sy verswyg haar meerdere kennis teenoor Jacobs. Mayana se vrese oor die swartes se wraak word bewaarheid; sy praat haar mond verby deur te sê dat dit nie Luevo was wat hulle vrygelaat het nie. Jacobs vervloek haar en haar hele geslag. Mayana vergesel Jacobs toe hy sy rubber in die stad gaan aflaai en sy benut haar kans om stilletjies langs 'n stopstraat af te klim, en haar by Sylvain aan te sluit.

Oral word op tasbare wyse kennis geneem van die gevolge van dekolonisasie: Jacobs word verhinder om geld uit die bank te onttrek; Marian se kinders is Europa toe gestuur; Sylvain sorg dat hy die blankes wat die land verlaat, se motors goedkoop in die hande kry en begin 'n vooruitstrewende taxi-bedryf; Mayana kan die luukse van 'n blanke se huis (wat deur Sylvain gehuur is) saam met hom geniet as sy by hom gaan kuier; Jacobs word aangesê om op bevel van die nuwe distrikskommissaris 'n vragmotor aan die propagandagroep van die party af te staan; oral word gruwelverhale oor blankes wat vermoor word vertel; Jacobs versteek as ontvlugtingsmoontlikheid 'n motorfiets in die bosse weg; sy huis word deursoek en besteel en een van sy vragmotors verdwyn. Jacobs verneem dat sy vriende in Bompambi vermoor en verbrand is; Kapita Samueli word as "chef" op die plantasie aangestel en Jacobs betrek een van die werkershuise.

Jacobs verlang steeds na Mayana se sagte veerkragtige liggaam wat altyd binne bereik was. Nto, wat pas geboorte geskenk het, weier om hom te woord te staan toe hy na Mayana gaan soek. Mayana is intussen met Sylvain getroud en wanneer sy vir Jacobs in 'n nagklub raakloop, is sy steeds bewus van sy manlikheid en wens dat hy haar in haar nuwe status en voorkoms as vróú sal raaaksien. Sy vertrek na Nto se hut vir die geboorte van haar kind. Haar mense is bekommerd: die jongmanne "leefde in het bos" om voor te berei vir die tweede en "regverdige" onafhanklikheid. Mayana se jonger broer Pululu vergesel haar in haar hoogswanger-toestand na Kafundu en sy voel tot in "haar ziel betrokke" (p.286) by die rebelle omdat sy besef dat iets met die "dipenda" verkeerd geloop het. Jacobs word gevange geneem en hy vrees die "barbaarsheid" wat geen grense ken nie, as hy aan Kommandant Ka (Kafundu) uitgelewer sal word. Mayana se amulet wat as herkenningsteken van die vryheidsvegters dien, gee haar toegang tot die rebelle-leier waar Jacobs gevange gehou word. Sy oortuig die rebelle dat sy die gevangene sal neem na waar hy moet wees. Jacobs vind sy versteekte motorfiets en by die uitgebrande opstal wonder hy wat van "sy" mense geword het. Hy bereik die stad veilig en Marian erken dat sy hom liefhet en dat sy vir hom gewag het sodat hulle saam Europa toe kan vertrek. Jacobs word as gevolg van vroeëre verwaarloosde malaria-aanvalle vir ses weke in die hospitaal verpleeg. In sy koorsdrome roep hy baie na Mayana en Marian. Jacobs is terdeë bewus van Mayana se geluk saam met Sylvain toe hy haar finaal gaan groet. Sy sê: "Je doet er goed aan te vertrekken" (p.331) toe hy haar meedeel dat hy en Marian die volgende dag na Europa vertrek.

Die verhaalverloop in Mayana val op deur 'n eenvoudige en 'n natuurlike vanselfsprekende reglynige opbou. Die ordening is afkomstig van 'n verteller wat nie soos in die geval by Dagboek van Carla en Afscheid van Rumangabo, self 'n karakter in die verhaal is nie, maar 'n instansie is wat van buite af optree. Die feit dat die roman verdeel word in hoofstukke en afsonderlik genommer is, dui aan op ordening en manipulasie wat binne die verhaalstruktuur plaasvind. Die verhaal word binne die spanningsveld wat as gevolg van die gebeure rondom die onafhanklikheidsproses van die Kongo ontstaan, opgebou. Hoofstuk na hoofstuk gebeur daar iets wat die leser motiveer om verder te lees. Die karakters word mettertyd lewendige mense en die leser vereenselwig homself met hulle lot en volg die geskiedenis, soos een resensent dit stel, vanuit twee oogpunte: "Wat er eigenlijk in Congo in detail gebeurde en welke mensen hier leefden, stierven en 'overleefden'." Die koloniale ruimte bepaal dus die aard en duur van die handeling. Die stryd teen die koloniale juk lui die doodsklok oor die Belgiese imperium en 'n definitiewe punt is geplaas agter die byna honderdjarige koloniale oorheersing.

Net soos in die geval van Afscheid van Rumangabo word ook by Mayana die skrif aan die muur nie betyds ontsyfer nie. Jacobs is vasbeslote om met sy werk in Afrika voort te gaan en hy skop vas teen die politieke prikkels. Uiteindelik moes ook hy swig voor die druk van die swart massa se kreet om bevryding. Handelingselemente en -fasette dra by tot die voortstuwung na die einde toe en die leser kan die storie/geskiedenis chronologies en logies rekonstrueer.

Sommige resensente meen dat Mayana miskien nie genoegsaam roman geword het nie en te veel — hoe boeiend dan ook — 'n relaas gebly het; die "gebeurtenisse" word nie tot 'n dramatiese geheel verwerk nie en die tragiek word nie genoeg deurgrond om die siel van die karakter Mayana in diepte te kan peil nie. Van de Moortel (1980) se opinie is dat die verhaal boeiend vertel is met eenvoudige middele — Ver Boven skryf ontspannende lektuur "zeer vlot en zwierig".

### 3.2

#### Die roman as tydsdokument

*The colour of our skins may be different, but the colour of our sins is the same.*

- Arthur Kandoereka, aangehaal deur Alec Smith ( Now I Call Him Brother )

Mayana kan duidelik geplaas word binne die raamwerk van die koloniale literatuur. Die inhoud van die roman handel oor die herkenbare problematiek van voor, tydens en direk na die onafhanklikheidswording van die voormalige Belgiese Kongo. Die reële outeur se jarelange verblyf in die Kongo (vanaf kort na die Tweede Wêreldoorlog tot 1960) gee aan haar die ervaring om met 'n kennersoog na die Kongo-realiteite te kyk. Volgens Coolsaet (1974:50) is die roman objektief — dit gee 'n "georchestreeerde versie van de sociale realiteit" weer en benadruk die dokumentêre karakter van die boek. Die kousaal-chronologiese rekonstruksie van die verhaaldebeure bring mee dat die omstandighede waarvan in Mayana vertel word nie ooreenkomste met die tyd waarin die roman gepubliseer is vertoon nie, maar staan te midde van die koloniale era van hewige politieke woelinge rondom die onafhanklikheids-toekenning van België aan die Kongo — dus veertien jaar voor die publikasiedatum van die teks.

Alhoewel die leser die koloniale werklikheid herken, word nie 'n volledige weerspieëling van die werklikheid gegee nie. Word gekyk na die inhoud van die roman, kan moontlik geredeneer word dat dit nie meer relevant is nie omdat die politieke situasie in die Kongo heeltemal verander het na dekolonisasie. Woorde uit die mond van 'n Kongolees soos: "Nee tata, vadertje, zó zal de dipanda niet zijn" (p.114) en die gevoel dat die Belgiese regering die blankes in die Kongo in die steek gelaat het, is tydgebonde. In die laat vyftigerjare was minister Van Hemelrijk tereg beskuldig: "Ge hebt ons aan de Afrikanen verkocht" (Schalbroek 1986:108). Hierdie beskuldiging word ook duidelik in Dagboek van Carla en Afscheid van Rumangabo gehoor. Die feit dat Mayana (wat omtrent vyftien jaar na die onafhanklikheidswording verskyn) in 1980 herdruk is, beklemtoon egter dat die teks meer as slegs die literêre-historiese waarde as tydsdokument besit. Soos 'n resensent opmerk: dit het "niets van zijn levendigheid verloren." Die blywende waarde lê in die artistieke ordening — alle sosiaal-politieke gegewens is met behulp van 'n taalspel in die roman verweef. Hierdie literatuur is waar omdat dit wat aan die leser gekommunikeer is, deur die bouvorm aanneemlik gemaak is en dis geloofwaardig omdat die roman deur sy struktuur oortuig.

Mayana speel dus af teen die agtergrond van die ontvoogdingspolitiek van die Kongo; 'n vertelling waarin Mayana ('n swart meisie uit die Muvila-clan) en Bert Jacobs ('n kolonis en eienaar van 'n rubberplantasie) as hoofkarakters optree. Met die viering in Oktober 1958 van die



vyftigste herdenking van die oornam van die Kongo deur België, neem die politieke onsekerheid oor die toekoms van die Kongo toe. Minister Van Hemelrijk se opvatting dat die Kongo eers oor vyftien tot twintig jaar in staat sal wees om homself demokraties te regeer sowel as sy vele ander dubbelsinnige verklarings, ontgogel die Kongolese nasionaliste. Meer en meer radikale eise word gestel, die situasie in die Kongo raak steeds meer gespanne en Leopoldstad word 'n politieke en sosiale kruitvat. ABAKO (Alliance des Bakongo) en die M.N.C. (De Mouvement National Congolais) besluit om verkiesings te boikot; België weier om tot dialoog oor te gaan en baie nasionale leiers verloor vertroue in die Belgiese regering. Met die Ronde-Tafel-konferensie vroeg in 1960, eis die Gemeenskaplike Front onmiddellike onafhanklikheid. Lumumba tree met die algemene verkiesing as M.N.C.-leier as oorwinnaar uit die stryd en op 30 Junie 1960 word die Kongo onafhanklik verklaar. Paniek breek los met die eerste berigte van verkragting en plundering en duisende Belge sou in die volgende dae die Kongo verlaat.

In en deur die koloniale blootstelling word die verhouding swart/blank (vergelyk paragraaf 1.1.4.5#6) as gevolg van twee wêreldes wat nog sterk van mekaar geskei is, vertroebel. Hardy (aangehaal deur Coolsaet 1974:115) beweer dat deur die optrede van die *évolué* in Ver Boven se De rode aarde die aan onze harten kleeft (1962) "deze neger nog in de grond toch dichter bij het oerwoud dan bij de beschaving staat." In Mayana word die kontak tussen twee verskillende kulture en leefvorme deur die reële outeur in 'n geslaagde literêre vormgewing vergestalt. Ver Boven slaag daarin om die verskillende leefwêreldes van die kolonis en die Kongolees in die verloop van die verhaal met groot deernis en begrip uit te lig. Die wêreld van die blanke en dié van die swarte groei egter moeisaam na mekaar toe.

### 3.2.1

#### **Die kolonis (koloniseerder)**

As magsentrum word die Westerse kultuur deur die Europeër as onaantasbaar beskou en hierdie siening word in die superioriteitsgevoel van die blanke gehuisves. Volgens Sylva de Jonghe (1938:21) beskou die kolonis "zich als de meester van het inlandsch ras, door zijn superioriteit van geest en beschaving en — o, die color-bar — van gelaatskleur [...]. Doordat hij zich niet snel genoeg in de mentaliteit der inboorlingen in kan werken, blijft hij hen als minderwaardige wezens

beskouwen en behandel." In die oë van die tradisionele swartman bly die kolonis "de groote fiticheur" wat onder andere "zonder fetisjes of amuletten de menschen kan genezen" en "met een betooverd ijzeren roer de menschen en dieren kan neerbliksemen."

In die koloniale era was dit algemene gebruik dat blanke mans hul die reg toeëien om 'n swart vrou as bywyf aan te hou (paragraaf 1.1.4.5#3) (volgens hierdie tipies koloniale cliché, leef Jacobs met sy swart bywyf, Mayana). Swart meisies is nie daarvan weerhou om met blankes omgang te hê nie (p.43). Die "bijzit" of ménagère word beskryf as "een noodzaaklijk kwaad" wat die blanke moet dien en aan hom seksuele genot moet verskaf (Bogers en Wymeersch 1987:100). Muvila laat haar verlei deur 'n Portugese handelaar (p.8) en Jeanne word die "bijzit van een blanke vrijgezel" (p.9). Mayana besef dat sy as "een basendij-meisje" nie 'n keuse het as Bert Jacobs haar tot seksuele verkeer dwing nie; maar sy weet ook dat 'n blanke man ook maar 'n man is en daarom "ging zij hem voor..." (p.37). Claude Laurentis vergryp hom aan seksuele bedrywighede met swart vroue en as sy vriendin 'n baba verwag, verseker sy pa hom: "Zo help je het ras verbeteren" (p.46).

Die blanke word onder andere soos volg deur die oë van die swartman gefokaliseer: blankes is volgens Mayana, "eigenaardige wezens" (p.15); hulle koop die "gekste dingen" net omdat dit van Afrika afkomstig is en omdat hulle te veel geld het (p.11). In die dorp "word vaak spottend over ze gesproken. Er werd gelachen om hun rare gewoonten, hun onbegrijpelijke taboes" (p.64). Mayana se pa beskou die blankes as "vreemde wezens, die mensen uit Mputu" (p.96) en Jacobs se kok gee ook sy opinie: "Ook een blanke is maar een man die luistert naar wat de vrouw bij wie hij slaapt, hem influistert" (p.56). Oorhandig Mayana se pa 'n geskenk aan Jacobs (waarvoor die blanke moet betaal) weet Mpuyu dat die blanke dit so bepaal het om sodoende nie 'n verpligting teenoor die swartes te hê nie (p.93). Ná haar lewe saam met 'n blanke, wil Mayana se vriendinne weet: Was dit waar dat 'n blanke "de gekste dingen van je eisten" en "dat zij niet besneden waren" en dat blankes se sekslewe deur "wrede wetten en taboes" beheer word? (p.120).

Dat die blanke man veel onbegrip teenoor 'n swart vrou toon, blyk duidelik uit die volgende voorbeelde: Mayana weet dat die blanke "haar niet doorzien" (p.41); sy is slegs 'n seksmaat vir hom; "hij wist niets van haar." Die swartes is soos rye danseresse: "Wie zijn plaats verlaat, wordt gedrongen en niet gemist" (p.57). Jacobs het Mayana nog nooit oor haar

agtergrond uitgevra nie en dis vir haar onbegryplik dat jy kan lewe sonder wortels in die grond van die verlede (p.58). Die dryfvere en taboes is vir haar onbekend; Jacobs is "geheimzinnig en ongetemd" — soos 'n vuur in haar hut (p.83). Haar Kongolese vriend Sylvain se gevoel vir haar is "eenvoudig en bevattelijk"; hy is trots op haar omdat sy uit die Muvilan-clan kom; hy sal vir haar bruidskat betaal, maar sy ken nie Jacobs se hart nie: "Kan een zwarte het hart van een blanke mens doorgronden?" (p.171).

Volgens die paternalistiese ideologie word ten opsigte van die gekoloniseerde die mantel van die naasteliefde voorgehou, maar Mayana ervaar en aanvaar die afstand wat tussen haar en die blanke behou word en ook die feit dat die swarte 'n minderwaardige wese is: die swart meisies word saans, terwyl hulle dans, 'n "muntstukje in de hand" gestop (p.48); Jacobs se geweer word gewilliglik deur Mayana gedra (p.60) en sy soek die agterplaas op wanneer sy vir Jacobs by sy vriende vir hom moet wag. Die gebiedsbeampte Reynders byvoorbeeld, "duld geen zwart grut" in sy huis nie (p.60) en wanneer hy op Mayana skel, lag hulle haar "ten spot" (p.60). Mayana, wat nooit, behalwe met Jacobs en die "masele" van die sendingskool met blankes gekommunikeer het nie, voel minderwaardig tussen Jacobs en sy vriende (p.61) en sy wonder soms of Jacobs vir haar skaam is omdat hy haar meestal tuis laat wanneer hy stad toe gaan. Reynders se kok vra aan Mayana: "Moet je buiten blijven als een schurftige hond? In zijn bed lust hij je wel, hé?" (p.61). Hy spoeg in die sop wat hy moet bedien, maar weet dat "als nikker trok je altijd aan't kortste eind" (p.62). Diep in haar hart weet Mayana dat die blik waarmee Reynders haar aankyk, beteken dat hy haar 'n eer sou aandoen indien hy haar sou verkrag (p.63). Toe Mayana dit regkry om Marian (Jacobs se vriendin) spontaan as "mevrouw" aan te spreek, ontstaan daar tussen blank en swart 'n solidariteit (p.171). "Noem my Marian" sê sy aan Mayana na die onafhanklikheid (p.273); maar Mayana voel steeds ongemaklik in die teenwoordigheid van die blanke: die "snoeshane" van die UNO noem haar "madame", maar wat van die blankes wat haar ken? (p.267). Die ingeburgerde meerderwaardige houding skemer deur wanneer Marian instinktief reageer met 'n gebaar van afkeer ("ik kleren aantrekken die een negerin om het lijf gehad heeft?") toe Mayana haar vra of sy haar paan (romp) wil aanpas (p.168). Tog hinder dit Marian as die blanke "ononderbroken beledigingen debiteerde" toe sy opmerk hoedat Jacobs vir Mayana in haar teenwoordigheid nie direk aanspreek nie (p.169). As Jacobs op 'n neerbuigende toon vra hoe Mayana (as die vrou van Sylvain) met haar luukse huis in die stad, daarna sal kan aanpas

in haar ma Nto se hut, lê in haar antwoord: "Dat kunnen wij, zwarten" die hele geheim "dat zij niet verder onthulde" (p.331). Veral met die verspreiding van die onafhanklikheidsbelofte, groei die aggressie van die swarte jeens die blanke. Teresa (Jacobs se kok se vrou) kyk met 'n blik vol van " 'n mengeling van bewondering en haat" na hom (p.34) en die vriendin van Mayana se pa waarsku haar dat 'n verhouding met 'n blanke nooit lank duur nie (p.72) — sy moet van hom weggaan vóórdat "hij je een buik maakt" — sy toon haar veragting deur tradisie-getrou op die vloer te spoeg. Sylvain besef dat geen swart jongman met 'n blanke kan wedywer nie en hy waarsku Mayana dat ná die onafhanklikheid "gaan de blanke eruit; je beter een zwarte man nemen..." (p.77).

### 3.2.2

#### Die inlander (gekoloniseerde)

Die blootstelling aan veelsoortige kontakmoontlikhede en onderlinge kontak is dikwels 'n bron van misverstande. Bedoelinge en oorsake en die agtergrond van 'n bepaalde handeling van die "andere" word dikwels verkeerd geïnterpreteer, deels omdat die Europeër die vreemde kultuur deur sy eie "bril" en sy eie norme-sisteem bekyk (paragraaf 1.1.4.5.#6).

In Mayana word die swarte egter nie voorgestel as "vrezelijke barbaren die alleen maar met de genadeloze wet van de wildernis leven, waar het recht van de sterkste altijd zegeviert" nie. Die geïmpliseerde outeur kyk met objektiwiteit en begrip na die "anders-zijn" in die swarte se gebruike rondom onder andere geboorte, puberteit, huwelik, dood, psigologie, magies-religieuse rituele, danse, politieke stelsels, verwantskapstrukture, drome en visioene. Die Afrikaan se sedes en gewoontes word gerespekteer en daar word gevra vir begrip by die blanke leser vir die kultuuruitinge en leefwyse van die swarte.

Vandat Mayana "maar een dreumes was" en skaars kon loop, moes sy omsien na haar jonger broer (p.8); sy word gewaarsku dat 'n ongehoorsame kind se gees na haar dood vir ewig tussen die lewendes sal rondswerf (p.7) en saans sluip die geeste van die dooies agter die hutte rond (p.24). Vir Mayana is haar pa Mpuyu 'n vreemdeling; meisies is vrouesake (p.19); sy groet hom uit eerbied met 'n ligte kniebuiging (p.22). Sy eet buite saam met haar ma Nto, terwyl die seuns na hul besnydenis in hul pa se hut hul voedsel nuttig (p.19). Niemand neem aanstoot as 'n buite-egtelike kind verwag word nie — dis immers 'n teken van vrugbaarheid (p.8); 'n kinderlose vrou is "soos een lekke kalebas..." (p.9). Liefde, huwelik en seks is nie taboe-onderwerpe onder die vroue nie

(p.14). Mayana is spyt dat sy nie die kruie van die ngangadjoloko besit om 'n vrou te help om die man van haar keuse se hart te verower nie (p.37). Haar vriendin Yaninga pluk kruie vir die "zoete geur" om Mayana se broer, Kafundu, dronk van hartstog te maak (p.122). Yaninga se gevulde, reeds afhange borste is 'n bewys dat ook haar kinderhart "gevalle" was en sy nou gereed is vir moederskap (p.123). Mans staan weer ure met gespreide bene bo-oor die rook van 'n smeulende tchibambawortel voordat hulle 'n vrou "van zijn keuse benaderden" (p.166). Vir Mayana is dit vreemd dat blankes enige tyd van die dag stort; "zwarten wassen zich als het te pas kwam" (p.66); sy is bly dat Jacobs nie ruik na die "griezelige lijkgeur" van sommige blankes nie.

In begroetings soos die gewone afskeidsgroet "sterkte zusje!" word 'n persoon lewenskrag toegewens (p.20) en die tradisionele groet "Heb je levenskracht, mijn kind?" (p.28) getuig van wedersydse respek. Nto seën-groet haar dogter met dié woorde: "Word sterk en verwerf al wat je goed is" nadat sy Mayana se voorhoof met 'n mengsel van "basangablaren met witte klei en heilzame nkisi" gesmeer het — sy spoeg ook driemaal oor Mayana se hoof en raak haar linkerskouer aan (p.29).

Beïnvloeding deur die blanke se gewoontes is onder andere merkbaar as Mayana die "kostbare" seepskuum van haar liggaam afspoel in plaas van om dit in haar liggaam in te vryf; ná haar lewe saam met 'n blanke kan sy nie anders nie (p.124). Haar pa het die "komfortabele dinge van die blanke beskawing oorgeneem" en is nie meer tevrede met enige tradisionele bruidskat nie (p.13); in die stad betaal hulle met "klinkende munt". In die stem van die werker wat aan Jacobs 'n jobstyding bring, hoor hy iets van: "[...] maar je ziet wel dat ook blanken niet ontsnappen aan de fataliteit en de loeren van geesten of van hen die hen kwaadwillig zijn" (p.86). Ook in Mayana sluimer soos in Nto en soveel generasies vroue van die Muvila-clan, die latente minagting vir die man se "mannelike verwatendheid, voor zijn naïviteit, zijn gebrek aan doorzicht" (p.57). Mayana se mama loendombi (inwydingsmoeder) het haar geleer om 'n man tydens geslagsverkeer eerbiedig te behandel; "geen vrouw mag ooit het geslacht van een man uit haar liggaam verwijderen, zoals zij de maniokwortel rukt uit de grond" (p.42). Daar rus soveel taboe's op 'n swanger vrou en as Jacobs haar swanger moeder en haar hele clan vervloek en beledig, ontstel dit Mayana hewig (p.212); Nto sit na die geboorte van haar kind weke aaneen in haar hut, bang dat 'n "kwade oog" op haar kind gerig sal wees (p.245). Teenslae, dood en siekte word magies geïnterpreteer; die lewenskrag van die stam tree teen

die slagoffer op.

Interessante rituele word deur die geïmpliseerde outeur aan die leser bekendgestel: Mayana se vriendin Jeanne kan nie swanger raak nie en word vir drie mane onderwerp aan die nganga (toordokter) sodat hy die vloek wat op haar rus, kan verslaan. Wit klei word oor haar naakte liggaam gegooi en sy moet rou vleis eet sodat die geeste deur haar liggaam gevoed kan word en hulle nie langer die ongebore vrugte in haar skoot hoef te eet nie (pp.26-27). Ná Mayana se miskraam het daar moontlik 'n blanke gees van die kind in haar agtergebly en die hulp van die nganga word ingeroep: hy prewel besweringe, stop blare tussen haar vingers en maak drie klein "inkervingen" op haar voorhoof, strooi poeier daaroor en dryf die koors uit haar liggaam met nat doeke (p.120). (Op 'n keer het Mayana gewonder wat sy in die stad moes gaan maak, want al die verstand van "alle blanken saamen" kan nie opweeg teen die kundigheid van één ngangadjoloko nie (p.28).) Nto wis van " 'n remedie voor iedere kwaal" toe Mayana haar lewenslus en verlange na 'n man verloor het; sy moes "paren aan de ngo mukubwe" — dis 'n trommelstok wat, as dit in vrou se liggaam gedruk word, "dagen en zelfs weken" 'n prikkelende gejeuk veroorsaak (p.129). (Na haar verblyf by 'n blanke, kom Mayana in opstand teen hierdie tradisionele gebruike.) Hierdie seremonie geskied op 'n maanlose nag. Word Mayana se verlange nie opgewek nie, glo Nto dat Mayana se wil en die gees van die blanke te sterk is (p.134).

Ver Boven se noue kontak met veral die swart vroue, het haar in staat gestel om veel te wete te kom oor die "riten, de besnijdenis en tatoeëring bij de jonge meisjes, het waarom van dat alles.... Maar ook over de infeksies die er mee gepaard gingen, en de afschuwelijke pijn, die gelaten aanvaard werd omdat het nu eenmaal zo hoorde. Toch vertelde ze mij niet alles. Ergens werd een grens getrokken...", aldus die outeur (Demedts 1976:365). Die tatoeëring waaraan alle jong meisies hul moes onderwerp, geskied vroegoggend wanneer die geeste hulle teruggetrek het en die meisies die pyn minder ervaar as hulle "slaapdrunk" is (p.131). ("Die loendombi van hulle clan kende de geheimen om de geslachtorgane van haar pubere meisjes, zo te tatoeëren dat zij een man wellust konden laten ervaren als geen anderen" (p.139).) Die insnyding word met behulp van 'n skeermes of met 'n vlymskerp "etube-mes" gedoen en die oopgerekte wonde met rubbersap of met warm as behandel. Word die wonde septies, waag hulle dit nie om na 'n sendinghospitaal te gaan nie — daar word hulle "uitgekafferd en gedreigd met hel en gevangenis"

(p.131). "Een blanke begreep dat niet!" sê Mayana as Jacobs hierdie ritueel skerp veroordeel (p.130).

Tydens die tweede onafhanklikheidsperiode moes die ou manne hulle rebelleier Kafundu bystaan omdat hulle die towermiddels besit wat die jong rebelle so dapper soos 'n leeu sal maak (p.283) en Mayana se loendombi inspireer die jongmanne deur 'n klei-en-water-seremonie waar te neem (p.284). Die ou langoma (die towernaardanser) en sy trawante staan wantrouig teenoor Kafundu wat "mayele" (die kennis van die blanke) besit, want dis onmoontlik dat 'n jongman die wysheid van 'n ouer persoon kon vergader het. Sylvain is bang dat sy rykdom die argwaan en jaloesie van sy mense sal opwek en daarom gaan hy na Lipopo om die Wanza ("een dik kluwen gevlochten lianen") en die clanvaders se seën en sterkte te vra. Sylvain moes onder andere driemaal op die Wanza spoeg en driemaal oor hom blaas en dan sal Wanza "je van het hoofd tot de voeten beschermen en je wensen in vervulling laten gaan" (pp. 238-239).

In Bergeyck se Het Stigma word die Luba-mens se lewensvisie deur die volgende bygeloof gekonkretiseer: dis 'n slegte voorteken as 'n man sy vrou beken wanneer die maan haar "gele horens naar het weste steekt". In Mijn vriend Sebastiaan (Van Hoeck) waar die Batutsi-vrou haar swanger suster dood omdat laasgenoemde haar beheks het, begin 'n mens wonder of die blanke se begrip van geregtigheid en beskawing ooit by die swarte s'n sal kan aanpas. Daisy Ver Boven sluit egter op 'n hoopvolle noot van wedersydse begrip en respek tussen swart en blank in Mayana af, wanneer Mayana en Jacobs van mekaar afskeid neem. Die outeur slaag uitmuntend daarin om in die afskeidstoneel 'n onsigbare band van toegeneentheid in te bou.

### 3.3

#### Vertelinstansie en fokalisering

Die tegniek van die ouktoriële verteller en die alwetende vertellersperspektief word funksioneel gebruik om die koloniale situasie aan die leser bekend te maak. Die eksterne fokalisator dra kennis van dit waarna Rimmon-Kenan verwys as die "temporal dimensions of the story (past, present an future)" (In Du Plooy 1986:76). Sy fokus op veral Mayana en Jacobs, wat veelseggend is vir die verloop van die gebeure. Die fokalisator koester klaarblyklik die hoop dat genoemde personasies mekaar sal kan aanvul in die moeilike politieke situasie en dat hulle sal kan oorleef.

Kyk die leser na die wyse waarop die gebeure, handeling en milieu die oorsake en gevolge van die onafhanklikheidsproses genereer, word die wyse waarop die verteller hierdie omstandighede belig, ook betekenisvol. Die verteller, met haar byna onbeperkte kennis, plaas die aksent op die gebeure en op die verhouding tussen die karakters. Die verteller begin die verhaal deur die leser aan die Kongolese leefwêreld voor te stel. Die hoofkarakter vorm deel van die Muvila-clan en deur kennis te neem van haar agtergrond en opvoeding, kan die leser later in die verhaal meer begrip vir haar optrede toon. Mayana vorm deel van die opset waarbinne die massa swart meerderheid radikale eise aan die Belgiese regering stel. Baie aandag word aan die heersende sosio-politieke situasie in die Kongo bestee. Hoofstuk tot hoofstuk word die gebeure beskryf en ondersoek en die handeling van die karakters geïnterpreteer en met behulp van 'n afstandelike blik aan die leser deurgegee. Verskillende fasette rondom die dekolonisasie-proses word belig: die leser neem kennis van Mayana se verwarring ten opsigte van die betekenis van die woord "dipanda" en wie die "dipanda" is; haar bevraagtekening van Jacobs se reg op die plantasie (pp.61-64) en haar bewuswording van die vyandige houding van die swarte jeens die blanke (p.88). 'n Nagtelike rebelle-vergadering in die bos waar Kafundu die opgeswepte rebelle probeer oortuig dat die "dipanda" nie alles sal verander nie, word beskryf. Deur 'n hele relaas van die manier waarop die vergadering gehou word te gee, bou die verteller interessante nuanses in om die verhaal te verryk (pp.112-117). Die fokus val ook op die gespanne toestand tussen Europeër en Afrikaan (p.176); die afgagting op die "mysterieuse, het overveldigende dat komen zou en waarvan niemand de aard kende" (p.187); die plattelandse bevolking wat wag op die "echte dipenda" (p.189); die voorbereiding vir die revolusie van die "regverdige" onafhanklikheid en die sfeer van "onbehagen en wantrouwen" as gevolg van "dipanda-beloftes" wat nie gerealiseer het nie. (p.195).

Mayana se ervaring van die onafhanklikheidsproses word soos volg gefokaliseer: Van die "politiki" se mooi beloftes het niks tereg gekom nie (p.311) en vir haar beteken die tweede onafhanklikheid 'n "heilige stryd..." (p.286). Wanneer sy die wreedheid van die demokratiese regering teenoor die plattelandse rebelle ervaar, vra sy: "Had de blanke beheerders ooit zo hoge belasting geëist?" (p.312) en wanneer Jacobs erken dat die rebelle se ideale aanvaarbaar, maar hul metodes foutief is, antwoord Mayana: "Je hebt gelijk. Maar wat kon hij anders doen? Je slaat de slang dood met de stok die je onder de hand hebt. In ieder geval



moet een man de weg gaan waarvan hij meent dat het de goede is. Of niet soms?" (p.310).

Die situasie rondom die "andersheid" van kleur, opvattinge en leefwyse word aangedui deur onder meer verbale aanwysers van die fokalisator. Die feit dat die gebeure in Afrika afspeel, beteken dat die inlandse bevolking 'n belangrike deel van die bevolkers van die verhaal sal vorm. Daar word baie verteltyd aan die folkloristiese aspek ten opsigte van byvoorbeeld die talle mites, rituele en gewoontes bestee, asook aan die verhouding swart/blank. Die tipiese meerderwaardige houding van die blanke teenoor die swarte word in die roman vergestalt deur byvoorbeeld Claude Laurentis se fokalisasie van sy swart vriendin as hy seksueel met haar verkeer: dit vervul hom beurtelings met verrukking en walging (p.46). Jacobs voel 'n "...grenzeloze walging voor de hete, zwarte handen" (p.242) toe sy vragmotor verwyder word; en hy fokaliseer die swartes as 'n "bedrieër en 'n dief" (p.89) en "lafbekken" (p.211), maar voel tog medelye met die plattelandse rebelle wat uitgemoor en uitgebuit word (p.301). Vir hom is dit moeilik om vir Mayana te bedank: "Had hij al ooit een zwart mens voor iets bedankt?" (p.316). Op 'n stadium ervaar Mayana 'n gevoel van "antipatie die aan haat grensden" (p.81) teenoor Marian en as Sylvain die tyd voor die onafhanklikheid oproep onthou hy die baasspelerige houding van die blanke: "He, yo! Hé jij daar! Draag die pakke eens naar binnen!" — maar na die onafhanklikheid is dit 'n "...tamme blanken, de opgejaagden die hun teleurstelling en hun woede verkropten en zwegen, die hier stonden aan te schuiven" (p.225).

Die leser kan deur die fokalisering gemanipuleer word om begrip en simpatie teenoor Mayana te toon omdat sy haarself in 'n blanke wêreld moet handhaaf. Haar broer is die leier van die rebelle-beweging en sy voel "verplig" om, tenspyte van die feit dat dit Jacobs sal benadeel, hulle ideale te ondersteun. Die leser se empatie lê by Mayana nadat sy die geld gesteel het; sy het dit vir 'n bepaalde doel geneem (p.109).

Die verteller laat die karakters toe om met mekaar in gesprek te tree om die leser in staat te stel om meer van dié karakters te wete te kom. As voorbeeld kan Mayana se dialoog met Jacobs, wanneer sy hom wil meedeel dat sy swanger is, genoem word:

- Een kind! [...] Je denkt er toch niet aan? (Jacobs)
- Een vrouw die een kind heeft, is nooit meer alleen. (Mayana)
- Ik wil geen kind. Een mulat! [...] Ik heb een hekel aan kinderen. (Jacobs) (p.97).

Ten spyte van die oënskynlike afstandelike visie van die eksterne fokalisator, het sy insae in die gefokaliseerdes se gevoelslewe en gedagtes. Sy weet byvoorbeeld van Mayana se bekommernis as Jacobs haar dalk sou "wegtrap" (p.37); hoe Mayana voel oor die "dipanda" wat skeiding tussen swart en blank sal bring (p.64) en die wroeging waarmee Jacobs worstel as hy in gevangenskap in die hut moet bly (pp.291-302). Soms probeer die verteller die leser se oordeel oor 'n karakter deur middel van 'n objektiewe verteltrant lei: Sylvain benut die gevolge van die onafhanklikheid deur homself te verryk met die aankoop van motors van die Europeërs wat die Kongo moet verlaat (pp.222-230). 'n Beter begrip vir Jacobs en Mayana word verkry wanneer die verteller die karakters toelaat om in die verlede te delf (pp.147-159 en pp. 202-205). Deur middel van monoloë of bespiegeling word gevoelens blootgelê: Mayana mymer onder meer oor haar gevoel vir Jacobs (p.174) en hy wonder wanhopig of hy die swartes se haat verdien (p.243).

Die ouktoriële verteller se wye insig en oorsig oor die ruimte, karakters en gebeure stel haar in staat om hierdie verhaalelemente van die onafhanklikheidsstrauma objektief te fokaliseer. Die vloeiende en boeiende verteltrant getuig van deernis en begrip. Deur middel van die verteller word 'n blik op die reële outeur ('n vrou) se perspektief op die koloniale era aan die leser deurgegee.

### 3.4

#### Tydruimte

Mayana word, net soos in die geval van Afscheid van Rumangabo, in Sentraal-Afrika gesitueer. Tydruimtelik speel die verhaal af in die voormalige Belgiese Kongo, gesilhoëtteer teen die sosio-politiese situasie van die dekolonisasieproses.

#### 3.4.1

##### **Ruimte**

Die geloofwaardigheid van die verhaal hang in 'n groot mate af van die aanvaarbaarheid en herkenbaarheid van die spesifieke milieu waarbinne die karakters beweeg: die leser herken die tradisionele Kongolese leefwêreld van die koloniale era. Die ruimte word deur die alwetende verteller gefokaliseer en word betekenisvol as gevolg van die manier waarop die karakters dit waarneem of beleef.

In die uitbeelding van die ruimtelike element word die swart-blank-motief geïntensifiseer; die karakters se lot is nou verweef aan die ruimtelike gegewens. Dit beteken dat daar onmiddellik twee kontrasterende leefwêreldes ontstaan. Die vraag kan gevra word wat die karakters se relasie tot hierdie "onversoembare" ruimtes is en hoe hulle karakter-eienskappe ten opsigte van hul reaksie op die verskillende ruimtes geopenbaar word? Mayana beweeg tussen hierdie teenstellende wêreld van die blanke en die swarte (paragraaf 1.1.4.5#5:39) en deur middel van haar fisiese en geestelike verkenning van die vreemde wêreld van die blanke kan sy die ruimte interpreteer.

Die aanvangsparagraaf verplaas die leser in die tipiese wêreld van die swartman, in besonder die stat (dorp) waarin Mayana grootgeword het. Binne die landelike atmosfeer voel sy in haar ouerlike hut veilig en beskut (p.22) ten spyte van die feit dat haar vriendin haar ma se hut as "armlik" fokaliseer (p.8). Mayana slaap op 'n "groezelige" matras met gras gevul en sy is tevrede met haar min besittings (p.22). Sy keer telkens terug na hierdie vertroude ruimte wanneer sy en Jacobs probleme ondervind: ná haar miskraam kan sy uitroep dat sy tuis voel (p.119); en nadat Jacobs haar vervloek het toe hy meen dat sy hom verloën het, soek sy by Nto se hut skuiling en troos (p.212).

Die clan is karakteriserend deel van Mayana se lewe; beland sy by Jacobs op sy rubberplantasie, beweeg sy weg van hierdie bekende leefwêreld. Sy raak mettertyd gewoond aan die huishouding rondom die bedrywighede van die rubberplantasie. Sy het aanvanklik verlore deur die te groot kamers gedwaal; sy was gewoond gewees om in die warm gemeenskap van liggaamlike reuk en klank, dag en nag, saam te leef (p.56). Die kil atmosfeer van Jacobs se huis was vir haar vreemd en sy voel ontuis en misplaas. Sy sukkel om met Jacobs te kommunikeer; sy mis die "plagend bekvechten"; die speelse kommunikasie tussen jongman en -meisie. In Yoko waar Jacobs sy fabriek besoek, groet die vroue met "een kind op die heup, een stuk zeep of een fles petroleum op het hoofd" vir Mayana vriendelik. Reynders (die gebiedsbestuurder) se huis is buite bereik van "tseetsevliegen, anderzijds buite dat van negerluchtjies" gebou (p.59). Sy wag op die trap aan die agterkant van die huis en word "doodverlegen" toe Reynders se vrou haar iets te drinke aanbied (p.60). Reynders se kok maak haar vir die eerste keer bewus van die feit dat háár mense se grond (ruimte) deur blankes tot hulle eie voordeel bewerk word (p.63). Na 'n genotvolle besoek aan die stad, soek sy weer die

plantasie (Jacobs se ruimte) op. Word die verlange na haar familie te veel, loop sy in haar gedagtes terug op die "bruinrode zandweg met vlugge blije passen in die richting van de ouderlijke hut..." (p.87). Sy vergeet egter die bekende ruimtelikheid van haar mense en ouerhuis toe Jacobs haar, nadat sy van hom af weggevlug het, versoek om terug te keer plantasie toe (p.139). Sy glo dat sy by Bongonyo op sy plantasie veilig sal wees en sy weier haar broer se versoek om ter wille van haar eie veiligheid, na Nto terug te keer (p.196). Sy wil haarself teen die "dipenda en al het angstwekkende dat van buite af op haar wereld aanstormde" (p.195), verskans.

Aanvanklik worstel vreugde en weersin in haar hart toe haar pa praat van die stad waarheen hy Mayana wou neem. Deur die oë van haar vriendin ervaar sy die stad as dalk 'n aangenamer keuse bo die harde veldwerk wat sy in haar tuisdorp moet doen (p.19). Woorde soos onder andere "moeizaam, hulpeloosheid, duizelde" verwoord haar verwarring toe sy wel in die stad kom (p.68). Die besef dat dit die stad "van de zwarte mensen" was, die stad van haar vader, stem haar rustiger. Sy is beïndruk deur Mpuyu se huis (met 'n foto van koning Boudewijn as deel van die koloniale verbintenis met België) en verstaan waarom haar pa hierdie weelde bo dié van sy hut by Nto, verkies (p.70). Dans Mayana saam met Sylvain, weet sy: hy is 'n man van haar ras ("een stuk van haarzelf"), hulle bloed klop dieselfde ritme (p.161) en sy is nou waar sy hoort. Sy fokaliseer ook Sylvain se huis in die stad as "wonderlik" — veel luukser as dié van Marian Robert. In Sylvain se huis kan sy haarself wees (p.234). Sy herken opeens die onverenigbaarheid van die twee wêreldes. Sy kan nou langzaam, nouliks merkbaar, van Jacobs (sy ruimte) begin weggroei om weer in haar eie bekende wêreld te kan beweeg.

Jacobs se standpunt: "Een plantage is iets wat je niet kan verlaten." [...] Het is iets als ... een levend wezen" (p.221) word ná die onafhanklikheidswording gewysig — hy noem sy plantasie die hel waar hy nou 'n bywoner is (p.272). Toe Jacobs Mayana op 'n keer nie kon vind nie, voel hy beswaard: sy was 'n skakel gewees tussen hom en die "zwarte wereld". Hy vrees nou die eensaamheid en die verval van sy plantasie (p.222). Hy sou nooit weer die moed hê om alles weer op te bou nie of ook in 'n vyandige ruimte onder voortdurende dreiging te leef nie. Met die plantasie het hy "afgerekend" — daar is nie meer vir hom plek in Afrika nie (p.308). Die plek wat eens 'n paradys was, het nou 'n plek van onheil geword (p.320). Hy verwens Afrika wat die oorsaak van sy herhaaldelike malaria-aanvalle was: "dit verdomde land dat hem had

uitgemergeld door zijn helse zon of zijn kracht had opgelost in de regens van het natte seizoen" (p.299).

Die koloniale ruimte skep die indruk van onrustigheid; weens die politieke onrus word 'n gees van afgagting en spanning bespeur; die ruimte dien nie net as blote agtergrond nie, maar speel 'n betekenisvolle rol juis vanweë die karakters se beléwing daarvan. Vir swart en blank het Afrika 'n vreemde (vyandige) omwêreld geword. Mayana moes as gevolg van die Europeër se indringing in haar Afrika-ruimte aanpassings maak en sy kon haar ruimtelike ervaring deur middel van kontak met die blanke verruim. Jacobs moes afstand doen van sy koloniale besittings, die "belle epoque" is verby en die oomblik van wraak en waarheid het met die onafhanklikheidsproses aangebreek.

Die sintuiglike ervaring van die ruimte van Afrika word deur Mayana onder meer soos volg beleef: Die "ietwat ranzige geur" wat van haar bababoetie uitgaan, "ankerde haar dieper vast in haar swarte wereld" (p.15); haar slaaphut versprei 'n tipiese reuk en dié reuk tesame met die walm van 'n altyd smeulende houtvuurtjie vorm deel van haar kinderjare (p.23); by Nsamba in die kombuis dompel die kosreuk, die rook, die gedeeltelike donkerte en die liggaamsreuk van die kok haar in 'n "vertroude sfeer" (p.57); hou Mayana aan Sylvain vas terwyl sy saam met hom op sy motorfiets ry, geniet sy van sy warmte, sy reuk en van alles wat bekend was "sinds haar moeders heup" (p.78); sy ruik op 'n keer die "vertroude zoeterige geur van het oerwoud" (p.103); in Jacobs se vragmotor is sy bewus van die reuk van olie, diesel en nog iets ondefinieerbaar "...iets wat sprak van zon, gezondheid, levenskracht, iets wat aan Jacob's huid kleefd en haar herinnering op hol joeg" (p.139). Haar "onderdompeling in die swart wereld vol geuren, klank, hitte en seks, was vir haar een verrukkelijk kontras met het leven in de vreemde, aseptische wereld van de blanke"(p.161).

Die ruimte van die Europeër en dié van die Afrikaan veroorsaak spanning, veral omdat die karakters mekaar in 'n onstabiele politieke ruimte van Afrika konfronteer. Die reële outeur poog op subtiële manier via die ouktoriële verteller om ruimtelike grense op te hef. Deur die handeling van die karakters word die grense tussen blank en swart egter behou — Mayana en Jacobs het tevergeefs probeer om die kulturele en geestelike grense deur middel van liggaamlike eenwording te verbreek — "de afstand die hun gedachten scheidde, was onmetelijk" (p.89).

## 3.4.2

**Tydhantering**

Die tydselement word ook deur die geïmpliseerde outeur ingespan om samehang tussen die verhaalelemente te bewerkstellig. Die tyd waarin die gebeure afspeel, kan aan die hand van die historiese verwysings binne die verhaal bepaal word; die vertelde tyd is dus aan 'n spesifieke historiese era gebonde; die gebeure rondom die onafhanklikheidskrisis van die Kongo. Wat die hantering van die tyd betref is Mayana 'n konvensionele roman, dit wil sê, die verhaal word chronologies vertel met nie opvallende afwisseling in die tempo nie. Die verteller begin die verhaal deur al die gebeure stewig aan 'n realistiese tydsverloop te knoop. Die verteller berig hoofsaaklik vanuit die verhaalhede en gee dan verslag van die gebeure soos dit van tyd tot tyd plaasvind.

Objektiewe tydsaanduiding word gevolg: Mayana se vriendin onthou op bladsy elf dat dit alreeds tien jaar gelede was dat Jacobs "de rubberplantage naast het dorp uit die grond gestampt had"; Marian herinner haar ook dat dit tien jaar gelede was dat Jacobs in hulle winkel ingestap gekom het (p.147); Jacobs is aan die einde van die verhaal (p.245) ontevrede dat hy ná twaalf jaar die plantasie moet verlaat (die vertelde tyd strek dus oor 'n twee jaar tydperk); hy het later besluit om die twaalf jaar van sy lewe af te skryf en vrede te maak met die tyd (p.299); Mayana onthou die eerste weke in Jacobs se huis met "ongelooflijke presiesheid" (p.56); 'n jaar het byna verloop voordat Mpuyu sy dogter wat intussen 'n "prachtmeisje" geword het, op die plantasie besoek (p.93); Mayana kon nie later onthou of sy één sekonde bewustelik aan die gevolge van haar diefstal van die geld nagedink het nie — toe sy die geld stilletjies wou terugsit was dit te laat (pp.101-102). Na "drie volle manen" op die dorp onthou sy hoedat sy van Jacobs en sy woede weggevlug het en dié wete dat sy nóóit vir Bongongo uit haar gedagtes sou kon weer nie, realiseer (p.126); Nto weet dat haar dogter se hart nog steeds na die man hunker wat haar "alles aangedaan had" (p.136) — Jacobs sal altyd deel van Mayana se tydsbelewenis wees "...haar geest was nooit teruggekeerd onder het vunsig dak van de ouderlijke hut" (p.135). Maak Mayana gereed om weer saam met Jacobs terug te keer plantasie toe, doen sy dit tydsaam — die bande wat haar aan haar dorp en haar ouers se hut bind, "hinderden haar in al haar bewegingen" (p.138) — sy is nog steeds deel van haar verlede. Maar die hêde saam met Jacobs is van groter belang; sy was nog nooit so gelukkig gewees nie en sy ry saam met Jacobs deur die "lichtende tunnel in het donkere woud" (p.139) op pad na 'n nuwe tydvak. Tydens die periode rondom

die woelige politieke toestand probeer Mayana en Jacobs die tyd met hulle hartstogtelike liggaamlike eenwording stol (p.202) en Jacobs probeer die tyd vashou wanneer hy finaal van Mayana moet afskeid neem (p.315).

Tydens enkele verhaalepisodes kom retrospeksie voor sodat 'n karakter deur sy oproep van die verlede homself kan openbaar. Mayana onthou hoedat sy in angs weggevlug het van Jacobs af (p.118) en herroep haar jongmeisie-lewe wat "ru was afgebroken, heel lang geleden, toe de manjager op de plantage zijn klauw in haar pols had gedreven" (p.121). Jacobs vertel aan Mayana van sy eerste seksuele ondervinding toe hy as jong seun deur 'n ouer vrou verlei is en hoe hy hierdie ervaring altyd as norm voorhou vir ander vroue met wie hy geslagtelik verkeer — daarom sê hy aan Mayana: "Nu weet je waarom ik ben, zoals ik ben" (p.205). Sy waaghalsige, maar suksesvolle poging om die uiters gevaarlike Lokororivier oor te steek — "lang gelede" ("Jaren vóór Mayana's tyd had Jacobs het Yoko-plan uitgewerkt.") — getuig van Jacobs se deursettingsvermoë (pp.52-54). Marian se herinneringe volg die pad terug na 1941 toe sy en Peter saam met Jacobs op skool was en sy Jacobs se voortvarende geaardheid onthou; sy onthou ook dat hy haar bygestaan het die aand toe haar man verongeluk het (p.157).

Is daar enige toekomsverwagtinge by die karakters te bespeur? Tydens die eerste woelinge ná 30 Junie het alles verander en "toen alle tot dan toe gevestigde waarden over de kop gingen," het Sylvain sy toekoms verseker deur homself met behulp van die onafhanklikheidswording te verryk (p.223) en kon hy aan Mayana 'n nuwe bestaan bied. Wanneer Jacobs vir oulaas op die terras sit nadat hy vrywillig sy huis aan die nuwe swart bestuurder afgestaan het, wonder hy of dit die tol sou wees wat hy moes betaal sodat hy in die toekoms sy plantasie kon behou (pp.260-261). Hy wil in Afrika bly (p.299) maar nadat hy gevange geneem is, besluit hy indien hy lewend uit die hande van die rebelle sou kom, hy Afrika sal moet verlaat. Hy besef dat sy lewe in die Kongo aan die verlede behoort; hy sal Afrika vergeet en opnuut weer begin — miskien saam met Marian (p.229).

Ook vir Mayana en Jacobs het die einde van die koloniale era dus die afsluiting van 'n tydvak beteken.

## 3.5

**Karakterbeelding**

In Mayana word die karakters in twee opponerende groepe verdeel: elk verteenwoordig 'n eie kultuur en lewenswyse. Die karakters ervaar elkeen in die konteks van die dwingende politieke gebeurtenisse 'n evolusie wat die einde van 'n vroeër bestaan beteken maar nie uitmond in 'n bepaalde beter toekoms nie. 'n Simpatieke portrettering deur die geïmpliseerde outeur van veral die inlandse bevolking word duidelik opgemerk, en subtiele verbande tussen swart en blank word gelê. Met die reële outeur se keuse van die hoofkarakters, synde 'n blanke en 'n swarte, stel sy die moontlikheid dat dialoog tussen gelyke vennote sal kan plaasvind.

Die verhaal speel af hoofsaaklik om Mayana, die jong swart meisie uit die Muvila-clan. Haar verhouding met die ander karakters, haar innerlike groei en die gebeurtenisse wat tot haar ontwrigting bydra, staan sentraal. Aanvanklik maak die leser kennis met die vyftienjarige vrolike water- en houtdraertjie wat in elke stat aangetref word. Sy het weinig verantwoordelikhede; sy lag die "hoge, gillende lach van jong negerinnetjies" (p.10) — soos die inlanders dit mooi uitdruk: "zij dééd haar jeugd." Sy word deur haar moeder as huisvrou opgelei. Sy het 'n hekel aan haar "te magere boesem en stelterige benen" (p.12) — later sou die vroue vra hoe dit moontlik is dat 'n vrou met "kleine borsten en magere dijen" 'n vrou vir 'n blanke kan wees. Mayana het vyf reënseisoene die missieskool bygewoon en haar pa voel dat so 'n knap meisie (" 'n rasechte kind van haar clan en een aas waaraan geen man-jager weerstaat" (p.40) ) nie langer in die dorp moet bly nie. Aanvanklik skrik die gedagte van 'n stadslewe haar af, maar sy besluit: "Ze wilde niet langer een kind zijn dat zich met kinderachtige dingen bezig hield" (p.21).

Mayana se woorde: "Ik wil nooit iets met een blanke te maken hebben!" (p.13) word verydel toe sy deur omstandighede die bywyf van 'n blanke kolonis word. In haar ontwaak dan ook haar vrouwees met dié wete dat 'n vrou oor 'n man kan heers "als zij hem weet te binden met de bande van de hartstocht" (p.41); sy handel volgens haar opvoeding wat daarop gerig is om 'n man te behaag (p.57). Daarom kon sy, nadat Bongonyo (Jacobs) "niet meer haar harte vriend was" weer die verleidster word wat sy bloed "opzweept, de vlam die hem schroeide, die hij vergeefs probeerde te doven" terwyl sy met hom dans (p.271). Mayana word deur uitgesproke mededeling en innerlike beelding ten opsigte van onder



andere haar handelinge, denke, gewaarwordinge en oortuigings volledig uitgebeeld.

Bert Jacobs, 'n tipiese kolonis, is 'n agt-en-dertigjarige vrygesel; sy bynaam Bongonyo beteken "die man wat mooi loop" (p.43). Hy word bewonder om sy reputasie as "harde blanke" en die manier waarop hy met vroue omgaan (p.47). Hy is deeglik en onmiskenbaar manlik (p.218) en Mayana noem hom 'n nkoy ('n luiperdmens) met die verstand van 'n mens en die krag van 'n dier (pp.36,57,197); Mpuyu bewonder hom as 'n verstandige man wat vroue en besigheid met 'n meesterhand beheer (p.266). In Jacobs is 'n sterk gerigtheid op sy ideaal om sy plantasie in Afrika te behou en wat hy op sy plantasie bereik het, is te wyte aan harde werk en sy onverwoesbare lewensmoed. Sy werkers is bang vir hom (p.34) en gehoorsaam sy bevele onmiddellik (p.50). Die Kongolese noem hom "een blanke neger" omdat "je hem nooit wat wijsmaken kon; omdat hij inlands eten lustte; palm- en banaanwijn dronk en 's avonds danste bij het vuur..." (p.49); hy was "geen blanke als de anderen..." (p.57). Mayana verkneukel haar in Jacobs se pogings om die spreektaal van haar voorvaders te "vervormde en ze te pas en te onpas gebruikte" (p.330). Mayana leer hom ken as iemand wat "hard en reël tot zijn intiemste uitingen" leef; hy is onbewus van haar behoeftes — "...hij was een heersernatuur, die nam zonder ooit bewust te geven" (p.202). Tog slaag sy daarin om hom te oorreed om mensliker teenoor sy werkers op te tree (p.91) en hy bekommer hom oor hulle posisie ná onafhanklikheid (p.216). Wanneer hy van Mayana afskeid neem, besef hy dat hy haar nooit werklik geken het nie. Marian is bewus van sy innerlike krag, maar ook van sy teerheid en begrip (pp.159,170,182,221). Sy fokaliseer hom soos volg: "...hij was altijd dezelfde Bert met lachrimpeltjes om zijn ogen en de stimulerende vitaliteit, die al het andere verdoezelde" (p.147). Sy sien hom ook as hy liggaamlik verswak en geestelik totaal uitgeput is (p.268).

Die newekarakters dien as beligting van verskillende fasette van die hoofkarakters en beïnvloed hulle lewens. In Mayana se lewe speel veral haar ma Nto 'n ondersteunende rol ten opsigte van haar ontwikkeling. Die vrou met die naellose growwe vingers is krom gewerk (p.30) en sy hou haar kinders met 'n vaste hand op die regte pad (p.43). Sy versorg haar kinders met 'n kalme rustigheid; haar moederhande het die reuk van die hut en rook en dis hier waar Mayana veilig en behoue voel. (In Geeraerts se Ik ben maar een neger neem Tante Matembe 'n plek in naas Ver Boven se Nto). Alhoewel sy nie veel met haar pa kommunikeer nie,

(p.18) is Mayana trots op hom vir wat hy bereik het (p.69). Die évolué Sylvain laat Mayana aan haar broers dink (p.76); hy voed haar selfvertroue en bewonder haar vir wat sy is.

Die verbintenis tussen Mayana en Jacobs beteken eerstens dat 'n Europeër en 'n Afrikaan in konfrontasie teenoor mekaar staan. Tweedens is albei uitgelewer aan 'n abnormale politieke situasie. In die wisselwerking tussen die karakters en in die netwerk van verstrengelde verhoudings, word individuele karaktertrekke openbaar. Die vraag kan gevra word: hoe reageer die karakters op hierdie uitdaging?

In Mayana se oë is die blanke 'n soort god wat nie altyd gelukkig skyn te wees nie en ondeugde besit wat die swarte nie kan begryp nie. Daar was ook "de angst de gesprekspartner niet te boeien. Al te dikwijls werd wat een zwarte vertelde als onbelangrijk, onbenullig of zelfs belachelijk doodgeverfd. Die houding lokt natuurlik geen confidencies uit. Kwam daarbij nog, vooral van de zijde van de inlandse vrouw, de overtuiging dat de blanke alles kende en alles wist. Uit zichzelf vertelde zij weinig over haar intiemere aangelegenheden. Op een vraag kreeg je vaak als antwoord een wedervraag: Hoezo? Zal de blanke dat niet weten?" (Ver Boven 1989). Mayana voel onseker oor Jacobs se afsydigheid, maar sy weet dat dit die prys is wat sy moet betaal "door uit de voor haar gebakende pad te treden" (p.58). Jacobs bly vir haar 'n vreemdeling "wiens hart ze niet kende en wellicht nooit zou kennen...." (p.85). Sy voel minderwaardig in die teenwoordigheid van blankes ten opsigte van haar voorkoms, persoonlikheid en leefwyse — self nadat sy getroud is, voel sy weer onhandig in Marian se teenwoordigheid (p.266).

Met die tweede onafhanklikheid kry Mayana die geleentheid om haarself as volwasse en wyse vrou te openbaar: " — Je begrijpt er niets van. Kafundu wil niemand kwaad. Hij wil de revolutie zien triomferen. De doorbraak van de echte onafhanklikheid voor de zwarte mensen. Voor de basendij, de vissers, de jagers, de boeren en de vrouwen. Zij zijn het water waarin de anderen zwemmen. De évolués, de politiki, al degenen die menen dat zij het voor het zeggen hebben, zijn kleine visjes.... Het water, dat zijn de mensen van de dorpen." (pp.310-311). Jacobs merk tereg op: "Ze hebben er van jou toch maar een flink strateeg gemaakt" (p.311) toe sy swyg oor die rebelle se operasionele bewegings. Juis as gevolg van die "egte" onafhanklikheidstrewes van die rebelle ervaar Mayana 'n gevoel van onsekerheid waar haar lojaliteit moet lê: die rebelle is deel van haar agtergrond en menswees en sy is by Jacobs betrokke as

gevolg van haar gevoel vir hom. Ook groei die eens ongekunstelde meisie tot insig oor die Europeër se posisie in Afrika — veral ten opsigte van Jacobs (die Eurpeër) se besitreg op haar voorvaders se grond.

Jacobs se paternalistiese houding teenoor die swartes groei uit sy onkunde oor Afrika en sy misplaaste ideologie oor die swart/blank-verhouding. Wat Jacobs se houding teenoor Mayana betref, is dit ter aanvang duidelik dat hy homself as blánke teenoor 'n swart vrou laat geld. Hy vra ook aan haar pa: "Heb je een ndumbo, 'n meisie voor mij meegebracht?" [...] Je mag ze hier laten. Vir zo 'n kind heb ik altijd wel een karweitje" (p.35). Kyk hy die eerste keer na Mayana, is dit met harde "witte oë, die in heel de streek tot zijn legende behoorden" (p.35). Sy herken die "heersersblik" in sy oë (p.36); hy is in beheer van die situasie. Later in die verhaal besef Jacobs sy aanhanklikheid aan haar; vir hom is sy belangrik vir sy liggaamlike bevrediging en sy dien as skakel met die swart gemeenskap. Hy beskou Mayana as "bang weerloos en ongevaarlijk" (p.41). Hy is bewus van die geheimsinnige mag wat sy in haar dra (p.41). Alhoewel hy toegeneë teenoor Mayana voel, weet hy niks van haar af nie (p.57); daarenteen ken hy Marian se kwesbaarheid (p.174) en wil haar beter leer ken (p.221).

Daar is 'n sterk moontlikheid dat Marian met die outeur vereenselwig kon word. Net soos Ver Boven, gaan vestig sy haar saam met haar man in die Kongo. Haar gesindheid jeens die Kongolese is positief: sy sien byvoorbeeld Mayana se kwaliteite raak (p.167) en as sy sê: "Ik meen het goed met je, Mayana" (p.266) bedoel sy dit opreg. Sy vind dit moeilik om te midde van politieke woelinge in Afrika tuis te voel (p.270) en moes later noodgedwonge terugkeer Europa toe.

Wanneer Jacobs minder hardhandig teenoor 'n werker optree, verwyt hy Mayana "wat de oorzaak van zijn belachelijke teerhartigheid" is (p.92), maar hy voel jammer vir die plattelandse swarte wat deur die demokratiese regering uitgebuit word en hy is bekommerd oor "zijn mensen" toe hy nie geld by die bank vir hulle lone kon onttrek nie (p.216). Hy weet: die rebelle sal alles van hom eis: "zijn broek van zijn gat" (p.243). Word hy deur Mayana "teleurgesteld", projekteer hy sy haatgevoelens en bitterheid op die swart bevolking as sulks. Ná die onafhanklikheid mis Mayana Jacobs se selfversekerde houding en sy lewenslus (p.267); hy erken self: "Ik ben mezelf niet" (p.269). Toe hy Samueli as plantasiestuurder aanstel, moet hy homself weerhou om dit (soos hy gewoon was) op paternalistiese wyse te doen: "Ze zijn

onafhanklik. Ze zijn verdomme onafhanklik", besluit hy.

Tydens die reële outeur se verblyf in Oshwe tussen 1947 en 1951, verklaar sy: "Ik besteedde heel veel tijd aan de dorpsbewoners en zij aan mij! In de mate waarin dit mogelijk was heb ik deze mense tamelijk goed leren kennen. Er was in die tijd, in het binnenland, geen vijandigheid tussen zwart en blank. Wel veel onbegrip, maar daar was niemand verantwoordelijk voor" (Demedts 1980). Al die wendinge in Mayana se lewe is geloofwaardig en verantwoord. In die karakteruitbeelding is beelde van verwarring, onsekerheid en die onvermoë om 'n ander te begryp, 'n belangrike motieflyn. Die leser kan hom vereenselwig met die handelende karakters in hul moeilike omstandighede en in hul lewensvisie tydens die dekolonisasieproses en kan homself empaties in die posisie van Mayana en Jacobs indink. Mayana en Jacobs se handeling het volgens 'n bepaalde verwagtingspatroon geskied. Albei het besef: swart en blank hoort nie werklik by mekaar nie. Oorlewing is ten slotte die gemeenskaplike faktor tussen Mayana en Jacobs; elkeen veg uiteindelik vir sy eie bestaan tussen sy eie mense.

### 3.6

#### Taalgebruik en styl

Die geïmpliseerde outeur poog daarna om die leefwêreld van die Afrikaan digter aan die romanwêreld te bring: daar word gepraat in die woorde "van het dorp" (p.233) en die integrasie van inlandse woorde roep 'n realiteitsillusie op.

Daisy Ver Boven het tydens haar verblyf in die Kongo segswyses en uitdrukkinge van die inlandse bevolking opgeteken en wanneer iets onduidelik was, het sy gaan kers opsteek by 'n nabygeleë missiepos waar gewoonlik "wel een pater te vinden was die een lijst van spreekwoorden en uitdrukkingen had aangelegd" (Demedts 1984). Sy het ook alles wat sy in die hande kon kry oor die Afrika-kultuur, taal en gewoontes opgelees. Hierdie agtergrondkennis word dan in Mayana gemanifesteer.

Uitgebreide aanspreekvorme en begroetinge lei omslagtig tot die kern van die gesprek:

- Mbote, Tata! Dag vadertje!
- Ben je er, dochter van mijn hart? (p.22).

- Tata Lipopo, ben je er?
- Hier ben ik, zoon van Pakasa.
- Je bent gekomen, zoon van de clan van Mukulubunda. Je bent welkom (pp.236-237).

Die tradisionele groet ter bevestiging van 'n samehorigheidsgevoel word in onder meer die volgende vraag gevind: — Heb je levenskracht mijn kind? Wanneer Jacobs vir Mayana op die Afrika-manier groet: "Mayana, ga met sterkte" vind hy die woorde wat tot haar hart spreek: "Het ga je goed bij de baring. Het zal een mooi welgeschapen kind zijn van de dappere vrouw die zijn moeder is. Kende malam u Mayana molinga..."; die negergroet wat hy altyd ietwat belaglik gevind het, "woog hier in zijn volle betekenis door" (p.316). Met hierdie tradisionele segswyse in die mond van die kolonis word gepoog om tot die gekoloniseerde se leefwyse deur te dring.

Retoriese vrae is volop in die inlandse spreektaal te vinde:

- Maar wie kan een meisje weerhouden als haar bloed wakker geroepen is door een man? (p.8).
- Is een kind onder vaders hoede niet veilig als in haar moeders schoot? (p.19).
- Sterft een kind niet als het van zijn levensbron gescheiden wordt? (p.30).
- Was Mayana geen vrou van de Muvila-clan, net als Nto? Waren zijn niet als vuur en water? Als honing en zout? (p.39).

Segswyse waarin ook vergelykings en beelde verskuil is, word dikwels benut:

— De nek heeft goed groeien, nooit zal hij het hoofd voorbijstreven (p.113) — gesê van 'n jongman se wysheid in vergelyking met dié van die ringkoppe. Is daar onsekerheid ná die onafhanklikheid, mor sommiges: "Oieeeee, Kapita! Al wie lange tande heeft, is darem nog geen olifant" (p.192); "Nee, tata, zo zal die dipanda niet zijn. Laten de mieren een halfgafgekloven karkas achter?" (p.114) en "De blanken en de zwarten tegelijk, jongeman? Kunnen twee mannelijke krokodillen leven in het zelfde meer?" (p.114). Mayana oortuig die rebelleier met hierdie vergelyking: "Is één sprinkhaan opgewassen tegen een nest mieren?" (p.306) toe sy Jacobs bevry. Laasgenoemde probeer Marian oortuig met hierdie woorde: "Een luipaard sterft niet van één lanssteek, zeggen de inlanders" (p.237).

Die swart vroue spreek graag in 'n klaagtoon:

- Ach, blanke, hoe zal ik dat weten? Weet een vrouw waar haar man gaat en wanneer hij komt? En byna in 'n koor antwoord die ander vroue:
- Tèèè. Hoe zou zij dat weten? Zij weet het niet... (p.136).  
Met Kafundu se vertrek, begin die vroue "te jammeren, rukten hun kleren af.":
- Wanneer zien wij onze zoon terug? Hebben wij vergeefs gebaard? (p.290).

Deur middel van onder meer spotversies word uitbundigheid gesuggereer:

- Yeeè, yeeè Mayana, de sprinkhaan,  
Zal ze vliegen, zal ze gaan...  
Yeeè, yeeè, de sprinkhaan ...(p.13) word Mayana gespot omdat sy lank en maer is.

Lewendige dialoë is dikwels deel van die gesprekke. Die dialoë ontwikkel assosiatief, dikwels springend van spreekwoord tot spreekwoord. Woorde en antwoorde skiet heen en weer soos "sissende pijlen" (p.74). Vergelyk byvoorbeeld die speelse taal van die jongman in die dorp wat 'n meisie aanspreek:

- Zit jij hier zo alleen, lief vrouwtje van mij? (Sylvain)
- Lief vrouwtje, goed. Maar niet van jou, vadertje!(Mayana)
- Van wie dan wel? (Sylvain)
- Verklapt de nyafu-vogel de naam van wie hem gevangen houdt?(M)
- De nyafu kwettert als een oude vrouw.[...] (S)
- De boloko kent de jagers niet die haar achterna zitten. (M)
- Ha! Geen jager mag juichen voordat hij het wild in zijn hut heeft. [...](S) (pp.73-74).

Jacobs probeer met 'n "steekspel van vraag en antwoord" aan sy werks-mense die politieke situasie te verduidelik:

- Is hij een man de vlucht en zijn veld overlaat aan hem die hem verdrijet?
- Hij is geen man (p.248).

Daar word vrae en antwoorde "gezongen, zoals destjids in de katechismusles" op die missieskool:

- Is hij een man?
- Hij is een man!
- Kameraden! Wat doet de partizaan?

- Hij luistert en gehoorzaamt.
- Waarom? (p.280).

Kort ná die onafhanklikheidswording word in 'n strak styl 'n dialoog tussen Marian en Jacobs soos volg weergegee:

- Ben je daarom hier?
- Nee.
- Waarom dan?
- Ik heb er genoeg van. Van alles.
- Van je plantage?
- Het woonhuis is afgebrand (p.325).

In gedronge taalgebruik word byvoorbeeld Mayana se indrukke van die stad weergegee: "Mayana genoot. Van de muziek. Van het eten" (p.71) en nadat Jacobs haar aangerand het, dink sy: "Weggaan.[...] Weg van hier. Weg van de blanke. Weg van alle blanken. Naar huis. Naar het dorp" (p.111). Haar angs tydens haar vlug van Jacobs af word só verwoord: "...uitgeput,leeggebloed, [...] bloedig spoor dat zij achterliet [...] En ze bloedde" (p.118) en Jacobs se angs tydens sy gevangenskap: "Niet denken nu. Vooral niet denken. Zijn weerstand sparen. Kijken. Leven" (p.292).

Die stylverandering is merkbaar wanneer die ritueel van die ngo mokubwe beskryf word: "De nachtkilte deed het angstzweet vochtig kleven op haar naakt huid. Zij smoorde een kreet. Waren het levenden of doden die haar aangrepen? De handen waren koud als dode vissen. Had zij niet gedacht het te besterven van angst? (p.132-133). Na die moord op die Laurentis-gesin word die moordtoneel agterna soos volg gefokaliseer: "Mieren en wormen krioelden in de blauwpaarse flarden vlees die door de hyena's overgelaten waren. Handen en voeten ontbraken" (p.253). Jacobs voel verlore in Afrika: "In het nachtelijk woud, met zijn angstwekkende geluiden op een achtergrond van ondraaglijke stilte met de lijken van zijn vrienden achter hem..." (p.257).

Die metaforiese taalgebruik van die verteller kan onder meer deur die volgende voorbeelde aangedui word: Die dorp lê teen die rand van 'n groot vlakte met "de rug tegen het oerwoud geleund" (p.8); Jeanne was op veertien jaar "recht en rank als een palmboom in de morgenzon" (p.9); Jacobs se arm lyk vir Mayana "...zondoorblakerd, aan de andere kant griezelig wit als de buik van een slang" (p.36); dis die musiek uit die luidspreker wat reg op haar "neerstortte" (p.73); "De scheve hutten sliepen" (p.112); "...de vrachtwagen zich kruchend door het mulle zand

van de grote vlakke worstelde" (p.139); "Haar huid, [...] was matglanzend als wilde kastanjes en had er de frisse, ietwat zerpe geur van " (p.194) ; "... een luide gil geweest, die de trillende tropen nacht scheurde" (p.199); "de maannacht stond roerloos wit ..." (p.199); Laurentis se nedersetting lyk soos 'n kaal "door een kind met een blokkendoos gebouwd dorp" (p.252).

Beeldryke taal word ingespan om die geheimsinnige atmosfeer tydens die ritueel om Jeanne van haar onvrugbaarheid te genees, te skep: "Grillige skaduwen vloten over Ikoko's naakte lichaam; zielloze, verwezen uitdrukking; klauwachtige vingers; iets schubbigs; iets weerzinwekkends; dodenklacht" (p.27). Mayana fokaliseer die stadsgeluide soos volg: "fietsen rinkelden rakelings..., geluiden kletterden haar om de oren: klaksons, stemmen, muziek, gekrakeel, kindergeschrei ..." (p.69) en sy ervaar haar liggaam soos 'n vlam terwyl sy dans: "De hoogste vlam van het houtvuur die, gedreven door de trommels, de piramide loslaat en één sekonde alleen in de lucht hangt" (p.75). Die ou loendombi waarsku die jong rebelle: "Jonge mannen die ten strijde trekken, moeten weerstaan aan honger, aan dorst en vermoeidheid. De zon noch de regen mag hen weerhouden" (p.285). Liriese gedeeltes soos die volgende kan ook genoem word: "...lachte klokkend als een kip" (p.33); "... terwyl schorre kreten, bestemd voor het oerwoud, te pletter sloegen tegen de onzichtbare muren van de binneplaats" (p.49); "Het binneplein lag witgloeiend te blakeren in de middagzon" (p.34); die gaslamp "trok een magische cirkel wit licht op de grenzen van de nacht " (p.44); "Het was alsof het ritme opwelde uit de korrelige zandgrond daverend onder zoveel stampende voeten" (p.48). Vir Jacobs was die "zonovergoten triomferende Afrikaanse landschap dat hem uitstootte" verblindend mooi (p.225) en "Hoe hield hij van deze grond, van de geuren die eruit opstegen" (p.246). Deur gebruik te maak van alliterasie word onder meer die ruimte gefokaliseer: "De stokken van halfvergane schuttingen staken grillige armen omhoog (p.26); "... de hitte zichtbaar te zinderen hing" (p.36); "Duizenden dikke zwarde vliegen stegen zoemend op uit de brandstapel" (p.253); "De verzengende hitte stortte zich [...] en bleef er zinderen als in een oven" (p.291).

Die verteller beskryf die karakters se filosofiese ingesteldheid deur middel van bespiegeling wat verwoord word: Mayana oordink Teresa se inligting oor Marian se man: "Dood? Haar man? Zat zij daarom zo dicht bij Bongonyo?" (p.85); Marian peins oor vriende soos Jacobs wat haar net soos sy is, aanvaar "met haar huid en met al de vreemde roersele



van een ziel, die je zelf niet eens peilen kan" (p.146) en sy wonder oor Afrika en sy mense; wat soek sy hier waar die blankes as slawedrywers en uitbuiters uitgeskel word? (p.270). Jacobs filosofer oor die nuwe demokratiese republiek van die Kongo waarin geen mens hom sou bekommer as hy doodgeskiet sou word nie: "Ze zouden het lijk in de goot trappen tot aas voor de door de blanken achtergelaten honden, die razend van honger langs de lanen zwierven..." (p.216) en hy weet: "De blanken liepen niet langer als heersers over de straat, maar slopen als geslagen honden langs de muren ..." (p.224).

Met behulp van haar kleurrike skryfstyl roep Ver Boven die Afrika-idioom weer tot lewe.

### 3.7

#### Tema en motief

Meer as 'n halfeeue nadat die Kongo in 1908 aan die Belgiese regering oorhandig is, leef die vyftienjarige meisie Mayana as deel van die Muvila-clan waarin tradisie 'n bepalende rol speel: "Het leven in het dorp bij Ma Nto was eenvoudig geweest" (p.43). Vanuit hierdie ongekompliceerde wêreld maak Mayana kennis met die realiteit van swart/blank-skeiding. Sy word die toonbeeld van die ontnugterde swart vrou. Sy word rondgeslinger tussen haar tradisionele leefwyse en dié van die blanke se "beskawing"; sy moet dus haar bestaanswyse heroorweeg. Dis 'n proses van geleidelike aanpassing, maar ook 'n proses van losmaking.

Die onderliggende tema van die verhaal berus op die konflikte wat ontstaan wanneer swart en blank geestelik en liggaamlik wil verenig. Die spanning tussen "beskawing" en die primitiewe, sowel ten opsigte van sekere groepe of as individu, word deur die rasse - en kleurverhouding ondersteun: dit is dus Afrikaan versus Europeër. Die tema kan dus beskou word as 'n betoog dat swart en blank inherent eenders, maar tog anders is. Die tema word opgebou en verstewig deur veral die politieke situasie rondom die onafhanklikheidsproses. In hierdie bedagte politieke situasie lei die swart/blank-verhouding tot verhewigde konflikte — veral ná die erkenning van die Kongolese-soewereiniteit.

### 3.7.1 **Die onafhanklikheidstrewes as motief**

Die sosio-politieke problematiek voortvloeiend uit kolonisasie en die verselfstandiging van die Kongo word objektief uitgebeeld. Gebeure wat tussen die verskillende karakters afspeel, gee uitdrukking aan bepaalde waardes. Motiewe van spanning en onrus en die onvolkomenheid van menslike verhoudings groei uit die realistiese gegewe van die dekolonisasie-proses en ondersteun die oorkoepelende tema in die verhaal. Die Kongolese se onkunde aangaande die begrip "Indépendance" word deur verskeie wanbegrippe ondersteun en dit lei tot spanning wat die swart/blank-verhoudinge vertroebel.

Mayana vang iets van die essensie van die onafhanklikheidspolitiek by haar rebelleleier broer op: dis "broeiender en gevaarliker dan de jacht"; daar word "gescholden" en "gevloekt". Politiek stig onenigheid. En sy wonder wie die "dipanda" is — "machtiger dan zij?" (die blankes) (p.64). Sylvain waarsku Mayana dat die blankes na die onafhanklikheid, moet padgee (p.77). 'n Werket wat deur Jacobs tereggewys en geskop word, bal in magteloosheid sy vuus: "Wacht maar, [...] Wacht tot de dipanda er is, dan ..." (p.88). Rebelleleier Kafundu waarsku egter sy mense in die platteland dat hulle nie te veel van die onafhanklikheid moet verwag nie — hulle hoop egter op 'n "egte" (tweede) onafhanklikheid: "Inderdaad, zij zouden "hun" dipenda beleven, hier in het dorp, een magisch-religieuze vorm van vernieuwing, waaruit eenieder zou proberen profijt te halen. Ze wisten op geen stukken na waar het om ging, ze hadden nooit politiek gekend en verwachtten wonderen" (p.117). "Nou komt de echt dipenda" (p.189) word verklaar. Hulle voer 'n stryd teen die vyand van die volk. Teen die regering. Teen die "slechte blanken" (p.281). Die onafhanklikheid van Junie 1960 word deur "die dorpelinge vervloekt en verguisd." Daar word gevra: "Wat het zij hun gebracht?" (p.300). Die spanning tussen die Kongolese word vererger toe opgeleide regeringsoldate die "egte" onafhanklikheidspoging fnuik: "Zij vermoorde iedere man, ieder vrouw, ieder kind op hun weg. [...] En bloedwraak was voor hen geen ijdel woord" (p.301).

### 3.7.2 **Swart/blank reaksie op dekolonisasie**

Gevoelens van haat, verbittering, ontgogeling en onsekerheid kristalliseer uit in die veranderde houding van die Kongolese jeens die blanke nadat sy demokratiese reg erken is. Mayana is onbewus daarvan dat die

revolusionêre onafhanklikheids-redevoeringe van Kafundu en Nsongolo ook verband hou met die bewuswording van haar eie skoonheid in vergelyking met dié van die blanke (p.166). Mayana se Westerse klere wakker Teresa se haatgevoelens jeens die blanke aan: "Wist zij niet dat die Europese uitbouter al met een voet buiten de plantage stond?" (p.189). 'n Ultimatum word gestel: Al die blankes moet weg; hulle moet alles afgee: "hun huis, hun auto, hun vrouw. Nu de onafhankelijkheid er is, zijn wij hier de baas ..." (p.191). Jacobs word verhinder om geld uit die bank te onttrek: "Hebben julle hier niet genoeg weggehaald?" word gevra en hy word verseker dat die geld nie meer aan die blankes behoort nie en dat swart mense nie meer vir blankes werk nie (pp.215-216). Die blanke stad het binne 'n week 'n swart stad geword en Sylvain se onderhandelinge met blankes wat vertrek, ontketen 'n hatige blik tussen swart en blank (p.223). Hy ervaar "een prettig soort leedvermaak" toe die blanke nie meer die reg het om te skreeu: "Boy! Hé, jij, daar!" (p.225). Die swart kinders roep Jacobs agterna: "Mondele mabe! Slechte blanke! We moeten van jou niets meer hebben" (p.245).

"De dipenda is dood" sê Nsiloso aan Jacobs toe hy die swartes se wreedheid aanskou (p.253). Sommige werkers protesteer: "Ze hadden de dipenda anders gezien. Hoe? Dat wist niemand" (p.260). Mayana het bewus geword van die kloof wat die wêreld van die swarte en dié van die blanke skei; sy het besef dat "ergens iets was misgeloopen met de dipenda" (p.282). Mayana aanskou nou die blanke in sy ontgogeling; dit hinder haar om "getuie te zijn van de ontaarding van wezens die zij voor onaantasbaar gehouden had;" hulle "rampzaligheid" walg haar: "Zwarte mensen bewonderen kracht en fysieke moed." (p.207) (Vergelyk paragraaf 2.6.1:89). Op p.213 sê Mayana: "Nu ze met de blanken afgerekend had, kon ze eindelijk ook onderduiken in de nieuwe tijd waarin alles mocht, waarin alles haar zou gegeven worden."

Dit blyk duidelik dat liggaamlike éénwording nie saamgaan met die nodige geestelike simbiose nie. Daar is 'n skeidslyn. Daarom glo Mayana dat 'n swarte nooit die hart van 'n blanke sal kan deurgrond nie (p.171): "Bongonyo's hart zou nooit met het hare gaan. Dat wist ze nu veel zeker. Had ze niet, daar even nog, de afgrond van hun onbegrip gepeild? (p.213).

In Jacobs se reaksie toe hy hoor hoedat Mayana en Luevo oor die onafhanklikheid praat: "Vandaag de blanken weg en morgen vreten jullie elkaar weer op" (p.65), val dit Mayana op dat hy 'n skeidslyn getrek het

toe hy gepraat het van "jullie". Met die dekolonisasieproses in volle gang, het die blanke nog nooit so "blank" gevoel nie en hulle vergader gereeld saam in 'n klubhuis wat deur blankes gebou is "die rotsvas geloofden dat ze in Afrika de eeuwigheid vóór zich hadden" (p.159). Dit sluit aan by Jacobs se siening wat hy op 'n stadium gehuldig het: "Ik wil de kerel zien die mij van mijn erf verdrijven" (p.194). Marian voel teleurgesteld: "Ik wil niets meer over de inlanders horen. [...] Ze hebben mij te veel aangedaan" (p.327).

Jacobs besef dat politieke omstandighede voortaan sy doen en late sal beslis (p.222); vir hom was die plantasie nou 'n hel (p.272) en hy word 'n parasiet en vlugteling op sy eie grond (p.293). Dit stuit Jacobs teen die bors — "tot kotsens toe" — dat Sylvain (een van die "verwaande zwart apen") Mayana na Europa kan stuur en hy kaalvoet moet vlug (p.313). En hy verstaan nie waarom 'n swárt vrou (vir wie hy altyd die swye opgelê het), nou wyse woorde tot hom spreek nie (p.332).

Jacobs se noodgedwonge vertrek uit Afrika beteken dat die grense tussen swart en blank verbreed. Maar as hy finaal van Mayana afskeid neem, word iewers 'n grensbaken verskuif as hy sê: "Al de woorden die hij haar nooit gezegd had, drongen hem naar de lippen. Had hij zelf ooit de tederheid gepeild, die hij gevoeld had voor zijn kleine zwarte vriendin?" (p.315).

Daisy Ver Boven het geen algemeen geldende antwoord op die problematiek van die swart/blank - verhouding in haar roman nie. In Gevierendeeld (Ver Boven) sê die swart verpleegster: "Het rassenprobleem raakt nooit de wereld uit" en haar blanke vriend bevestig hierdie vrese: "Vermenging is niet mogelijk" (p.157). Tradisioneel en psigologies kan die wedersydse onbegrip en wantroue en die Europese meerderwaardigheid nie oorbrug word nie.

Wanneer Mayana na haar eie mense teruggaan, weet sy: "Bongonyo zou haar zoeken.[...] Hij zou haar niet vinden" (p.233). Saam met Sylvain sou sy voortaan "in de hemel wonen." Daarom kan sy aan Jacobs sê: "Je doet er goed aan te vertrekken. Voor harde blanken als jij is de aarde hier niet meer geduldig" (p.331). En toe sy later haar kind optel, is sy bly dat hy swart is: "Voor de blanke was hier geen plaats meer" (p.332).

## 3.8

Ten besluite

Ver Boven debuteer in 1960 met die bekroonde roman La piste étroite. Daarna volg De rode aarde die aan onze harten kleeft (1962), 'n reisverslag Mpasi in 1964, die bekroonde Mayana in 1974 en Gevierendeeld in 1980. In haar oevre laat Ver Boven die fokus op die problematiek van die swart/blank-verhouding val. Haar positiewe benadering tot die Kongolese bevolking spreek duidelik uit haar versugting "...wellich wordt in een verre toekomst toch nog een broederlijke samenleving geboren uit de vrezelijke actualiteit van de Dipenda." Haar literêre betrokkenheid word deur Demedts (1976) soos volg weergegee: "In onze rijke Nederlands-Congolese literatuur gaat van haar werk een slepende indruk uit. Haar lang verblijf in de Congo gee haar inzig in de inlandse bevolking."

By die lees van Mayana word die leser getref deur die reële outeur se betrokkenheid by Afrika en sy mense. Sy skryf haar roman vanuit "een eerlijke bekommernis om het lot van die zwarte bevolking, die zij nog altijd liefhebben", aldus Van Hulle (1983). Haar verblyf in die Kongo het aan haar eerstehandse ondervinding van die Kongo verseker. Haar kennis van en simpatie vir die inlandse bevolking bied haar die geleentheid om met insig oor die oorleweringe, sedes, denke, gevoel en bestaanswyse van die Kongolese te skryf. Sy het haar ore en oë oopgehou vir die "andere mense" en het die vertroueling van die swart vrou geword. Sy sê self daarvoor: "Ik moest naar hen toegaan in de dorpen. Zij hadden het heel druk. Met hen moest ik spreken terwijl zij maniokwortels schraapten en bananenbeignets kneedden. Kinderen waren een ongeëvenaard raakpunt. We stonden dicht bij elkaar omdat we er beiden een op de heup en/of in de buik droegen" (Van Hulle 1983). Haar literêre vaardigheid laat haar toe om "een existentiële waarachtigheid met een eigen schrijfkunst te verenig" (Demedts 1976). Volgens 'n resensent besit Ver Boven die gawe om ongewoon boeiend te vertel en sy bereik haar doel met eenvoudige middele "zonder enige pose of grootdoenerij". Mayana is ontspannende en aangename lektuur vir die leser "waaraan ook zij genoeg zullen beleven die zich niet tevreden stellen met het gewone leesvoer."

Op die flapteks van die roman gee resensente ook hul opinie: "...Mayana is een prachtige roman vol emotionele geladenheid, waarin de figuren raak getekend zijn en die boeit van de eerste tot de laatste bladzijde. De auteur heeft in dit werk haar grote verwoordingskracht en haar stilistiese

kwaliteite bewezen..." (Fred Germonprez via BRT-West-Vlaanderen) en "...Voeg daar de beskrywing van de overleveringen met sagen en sprookjes aan toe, die in de ontwikkeling van het verhaal van self te pas komen, en je krygt een idee van de volkse rijkdom, welke in dit intellektueel bedachte en uitgewerkte boek verzameld ligt. Het verdient een vertaling." (André Demedts in "De Standaard"). N.V. in De Nieuwe Gazet (18.6.1975) laat hom soos volg uit: "Mayana is een boek voor breed publiek geschreven. Voor echte lezers, mense met tyd voor lezen, geen gejaagde veelproevers. Het epos is een grote brok. In verband met ons verleden in voormalig Congo, misschien in verband met morgen, een document."

Na die mislukte onafhanklikheidspoging en die beskawingsideaal wat aan skerwe lê, probeer Ver Boven in Mayana 'n brug span tussen die swart/blank-kloof wat tydens hierdie prosesse vergroot het. Die boodskap wat die outeur aan die (blanke) leser wil uitstuur, lê op die vlak van die bewusmaking van die uitwerking en impak van mislukte menslike verhoudinge. Sy pleit vir die aanvaarding van die "andere": "Waarom zou ik het niet nog eens proberen, gewapend met al de kennis die ik nou verworven heb, die zo langzaam doorgedrogen is tot mijn verstand en tot mijn hart." (uit: Gevierendeeld — Ver Boven).

Mayana is geskryf in 'n intuïtiewe-gelade styl met aandag vir die kleinere detail. Die outeur bly by die aktuele realiteite en kan alleen deur die geldigheid van haar weergawe oortuig. Sy aarsel ook nie om aandag te skenk aan die "harde kante" van die menslike psige nie. Haar kulturele blik is ruim, haar literêre vroulike stem warm en haar vertrouwe in die menslike waardes is steeds voelbaar aanwesig. Sy spreek met wysheid en lewenservaring en met haar grondige kennis van die Afrikaan, probeer sy tot hul sielewe deurdring.

As blanke vrou staan Ver Boven in die ideale posisie om die beskawingswerk in die Kongo te beoordeel. Tydens haar verblyf in Afrika moes sy afsien van haar meerderwaardige houding teenoor 'n primitiewe kultuur en die swarte erken as 'n gelykwaardige (maar tog anderse) mens. Sy besef dat die blanke een fatale fout begaan het: "Zij hebben hún opvattingen, hún normen, hún levensritme willen overentent op een cultuur, die eeuwen achterop stond, maar daarom niet minder waardevol was. In deze confrontatie van twee culturen opent zij de ogen van hen die de mond vol hebben over de 'zwarten'." In Mayana bereik sy dan ook 'n perfekte ewewig tussen die betogende element en die

psigologiese motivering. Haar karakters word lewenseg geteken — hulle het nie 'n beliggaming geword van abstrakte beredenering nie, maar as mense van vlees en bloed hunker hulle na begrip en veg teen ontgogeling en bekrompenheid.

T. Stuckens (1976) ag die boeiende manier waarop die outeur die leser in kontak met Afrika en die Afrikaan bring, van belang. Dit geskied deur die verhaal vanuit die swart leefwêreld te skryf: dis "zo intens, dat je je afvraagt hoe een blanke vrouw zich op die manier in een ander huid heeft kunnen inleven." Demedts (1976) gee sy opinie soos volg weer: "Blijkbaar is Daisy zo vertrouwd geraakt met wat ze hoorde en zag, dat men in het boek vaak de indruk opdoet dat zij zich geïdentificeerd heeft met het zwarte meisje Mayana." Daisy Ver Boven word deur haar persoonlike jarelange Kongo-ervaring en haar liefde vir die Kongo en sy mense beïnvloed om vanuit 'n ander en 'n eie (vroulike) gesigspunt te kan skryf en met 'n sterk vroulike intuïsie die gebeure in Mayana te benader. Sy laat Mayana met verbluffende mensekennis en deursig leef en dink. Myns insiens is die feit dat 'n wit vrou as skrywer/verteller 'n vyftienjarige swart meisie se innerlike openbaar en haar perspektief aanneem, iets "buitengewoons." Sy kan wel deurdring tot die psige van die swarte in die algemeen en van die swart vrou in besonder, maar daar is tog sprake van 'n stereotiperende patroniserende blik op die swart wêreld van Mayana.

**HENRIËTTE CLAESSENS: AFSCHIED VAN RUMANGABO (1983)**

*Ik ben Lena niet,  
 Jij bent Carl niet  
 Zij zijn Mandy, Lucien,  
 Willy en Klaartje niet,  
 Maar Rumangabo is echt.*

(Uit: Proloog p.4)

4.1

**Die onderlinge betrekking tussen fiksie en werklikheid**

Afscheid van Rumangabo is 'n terug-na-die-geskiedenis roman waarin die beskrywings van die agtergrondgewens feitelik korrek is. Vanuit die geïmpliseerde leser se verwysingsveld is die koloniale teenwoordigheid van die Belge in Afrika duidelik herkenbaar. (Tydens die verkennings- en besettingsfase van die onbekende binneland stuur Leopold II ontdekkingsreisigers en die weermag na die Kongo wat moes instaan vir die pasifikasie van die binnelandse bevolking en die verdrywing van die Arabiese slawehandelaars. Sedert 1888 sorg die Force Publique vir die handhawing van orde.) Die verhaalwêreld verwys na die Belgiese leer wat in die najaar van 1959 in die Kongo gestasioneer is. Bestaande nie-fiksionele plekke en mense word vermeld: die Tutsi-koning van Ruanda (p.17); Kigali, die hoofstad van Ruanda (p.20); Rumangabo, gesetel in die provinsie Kivu (pp.8,10); die vulkane Nyarungongo en Karisimbi (p.17); die kommandant se vrou was werksaam in Gombari (p.14); daar is 'n bevelvoerder oor vyftienhonderd swart en blanke soldate (p.9); vroue maak deel uit van die Force Publique se verblyf in Rumangabo (p.26); die werk van missionarisse word vermeld (p.35); die koloniste ondervind probleme om die inheemse taal Lingala te verstaan (p.57); die soldate word vir onbepaalde tye as gevolg van onluste weggestuur (p.92) en nasionale politieke leiers soos byvoorbeeld Lumumba (pp. 60,117,141) se aspirasies word vermeld.

Die roman betrek dan ook die herkenbare problematiek van die voor - onafhanklikheidsperiode: tot in die verste uithoeke van die Kongo lok die revolusionêre toesprake van Lumumba en die fanatisme van sy volgelinge relletjies uit — veral in Stanleystad en Thijsville loop die spanning hoog (pp.56,58). In Kinshasa en ander inlandse stede word tekens van ongeduld en verzet bespeur. Namate Afrika se ontvoogding



vorder, verskerp onbegrip en wantroue en uit wraaklus word moorde gepleeg en sendelinge in onder andere Bumba verdryf. Daar word gepraat van die man van die Force Publique wat swaar verwond is tydens "rellen in Stan" (p.139). "Indépendance" word teen elke prys begeer. Daar word onder blankes min oor onafhanklikheid en die feit dat die Kongo nog nie ryp is vir onafhanklikheid nie (p.69) gepraat en veral in openbare gesprekke word die onderwerp vermy (p.15). Dat aan die koloniale bestaan eenmaal 'n einde sou kom, kon weinig hulle dit voorstel; vergelyk uitsprake soos byvoorbeeld: "...alles zal en moet blijven zoals het altijd geweest is" (p.59). Maar die kalmte op pp. 17,39 en 55 genoem, verander toe die Kongo onafhanklik verklaar word. "Kongo word gek" (p.65); dit is 'n realiteit.

Die skepping van die werklikheidsillusie word as bewuste tegniek gebruik om die leser se belangstelling te behou deur verwysings na die oploaiende spanning: "... heel Kongo staat in rep en roer, er wordt vermoord, verkracht" (p.168); "... dan hadden we hen niet op zo 'n armzalige manier hun land teruggegeven!" (p.170); "...het is waar [...] ze hebben vermoord, verkracht en geplunderd, [...] onze eigen Force Publique" (p.187); "...hoe kan het, dat een Belgisch officier als jij, plots in dienst staat van een onnozel hysterisch geworden évolué.." (p.200). Tienduisende Belge vlug na onder andere Katanga en hul moederland: "De meeste Belge zijn vertrekken, verjaagd of gevlucht" (p.169).

Daar kan 'n verband tussen die uitsprake van die abstrakte outeur en die belewenisse van die reële outeur getrek word. Die reële outeur het nie "zomaar een roman bedacht"; sy weet waarvan sy praat omdat sy self as offisersvrou in die koloniale tydperk betrokke was — "zij het zelf (die gebeure) van zeer dichtbij heeft meegemaakt" (De Standaard 1987). Byna 'n kwarteeu na die onafhanklikheid van die Kongo word gegewens uit die kontroleerbare werklikheid wat deur die reële outeur beleef is, deur die geïmpliseerde outeur gekeur en verwerk tot 'n nuwe herskepte tekstuele werklikheid. Vir die leser beteken dit dat Afscheid van Rumangabo gemaklik aan buite-tekstuele werklikheid gekoppel kan word. Die leser herken verwysings na die buite-tekstuele werklikheid, soos byvoorbeeld die redes waarom en die voorwaardes waaronder persone na die koloniale Kongo gegaan het (Vergelyk paragraaf 1.1.3). Claes (1980:III) verwys na onder andere Bulletin de L'Union des Femmes Coloniales (1924 - 1955) waarin op die posisie van die blanke vrou in die kolonie gefokus word. Die reële outeur erken op 'n keer in 'n onderhoud dat die roman 'n outobiografiese inslag het en sy bevestig ook dat die

personages "een amalgaam is van de mensen die ik gekend heb."

Manipulasie deur die geïmpliseerde outeur geskied deur middel van die ek-verteller. Eersgenoemde laat die leser deel in die koloniale gebeure (die historiese feite) en probeer 'n ewewig tussen realiteit en fiksie te bou. Die leser is gewillig om deur die geïmpliseerde outeur gemanipuleer te word en aanvaar die fiksionaliteitsafpraak tussen hom en die outeur (Oversteegen 1982:92). Die werklikheidsgetrouheid van die verhaal speel dus 'n ondergeskikte rol. Die leser is nie in die eerste plek ingestel op fynere detail van die onafhanklikheidsproses nie. Die romansier se omspring met die feite en die groter verbeeldingskrag waarmee 'n spel gespeel word, gee aan die leser 'n wyer visie op die algemene politieke woeling in die Kongo. Die fiksie is 'n werklikheid juis omdat die leser aan die geloofwaardigheid van die verhaal glo. Afscheid van Rumangabo styg uit bokant die beperkte realiteite van die Kongolese onafhanklikheid en 'n meer universele betekenis word aan die verhaal verleen. Die leser stel belang in die boodskap wat die reële outeur vir hom ná die lees van die roman wil deurgee.

Afscheid van Rumangabo se verslag oor 'n politieke situasie ('n historiese gebeurtenis) kan egter ook as 'n tydsdokument van die koloniale era beskou word. Dis daarom nie net 'n storie nie; dis meer as 'n spannende dokumentêre verhaal waarin die stuip trekking van die Kongolese verselfstandiging aangespreek word. Die intelligente leser wat verby die literêre - sosiologiese en literêre - historiese waarde kyk, sal die estetiese in die geordende geheel raaklees.

#### 4.2

##### Die verhaaltitel

Deur middel van die titel van die roman word die fokus op 'n bepaalde afscheid geplaas. Die eksterne fokalisator gee die gedagte van afscheid neem in sterk emosionele woorde soos volg weer: "Vaarwel Rumangabo, adieu, het is gedaan" (p.207).

As logiese uitgangspunt vir hierdie analise kan die titel as eerste inligtingsbron oor die vertelling beskou word. Die geïmpliseerde outeur skep deur middel van die titel 'n sekere verwagting by die leser: Afscheid impliseer die losmaak van iets/iemand en in die verloop van die verhaal sal duidelikheid oor hierdie aspek verkry word. Rumangabo is die naam

van 'n Belgiese militêre kamp in die Kongo tydens die koloniale era.

Ná die lees van die verhaal kom die leser tot die besef dat daar afskeid geneem moes word van die Kongo. Die karakters moes weens politieke verwickelinge terugkeer na België: "Één jaar slechts was je van mij, en nu, vandaag, vaarwel!" (p.207).

In retrospeksie kan die leser besef wat die meerdimensionele strekking van hierdie verhaaltitel beteken: Daar moes losgebreek word van Afrika, van 'n era, van 'n leefwyse en die ek-verteller groet die Kongo: "Dag vulkanen, dag kleine blauwe hagedis, [...] dag vreugde en verdriet, geluk en tranen, [...]" (p.207).

#### 4.3

#### Intrigeverwickelinge

In die voorwoord neem die leser kennis van die situasie waarin die ek-verteller haarself bevind: Afscheid van Rumangabo is 'n wêreld waar vroue van Belgiese offisiere in die Kongo byeen gebring is in 'n weermagbasis met die naam Rumangabo. Die handeling — dit wil sê hoofsaaklik al die ek-verteller se bewegings — verloop teen die agtergrond van die onafhanklikheidswording van die Kongo.

Die verteller (Lena) se verhaal is dus ook die verhaal van die ander vroue in die militêre kamp: Vir die vroue verg dit heelwat aanpassings en opofferinge om vanuit Europa na Afrika te verhuis. (Vergelyk paragraaf 1.1.4.5#4). Hulle is aanvanklik siek van heimwee en ellende. Die tropiese klimaat, 'n vreemde swart taal, swart mans wat huiswerk doen en inperkende kampreëls is onder andere faktore waaraan hulle gewoond moes raak. Die vroue vorm 'n "clan" (p.31) en terwyl die mans hulle militêre pligte moet nakom, kuier die vroue oor en weer, doen borduurwerk en naaldwerk, lees en nooi mekaar uit vir etes. Hulle woon ook verpligte militêre funksies by; 'n geselligheid is byvoorbeeld gereël toe die hele bataljon terug in Rumangabo is (pp.106-108); die vroue kry dan kans om te "babbel en te fleem". Gesprekke wentel gewoonlik om huishoudelike sake, troeteldiere, tuinmaak, huisbediendes en skinderstories.

Terwyl hulle mans weg is uit die kamp, benut die vroue die tyd om vir inkopies na Rutshura, Goma of Kisenyi te ry. Reis Lena en Mandy op 'n keer na Epulu, voel eersgenoemde dat dit 'n goeie idee is om weg te kom

"uit het eeuwig kamp hier" (p.87) en wanneer die spanning te veel word, nooi sy Mandy: "laten we gaan, ik stik hier binne, kom mee" (p.116). Tussen die alledaagse gemeenplasia's deur is die vroue gedurig bewus van die onrus (p.55); hulle raak onseker en vrae soos wat sal van die blanke offisiere na 30 Junie word, duik op (pp. 56-58).

Lena raak gefrustreerd wanneer haar man Carl elders diens moet doen en haar onredelike versoeke om hom te vergesel, veroorsaak hulle eerste rusie; sulke tye haat sy die Kongo (pp.40-42). Deur middel van die kolonel se bewimpeling kan Lena as "toeris" saam met Carl na Kigali in Ruanda (die voormalige Duitse kolonie) gaan (p.64). Lena is ergerlik toe sy verneem dat sy alleen na Rumangabo moet terugkeer (p.80) en dat sy onder kruisverhoor moet kom toe majoor Van Langehove wou weet of sy opdragte stiptelik uitgevoer is (p.89).

Voordat die ernstige siek kolonel na België afreis, word 'n groot feesparade gereël. Hy is oortuig daarvan dat hy na die Kongo sal terugkeer "avec une canne et un chapeau" (p.109). Die swartes swyg oor hul meerdere kennis aangaande die politieke situasie en "grinnik op hun manier terwyl ze stelen als eksters" (Demedts, 1984:642(a)).

Toe in die najaar van 1959 sprake is van die finale onafhanklikheidswording van die Kongo, word duidelike tekens van verset by die blankes bespeur. Koning Boudewijn se oproep tot samewerking tussen swart en blank om die onafhanklikheidsproses glad te laat verloop, het skynbaar op dowe ore geval. Die Kongolese nasionaliste se eise word meer radikaal en dit lei tot 'n kwasierevolusionêre klimaat wat die Force Publique verplig om in te gryp. (Interessant om daarop te let dat minister De Schryver tydens 'n studiereis in 1956 na die Kongo, gekla het oor die feit dat die inlanders nie opgelei word "tot hogere funksies" en "zo was er in de Force Publique geen enkele swarte officier" (Schalbroeck 1986:117)). In Rumangabo word weining aandag aan politieke woelinge geskenk; die leer vertrou op sy mag en gesag, oortuig daarvan dat die swart soldate nie teen die blanke bevelvoerders sal opstaan nie. Ook was onder andere myndirekteure, gebiedsbestuurders, amptenare en sendelinge blind vir die teken aan die muur, of hulle kon dit nie tydig ontsyfer nie. Die verteller egter, verwoord die onrus en onsekerheid soos volg: Die Belge is hul Kongo "aan't verliezen" (p.71); daar is onrus in die lug — dis soos "een gasbel die klaar staat om open te barsten en haar gif uit te spuwen" (p.142); die leer muit (p.152); "...het gaan niet schitterend in onze

Kongo" (p.158); "we zitten als ratten in de val [...] overgeleverd aan een troep wilden" (p.163); "Kongo is voor ons definitief voorbij" (p.170); gespanne en ongeduldig "verwacht iedereen iets" (p.189); "Niets is meer normaal of gewoon" (p.224); "Kongo is voorbij" (p.237).

Die vroue in die kamp voel oningelig, onseker en gespanne en Lena se swangerskap verhoog haar spanning en frustrasie (pp.116, 121-123). Ten spyte van die majoor se versekering dat alles "toch volmaakt rustig en kalm" (p.119) is, dring Lena daarop aan om na Kindu te vertrek nadat Carl in sy brief melding gemaak het daarvan dat, indien die vrouens wil, hulle na België mag terugkeer. In Bukavu waar Lena twee dae moet oorbly (kort voor 30 Junie, die sperdatum vir onafhanklikheid), verras Carl haar met 'n vinnige besoek — hy moes egter dringend in plaas van na Kindu, na Kisenyi vertrek (pp.135-137).

Wanneer die Belgiese Kongo in die onafhanklike Zaïre verander, word Carl Maes en die hele bataljon na Kindu gestuur (p.144). Lena moes inderhaas na Rumangabo terugkeer (p.143). 'n Week na die soewereiniteitsverdrag word dit op pynlike wyse duidelik dat die Belgiese dekoloniasieproses misluk het en dat die jong republiek in chaos gedompel is. Terug in Rumangabo hoor Lena dat die leër (die hoeksteen van die regime) in Thijsville gemuit het (p.152) en sy hoop dat België troepe sal stuur om die blankes te hulp te snel (p.153). Berigte van onder andere verkragting en geweld word versprei. Lena pleit by die ander vroue vir samehorigheid (p.155). Sy besef dat haar motor "tip top in orde" moet wees, maar probeer tevergeefs brandstof by Custine se winkel kry — hy is aangerand en sy winkel leeggeplunder. Die vroue word deur Jeanine byeengeroep vir "krijgsraad" soos Lena dit spottend noem (p.158).

Intussen word Mokoko "baas van het hele kamp" (p.162); hy blyk verstandig te wees en volg die blanke offisiere se advies (p.189). Niemand mag die kamp verlaat nie (p.163), die huise sal bewaak word en die vroue sorg dat hul snags nie alleen slaap nie (pp.165-167). 'n Teenstrydige bevel word deur die majoor uitgereik dat alle blanke vroue en kinders die kamp onmiddellik in hul eie voertuie moet verlaat om na Uganda (Kampala) te gaan (p.172). Die vroue word egter deur swart soldate aangesê om terug te keer na Rumangabo — die opdrag blyk later 'n misverstand te wees. Die wreedhede wat elders plaasvind, is tot een verkragting en 'n paar relletjies in Rumangabo beperk. Line soek by Lena hulp en onderdak nadat sy verkrag is (p.178).

Onder druk van die Belgiese publieke opinie en verontrus deur die verhale van vluggende blankes, stuur België troepe na die oud-kolonie om hul bedreigde landgenote uit onmiddellike gevaar te red. Slegs 50 km van Rumangabo af word die Ardeense Jagers uit Vielsalm in Kisenyi gestasioneer (p.187). Nuwe geweld teen die blankes vind plaas toe die garnisoen ook strategiese punte beset.

Adjutant Delabenne word as bataljonkommandant aangestel (p.196); die leër is nou ondergeskik aan die politici (p.198). Die vroue mag die kamp verlaat en na Ruanda (waar dit veiliger is) vertrek (p.203). Lena weier aanvanklik, maar vertrek later onder protes na Kisenyi (p.207). Daar loop sy vir Klaartje raak wat haar meedeel dat alle soldate ontslaan is en dat haar man vrywillig in Katanga wil gaan bly waar Tsombé ter wille van sy mynbelange, blankes verwelkom (p.217). Lena hoop dat haar kind in "rust en vrede" in België gebore sal word (p.219). Carl daag doodsiek in Kisenyi op (p.224) en Lena word gedurende die krisistyd deur Klaartje bygestaan. Ná Carl se herstel vertrek hulle vanaf Usumbura terug na hul moederland — hulle stap "klik-klak als houten poppen, België in" (p.238).

Afskeid neem van Afrika is op sigself 'n tema wat hier in sterk emosionele prosa uitgewerk is. In die loop van die reeks gebeure is 'n sirkel van singewende bestanddele gevind waarin op die gedagte van afskeid-neem gefokus is. Hier kan verwys word na Bergeyck se Het Stigma waarin die aangrypende verhaal vertel word van die vertrek van pater Leo ná die vernietiging van sy sendingstasie. Soos in die geval van Afscheid van Rumangabo, dwing politieke onstabilliteite mense tot gedwonge besluite.

Die verskillende gebeurtenisse word deur die geïmpliseerde outeur op die geskiedenisvlak logies en chronologies georden. Dis nie 'n blote rapportering van die koloniale gebeure nie, maar rondom die situasie in die Kongo gebéur daar dinge. Deur die opeenvolging van spesifieke gebeure vind handeling en verandering plaas. Die een gebeurelyn omvat die parallelle geskiedenis van die ek-verteller en die ander vrouepersonages. Hierdie samehangende handelingslyn skep eenheid sodat 'n duidelike boodskap raakgelees kan word. Die verhaal is in hoofstukke verdeel en die hoofstukke vorm episodes in die ontwikkeling van die verskillende temas. Die episodes verteenwoordig elkeen 'n later tydstip in die verhaalverloop en gee telkens 'n nuwe blik op die verloop van die koloniale gebeure en die wêreld waarin die karakters hulle self bevind.

**Verteller en fokalisator**

Net soos in die geval van Dagboek van Carla is die vertelinstantie 'n ek-verteller wat terselfdertyd as hoofkarakter optree. Die keuse van die soort verteller gee aan die leser die geleentheid om makliker met daardie karakter te vereenselwig, die vertelwyse is ook meer intiem-persoonlik en die geloofwaardigheid van die ervarings word makliker aanvaar. Die vertelinstantie identifiseer haar op p.12 as Lena en tree daarna pertinent as ek-verteller op. Lena is deel van 'n groep vroue in Rumangabo wie se mans as militêre offisiere na die Kongo gekom het om diens te doen vir volk en vaderland. Sy is waarnemer van die verwickelinge rondom hulle lewe in die militêre kamp. Die leser het dus hier te doen met 'n interne verteller wat ook as primêre verteller - fokaliseerder optree (Van Luxemburg et al 1983:176). Sy tree as instrument van die geïmpliseerde outeur op en rig haar tot die geïmpliseerde leser; sy is deurgaans aan die woord. Vind 'n verskuiwing van fokalisasie wel plaas, word dit via die verteller beheer. Die feit dat Lena as fokalisator optree, beteken 'n mate van subjektiwiteit — die vertellersoptrede wat hier intiem-betrokke is, bepaal die toonaard van die teks. Die intieme aanslag en die belydende toon laat die leser by die gebeure betrokke voel. As verteller tree sy dalk soms te emosioneel op — moontlik om begrip vir haar optrede in moeilike politieke omstandighede by die leser te wek. Lena se angste en onsekerheid oor die veranderde militêre operasies laat haar onredelik optree: sy verwyt Carl dat hy haar nie meer liefhet nie (p.18); die bittere gedagte dat sy "niet meer bemind" word, spook by haar. Wanneer sy Carl se onpersoonlike telegram met Nuwejaar ontvang, skeur sy dit woedend op en glo "alles is voorbij" (p.44). Sy reageer heftig as Carl moet vertrek: "Ik ga mee naar Kigali, waarom niet, ..." (p.39); sy dreig om sy uniform se knope af te sny om hom daardeur te dwing om te bly; sy breek in wilde snikke uit, sluit haar kamerdeur en gooi die sleutel in die blombedding. Sy klap hom venynig in die gesig en beveel hom "je gaat niet!" (p.40). Op 'n keer roep sy dramaties uit: "...ik blijft bij je, tot mijn laatste snik" (p.59) en "Ik gaan niet weg zonder jou, al moesten ze me het vliegtuig inslepen, ze zouden me moeten vastbinden ..." (p.209). Sy vervies haar vir Carl se paaiery en laat hom verstaan dat sy moeg daarvan is om bang te wees — sy wil leef en voel en wil self besluite neem (p.202).

Die vertelling word vanuit 'n agternaperspektief gedoen. Tydens 'n militêre funksie in Antwerpen sestien jaar na haar betrokkenheid in Afrika, word Lena gedwing om terug te dink aan die gebeure in die

Kongo: "Ja, we waren samen in Rumangabo..." (p.8) sê sy aan Suzy, een van die offisiërsvroue. Al was dit "al zolang gelede" was sy dáár en sy onthou vergete beelde, veral "die son, geluiden, geuren, negerstemmen, geluk, verdriet, alles is er weer..." (p.8). Dit is hierdie herinneringe wat, asof direk beleef, die verhaallyn vorm.

Die vertelinstansie maak onder andere gebruik van die gesprekform om die verhaal sy loop te laat neem en om die vertelde ervarings meer oortuigend te laat klink. Sy is in gesprek óf met haarself (monoloog) of met 'n ander karakter (dialoog). Deur middel van 'n dialoog-situasie kom Lena byvoorbeeld via Mandy te hore dat Frieda deur Cecile uit die "clan" gestoot is en dat laasgenoemde die vroue in die kamp regeer (p.31). Wanneer Lena ontstel voel as Carl na Kigali moet vertrek, gee sy hulle gesprek wat in 'n rusie ontaard, volledig op pp.39-41 weer. Lena is besig met 'n innerlike monoloog wanneer sy wens dat Jeanine wat haar ontstel, moet vlug sodat die swartes haar miskien kan "vreten" (p.56) en in haar gedagtes verwens sy vir Line wat vir Mandy beledig: "Geef haar een klap in dat wit gezicht" (p.28); ook is haar gedagtes 'n warboel toe sy by Jeanine verneem van die muitery in Thijsville: "Ik moet hier weg! Nu onmiddellik!" (p.152). Die dialoogform versterk ook die toon van persoonlike betrokkenheid by die hele dramatiese situasie.

Die politieke verwikkelinge tydens die verselfstandigheidsproses van die Kongo vorm 'n belangrike gebeurelyn in die roman. Die verteller is deel van die militêre opset in Rumangabo en vanuit haar posisie as ek-verteller herleef en beskryf sy die gebeure (Meij in Ahlers 1985: 4) terwyl dit weer in haar gedagtes afspeel. Veral berig sy oor die effek wat dié traumatiese gebeure op die lewe van die vrou van 'n soldaat het. Die leser is bewus daarvan dat die fokalisator se perspektief oorheers: sy besluit dat daar niks in die Force Publique verkeerd mag loop nie — "het mocht nie, dus kon het niet" (p.215). (Volgens Demedts (1984) het Claessens "een grimlachje voor zoveel verblindings en pretentie"). Gesels Jeanine met Lena oor "oproer, moord en brand" (p.56), wonder Lena bekommerd: "...wat staat er ons misschien nog te wachten?" (p.57). Sy deel ook haar siening met Carl: sy haat die kolonel; die Kongolese laat haar koud; "...als ze onafhankelijk willen zijn, dat ze, wij kunnen er toch niets aan veranderen" (p.60). Sy kwel haar ook omdat hulle oningelig is; vol verbittering verwyrt sy die Belgiese regering en die koning aan wie Carl trou gesweer het; sy meen dat die blankes hulle aan Lumumba uitgelewer het. Sy voel ook ongerus oor die "heilige" Force Publique wat oorloop van selfvertroue (pp.58-62). Dink Lena aan die Belgiese



volkslied: "Immer vooruit, dapper Belgen", weet sy dat haar volksgenote besig is om hulle kolonie te verloor (p.71). In Kivu maak sy haarself eers wys: "hier gebeur niets [...] het was maar een vals alarm" (p.101) maar dan vra sy weer: "Wat gaat er hier gebeuren?" (p.113) wanneer onluste in die Maniema uitbreek. Raak sy wrewelrig oor Lumumba se politieke aspirasies, beskuldig sy die "hoogverhewe" Force Publique daarvan dat hul te hoogmoedig is om hulp uit België te vra (pp.116-118). Redeneer die verteller met die majoor oor die posisie van die vroue wat na België mag terugkeer, verwyt sy hom dat die vroue nie ingelig word omtrent wat aangaan nie; sy weet ook dat hy nooit sal erken dat die situasie in die Kongo onstabiel is nie (p.120).

Die verteller deel die opgehoopde spanninge en rusies van die vroue met die leser (pp.121-123); sy laat val ook die fokus op die alleenheid en hulpeloosheid van die vroue (p.165) en op die onbeantwoorde vrae wat die vroue teister (p.169). Carl meen dat onafhanklikheid te vroeg aan die Kongo gegee is (p.187) en Lena voel dat België ("een rotland, het heeft Kongo nooit verdiend of waardt geweest" (p.199)) die koloniste in die steek gelaat het; daar is ook geen "garanties voor de mannen van de Force Publique" (p.215). Die verteller lug ook haar opinie oor Lumumba; hy is volgens haar "dat smerig évolueetje" (p.215), 'n kommunist deur Rusland betaal, 'n skurk, 'n dief en 'n "vulgaire hysterische demagoog" (p.199); en 'n domme opruier (p.200). Vir haar het die Kongo 'n vreemde land geword — 'n vyand selfs. Nooit sal iets weer dieselfde wees nie (p.107); Lena voel: "Het is hun land"; die Belge is "oud en versleten" en het alles verknoei (p.170) en "Kongo is nu van hen" (p.193). België is verslaan, die Force Publique "heeft gefaald" en "de militairen hebben het nog maar eens verbrod" (p.214). Die verteller is hartseer oor 'n wêreld wat sy nie verstaan nie (p.236). Wanneer sy aan Carl vra of hy ook graag nog in Afrika sou wou bly, weet sy dat sy woorde "Kongo is voorbij, we weten het" waar is (p.237).

Die ek-verteller stel haarself ook aan die leser bloot deur middel van haar gedagtes en emosies: die aanvanklike arrogante Lena voel later net soos die ander vroue in die kamp ook bang en onseker as sy kla dat: "ik hier moederziel alleen achterblijft, in dit vreemde onbekende land" (p.19) of as sy haarself verwyt met die woorde: "Alleen, alleen, gedaan,gedaan!" (p.41). Vir hierdie soort emosie het die leser baie begrip en 'n simpatieke houding ontwikkel teenoor die ek-verteller. Lena laat die leser toe om saam met haar die karakters en gebeure te verken en Lena se subjektiewe siening oor die spesifieke situasies en karakteroptredes te

deel. Terwyl Lena in Kigali met Lucien gesels, beoordeel sy hom as 'n martelaar of 'n "droevige engel" (p.75) omdat hy nie weet hoe om sy huwelikskrisis te hanteer nie (p.76). Die militêre hooggeplaastes ontlok dikwels siniese opmerkings: Kommandant Claerhout is "getikt" (p.15) adjudant Simons is "een vulgaire man" (p.35); van Langenhove het "koele slangenogen" en die bataljons-kommandant se toesprake is "miserabel en afgezaagd" (p.7). Die verteller veroorloof haarself heelwat tyd om deur middel van meditasie met die leser te kommunikeer en gee dan terselfdertyd filosofiese uitsprake. Wanneer sy terugdink hoedat dit sy was wat "aarselend afwachtende die onbekende Kongo was komen binnensluipen" en hoedat sy alles verlaat het, wonder sy wat sy in Afrika doen (p.84). Sy peins oor die siek kolonel wat in België as gevolg van kanker gaan sterf, en wonder of hy spyt sal wees oor sy lewe in die Kongo en of hy weet dat hy gaan sterf? Het hy van Afrika gehou of het hy die vreemde land vervloek? Sou dit so wees dat Afrika jou nooit loslaat nie? (pp.91,112). By wyse van innerlike monoloë peins die verteller dikwels oor menslike probleme: sy besef dat jy honger en dors kan stil, maar nie die liefde nie (p.97); sy is oortuig daarvan dat logiese denke altyd seëvier (p.105); sy weet ook dat Mandy haar laaste geveg met haarself gestry het (p.151). Sy besef ook dat elke dag sy eie emosie, geluk of verdriet bring (p.138), dat jou lot vir jou bepaal is (p.145) en dat 'n mens se illusies 'n vals beeld van die werklikheid gee (p.152). Is die verteller dankbaar oor Carl se herstel na sy siekte, mediteer sy oor 'n boom waarvan die blare afval, maar wat altyd nuwe blare gaan kry — so is dit ook die geval met die mens (p.229). Sy bespiegel oor haar seun wat nog gebore moet word: watter goeie raad sal sy aan hom kan gee? Sy wil hom gelukkig sien en hoop dat God hom liefde en verstand sal gee (p.235).

Baie verteltyd word aan die ongeoorloofde verhouding tussen Mandy en Willy bestee — vir die groepie vroue wat afgesonderd op Rumangabo woon, is sulke "nuus" heel opwindend. Die verteller laat die betrokke persone met behulp van dialoë hul probleme stel. In die biblioteek in Kigali is dit Lucien wat oor sy vrou Mandy kla (p.76); (Die Belgiese regering het in 1910 besluit om in alle Kongolese hoofsentra openbare biblioteke op te rig). Klaartje soek by Lena raad oor haar ontroue man Willy (pp.95,118,124-125); Mandy praat verskeie kere oor Willy en Lucien — die verteller gun haar ongeveer agtien bladsye verteltyd. Op p.31 gee Lena haar indrukke oor Mandy en Willy as sy opmerk hoedat hy vir Mandy "toelicht op een manier die elke vrou verstaat". Lena weet dis Willy se "zoveelste korte bevestiging" (p.131); sy verkies haar oor

Mandy (pp.55.56); sy besef dat Lucien bewus is van sy vrou se ontrou (p.69). En op p.100 wil Lena by Carl weet wat hy van die verhouding dink; hy antwoord: "Ik zei het je reeds, pieker er niet over. Zulke dingen gebeuren, en bemoei je er in elk geval niet mee."

Die ek-verteller se vertelwyse gee duidelik te kenne dat sy die middelpunt is waarom die gebeure draai. Die manier waarop sy vertel is net so van belang as die vertelling self. Sy ondersoek die gebeure, interpreteer en beskryf; soms vertel sy gewoonweg; soms redeneer en bespiegel sy oor 'n saak. Sy kan erken "Ja, ik ben bang" (p.129) en kan teenoor die majoor uitvaar wat haar alleen op reis stuur "enkele dagen na die verdomde onafhankelĳkheid" (p.144) omdat sy ooreenkomstig haar eie karakter en vanuit 'n bepaalde perspektief praat.

Die ek-verteller kan ook as "getuie" optree wanneer sy van 'n karakter praat — sy weet byvoorbeeld iets meer van 'n persoon wat deur ander vroue bespreek word: Is Line katterig met Mandy, sien Lena hoedat laasgenoemde ineen krimp en haar kop "machteloos en armzalig" skud (p.28) — sy deel hierdie insig met die leser. Lena identifiseer haarself sterk met die ander karakters en kan 'n geloofwaardige weergawe van hulle gevoelens gee. Vergelyk byvoorbeeld haar beskrywing hoedat die kolonel se oë tydens die mislukte afskeidsplegtigheid "woest, haast waanzinnig" omrol; hy is verslaan in plaas van om vereer te word. Omdat Lena soms deur 'n ander karakter in vertrouwe geneem word, besit sy meerdere kennis van die situasie en die karakter: Ander karakters is onbewus van die gebeure tydens Line se verkragting (p.181), maar die ek-verteller lig die leser via Line se vertelling, volledig in. So ontstaan ook aanvullende subperspektiewe, meestal die van ander vroue, in die vertelling.

Die verteller se fokalisering van die groepie vroue, gesien in die lig van 'n vreemde milieu en omstandighede waaraan hulle blootgestel word, is direk en sy verwoord hulle denke en houding vanuit die vrou se ervaringsveld en perspektief op 'n geloofwaardige wyse. Sy gee berig oor die vrou se reaksies toe hulle hoor dat hulle mans in Ruanda is (p.20); sy beskryf hoedat die spanning onder die vroue hoog loop — woorde soos "luid gejammer, paniek, angstaanjagend, griezelige geluiden" verbeeld hulle angs; sy luister na woedende rusies en volg "de bewogen scene vanop mijn terras" (pp.121,123). Soms is sy bewus daarvan dat ander karakters na haar kyk en haar waarneem; as Frieda byvoorbeeld vir haar sê "Jij vindt Mandy aardig" (p.156), verkeer sy dus in 'n gefokaliseerde

posisie.

Die ek-verteller kon praat en handel en vir die geïmpliseerde outeur linguistiese handeling uitvoer. Die ek-verteller kon 'n vertrouensverhouding by die leser opbou. Sy is as 'n betroubare verteller geoormerk; haar verhaal in hierdie situasie klink oortuigend en na die lees van die roman kan die leser via die verteller Claessens se perspektief op die koloniale era raaklees.

## 4.5

### Tydruimte

In die roman is die koloniale leefwyse van die voor- en na-onafhanklikheidsperiode van die Kongo duidelik uitgebeeld. Heel aan die begin van die verhaal word reeds die samehang tussen tyd, ruimte en karakter geïllustreer en die geslaagde samestelling van die verhaalgeheel steun op hierdie funksionele samestelling. Die uitroep: "Rumangabo!" (p.9) en die woorde in die voorwoord: "Kongo, zestien jaar reeds of nog langer" (p.8), koppel die gebeure in Afrika aan 'n realistiese tydsverloop. In die koloniale ruimte van die Kongo beleef die ek-verteller dus tydsgebonde ervarings en hierdie ervarings word in tweehonderd-nege-en-dertig bladsye verteltyd vasgepen.

### 4.5.1

#### **Tyd**

Die ek-verteller skryf oor 'n tydruimtelike ervaring in die verlede vanuit die hede. Sy erken: "[...] natuurlik weet ik alles nog, ik ben niets vergeten" (p.8); "...en ik vergeet het nooit, Rumangabo" (p.207). Vanuit die hede vertel sy terugskouend wat sestien jaar gelede gebeur het. Sy begin haar verhaal met die woorde: "Die namiddag, een dag of vier vijf geleden.." (p.5). Terwyl sy in Europa 'n militêre funksie bygewoon het, het alles rondom haar meteens stil gestaan en die tyd het gestol toe Carl sê: "Rumangabo, Suzy Fierens" (p.8). Suzy se uitroep "Rumangabo!" (p.8) laat die herinnering terugkeer. Daarom sê sy op p.50; "Maar in Rumangabo was alles anders" en "Die herinneringen ze zijn vandaag. Ze zijn nooit weggeweest. Gedurende jaren hebben ze gedaan alsof ze me loslieten, maar nu zijn ze vandaag. Alles is vandaag" (p.73).

Van hoofstuk tot hoofstuk word die verhaal dan met behulp van terugflitse sistematies en chronologies opgebou. Juis deur die voortstuwing van die gebeurtenisse in tyd en ruimte word die leser

geprikkel om die verhaal te lees. Die verteller se verhaal speel in 'n spesifieke tyd af waaraan elke gebeurtenis of handeling aan 'n sekere tydsverloop geknoop is. In die duur van die storie word hoofaspele van die sosio-politiese gebeure in die koloniale tydperk weergegee. Die verteller berig oor haar verblyf van een jaar in die Kongo (p.207). Die handelingsgeheel wentel om 'n groepie vroue wat deur hulle mans se militêre verpligtinge in Afrika beland, maar as gevolg van politieke omstandighede uit die Kongo gedwing word.

Binne hierdie groter retrospektiewe tydraam beleef en beskou die verskeie karakters die tyd verskillend en dit hou verband met hulle verskillende lewensbeskouings. Die verhouding tussen die karakters, die soort karakters en die aard van die hoofkarakter belig die tydsmotief. Die verteller besef dat die feit dat hulle in die Kongo is, noodwendig beteken dat: "Nu is het je lot, je toekomst, je kan er niet meer aan ontsnappen" (p.19). Deur haar persoonlike tydsbeleving wil die verteller van die eise wat die Weermag aan onder andere haar huwelik stel, ontslae raak. Sy weet nie hoeveel van die "ellendige dagen voorbij gaan, alles schijnt eindeloos. Hoe lang nog?" (p.23) en sy voel gefrustreerd omdat sy deur die tyd gebonde is.

Aanvanklik beleef Lena die tyd in Afrika sonder merkbare spanning: sy is besig om haar by die nuwe milieu aan te pas en om die mense in die kamp te leer ken. Mettertyd raak sy tyd-ruimtelik geheg aan Afrika. Sy raak meer bewus van die tyd toe politieke roeringe die normale bestaan in die kamp versteur. Sy beleef die senutergende tydperk kort voor die onafhanklikheidswording toe die swartes op die uur van wraak wag. Dertig Junie word vasgepen as die datum waarop die mag aan die Kongolese oorgegee sal word en in haar tydbeleving fokus sy op hierdie datum. Tydruimtelik sal alles na 30 Junie verander — noodwendig ontstaan daar dan konflik tussen hede en verlede. Die verloopende tyd bring egter insig: Lena besef dat sy nie teen die (geregverdigde) eise van die swarte sal kan skop nie en dat sy haar noodgedwonge sal moet losmaak van 'n tydgebonde era in die geskiedenis van die Kongo.

Soms is Lena bewus van meetbare objektiewe tydseenhede waarin sekere spesifieke datums vermeld word. Sy spesifiseer byvoorbeeld in haar dagboek die datum 20 Oktober 1959 (p.11) en 1 Januarie 1960 toe sy van Carl 'n telegram ontvang (p.39). Niemand wil regtig weet dat die Kongo na 30 Junie 1960 nie meer aan die Belge sal behoort nie (p.15) en Lena hoop dat haar lewe na 30 Junie, dit wil sê oor twee maande, weer

normaal sal verloop (p.122). Hoor sy dat Carl binne vier dae terugkeer, is die Afrika-ruimte aanvaarbaar (p.26), maar verneem sy dat Carl met Nuwejaar nie tuis sal wees nie, kom sy in opstand teen die ruimte — "die vuile negers, die eeuwige zon..." (p.41) — sy projekteer haar beleving van die tyd op die ruimte. Is Carl slegs vier dae weg, voel dit vir haar soos vier eeue (p.116). Verbye tye word in haar herinnering opgeroep: sy onthou haar laerskooldae toe hulle vir die eerste keer van die Kongo gehoor het (p.118) en beseft met nostalgiese dat haar jeugjare "zijn voorbij, voorgoed voorbij" (p.151) is. Sy onthou hulle vertrek uit Antwerpen, hul eerste indrukke van Afrika toe hulle onder andere aan die voet van die Ruwenzori-gebergte gestaan het wat "...er als een hof van Eden" (p.206) voor hul uitgestrek gelê het en die tydruimtelike aanpassing in Afrika toe sy, siek van heimwee en ellende, moeg vir die hitte en die stank, gesê het: "Ik haat je, Kongo" en gesweer het dat sy nooit van die Kongo sou hou nie (pp.9,84,109,215). Later, toe sy gewoon geword het aan die leefwyse in Afrika, erken sy dat 'n mens "aan de tropen verslaafd" kan raak (p.71). Binne 'n jaar het alles verander en sy moes na die onafhanklikheidsverklaring weer afskeid neem van die Kongo en moes na België, "het grauwe, eentonig land..." (p.205), terugkeer.

Die reëlmatige voortgang van die fisiese tyd impliseer volgorde en ontwikkeling of voortgang in 'n sekere rigting. Die onafhanklikheidswording van die Kongo is van kardinale belang en word aan die tydruimtelike bakens verbind. Na die onafhanklikheid sal Carl klaar wees met sy militêre verpligtinge en dan het Lena hom vir haarself (p.42); op p.60 wil sy weet: "...hoe zal het eigenlijk verder gaan met ons na de onafhankelijkheid?"; sy is bewus van politieke veranderinge vandat hulle 'n jaar vantevore in die Kongo aangekom het (p.65); sy sê vir Carl: "En 30 juni is dichtbij"(p.113); sy is bekommerd oor wat die swartes sal doen sodra hulle in beheer is, maar hoop dat as 30 Junie verby is, alles moontlik weer normaal sal wees (p.122); "Dertig juni is nu heel nabij; maar op een avond is 30 juni gebeurd" (p.143). Aanvanklik lyk alles normaal, maar berigte oor onluste (p.155) ontstel die verteller en op p.168 verklaar sy: "Het is de elfde vandaag"; "heel Kongo staat in rep en roer". Vir Lena lyk volgende jaar "zo onwerklijk" en sy weet nie "waar we dan zullen zijn" — in België of in Afrika (p.193). Lena erken: "Ik ga binnekort immers toch weg" (p.205), maar op pad na Kisenyi wil sy die tyd vashou want Afrika is nog nie iets van die verlede nie — "niets is verleden, Kongo is nog van ons, en hier verandert niets!" (p.206). Hoewel sy slegs een jaar deel van die Kongo was, glo sy dat sy Rumangabo nooit sal vergeet nie: "Een stuk van mij blijft hier" (p.207),

maar vrees ook dat Afrika binne 'n onafsienbare tydjie "een vage herinnering" sal wees (p.222). "Een van de volgende dagen" (p.231) sal hulle na Brussel vertrek en daarom maak sy haar los van die tyd en die ruimte in die Kongo en bespiegel oor die toekoms (p.233).

In die verteller se toekomsbeplanning word Europa die fokuspunt waar sy binne 'n nuwe ruimtelike bestaantyd sal moet orde skep want "de sprookjestuin, dat paradijs der jeugd verlaten we nu voor goed, de poort is achter ons dichtgevalen, en gesloten, voorgoed, we kunnen niet meer terug" (p.152). Claes (1980:105) stel dit dat die jong vroue in Rumangabo moontlik kan vra: Wat was die nut en betekenis van hul lewe in die Kongo? Het hulle miskien hulle beste jare weggegooi en was hulle "levend begraven in een uithoek van de wereld waar ze zich niet thuis voelden." Miskien was die Kongo net 'n droom en word sy wakker in Antwerpen in haar "jongemeisjesbed" (p.168). In haar mymering oor hoe sake tien of twintig jaar verder sal lyk wanneer niemand sal weet dat in Rumangabo ooit 'n blanke gewoon het nie, dink sy dat slegs 'n stukkie glasskerf dalk 'n herinnering van haar kort verblyf in Afrika sal wees. In België sal sy, wanneer haar kind volwasse is, teruggedink "aan toen dat nu is" (p.188). Die tyd in Afrika loop uit: "Kongo is voorbij, we weten het" (p.237). Deur uit Afrika pad te gee, word dus op tasbare wyse 'n hele tydsperiode vernietig en Afrika en die onafhanklikheidsstryd word buite tyd en ruimte geplaas. Die verbygaan van die tyd word deur die verhaalmotiewe uitgebeeld as onontkombaar en tas ook die toekomspektief aan: die politieke krisis in die Kongo gaan voort (al is onafhanklikheid toegeken). In die hoofstuk wat handel oor Terug naar Kongo (Lieve Joris) word meer omtrent hierdie aspek geskryf.

#### 4.5.2

#### **Ruimte**

Die milieu word uitvoerig en lewenseg beskryf met alles wat met die militêre opset gepaard gaan — daar is onder andere die klein en groot ellendes en die pretensies en verblindheid van die blankes wat in die geslote ruimte aangespeel word.

In Afscheid van Rumangabo speel die geskiedenis op 'n spesifieke plek af. Met die aanhoor van die pleknaam "Rumangabo" tydens 'n militêre funksie in België (p.8) word die verteller tydruimtelik terug verplaas na haar vroeëre lewe in die Kongo. Die ruimte word deur die verteller

gefokaliseer en haar fokalisasie bepaal dan hoe die ruimte in die roman gaan lyk. Sy is gedurig aan die woord om te vertel van haar belewing van die verskillende ruimtes en vertolk die ruimtelike gebeure dus vanuit haar eie subjektiewe perspektief.

Die landskap van Afrika is die speelruimte waarin die storiepersone en die storiegebeure geplaas is. Ten opsigte van die topografiese omgewing word die Kongolese landskap met die groot militêre kamp in Rumangabo 'n wêreld op sigself: in hierdie geslote ruimte en afgesonderde gemeenskap moet elke persoon vir homself 'n sinvolle lewensbestaan probeer vind. Met haar aankoms in die Kongo word Lena getref deur die "skitterende" hitte van die goud en blou van die Afrika-lug (p.9). Aanvanklik verwens sy die hitte en stank: dis 'n "helse, stinkende borrelende tropennacht" (p.9) en sy kla oor die ongerief, eensaamheid en "de boys" (p.9) en "alles verloopt hier evenwichtig en zonder omhaal" (p.13). Sy en Carl woon in 'n "etappehut" omring deur berge en die wildernis, vyf kilometer van die naaste bure en vyftig kilometer van Ruanda af (p.17). Bewus van die politieke onrus weet Lena: "Afrika is niet so kalm en rustig als het er uitziet, het kookt en borrelt..." (p.17). Op p.206 herinner die verteller haar haar gevoel toe sy die eerste keer in Afrika aangekom het en die "tintelende dunne lucht inademden" en bevestig sy ook die rede waarom hulle na Afrika gekom het: "...hiervoor zijn we naar Afrika gekomen, dit is een paradijs." Hulle wou die wêreld sien, "dat grote, rijke land, dat stukje België aan de ander kant van de oceaan" (p.19). Vir die verteller is Kindu byvoorbeeld "ongeveer Kongo zoals men het zich in België vaag voorstelt uit missieboekjes en lichtbeelden" (p.140). Soos in die werklikheid het die ruimtelike patrone van die storieruimte logiese betekenis.

Wanneer die verteller die ruimte bewustelik belééf, word dit 'n sinvolle belangeruimte (Blok 1960:197). Sy beskryf die milieu waarin al die handeling in die geslote ruimte van Rumangabo plaasvind en gee verslag van die wyse waarop die karakters fisies en intensioneel in verhouding tot die ruimte en tot mekaar staan. Groot aanpassings en opofferinge ten opsigte van die nuwe ruimte moet gemaak word onder andere ten op sigte van die klimaat, behuising, kleredrag, voedsel, die vroue se maatskaplike posisie en die inlandse gebeure. Afrika moet ruimtelik positief beleef word; die kolonis moet in die Kongo met sy klimaat wat te "hevig en fel" is, sterk wees, anders gaan hy ten gronde (p.24) — die land "verdraagt zo 'n soort inzinkingen niet" (p.100). Die karakters beweeg deur die ruimte en word daardeur sigbaar en die wyse



waarop 'n karakter met sy onmiddellike omgewing omgaan, gee 'n insig in die aard van sy optrede: vergelyk byvoorbeeld die aanmatigende houding van die kolonis teenoor die Kongolese, die verhouding tussen die bevelvoerders tot hul swart onderdane onderling en die blanke soldate en hul betrokkenheid by die swart vroue. Verkeer die vroue saam in die onbekende (vyandige) ruimte, is daar in die optrede van die vroue as sulks nie individuele onderskeid nie. In wese bly hulle 'n vrou wat dieselfde aanpassingsprobleme, onsekerheid en angs in 'n vreemde Afrika land moet oorwin en dit ook te midde van politieke onstabieliteit. Die karakters is uitgelewer aan 'n vreemde beperkende en later onveilige ruimte en leer mekaar in krisistye beter ken en begryp.

Tydens die waarneming van die ruimte word die sintuie van die gesig, gehoor, gevoel en reuk as van belang geag (Van Luxemburg et al 1983:189). Die verteller se aanvanklike teësin in die ruimte om haar word sintuiglik soos volg gefokaliseer: "... die stank, net de reuk van apekooi"; "Ik haat je Kongo" (p.9). Op 'n keer sê sy: "Alles blinkt en ik ruik Kongo in volle hevigheid" (p.139); sy ruik ook die muskusreuk van die klipdassie-karos en koop dit omdat dit haar laaste "stukje Afrika zijn" (p.224). Terug in België merk Carl op: "Wat stinkt het hier" maar verkies hy en Lena "de reuk van het apekot" in plaas van die besoedelde lug van Brussel (p.238). Hoor sy die reën "uren aan een stuk" (p.114) of wat kragtig en hewig val en soos klavierspel klink (p.229), beleef sy Afrika se ruimte as "altijd overweldigend en meedogenloos" (p.196). Met die ervaring van die eerste lentereëns weet sy dat niks sinloos is nie en wonder sy waarom die mens bang is om sy diepste emosies te wys (p.34) — hier tree die ruimtelike fasette as weerspieëling van die verteller se gemoedstoestand op. In die motor op pad na Uganda ruik Lena die geur van verrotting en aarde (p.177) — dit impliseer moontlik die simboliese aftakeling van die Kongo.

Die ruimtelike gegewens beïnvloed die lewens en ontwikkeling van die karakters: Lena se persoonlike relasie tot haar omgewing word so beleef dat dit 'n besondere lewenshouding laat groei. Die emosionele uitwerking van die ruimte op die verteller word gekoppel aan die onsekerheid van die politieke situasie in die Kongo. Die verteller se geestelike ingesteldheid bepaal haar houding jeens Afrika. Word Lena se man weggestuur, word die geestelike ruimte in 'n ruimtelike afstand omgesit. Sekere uitsprake word ook in spesifieke milieu's gedoen: Lena is ontevrede met die "kleurlose en saaie" kamer nadat Carl vertrek het (p.22); keer Carl terug van sy weermagverpligtinge, hou Lena van

Afrika: "... Afrika, Kongo, Rumangabo. [...] ik hou van je" (p.26). Op 'n keer kla sy dat die trope "verhevigen alles, kleure en gevoelens, ze maken je eindeloos moe" en sy vra: "...wat voor land is dit?" (p.57). Wanneer Carl met Nuwejaar en met hul verjaardae nie tuis sal wees nie, projekteer sy haar gevoel op die ruimte: "O, wat haat ik Kongo ..." (p.41); sy voel verwerp en gee die "rotte" Kongo die skuld daarvoor; sy haat die berge en die son: "ik wil ze niet meer bekijken" (p.42). Hoor sy dat sy Carl na Kigali kan vergesel, is die ruimte aanvaarbaar: "Hier alleen ben ik thuis, er bestaat geen ander land meer op de wereld" (p.71) en dan erken sy dat sy geen greintjie heimwee meer het nie en dat 'n mens aan Afrika verslaaf kan raak. In Kigali ervaar sy die rustigheid en roep uit: "...Ik hou van je!" (p.78). Wanneer die verteller peins oor die kolonel wat Rumangabo moet verlaat, beskryf sy Afrika as 'n ruimte vol van: "malaria en dysenterie, dampige moerassen, slapelose nachten vergeven van de muggen aan een stinkende stroom, hitte, rottende jungle" (p.91). In 'n neerslagtige bui in Kindu verwens sy die "eeuwig ellendige zon" (p.140) en verlang na Rumangabo waar sy tussen die mere en vulkane veilig voel (p.145) en met haar terugkeer na die kamp verklaar sy gevoelvol: "Mij oude vertrouwde kamp, mijn gehate, geliefde haven. Hier ben ik weer" (p.148). In "dat heerlijke, vervloekte Kongo!" het hulle volwasse geword (p.151). Deur haar versoening met die ruimte, kom sy in beheer daarvan en sal die tyd oorwin word. Sy verlaat Afrika "die (men) soms kan haten en verwensen, omdat het me gescheiden houdt van hem!" (p.222), maar sy besef: "...dit zal je missen, dit komt nooit meer!" (p.222).

Die verteller ervaar haar moederland afstandelik: sy wil die "koloniale heerlijkheid" behou — België is ver, "gelukkig" (p.15). Die lente in België sal nie wees soos in Afrika nie: "zo is het er nooit". So 'n hemel en so 'n lug "dat bestaat daar niet" (p.79). Op p.132 dink sy "de grachtkanten moeten er nu volstaan met madeliefjes, boterbloemen en hondsdraf [...]." Op 'n stadium groet sy Vlaandere in haar gedagtes: "Dag, Vlaanderen mijn land," maar sy erken "ik heb je niet dikwijls of niet erg gemist" (p.168). Vergelyk sy België met Afrika, is haar moederland " 'n grauwe, eentonig land zonder kleur of zon" — dis 'n modderige land "met zijn lelijke huisjes en afschuwelijke villa's..." (p.205). En sy noem België "mij eigen, klein bespottelijk land" nadat die onafhanklikheids-proses misluk het (p.214).

Maar die geïmpliseerde outeur skep ook 'n atmosfeer van onrustigheid, vrees en afwagting. Die verteller vermoed dat Afrika slegs oppervlakkig

rustig en kalm voorkom hoewel sy onbewus is dat in Ruanda "bloedige ernst is en de machtsstrijd er reeds volop aan de gang is" (p.17). Later word haar vrese bewaarheid: "Onluste in Stanleyville, [...] het bruist in mijn hoofd", "Kongo wordt gek, mijn hoofd barst" (p.55). In 'n toestand van gespanne afwagting konfronteer sy die majoor: "... ik denk dat men onlusten verwacht, tegen de blanken" (p.120) en sy bely: "... ik ben nog steeds bang" (p.186). Sy herinner haar aan die tyd toe hulle Afrika die eerste keer gesien het; dit was "een paradijs" (p.206), maar "vandaag is alles anders" (p.207). Tydens Carl se siekte klink die vrolike gesang van die voëls vir haar "wel gek"; sy voel hoe "dreigend en gevaarlijk de zware zoeter lucht is die ik inadem" (p.225). Sy wil haar nie met die (vyandige) ruimte assosieer nie.

Die aanvanklike déélword en die noodwendige lósskeur van die Afrika-ruimte word emosioneel beleef. Wanneer die verteller afskeid neem van Rumangabo, erken sy: "Een stuk van mij blijft hier" (p.207) en sy groet Afrika met dié woorde: "Adieu! Ach helse zon, ik hou van je, brandende duivel, witte vlam, ik zeg je nu vaarwel, voor goed, [...]" (p.238). Vir Rumangabo "bestaan wij niet echt, wij zijn maar voorbijgangers" (p.193) in tyd en in ruimte. Die terugkeer oor die grens heen na Europa word as 'n ontsnappingsroete gefokaliseer; dis 'n simboliese weg-beweeg van Afrika ('n bedreigde ruimte) na die (bekende) ruimte van Europa.

#### 4.6

#### **Karakterisering**

As gevolg van 'n politieke skaakspel is die Belgiese weermag in die Kongo gestasioneer. Die verteller-fokalisator stel haarself en die ander karakters as deel van die weermagopset in Rumangabo aan die leser voor. In wat die karakters in die verhaal is en wat hulle doen, is daar 'n soort noodwendigheid, 'n onontkombaarheid: hulle is almal deel van 'n militêre opset in die koloniale Kongo. (Na die Tweede Wêreldoorlog het lewensomstandighede in die Kongo verbeter en kon meer vroue hulle mans na Afrika vergesel). Die verteller se gesigspunt is die van die eerste persoon en die bekendstelling van haarself en die ander karakters geskied deur verskillende wyses van fokalisering. Die vraag kan gevra word: Wát fokaliseer sy en hóé fokaliseer sy? Gee sy 'n stereotiepe beeld van die koloniale vrou as vroegryp, onvergenoegd, neuroties en verveeld, weer?

Die geïmpliseerde outeur belig aspekte van die verteller se potensiële persoonlikheid wat vir haar verhaal van belang is. Omdat die funksie van die verteller, fokaliseerder en hoofkarakter saamval, kan Lena veral haarself volledig uitbeeld. Sy is bereid om haarself aan die leser te openbaar. Die wyse waarop sy die verhaal van haar verblyf in die Kongo vertel word nie net gebruik om 'n politieke standpunt te formuleer nie, maar ook om haar persoonlike karaktertrekke bloot te stel. Die verhaal begin met 'n voorwoord waarin Lena 'n kragtige standpunt teenoor die Weermag inneem: haar verhouding met die leër "duurt reeds jare"; "...ik verdraag niet langer de harteloze grillen, maar ik blijf trouw" (p.5); die leër was haar "eeuwige mededingster" en haar wrok en bitterheid die eerste teken van afguns en jaloesie op Carl se beroep (p.49). Haar emosionele haat-liefde relasie met die Weermag motiveer haar optrede. Ook moet sy haarself reoriënteer ten opsigte van Afrika. Sy voel aanvanklik afkeer jeens die vreemde land: "Ik haat je Kongo", "Ik zit hier in die hitte, die stank, net de reuk van de apekooi..." (p.9). Sy reageer met heftige binnepraat wanneer die kolonel na haar omstandighede uitvra: die "etappenhut" is ongerieflik, sy is eensaam en sy sukkel om met die swartes te kommunikeer (p.10). Die koloniale blanke vrou het meer vrye tyd tot haar beskikking — wat moet sy doen om haarself besig te hou? Met genoeg swart manlike werkers is huiswerk onnodig en onvanpas — dus word daar "geparadeerd en geroddeld". Dit is asof sy deur hierdie bekentenis die hoop koester dat die leser begrip vir haar optrede sal toon. Die geïmpliseerde outeur kry dit dan ook reg om die leser te oortuig dat die verteller simpatie verdien. Lena belééf die tydstroom en haar karaktertrekke bepaal haar handeling en wat sy uitvoer beïnvloed die struktuur van die verhaalgebeure en is veelseggend vir die verdere verhaalverloop.

Newefigure word deur die geïmpliseerde outeur op verskillende maniere sinvol in die verhaallyn geïntegreer om hoofsaaklik as beligting van verskillende fasette van die hoofkarakter te dien. Die ek-verteller is dus in 'n netwerk van menslike verhoudinge verstrengel en openbaar deur hierdie betrokkenheid individuele karaktertrekke. Die onderlinge verhouding en spanning tussen die vroue in die kamp laat Lena besef dat sy die reëls van die spel sal moet speel, "anders word het leven hier gewoon ondraaglijk" (p.37). Sy gee dan ook 'n selfbeskouing tydens hierdie proses. Binne die konstellasië van karakters kan bemark word hoedat hulle mekaar beïnvloed of opponeer. Die hoofkarakter veral, is onderwerp aan die invloed van ander karakters: byvoorbeeld haar man, die ander weermaglede en die vrouens in die kamp. Daar word subtiele

verbande deur die geïmpliseerde outeur tussen hierdie karakters gelê: almal is uitgelewer aan 'n abnormale situasie en elkeen reageer volgens sy eie geaardheid. Emosionele uitlatings van Lena soos: "Je houdt niet meer van me; [...] je bent niet ongelukkig zoals ik" (p.18) is verstaanbaar as Carl na Ruanda moet vertrek. Sy weier om "prettig gezelschap" vir Cecile te wees en wil wegkom van haar "onnozel gebabbel" (p.19) terwyl Carl weg is.

Omdat hier 'n karaktergebonde ek-verteller optree, word Lena nie deur ander karakters geanaliseer nie, maar hulle kan wel iets van haar sê wat karakteropenbarend van die verteller is. "Jij filosofeert te veel" sê Willy vir Lena, maar sy verweer haarself deur te sê dat sy immers weet wat sy doen (p.133); Lena "piekeren" en "maak voortdurend zorgen" sê Klaartje (p.233). Line veroordeel Lena se medemenslikheid ten opsigte van die swartes (p.160) maar erken later dat Lena "...zo 'n degelijk braaf persooontje" (p.181) is. Via Mandy kry Lena die boodskap: "Ze noemt je een koud zelfzuchtig mens" (p.45). Lena openbaar 'n meerderwaardige houding teenoor die ander vroue in die kamp. Haar algemene kennis en intelligensie — sy lees Tennyson (p.77) en De Musset (p.98) — laat haar arrogant optree. Sy gee dan ook maklik haar opinie oor ander persone: die verpleegster in die kamp het "zeer uitpuilende ogen" (p.10) en is 'n hoer (p.11); sy beskou die meeste vroue as "bemoeiziek" (p.44); sy sien op teen "het gebabbel" (p.51) van die vrouens; sy vervies haar as die vrouens skinder en besluit om haar nie aan Cecile wat die vroue in die kamp beheer, te onderwerp nie (p.18); sy noem Cecile 'n "koninginnetje" (p.13,26); sy dink Klaartje het "lelijke, lage borsten" (p.55) en Jeanine is bemoeisiek en is "de spookachtige, de muisachtige" (p.44); sy voel agterdochtig teenoor Cecile wat haar kan uitlag (p.20); Mandy het "korte spriethare en 'n platte lijfje"(p.25) en kommandant Claerhout se vrou is 'n blok ys (p.14).

Lena se emosionele betrokkenheid by haar man se beroep veroorsaak spanning; sy besef haar verantwoordelikheid as offisiersvrou, maar voel verontreg en gefrustreerd. As Carl weens militêre verpligtinge moet weggaan, word Lena opstandig. Terug in België kan sy as meer volwasse vrou makliker van hom afskeid neem (p.73). (Sy kon haar twintig jaar gelede in die Kongo nie met die sleur en bekommernisse van haar man se beroep versoen nie.) Woon sy teensinnig militêre funksies by, is sy uiters negatief en krities teenoor die hele weermagopset ingestel. Vir haar is dit "toch steeds hetzelfde ritueel, dezelfde mensen, hetzelfde gebabbel" (p.5). Sy gee uiting aan haar aggressie deur middel van

kwetsende aanmerkings soos byvoorbeeld dat die "trietsige" luitenant Van Moer haar aan Sibelius laat dink (p.15); die kolonel is "de allerhoogste" en heers "als een echt tiran" (p.9), hy het ook "lelijke waterachtige vissengen" (p.10); sy noem hom ook die "keizer van Rumangabo" (p.63). Claerhout se vrou het "stekende oogjes" soos 'n teddiebeer s'n (p.14) en Lucien se gesig lyk soos 'n "trietsige paard" (p.70) en hy weier om "te leven, te bewegen, te voel" (p.77).

Die karakters tree as gevolg van politieke onstabieleit in die Kongo anders as normaal op. Die ek-verteller gaan haarself te buite; sy word heeltemal onredelik as angs haar oorval (pp.18,39). Wanneer sy vol verbittering en wrok die knope van Carl se uniform wil afsny, is sy vir die eerste keer "volledig bewust van mijn grote rivale, het leger" (pp.40,49). Sy begryp nie waarom sy nie haar man na Kigali in Ruanda mag vergesel nie; die feit dat sy moet agterbly beïnvloed hulle huislike lewe. 'n Huweliksrusie as gevolg van weermagverpligtinge laat Lena uitroep: "Het is de schuld van Kongo" (p.41) (Vergelyk paragraaf 2.5.1:78).

Die geïmpliseerde outeur trek duidelik parallele tussen die ervaringe en veral die gevoelens van die vroue wat die dekoloniseringsdrama moet meemaak. Ten spyte van die onderlinge vetes besef Lena dat sy sáám met die ander weermagvroue aan 'n gedwonge krisissituasie oorgelewer is en dat hulle 'n gemeenskaplike vrees vir die onbekende toekoms deel. Lena maak haarself oop vir die probleme van die groepie vroue — sy is bly as iemand haar besoek (p.93); sy probeer Klaartje se ontrou verdoesel (p.95); sy aanvaar dat die lewensuitkyk van die vroue verskil en toon selfs vir die losbol Willy meer begrip. Sy motiveer die vrouens om as "vriendinne" saam te staan (pp.155,159). Wanneer Line verkrag word op pad na Lutshuru, toon Lena baie medelye (p.178) en in 'n moeilike krisistyd tydens Carl se siekte, leer sy die werklike Klaartje eers ken (p.229). Met haar reis vanaf Kigali na Rumangbo voel dit soos "de eerste vuurproef uit mijn leven" (p.81), maar 'n gevoel van byna "blye moed en opwinding oervalt me" (p.82). Sy besef ook dat sy haar emosies ter wille van die kind wat sy verwag, moet beheer (p.175).

Die fokus val op Lena, maar vir die leser is dit nie moeilik om deur middel van uiterlike kenmerke en handeling ook die ander karakters deur die oog van die verteller te leer ken nie. Tree Lena byvoorbeeld in gesprek met mede-karakters, kan sy die karakters volgens hulle handeling en dialoog beoordeel — hulle innerlike gevoelens bly egter vir haar verborge, (vergelyk byvoorbeeld haar gesprek met Mandy waarin sy nie

kan gegryp waarom Mandy nie haar argwaan jeens Line wil deel nie (p.67)). Deur wat Lena vertel, kry die leser byvoorbeeld 'n beeld van haar man; sy voorkoms, optrede, beroep, ideale en sy verbintnisse met ander mense — hy is rustig en verstandig (p.18); 'n man van weinig woorde (p.202); 'n individualis en vol vaderlandsliefde (p.234). Die manier waarop Lena na die ander karakters kyk, is 'n weerspieëling van haar eie lewensuitkyk en deur haar houding en optredes teenoor ander karakters openbaar sy haarself. Wanneer Lena vir Line 'n "witte slang" noem, besef eersgenoemde dat sy jaloers is (p.67); sy wil nie hê dat veral Line, "dat roodharige kreng," van haar en Carl se rusie moet hoor nie (p.43); as Lena nie die moed het om Mandy met harde feite te konfronteer nie, noem sy haarself 'n "laffe hypokriet" (p.30). Carl vergeet gou van hul eerste rusie, maar Lena vertroetel haar woede en verdriet (pp.47,48); sy begryp nie waarom Line haar intimideer nie (p.160), maar sy besef later dat Line haar as 'n armsalige mens sien (p.161).

Uitsprake en optrede openbaar karaktereienskappe. Belangrike woorde word deur middel van die geïmpliseerde outeur in die mond van 'n karakter gelê. In hierdie geval is dit 'n vooruitwysing na die lot wat almal sal tref. Die leser het simpatie met die hoofkarakter wat angstige vrae vra: Sal die onrus na Rumangabo uitbrei? (p.56); "Kunnen oorlogen so eenvoudig beginnen?" (p.74); "Waarom Carl? Ik begryp er niets van" (p.81); "Wat zijn ze hier met ons van plan?" (pp.116,119) en dan Lena se stelling: "Het is een heksekettel, de vrouwen vreten elkaar haast op" (p.123). Toe Lena vir Carl na 'n lang tyd weer sien, wonder sy deur middel van innerlike monoloog: "Waarom kunnen we onze emoties nooit op het ogenblik zelf uiten?" (p.34). Klap sy vir Carl uit magteloosheid in die gesig, snik sy: "Zie je nou wat ervan komt" en hy antwoord in dialoog: "Goed [...] perfekt" (p.41). Met behulp van 'n verkleinerende opmerking val Lena vir Carl aan: "Je bent meer een monnik en een kruisvaarder" (p.49). Ook deur middel van haar taalgebruik gee sy haar emosies weer: "Wat een pest, die hemdjasjes!" (p.50) en deur haar pessimistiese opmerking dat België hulle aan Lumumba of Kasavubu sal verkwansel sodat hulle sal verrot (p.60), openbaar sy haar politieke sienswyse.

Gedurende die loop van die verhaal vind sekere ontwikkelinge in die hoofkarakter plaas. Sy het ryper, wyser, milder en meer beskeie geword. Haar emosionele ontwikkeling hou verband met die gebeure. Haar houding teenoor die leër het verander omdat sy haar lot as die vrou van 'n

soldaat aanvaar het. Veel later het sy eers besef waarom Carl so sonder emosie tydens weermagverpligtinge opgetree het (p.19). Bejammer sy haarself as Carl vertrek en ongelukkig en verdrietig voel (pp.20-22), besef sy dat sy soos 'n "oude sieke vrou" lyk (p.23) en kom tot helderheid oor haarself: "en plots voel ik me weer gewoon" (p.24). Lena besef dat Mandy "het kindje van mammy en papa in Mechelen" is, net soos sy Lena, bykans 'n jaar gelede ook was. Hoor sy dat "de allerhoogste" wie sy so verfoei, kanker het, voel sy tog medelye met hom (p.63); sy besef alles het verander (p.65). Met hulle eerste "echte huwelijks - scène" transponeer sy haar verwarring op die ruimte: "O, wat haat ik Kongo" (p.41) maar kom tot insig wanneer sy besef dat sy en Carl mekaar nog liefhet. Sy gee ook glad nie om dat Emile 'n hoër rang as haar man kry nie (p.204) — sy besef dat daar belangriker dinge aan die gebeur is.

Die saambestaan van die kolonis en die Kongolese in die militêre kamp in Rumangabo sal noodwendig kommunikasie en ook konfrontasie meebring. Deur middel van die verteller se fokalisasie van die inlandse bevolking kry die leser insae in haar perspektief ten opsigte van die verhouding tussen swart en blank. Die verteller openbaar 'n paternalistiese houding jeens die Kongolese. Sy noem haar huishulp Modest, "de boy" en sukkel om aan sy inlandse gewoontes gewoond te raak; sy fokaliseer hom as "dom" (p.11). Sy prys hom wanneer hy goeie werk doen (p.32) maar gril vir die "hijgende knaap" met die "twee enorme snottebellen" wat aan sy neus hang, toe Modest vir Augustin vanuit die dorp by haar aanbring (p.33). Lena bekommer haar nie oor die huishouding nie want die swartes is "goed gedrielt en ze zijn gewillig als dieren"; hulle kan "koken, wassen, strijken en poetsen, ze stoken de houtskool voor het warm water en de petroleum halen ze zelf in het winkeltje van Custine, even buiten het kamp" (p.46). Sy meen dat hulle baie kan afskeep en hulle steel graag, en sy beskou haarself as "een slechte koloniale" omdat sy hulle bederf en te veel betaal. Sy dreig hulle gedurig dat sy hulle sal ontslaan — sy verwittig byvoorbeeld vir Modest dat sy hom volgende keer "voor goed naar zijn dorp zullen terug sturen" maar kom nooit so vêr nie en laat "hem maar doen" (p.46). Haar verhouding met veral Modest is baie gemeensaam en André Demedts (1984) meen dat sy as Europeër nie verstaan dat tussen heerser en onderdaan nie 'n verhouding kan ontstaan "die een normale sameleving mogelijk zou maken" nie.

Lena hou nie van Frieda se gedurige "gezanik" oor "dat swart gespuis" (p.91) en haar man se swart bywywe wat sy "zwarte wijven" (p.38) noem



nie. Die verteller beskou die swart soldate as "prinsen" in vergelyking met die res van die arm, maar tog gelukkige bevolking. Akani (deel van die Weermag) is 'n heer in teenstelling met Modest wat net Sondae gekoopte "pootbedekkers" dra (p.50). Sy verwyt haarself dat sy Frans praat in plaas van om die inlandse taal Lingala aan te leer (p.57) en toon begrip vir die swartman se geloof in sy voorvaderlike geeste (p.102). Modest vermoed iets van die politieke woelinge, maar toon geen emosie nie; die verteller wonder of dit so is omdat hulle gewoonnd daaraan is om onderwerp te word (p.60). In Bukavu is sy ook bewus van die swartes se uitdrukkinglose gesigte en glo dat die blanke die vanselfsprekende onbetwiste heerser (koningen) van die swarte is (p.146). Die verteller begryp Modest se vrees dat hy as vreemdeling in die "clan" vermoor sal word (p.153) en die primitiewe ang by die swartes toe 'n helikopter oor Rumangabo vlieg (pp.194-195) en ervaar ook die medemenslikheid van 'n jong swart soldaat wat Line te hulp snel toe sy verkrag is (p.181); sy sien ook die "zwarte opengesperde soldatenogen" toe die swartes onseker is of hulle 'n vuurwapen moet gebruik (p.175).

Is alles in perfekte orde toe Lena op 'n keer onverwags vroeër van Kigali af terugkeer, besef sy: "ze weten alles, altijd". As Modest geld by Lena leen en sy hom betig en hy met alles saamstem, meen sy dat die swarte nooit sal verander nie — hulle is gelukkig so (p.85). Na vele berigte van oproer en geweld roep Lena vir haarself 'n beeld van "een bende wilden, met grimmige swarte gezichten en puntig gevijlde tande, zij, de zwart Neanderthalers" (p.153) op. In Goma lyk die swartes vir haar anders, die vroeëre onderdanigheid het verminder en sy word selfs doelbewus reguit in die oë gekyk (p.146); in vergelyking met die ou Sébastien wat steeds vriendelik is, is die jong swartes oproerig (p.145). Lena besef dat die rolle nou omgekeerd is toe sy "betaling" ontvang nadat sy swart soldate na Custine se winkel vervoer het en ook toe sy as "jy" aangespreek word (pp.170-171). Die swart soldate lyk vir haar telkens wanneer sy hulle sien, groter en sterker (p.204); sy skrik as sy die groot en fors soldate, "blinkend en een geur van muskus verspreidend" (p.164) sien. Chef Mokoko, wat beheer oor die kamp oorgeneem het, druk half verskrik Lena se hand toe sy hom die hand reik (p.164) — miskien, dink Lena, sou dit die eerste "witte vrouwenhand" wees wat sy "donkere klauw" aanraak?

Die verteller is vol wrewel wanneer sy aan Lumumba dink — sy noem hom onder andere " 'n dief en oproerkraaier" wat in Moskou in die leer was (p.61); hy is 'n skurk (p.117) wat die oorsaak is dat hulle Afrika

moet verlaat. Die hoteleienares in Kindu gee haar opinie van die Kongolese soos volg weer: "De politiek heeft hen helemaal gek gemaakt," hulle is "bezeten" daarvan maar begryp dit nie en hulle is "behekst en dol" (p.141) en soos "opgejutte kinderen" wat nou die baas wil wees (p.142). Die besit van die gordyne wat die swartes by Lena koop, beteken vir hulle onafhanklikheid — "dit is voor hen de onafhankelijkheid, hebben wat vroeger van de blanke was" (p.205). Wanneer Lena Modest se "grote, grove negerhand" druk toe sy hom groet, fluister hy: "Indépendance, ce n'est pas bon, madame" want dit beteken die verlies van sy werk, onderdak, "alles" (p.208).

Die vraag kan gevra word: Bly Lena enduit getrou aan die aard en waarde wat binne Afscheid van Rumangabo aan haar toegeken word? Hoe reageer sy op die eise wat die Kongo aan haar as vrou en individu stel? Myns insiens beantwoord die volgende stelling die vraag: "Jij bent Line, en ik ben Lena, dat is alles" (p.182). Lena is die laaste vrou wat die kamp verlaat, steeds "tegenspartelent" (p.207), maar met die kolonel Van Langenhove het sy "onze laatste eeuwige strijd gevochten" (p.207).

#### 4.7

#### Taal en styl

Die manier waarop die geïmpliseerde outeur die werklikheid deur middel van die ek-verteller benader, bepaal haar styl: deur middel van die geraffineerde hantering van die taalvorme kan eersgenoemde 'n eie stempel op die versinde werklikheid in die verhaal afdruk. Dis duidelik dat die ek-verteller se hantering van die taal by haar intellektuele vermoëns en sensitiewe aard aansluit.

Met behulp van liriese gedeeltes in die teks verkry die verhaal 'n poëtiese inslag. Vergelyk byvoorbeeld: "De schitterende warmte van die goud en blou in de lucht stort op ons neer" (p.9); die son hang "stralend tussen de kristallen toppen der vulkanen" (p.13); die vulkane "...zijn donker als fluweel, warm en zacht" (p.17); die woord kanker "...glijdt traag als een druppel water op de rand van een fles naar beneden" (p.63); "Daar is de hemel, het paradijs! Het eindpunt, het Omega" (p.102); Bukavu met sy helder blou water vang "de zon in duizend kleine lichtjes" vas (p.138) en die son "verdonkerd, flarde zwart drijven er in rond" (p.187). Die gebruik van alliterasie bring interessante styleffekte na vore: "De witte wolken drijven er rond" (p.116); ...alles geurt zacht en

zoeterig" (p.147); die majoor se kake is vasgeklem "...vasgeschroefd met ijzeren scharnieren, knarsen en schuren" (p.184) en voëls en vlinders vlieg in "een zacht zucht" rond (p.222).

Dikwels word metaforiese taalgebruik en vergelykings ter wille van die taalspel ingespan. Daar kan na onder andere die volgende voorbeelde verwys word: Line se hare lyk soos "spetterende vuurwerk" (p.11); Nyarongongo se kleure klink "weeklagend" in die lug (p.12). Cecile se oë is "twee swartfluwelen lapjes" (p.20); "De ewige, weelderige kleure van de Kivu skitteren er in volle uitbundigheid" (p.22); die toppe van die vulkane " ...ligt te slapen onder de witte zon" (p.26); Mandy se woorde "komen soms aanrollen en trekken zich terug als golven op een verlaten strand" (p.28); die baie woorde van die vroue "bestormd" (p.56) die verteller; die geluide, lig, lug en geure van Afrika "stort" op haar neer (p.57). Sy beskryf Van Langenhove se mond wat dig toe slaan "als het vizier van een harnas" (p.90); die kolonel se besittings staan almal "afschuwelijk te vloeken" (p.111); Lena skrik vir "het gegil van twee jachtvliegtuigen die akrobatie uithalen in een lucht die schitterd als metaal" (p.78); "de witte wolken drijven er rond als spoken" (p.116) en die helikopter se "geween en gekrijs omringt ons nu als een luide, harde stem" (p.194).

Die ek-verteller benut verskeie skryf- en taalkonvensies in die roman. Dikwels word haar gevoel jeens Afrika en die politieke onstabieliteit van die Kongo in haar woordspel met behulp van vroe en uitroepe onderskraag. Vergelyk onder andere die volgende voorbeelde: "Die helse, [...] tropennacht!" (p.9); "Zijn we hiervoor naar Afrika gekomen?" (p.19); "Die rotte Kongo!" (p.42); "Stanleyville!" (p.56); "Brussel verkansel hulle 'rustig aan Lumumba of Kasavubu! Pragtig!'" (p.60); "Zou ik nu toch van die eens zo vervloekte Kongo houden?" (p.71); "...Lief Kigali, ik hou van je! Ben ik bang?" (p.83); "Ja, wat is er met mij gebeurd?" (p.84); "[...] Rumangabo! Ik ben bijna thuis!" (p.85); "Naar, Kisenyi! [...] Wat moet je in Kisenyi gaan doen?" (p.137); "Zijn er ergens onlusten?" (p.144); "Ah! Wat staat er ons hier allemaal te wachten..." (p.152); "Luister niet meer naar na die verwarde berichten!" (p.165); "Wat is er daar juist gebeurd? Hoe is het in Léopold?" (p.169); "...maar wij die er middenin zaten weten van niets!" (p.213); "Hoe hadden we Kongo onafhankelijk moeten maken?" (p.214). Die laaste dag in Kisenyi kom Lena tot die besef: "...dit zal je missen, dit komt nooit meer!" (p.222) en sy vra: "Wat moeten we in godsnaam in België gaan doen [...] kan het leven er gewoon verder gaan na dit?" (p.238). Hierdie

soort styl plaas die fokus op die vrou se emosionele beleving van die tydperk vóór en direk ná die verselfstanding van die Kongo.

Die leser bly, ten spyte van die taalspel óm en mét die woord, bewus van die gespanne ondertoon in die verhaal. Gedurig word die karakters aan onsekerheid en vrees onderwerp, maar daar is nie 'n oordrewe dramatiese relaas van die onafhanklikheidsdrama gegee nie. Wel is daar deur die geïmpliseerde outeur gepoog om aan die leser met behulp van 'n woordspel 'n visie te gee van die leefwêreld van die groepie vroue van beroepsoldate in die koloniale Kongo.

#### 4.8

##### **Tema en motiewe**

Afscheid van Rumangabo beskryf die wedervaringe van Lena, die vrou van die beroepsmilitaris Carl, maar dis ook die verhaal van die groepie vroue wat saam met Lena in die koloniale ruimte leef. Die aksent val dus op die reaksie van die vroue op die gebeurtenisse wat afspeel in die nogal geïsoleerde wêreld tydens die onafhanklikheidsstryd in die jare 1959-1960.

Die ek-verteller bevind haar in 'n polities-onstabiele ruimte en tydens die subjektiewe deurgang van gebeure word die uitbouing van die oorkoepelende verhaalmotief gerelativeer: samevattend kan dit verwoord word as "Europeër in 'n koloniale krisissituasie." Die motiewe groei in hierdie roman uit bepaalde gebeurtenisse en deur middel van die ek-verteller word die leser bewus van motiewe wat aan die verhaal 'n sekere digtheid verleen.

##### 4.8.1

##### **Die haat/liefde motief**

Hierdie paradoksale haat-liefde motief loop dwarsdeur die verhaal en word deur die verteller se ervaringe van die leër ondersteun. Dis 'n vreemde verhouding wat tussen die ek-verteller en die leër bestaan. Die liefde-haat verhouding tot die leër vergestalt in die feit dat Lena vrede moet maak met haar man se beroep — vir die beroepsmilitaris is pligsgevoel en trou aan die leër en sy land van groot belang. Soms hou Lena tot 'n mate van dié beroep; dis 'n vreemde "mengsel van tederheid en afgunst" (p.49), maar die "beetje afgunst" is voortdurend teenwoordig; die leër is haar "grote rivale" (p.40), haar "eeuwige mededingster" (p.49).

Die verhaalmotief van wraakgedagtes (Lena se aggressie teen die leër) lei tot abstrakte motiewe, dit lei na die hoofmotief — die mens kan nie konfrontasie met homself vermy nie. Maak Lena en Carl rusie as gevolg van leërverpligtinge, sit sy in 'n donkere put (p.49); sy voel tien jaar ouer (p.65); sy verfoei die majoor as hy aan Carl 'n gevaarlike opdrag gee (p.99). Toe op 'n keer aan die reële outeur gevra is waaruit die liefde/haat - verhouding met die leër spruit, antwoord sy as vrou van 'n militaris, soos volg: "Een vrou die met het leven van haar echtgenoot meeleeft, voel zich altijd min of meer benadeeld as de man te veel aandacht moet besteden aan het beroep waarmee hij toch zijn brood verdient." Sy staan egter nie heeltemal afwysend-krities teenoor die Weermag nie: "Bij de beroepsmilitairen bestaat nog dat plichtsgevoel, de trouw aan leger en staat," aldus Claessens (Demedts 1984).

#### 4.8.2

#### **Die motief van angs en onsekerheid**

Die meeste Belgiese koloniste het hul bevoorregte posisie in die koloniale Kongo as vanselfsprekend aanvaar en was onbewus gewees van die ongebalanseerde verhouding tussen swart en blank (Paasman 1995:49). Die teenwoordigheid van die groepie militêre offisiere en hul vrouens in Rumangabo beteken dat hulle dalk die saak van kolonisasie sal moet regverdig. Konfrontasie tussen swart en wit as gevolg van koloniale uitbuiting het dus nie uitgebly nie en beelde van onsekerheid en die onvermoë om mekaar te begryp, is 'n opmerklieke motieflyn. Uitinge soos onder andere: "Wat is er in de rest van Kongo aan de hand?" (p.119); "Die aand slaap ik onrustig" (p.126); "In Léo is alles gevluht" (p.152); "Nu word ik ook bang" (p.165); "Zijn er ergens onlusten" (p.144); en "leeft Carl nog?" (p.169) verwoord die motief van angs en onsekerheid. Deur middel van onder andere taalgebruik word die tema van onsekerheid ook uitgebou: 'n Massa soldate staan rond "als grote zwarte kevers" (p.174). Die opmerking van die ek-verteller dat die mens nie 'n eie wil het nie, maar dat "we zijn het kleine zandkorreltje dat meevliegt in de wind, het druppeltje water dat meevloeit naar de zee, wij drijven tussen de golven van de gebeurtenissen, meer niet" (p.145) ondersteun die motief van vrees.

## 4.8.3

**Die simboliese ruimte**

Die ruimtelike elemente se rol as betekenisvolle leimotiewe vervul ook in hierdie verhaal 'n noemenswaardige funksie. Die beleving en beskrywing van die natuur word gekoppel aan emosionele momente. Lena is hewig ontsteld as Modest die voëlnessie weggooi; sy glo dat dit ongeluk bring. Haar woorde "het loopt hier nog verkeerd af met die onafhankelike van volgend jaar" (p.12) is 'n heenwysing na die lot wat die koloniste gaan tref. Wanneer Carl praat van die swartes wat mekaar uitmoor en sy bataljon dan daarheen moet vertrek, verwys sy weer na die voëlnessie (p.18).

Assosiasies van onrus en vervreemding word ook tydens die vermelding van die vulkane vergestalt. Woorde soos "... er hing slechts een paarsgroene schijn, als weeklagend in de lucht" (p.12); Afrika is nie so rustig soos dit lyk nie, dis onrustig, nes die vulkane wat rustig voorkom, maar binne "sist en kraak het er" (p.17) en daar skuil 'n donkere dreiging in die geluid as sy die naam van die vulkaan "Nyarangongo" fluister, (p.147). Kyk sy na die top van die vulkaan Karisimbi herinner sy haar aan die swart mense se geloof dat op die hoogste top "zuivere zielen, de zalige geesten" hulle rus in daardie hemel sal geniet. Nyaragongo sal jou weer, volgens oorlewering, met 'n "zee van akelig sissend vuur" bedek omdat die duiwel daar woon. Die vergelyking "Hemel en hel, Kongo!" (p.102) is hier 'n goeie beeld van hoedat die ek-verteller die Afrika-ruimtes ervaar. Is die Kongo rustig in sy volle prag en heerlikheid (p.138), wonder Lena of die onrus maar net illusie is en dat alles maar soos die vulkane is wat onverwags soos "bulderende duivels" vuur spoeg (p.138). In haar afskeidswoorde groet sy dan ook die vulkane (p.207) wat simbolies deel van die gelyktydige rus en onrus van Afrika is.

Die verhaalruimte, 'n afgeslote militêre kamp te midde van die reuse, onbekende oerwoud, is ook simbolies funksioneel. Die posisie van die wit kolonis, afgesonder, onnatuurlik beskerm en versorg in vergelyking met die Afrika-mens, word so visueel voorgestel.

Die motiewe hierbo genoem, onderskraag die sentrale onderwerp naamlik die onstabiele situasie van die Europese kolonis in die Kongo. 'n Beeld van menslike ontugtering word uitgebeeld; net soos die kolonis, veg elke mens om (tydelike) selfbehoud. Lena besef: die mens is oral in die wêreld met dieselfde gevoelens en verwagtinge op soek na geluk en sekerheid (p.208). Wat ook gebeur, "we blijven dezelfde" — Afrika en

België verskil tog nie soveel nie, want die mens bly dieselfde (p.238).

Op boeiende wyse demonstreer die ek-verteller se verhaal dus die tema van die roman: In 'n krisissituasie (hier die onafhanklikheidsstrauma) kom jou ware menswees na vore. Die mensdom is dan deel van 'n bestel waar onder andere geweld nie gekeer kan word nie. Universeel gesien: die mens leef in 'n vyandige omwêreld waar misverstande en foute na ondergang lei. Die fokus val op die universele strewe van die mens om midde in die werklikheid (die sinloosheid van die menslike handeling) 'n sinvolle bestaan te vind.

#### 4.9

#### **Ten besluite**

Byna vyf-en-twintig jaar na die onafhanklikheidswording van die Kongo keer Claessens terug na die Kongo deur middel van haar roman Afscheid van Rumangabo om as't ware alles weer te belewe en deur te gee aan die nuwe geslag. Die roman is meer as 'n historiese relaas. Volgens De Standaard (1987) is die roman "een van de boeiendste, best gedokumenteerde verhalen die men bij ons over deze bewogen episode uit onze en de Kongolese geschiedenis kon lezen."

Die roman speel af teen die agtergrond van die onafhankelike drama in die Kongo en die perspektief van waaruit na die gebeure gekyk word, is dié van 'n blanke kolonis en vrou van 'n militêre offisier in die Force Publique. Aangesien die reële outeur persoonlik betrokke by die koloniale situasie in die Kongo was, word die leser se waarneming van die vertelde gebeure deur die historiese gegewens beïnvloed. Die verhaal is deurdronge van outobiografiese elemente. Die geïmpliseerde outeur manipuleer die ek-verteller om te vertel wat sý ervaar het om die boodskap van die konkrete outeur deur te gee. Claessens verwoord haar boodskap soos volg: "Wel wil ik medelen dat de onafhankeliksstrijd er in Kongo geweest is, maar vooral hoe die voor ons — als vrouwen van officieren die deel uitmaakten van de Force Publique — is overgekomen en hoe er in België, en uiteraard in Kongo zelf, geknoeid is geweest" (Demedts, 1984). Die verreikende gevolge van die verselfstandigingsproses op die individu word aangespreek en aan die leser as boodskap oorgedra. Die boodskap in die roman kry meer universele betekenis omdat die lot van die karakters beslis is en 'n kringloop afgehandel is — maar 'n nuwe kringloop van die lewe lê voor.

Die onafhanklikheid het vele pynlik getref en in Afscheid van Rumangabo is gepoog om hierdie moeilik verwoordbare gevoelens 'n uitlaatklep te gee. Claessens skryf oor "de strubbelingen in de kleine blanke gemeenskap, de liefdeshistories, de roddelpraat, de afgunst, al de stormen in het bekende theekoppie" (Ver Boven 1989:105).

Die strukturele ordening, die aangrypende verteltoon en die tematiese eenheid in die roman getuig van die outeur se literêre vaardigheid — hier is 'n historiese situasie tot 'n literêre kunswerk omvorm. Die geïmpliseerde outeur stel 'n ek-verteller deurlopend aan die woord, een gebeurlyn ontwikkel en dieselfde karakters tree in dieselfde ruimte van Afrika op. Demedts beweer in Standaard der letteren (1984) dat die roman gedra word "door intellekt en gevoel, een geheel van waarden, die er een boeiend werk van maken, bezielt en knap geschreven." Sommige resensente meen dat die eerste helfte van die roman waarin die karakters se onderlinge verhouding in die kamp die fokus vorm, te lank is, maar toe daar meer vaart in die verhaal kom, "krijgt het een bredere horizon en dieper levensinzicht" (Demedts 1984). Die mooiste hoofstukke en hoogtepunt van die roman omvat die meditasie oor die mens en sy lot, omdat, soos Demedts (1984) dit uitdruk: "opdat zij bemoedigd en er mogelijk gelukkiger door zouden worden".

Via die ek-verteller kan die perspektief van die vrou in 'n weermag-opset in die Kongo soos volg verwoord word: Lena is vol heimwee na haar moederland en staan aanvanklik aggressief jeens Afrika (p.9); sy moet bereid wees om baie op te offer (p.16) en moet met vreemde mense (blank en swart) kan kommunikeer. Lena kom in opstand om "netjes en braaf" tuis te bly terwyl haar man vry is om sy beroep te beoefen (p.19). Sy voel ongelukkig en opstandig as militêre verpligtinge haar man dikwels elders heen stuur — dit beïnvloed haar verhouding met haar man en die ander vroue in die kamp (pp.21,22,40,48). Sy word gekonfronteer met politieke realiteite. Sy voel dat die vroue oningelig is en dat die mans hulle kennis weerhou. Daarom pleit sy by Carl: "Heb je er iets over gehoord? Zeg met me!" (p.144). As gevolg van hul onkunde oor die politieke situasie, voel die vroue gespanne en sweep mekaar op (pp.50,152,155,165,168,169,176). Uitroepe soos onder andere: "De munitie in Goma gaat naar hier overslaan..."; "Ik vlucht de bossen in .." (pp.158-159) weerspieël die gemoedstoestand van die vroue. Die vroue twyfel of die Belgiese regering regtig weet wat aangaan (pp.57,69). Lena bevestig hul wantroue met haar opinie: "Ze weten geen zier van de juiste toestand hier, niets, ze zijn klein, dom, Belgisch" (p.86). Soms



troos die vroue hulleself dat hulle in Rumangabo veilig is (pp.57,101,111-113,117), maar die onrus wyk nie (pp.141-142). Ook is die vroue bekommerd oor hulle mans se posisie in die Weermag ná die onafhanklikheidswording (pp.59,60,200). Lena verwyt die Belge wat te "klein, armzalig, geslagen en verslagen" is en roemloos en eerloos hul erfdeel verspeel het (p.214). Sy vra dan tereg: "Wat moeten we in godsnaam in België gaan doen, [...] kan het leven er gewoon verder gaan na dit?" (p.238).

Interessantheidshalwe kan vermeld word dat Claessens se roman Weerzien aan de Mohnzee (1987) die lotgevalle van die hoofpersonages in Afscheid van Rumangabo ná die onafhanklikheidsverklaring van die Kongo en na hul terugkeer na Europa, onder die loep neem. Na haar terugkeer vanaf die Kongo na België word drie van Claessens se kortverhale oor die radio voorgelees en sy publiseer ook onder andere in Pallas, 'n militêre tydskrif vir offisiere in die Belgiese leër, in Forum van de Landmacht en in die tydskrif Topics. Toe Afscheid van Rumangabo in De Standaard as vervolgverhaal verskyn, word die lesers verseker dat hulle die verhaal waarin die historiese gebeurtenisse 'n atmosfeer van heimwee skep, boeiend sal vind. In 'n resensie van Afscheid van Rumangabo maak Demedts (1984) die volgende opmerking: "Wie de Geschiedenis van de Vlaamse-Afrikaanse Letterkunde (1962) van Arthur Verthé en Bernard Henry kent, weet dat zij een belangrijke bijdrage tot onze literatuur uitmaakt en wat niet minder aandacht verdient is, dat zij de kennis van gewoonten en zeden, wijsbegeerte en sagen van oeroude volkeren bewaard en gered heeft, vóór ze door de nivellering van deze tijd uitgevlakt werden."

## HOOFSTUK 5

**LIEVE JORIS : TERUG NAAR KONGO (1987)**

*"The past is never dead. It's not even past"*

Faulkner.

## 5.1

**Inleiding**

Hugo Bousset (1987) praat van "Lieve Joris als een uitstekende Vlaamse journaliste, die het in Nederland máákt. We kennen ook haar goed geschreven maatschappij-kritiese stukke in o.a. de Haagse Post, Avenue, NRC-Handelsblad. En we weten dat ze in 1986 debuteerde met De Golf, een reisverslag dat gesitueerd is in die Arabiese olielande. En nu lezen we die reportageroman Terug naar Kongo." Op 'n vraag wat haar genoop het om na die Kongo te reis en Terug naar Kongo die lig te laat sien, antwoord sy soos volg: "Die traditie om over die koloniale verlede te skryf is in Nederland veel meer ontwikkelde as in Vlaanderen. In Vlaanderen hadde veel mense my alleen maar ontmoedigende dinge te vertel, toe ik myn Zaïre-reis plande. Ja-maar, wat ga je daar doen? Dat Mobutu corrupt is, wéten we allemaal." Sy voeg by "Met Zaïre had ik die gevoel: er is een verhaal dat niemand my vertel en dat ik wil weten. Ik was heel nieuwsgierig en dat doet my alle risiko's neme die ik neme."

Lieve Joris se grootoom (heeroom) het in 1923 na die Kongo vertrek en in hul familie-album vertel die vergeelde foto's van sy missiewerk. (Rian Van Kuppenveld (1987) noem die feit dat "ieder katoeliek gezin in Brabant, Limburg en Vlaanderen had so 'n vijftig jaar gelede wel een heeroom in die familie: een pater die naar die missie vertrok om die gekleurde ziele tot die ware geloof te bekeren"). In die eerste drie hoofstukke verwys Joris na sy verhale oor die "gevaarlike brousse" waar hy "ziele" moes gaan "winne." Dit het "haar hoofd op hol gebragt" en haar belangstelling vir Afrika gekweek. Die foto's en briewe oor die "onmetelike eksotiese land" en sy latere verhale in Limburg, het die beeld van Afrika duideliker omlyn (Vergelyk paragraaf 4.5.2:159). Die betowering van die binneland van Afrika word verder versterk met die lees van Conrad se Hart der Duisternis waarin die hoofkarakter in 1890 met die stoomboot Rio de Belges die Kongorivier opgevaar het.

In 1985 reis Joris dus na die Kongo om die land wat sy deur die oë van haar grootoom leer ken het, met "die oë van die Zaïrezen self te

bekijken." Sy wou haar herinneringe aan die werklikheid van die hedendaagse Zaïre gaan toets: die fiktiewe beeld (werklikheid) van Afrika "rechtzetten desnoods, corrigeren" (Osstyn 1991). Sy weet dat haar "terugreis" na 'n land wat sy slegs in haar gedagtes ken, dalk op 'n konfrontasie met heel iets anders kan uitloop, maar sy wil met behulp van hierdie reis 'n ruimer perspektief as die anekdotiek van 'n Neerspeltse familie ontwikkel. Die reis is 'n herkenning maar ook 'n verkenning; dit is dus eerder 'n verslag en 'n indringende poging om vat te kry op die huidige Zaïre wat onder groot probleme gebuk gaan, maar andersyds so 'n tipiese "eigenheid" vertoon. Sy wil die verlede afstof, die moderne Zaïre bloot lê en die ontnugterende stem van die swarte hoorbaar maak.

Sy beskou as haar literêre reisgidse V.S. Naipaul en Ryszard Kapuscinski, outeurs wat die "recht van spreken" het in vergelyking met haarself wat "wel een stuntel" is wanneer sy in die vreemde rondreis of as sy wonder "wat heb ik hier te zoeken?" Vermij (1992:67) verduidelik Joris se strewe soos volg: "She strives to get into contact with 'ordinary people', a trait which she herself considers to come from her humble origin: 'As a Limburger in Flanders I know what it is to look from the bottom to the top. The position of the underdog is a good point of departure when travelling. It has helped me to listen to stories most people do not see as interesting'."

Deur die konfrontasie met die "andere" ontdek die outeur haarself. "Want wie was ik in Afrika? Een blanke, een oud-koloniaal. Maar ik associëerde me niet met de mijnen, mijn blik was naar de andere kant gericht" (Joris 1991:24). Joris meen dat die postkoloniale generasie 'n plig het: "de plicht om te laten zien hoe anders het nu is. Ik ben op zoek gegaan naar Zaïrese intellectuelen. Want ik wou weten hoe zij denken over hun land en hoe ze op hun jeugd terugkijken. Ik wou weten wat wij daar als blanken betekend hebben... Ik denk dat wij de eerste generatie zijn die onbevangen kan kijken" (Renders 1993:31).

Terug naar Kongo is 'n gewilde werk; dit is bekroon en in Engels en Frans vertaal en vir die tydgenootlike Vlaamse lesers wat nuuskierig oor die toestande in die Kongo was en wou weet hoe dit werklik in die voormalige kolonie gaan, was dit relevant.

## 5.2

**Die verhaaltitel**

Die titel Terug naar Kongo impliseer dat daar terug gekeer word na Afrika. Op 'n vraag waarom sy sogenaamd "terugkeer" na die Kongo, hoewel sy self nog nooit daar was nie, of as Paul Reynders (1987) haar kritiseer dat "Kongo is toch allang Zaïre? En het Albertmeer heet nu toch Mobutu-meer?", verweer sy haarself soos volg: Sy bedoel die Kongo van haar heerom. Toe hulle kinders was, het hulle die Kongo onder andere leer ken deur middel van missie-uitstallings en rondreisende priesters wat op skool vir hulle eksotiese verhale oor die Kongo kom vertel het. Sy het dus wel 'n beeld van die Kongo, al was sy self nie daar nie. "Door in dat land rond te zwerven werd dit Kongo van mijn herinneringen langzamerhand het Zaïre waarin ik aan het rondreizen was" (Van Buuren 1984).

## 5.3

**Die roman as feitelike gegewe**

Die verhale van Cottenjé, Claessens en Ver Boven wat in die voorafgaande hoofstukke bespreek is, kan beskou word as nie-referensiële taaluiting, maar in Joris se reisverslag is die basis van waarheid (werklikheid) betekenisvol. Haar reisverhaal steun dus sterk op haar reiservaring en -waarneming en vertoon in teenstelling met die ander fiksieverhale bespreek in die verhandeling, 'n sterk informatiewe karakter. Daarom verskil die aanbiedingswyse ook. Met eersgenoemde drie outeurs se werke het die leser te make met 'n "outonome" feitewêreld, 'n romanwerklikheid wat alleen in die woorde van die verhaal bestaan. In Terug naar Kongo aanvaar die leser die aangebode feite: dis aan die (historiese) werklikheid getoets. Die sterk realistiese inslag skep 'n geloofwaardige en verifieerbare toon en die leser benader die teks as 'n waarheidsgetroue literêre dokument.

Die objektiewe waarneembare feite soos onder meer die geografiese plasing, die historiese agtergrond van die Kongo, die uiterlike toestand van die land en die leefwyse van die Afrikaan word weergegee. Die informatiewe gedeeltes is onontbeerlik sodat die leser deur middel van die oog van die outeur die Kongo kan verken. Ingeveleg in die feitelikhede is egter ook die belewenisse van die verteller: 'n subjektiewe en geselekteerde "herskepping" van die werklikheidswaarnemings word aan die leser voorgehou. Die feite is georden en bepaalde aksente is gelê sodat die outeur háár doel en háár visie aan die leser blootlê. Die leser word daarom ook geboei deur die persoonlike siening en segging

van die outeur waarin subjektiewe gewaarwordinge, belewenisse en reaksies tot uiting kom. Terug naar Kongo is dus nie 'n suiwer ("blote") reisverhaal nie. Lieve Joris steun wel sterk op geskiedkundige realiteite wanneer sy in Terug naar Kongo die drade van die koloniale verlede wil optel. Sy beskryf die alledaagse realiteite van die voormalige kolonie; haar verhaal handel oor die gevolge van die verselfstandiging in Zaïre, kolonisasie en dekolonisasie en oor die problematiek van 'n Derde Wêreldland teenoor die Weste. Soos 'n resensent dit stel, is "armoede en rijkdom, leven en dood: de scheidingslijnen liggen in dit Zaïre vaak dicht bij elkaar," deel van die geskiedenis wat voortgaan, al is kolonialisme verby. (Vergelyk die siening van Verthé, paragraaf 1.1.3:6).

### 5.3.1 **Outobiografiese realiteite**

In die inleidende hoofstuk veral, kry die leser die geleentheid om via die verwysings na Joris se heerom meer oor Afrika te wete te kom. Die outentisiteitsgehalte van die teks word aansienlik vergroot deur die noukeurige beskrywing van die ou foto's van die Kongo. Die outeur beskryf byvoorbeeld een van die foto's waar haar heerom op "een kale vlakte, omringd door bangelijke negermeisjes met gevoude handjes" staan, en op 'n latere foto dra hy 'n "tropenhelm" in plaas van 'n hoed. Die outeur put ook uitvoerig uit die geskrifte van haar heerom in sy missiekroniek en briefwisseling. Joris beskryf die geskenke wat vanaf Afrika in Neerpelt aankom as onder andere "zwarte speermannetjes en antilopen op schriële poten" (p.8); 'n ivoor-boekstuk en 'n slang wat uit 'n deurskynende glas op watte lê met "de kop trots en boos opgericht" (p.8). Hy het aan die familie vertel van die whiskey wat hulle soos water moet drink, die beste "medicijn tegen malaria" en in Neerpelt leer hy die kinders 'n liedjie wat "zijn arme zwartjes" in Tumba sing as hulle kaalvoet "door het hete zand naar school liepen"; woorde soos makak, kakkerlak en matata klink dan vreemd op die oor (p.9). Wanneer hy 'n preek lewer oor "onze brave zwarten" wat dae lank met swaar vragte onder die ewenaarson moet stap, vra hy geld van die gemeente vir 'n auto camionette. Die heerom het vanaf 1923 tot 1970 in die Kongo gewoon en met sy terugkeer was hy "versleten" (p.10). In 1969 skryf hy 'n brief aan sy suster dat sy gesondheid verswak (p.53). Vir Joris was hy die man "die altijd in Kongo geweest was" (p.11).

Tydens haar bootreis met die Fabiolaville en toe hulle Tenerife nader, dink Joris aan haar heerom; van hier af het hy in 1923 'n brief aan sy moeder geskryf (p.19). In die missieblaadjie Sint Gerardusbode vertel

heerom van die priesters wat vanuit Matadi die oerwoud ingetrek het om die Woord te verkondig (p.30) en van die swartes wat hom "singend en huilend" met blydschap ontvang het (p.58). In die begin van sy sendingwerk dra die vroue nog rokke van raffia en die mans panen(rompe) — 'n man in 'n broek was "aanstootgewend" (p.37). As sy Matadi bereik, vertel die skoolhoof Honoré hoedat hy en sy moeder heerom (tata Houbén) (p.58) opgesoek het en pater De Munck verduidelik aan haar dat die paters nog steeds vanuit België vergoed word. Hy onthou dat heerom vir almal "een vader" was (p.44 -45) en hoedat die kinders heerom "op hun knieën groeten en zijn handen nemen" (p.54). Met die opening van die Matadi-Leopoldville spoorlyn in 1898 het die missionarisse "een gezegende tijd" beleef toe die missiepos langs die spoorlyn opgerig is. In 1930 skryf heerom in sy missiekroniek: "De protestantse tirannie houdt de bevolking in haar greep" (p.45). Joris herinner haar, wanneer Abbé Mussoki vertel van die protestant-katolieke vete, dat haar oom in 'n missiekroniek geskryf het van 'n sekere dorpie wat grotendeels protestants is (p.71).

In Tumba sien Joris die huis waarin die grootoom jare lank gewoon het en die drukkerij waar hy die missietydskrif Ku Kiele gedruk het (p.54). 'n Vroeëre kategeet van heerom, tata Victor, onthou hoedat hy en heerom bome in Bienga geplant het en die sendingstasie opgebou het. Joris herken die riethutte uit foto's wat sy van haar heerom gesien het. Hy wys aan Joris die naaimasjien wat die heerom aan hom gegee het en in sy slaapkamer sien sy "het ovale naaimandje van bomma" — dieselfde soort wat heerom aan haar grootante as geskenk gegee het (p.66). Wanneer suster Godwine haar kommer oor die sedelike verval in Bienga uitspreek, herinner Joris haar aan haar heerom se stryd "tegen de veelwijverij en de hartelooze oomen die hun dochters op jeugdige leeftijd uithuwelijken" (p.75). Tata Ferdinand, 'n vroeëre kok van heerom vertel hoedat hy en 'n ander draer vir heerom oor die Kongorivier gedra het (p.77). In Yangapompe verstaan Joris waarom heerom van dié skilderagtige dorpie kon gehou het (p.80); hy was baie gelukkig daar (p.68) en was die enigste blanke wat ooit daar gewoon het (p.72). Hier sien Joris ook die huis waarin heerom gewoon het en die kapel wat hy gebou het (p.81). Een van die swartes wil weet wat van die beloftes geword het wat heerom in 1935 gemaak het (p.83). Hulle onthou hom soos volg: "Ah, tata Houbén, hij was blank als een Europeaan, maar hij had het hart van een Zaïrees" (p.84). Die reisverslag word dus ook 'n kroniek van die herontmoeting van die verlede; 'n toets van die familieverhale aan die werklikheid self.

## 5.3.2

**Politiese, sosiale en ekonomiese realiteite ná onafhanklikheid**

Onafhanklikheid is op so 'n wyse aan die kolonie verleen dat dit "tot veel twifels" aanleiding gegee het. Joris se bevinding, naamlik: "België het zijn kolonie in een lamentele toestand achter gelaat," sluit aan by die verwyt van 'n Zaïrese politikus: "Jullie hebben ons de onafhankelijkheid niet gegeven, maar in ons gezicht gespuwd" (p.113). Die Kongolese was nie voorbereid op die onafhanklikheid gewees nie.

Joris som daardie chaotiese politieke situasie soos volg op: "Vlak na de onafhankelijkheid brak in Kongo een grote chaos uit. Het leger kwam in opstand tegen de blanke officieren en het land viel uiteen in verschillende etnische groepen die hun onafhankelijkheid uitriepen. Pas in 1965, toen de vroegere journalist Mobutu als generaal van het leger de macht greep werd de eenheid hersteld" (p.110). V.S. Naipaul laat blyk in sy roman The bend of the River (1979) dat die "Heart of Darkness" nie veel verander het nie. Joris se indrukke van die Kongo/Zaïre, naamlik onder andere omtrent korrupsie, onkunde, verwaarlosing, verkwisting en onverskilligheid, sluit hierby aan. Maar Peter Geschiere (1987) gee aan Joris krediet dat sy in haar reisverhaal oor Zaïre "erin slaagt verder te komen dan zulk soort horrorbeelden." Uit haar reisverslag blyk dit dat die Zaïrese tog ook geleer het om met die nuwe vorm van onderdrukking om te gaan. Die reisverhaal word dus ook 'n vorm van sosio-politiese kommentaar.

Joris laat die leser egter begryp hoe moeilik dit vir 'n Westerling is om "door te stoten tot de werkelijkheid van het dagelijks leven in zo 'n Afrikaan land." Deur haar oë en ore oop te hou en in gesprek te tree met oud-koloniste en Zaïrese, kom sy in aanraking met die realiteit van sowel die voormalige Belgiese Kongo as die huidige Zaïre: "Het is in de Kongo niet meer als vroeger. [...] Wij zijn niet meer bij ons, we zijn nu bij hén," verklaar 'n mede-passasier op die Fabiolaville (p.18) en sy voeg by: "...zonder de blanke zijn ze niks, dat hebben we na de onafhankelijkheid gezien" (p.22). Biskop Nzita praat met dankbaarheid en nostalgie van die jare voor onafhanklikheid, meer as 'n kwarteeu gelede. Hy glo: "De onafhankelijkheid is te vlug gekomen...(p.41).

Oral merk Joris sprekende voorbeelde van die letsels wat tydens die koloniale tydperk en die soewereiniteits-toekenning gelaat is op: Toe Mobutu in 1965 aan die bewind kom, skeep hy 'n elite om sy regime op te bou. So is onder andere "baron" Bondo (pp.121,134) finansieel gehelp.

In 1973, toe buitelandse handelaars moes plek maak vir die inlanders, het dit op 'n fiasko uitgeloop — in 1976 wou Mobutu sy fout herstel en hy erken dat "blank management geen slechte zaak is in het Zaïres bedryfslewen" (p.135). In die sewentigerjare loods Mobutu een van sy revolusionêre idees naamlik Salongo (Artikel 15), waarin die Zaïrese burgers hul tot diens moet stel aan die gemeenskap (p.95) — volgens Joris "paralyseerd" in plaas van "mobiliseerd" hierdie projek die openbare lewe (p.96). Die toestand by die Mama Yemo hospitaal in Kinshasa is haglik: in die lykhuis dreig die verrotte lyke om 'n epidemie te veroorsaak (p.108); daar is nie bedryfskapitaal nie en dokters is onderbetaal. Joris voel empatie met dokter André, want die las wat hy dra is "deels een gevolg van het missioneringswerk van zijn voorgangers" (p.108). Sy begryp waarom die mediese dienste in so 'n swak toestand is: die jong onafhanklike Kongo het nie opgeleide dokters, ingenieurs of weermagoffisiere gehad nie — tydens kolonisasie was die seminarie die voor-die-hand-iggende keuse (p.110). In die hospitaal "glijd het tradisionele Afrika het moderne Afrika binnen" aldus Joris (p.108).

Joris ontmoet ene Kadima, 'n inspekteur van die "Office des Routes" wat moet sorg dat die geld wat die Wêreldbank aan Zaïre vir die onderhoud van die paaie leen, reg bestee word. Die paaie is egter as gevolg van die korrupsie in 'n uiters swak toestand. Die cité d' évolués in Kinshasa wat in die jare vyftig gebou is, is nou "een wijk met verweerde stenen huizen waar die riolering door de smalle straatjes loopt" en Kabue praat van mense wat in "krottenwijken" woon (p.114). Op pad na Matonge sien Joris in watter haglike toestand Kis, 'n joernalis van die regeringskoerant Salongo, woon.

'n Oud-kolonis erken dat min aandag aan sekondêre en tersiêre onderwys bestee is, maar voel trots op die feit dat "tot in het kleinste dorpke hadden wij lagere scholen" — hy voeg egter by dat die paters die swartes net tot die kerk se voordeel opgevoed het. Mobutu betaal die onderhoud van die skoliere in sy geboortedorp Gbadolite en deel soms gratis skoolklere uit. Al is hy 'n groot pleitbesorger vir Lingala, is die voertaal Frans. Vele onderwysers word steeds uit België verkry. Vir Joris sien die universiteit in Kinshasa daar ("verwoest") uit — dis 'n "troostelose landschap..." (p.113) "Baron" Bondo se ekonomiese adviseur Kivulu, is dankbaar dat hy voor die nasionalisering van die universiteite studeer het — hy betreur die toestand van sy land ná die onafhanklikheid: "Waar blanken zijn, daar gebeurt iets, dat weten ze" (p.40). 'n Student verwyrt Mobutu: "Wij zijn rijk, maar onze president trekt zich niets van ons aan"



(p.168); 'n jong handelaar kla dat hy sy studies moes staak: "Wij hebben geen onderdak, geen eten, niets" (p.169) — toe die studente rebelleer, sluit Mobutu die universiteit. 'n Professor aan die universiteit van Kisangani kla ook oor die nasionalisering: "er zijn geen fondsen meer" (p.181) en Joris merk op: "Waar vroeger de air conditioning zat, is nu een gat in de muur."

Pater Willekens onthou hoedat Kinshasa 'n "fleurig stadje, proper en deftig" was, maar nou is "alles vies" (p.43). In Kisangani hang die verlede "als een geest in de straten" (p.178) — hier het Arabiese en Europese veroweraars mekaar in die vorige eeu ontmoet — die Arabiere op soek na ivoor en slawe. Tydens die koloniale tydperk was die voormalige Stanleyville 'n "roemrucht stad" (p.179). Vroeër was daar sesduisend Europeers in Kisangani; met Joris se besoek tel hulle net seshonderd: "Toen de Belgische administratie zich hals over kop terugtrok, zakken de structuren van de ene dag op de ander in elkaar" (p.182). Biskop Fataki voel hartseer oor die toestand van Kisangani ná die onafhanklikheid; hy stel Zaïre teenoor Senegal en die Ivoorkus waar die swartes nog steeds saam met die blankes werk, maar "wij hebben ze bijna allemaal verjaagd" (p.187). Vir hom beteken om 'n land te regeer "niet met zwarte Mercedesen rijden en optochten organiseren" (p.188). Joris merk egter op: "Aarzelend is het leven in Kisangani na de Zaïrianisasie" weer op dreef gekom: teksiel-, seep-, en oliefabrieke en 'n brouery het tot stand gekom (p.184). 'n Griekse eienaar hoop dat die stad "aan de stroom zich ooit weer zal oprichten, zoals hij haar zo vaak heeft zien doen" (p.185).

Lukuza vertel aan Joris van die Luba, Kuba en Lunda- stamme wat al eeue lank politieke strukture ken; hy is ontevrede dat as gevolg van die Force Publique die noorde van wapens voorsien is, sodat hulle nou na die onafhanklikheid, steeds dominerend optree (p.212). Hy het ook 'n hekel aan die "selfingenomenheid" van die blankes in Lubumbashi (p.213). Joris begryp die frustrasie; dit dateer uit die geskiedenis van hierdie provinsie wat jare lank deur die Union Minière du Haut - Katanga gedomineer is. Naby die Epulu-wildtuin vertel 'n voormalige kaptein in die koloniale era van die littekens wat hy dra as gevolg van die Belge wat hom met stokke geslaan het en 'n pigmee vra aan Joris honderd Zaires vir al die slae wat haar voorouers hom gegee het. Sy skrik: "Zelfs het koloniale verleden is hier handelswaar geworden!" (p.203).

Joris verkry ook eerstehandse inligting by oud-koloniste, priesters en Zaïrese oor die rol wat die Katolieke kerk voor en na onafhanklikheidswording gespeel het. Van Bellinghen (1990:158) verwys na die Katolieke kerk wat geseën was met "young, dynamic and devoted men and women, who came from all over Belgium but particularly from the large families of rural Flanders"; wat die lang seereis en "the murderous river voyage" na hul bestemming in Afrika onderneem het "where they founded their establishments, devoting their life to evangelization and human compassion without salaries and without ever contemplating a return home." Baie van hulle se missiewerk het, soos in die geval van heerom, byna 'n halwe eeu omvat. Op die bootreis op pad na Matadi vertel vader Bronnek onder meer van sy navorsing oor Vigs; in die Kasai waar hy werksaam is "schijnt de siekte te heersen" (p.13). Hy onthou die eerste jare in die lepra-kolonie met slegte paaie en swak kommunikasie; hoe hy met swart vroue "met ontbloot bovenlijf" gedans het en hoedat hy gewoond moes raak aan maniok, palmolie, rys en wildsvleis. Malaria het die dood van vele sendelinge veroorsaak — hulle moes jenewer of whiskey en later die gerasperde "schors van de kinineboom" gebruik (p.35). Abbé Mussoki onthou hoeveel mense aan disenterie, slaapsiekte en malaria gesterf het (p.71).

In die hoofstuk getitel Heerom achterna, verken Joris die binneland van Afrika deur die oë van die paters. Laasgenoemde het probeer om "toch iets van onze verheven godsdienst in die zwarte kroezelkoppen te krijgen" (p.30) aldus die heerom in die Gerardusbode. Die burokrate het langamerhand die werk van die missionarisse oorgeneem — "binne vijf jaar hebben ze ons hier niet meer nodig" meen pater Guido (p.31). Joris vind in die Matadi-gebied dat die priesters nog heelwat mag besit: die salarisse van staatsamptenare word dikwels na die missieposte gestuur en in Boma moes die lykswa onder toesig van missionarisse geplaas word omdat die Zaïrese dit as vervoermiddel vir maniok misbruik het. Pater De Neef was op 'n keer in die moeilikheid toe hy 'n preek oor die ware Verlosser wat sou kom, gelewer het — Mobutu het na homself as "de verlosser" in 'n toespraak verwys (p.32). Mussoki erken: "...de paters, zijn hebben hier beschaving gebracht, zijn hebben ons leren lezen, schrijven, huizen bouwen" (p.71).

Joris "herken" Tumba uit 'n poskaartjie wat haar heerom in 1924 van hier af na Vlaandere gestuur het (p.52). Die kerk se gebrandskilderde vensters is vol gate geskiet deur kinders wat voëls jag; die mis is nou

"geincultureerd" en die swartes kan nou sing en dans (vroeër het die paters "al dat gekronkel" teengestaan.) Soms hou die diens vir vyf ure aan — "hoe langer de preek, des te meer geld in de collectebus" meen pater Willekens (p.49). Pater Hugo het 'n realistiese siening van die Zaïrese: "Het zijn soms schooiers [...] maar dat hebben wij hen zelf geleerd, wij hebben hun altijd alles gegeven, dat is ons paternalisme. [...] Maar voor hen zijn religie en moraal twee verschillende dingen" (p.57). In die diskoteek Mayaza in Kinshasa sien Joris hoedat 'n vrou tydens haar sierlike dansbewegings 'n kruis slaan en sy dink aan die rowerbende wat hulleself Jezus en de Twaalf Apostelen noem; sy besef dat die Zaïrese "maken overal een klucht van" (p.120).

In Lubumbashi vertel professor Lukusa dat sy vader hulle na 'n sendingskool gestuur het met die hoop dat hulle "technieken" sou leer, maar hy het nie besef "dat we tegeliktijd ook onze cultuur zouden verliezen" (p.224). Hy verwyt die paters ook dat hulle die kinders wat sou skoolgaan, belowe het hulle sal die elite van die land word, maar vir "intellectuelen is hier geen plaats" (p.224). Hulle het weggedryf van hulle ouers en van hulle eie kultuur, maar ook nooit deel van die ander wêreld geword nie. Sy verwyt sluit aan by die van haar reisgids in Shaba wat die missionarisse verkwalik wat die swartes opgelei het om in "Parijs te leven, niet hier" (p.212). Van Bellinghen (1990:166) verdedig die rol van die Katolieke kerk egter soos volg: "Belgian missionaries remained in independent Africa and faced the years of turmoil with courage and determination. When other Europeans left, they stayed on, and their continuing presence and altruistic motives gained them an ever growing respectability."

Joris maak ook etlike uitsprake oor die huidige politieke opset: op 'n vraag of sy Mobutu as 'n suksesvolle nasiebouer sou beskou, antwoord sy soos volg: "Ik ben heel blij dat ik in Gbadolite ben geweest, waar Mobutu's architect met allerlei plannen uiteenzette, alsof Mobutu eeuwig zou blijven leven. Het bewustzijn in Zaïre dat het land een man nodig heeft die het land ook ekonomisch kan leiden, een manager, is zeer groot." Ten aanskoue van die paleis in Gbadolite ter ere van die verheerliking van die president, die nuwe presidensiële paleis in aanbou in Kawele en 'n pretpark driemaal so groot soos die Walibi in België, besef die outeur: "...aan de werkelijke ontwikkeling van zijn volk werd weinig gedaan" (p.125). As sy op die TV-nuus sien hoedat medisyne in die missiepos afgelaai word, is sy ontsteld: "Na alles wat ik die dag gezien heb, is het een absurd beeld: in Gbadolite worden miljoenen

gespendeerd aan waanzinnige projekte en daar word aalmoese vir behoeftige Zaïreëse die land binnegesluit" (p.130). In Matongé leer sy die betekenis van Artikel 15 ken: "Débrouillez-vous pour vivre," plantrekkerij om te overleef. "Vivre par miracle": in Matongé geen byverdienste, maar een hoofdberoep" (p.117). Volgens Joris sit mense in regeringsinstellings in 'n sisteem "dat wij daar opgericht hebben. De korrupsie markeer die failliet van een uit het Westen geïmporteerde infrastruktuur, een fenomeen dat oeral voorkomt."

Baie jongmense kla oor die "verdomde regime" waaronder hulle leef (p.217). Wanneer Mobutu oor die radio praat, hoor Joris een van hulle sê: "Hoor hem eens, [...] hij spreekt tot zijn slaven" (p.219). Toe Joris op 'n stadion na 'n toespraak van Mobutu luister (p.97), dink sy aan Naipal se beskrywing van die Zaïrese leier: "Hij regeert; hij is edel; hij wordt, als een middeleeuwse koning, tegelijkertijd bemind en gevreesd." 'n Mynwerker van Lubumbashi laat hom soos volg oor die sosio-politieke toestand van sy land uit: "Ik ben wel eens in Johannesburg geweest, [...] het is natuurlijk lelijk wat daar gebeurt, maar wat hier aan de hand is, is minstens even erg" (p.215). Lukusa weet dat hy nie "de verworvenheden van de revolutie, de anarchie, de corruptie en het geweld" mag bevraagteken nie (p.225). Sy aggressie jeens die Europeër en die onafhanklikheid spreek uit die volgende woorde: "... wij hadden een echte onafhankelijkheidsoorlog moeten voeren, net als de Algerijnen, wij hadden veel meer Belgen moeten vermoorden, dan zouden jullie ons nu wel respecteren" (p.221) en hy voeg by: "Jullie in Europa weten tenminste waar jullie naar toe gaan, maar weet een Afrikaan wat de toekomst brengt? Nee, die wordt nog steeds door andere bepaald" (p.224). Op p.227 kom Joris tot hierdie gevolgtrekking: "Maar ineens is weer duidelijk hoe wankel hun bestaan is. Het hangt aan een dun draadje dat door de president vastgehouden wordt. Ze lijken het gelaten te aanvaarden" (p.227).

Terug naar Kongo word as 'n feitelike reisverslag bekend gestel; terwyl die vorige outeurs hulle werke as romans bekendgestel het, ongeag die gebruikmaking van outobiografiese gegewens. Die intensies van die outeurs verskil dus. As deel van 'n postkoloniale generasie gaan verken Joris 'n vreemde land; Cottenjé, Claessens en Ver Boven skryf oor 'n land waarin hul gewoon het.

### Intrigeverwikkeling

Die intrige in Terug naar Kongo word opgebou deur Joris se relaas van haar reis na die Kongo/Zaire. Die verhaal verloop chronologies: die reis met die Fabiolaville van Antwerpen na Matadi, die ontdekking van die sendinggebied van haar grootoom in die Benede-Zaire, die verblyf in Kinshasa, die besoek aan die presidensiële residensiestad Gbadolite, die bootreis na Kisangani, die reise na Oos-Zaire en Shaba.

Die besondere verhouding tussen die joernalistiek en vertelkuns word duidelik in Terug naar Kongo geopenbaar: Joris se persoonlikheid vorm die spil van die gebeure. Wat aanvanklik 'n nostalgiese reisverhaal blyk te wees in navolging van die spore van haar heerom, groei uit tot 'n reeks bewoë moment-opnamens van die lewe in Zaire. Die outeur beland in gebiede wat selde deur blankes besoek word, sy neem groter risiko's, moet ontberinge deurstaan, eet sonder vooroordeel aap- en krokodilvleis as dit haar aangebied word. Sy behandel mense met respek en maak vinnig vriende; dit vergemaklik haar reis aansienlik. Haar moed ontaard egter nooit in oormoed nie. Sy gaan na Zaire met die uitgangspunt: "...alles wat ik weet zet ik even opzij en ik registreer, eens kijken wat dat geeft" (Hermans 1987:45). Gaandeweg ontdek sy die "reël bestaande" Zaire, 'n ander werklikheid as die bankrekening van president Mobutu of die nostalgie van oud-kolonialiste. Dit is dus nie slegs die verslag van 'n letterlike reis nie, maar ook die verhaal van 'n individuele, soms innerlike reis tot groot insig.

Gesien die aard van die reis wat Joris onderneem — 'n "ontdekkingsreis", 'n ondersoek van 'n vreemde omgewing — kan die reisroman verdeel word in fases wat saamhang met die tyd-ruimtelike bewegings van die outeur. Joris se reisverslag ontplooi binne die bestek van tien hoofstukke. Word elke hoofstuk in sy geheel beskou, verhaal elk van hulle telkens 'n verdere stadium in die tydsverloop van die verhaal. Elke hoofstuktitel gee 'n klein "opsomming" van die belangrikste gebeurtenisse in die hoofstuk self. Die hoofstukke vorm episodes wat mekaar in die tyd van die outeur se reisprogram opvolg. Die plekname wat sy besoek word duidelik genoem.

'n Opsommende oorsig van die verskillende fases sal nou gegee word om die ruimtelike verskuiwings van die verteller aan te toon.

### 5.4.1 **Vertelfases**

#### Hoofstuk I Heerom van Kongo (pp.7-11)

"Een simpele jongen losgerukt uit het Vlaamse platteland" noem Joris haar heerom wat na die hart van Afrika gegaan het vir sendingwerk (p.7). Keer hy terug uit die Kongo, is hy oud en verswak en sy onthou hom uit 'n foto waar hy in 'n klooster in Antwerpen sit en bid. Na sy dood dink sy nie aan hom as oud en sieklik nie, "maar rijst hij op langs het kanaal, een statig man in een zwart gewaad, omgeven door mysteries. Heerom van Kongo" (p.11). In hierdie hoofstuk word dus die persoonlike betrokkenheid by die komende reis gemotiveer.

#### Hoofstuk II Met de Fabiolaville naar Afrika (pp.12-27)

"Ik ben heerom achterna gereisd" skryf Joris en in haar koffer is daar marsepein vir een van heerom se "konfraters die nog steeds in de brousse woont" (p.12). Op die Fabiolaville ontmoet sy interessante reisgenote. Aangesien dit net sy was wat nog nie in Afrika was nie, ontvang sy goedbedoelde raad en inligting. Sy hoor van die oud-koloniste se wilde verhale oor die swartes: hulle is lui, onberekenbaar en gevaarlik — die Tebela-stam "die zijn nogal moordlustig naar het schijnt" (p.13). Hulle verhale voer haar terug na die Kongo van heerom, onafhanklike Zaïre vervaag.

In die hawe van Dakar konstateer Joris: "Het is voor het eerst dat ik de Afrikaanse bodem betreed" (p. 21). Op die eiland Gorée blyk die slawehuis wat as museum ingerig is 'n "bedevaartplaats" vir die Afrikane te wees. In Abidjan ry hulle met 'n taxi na die stad; in die Ivoorkus "speelt het ware Afrikaanse leven zich af," aldus pater Bronck en André. Raskin weier om in 'n sekere restaurant te eet; volgens hom eet hulle daar kakkerlakke (p.23). Die passasiers kry die geleentheid om die hawestad Benin vanaf die skeepsreling te bekyk. In die hawe van Matadi word Joris en Bronck deur pater Guido, 'n confrater (kollega) van haar heerom, ontmoet.

#### Hoofstuk III Heerom achterna (pp.28-87)

Pater Bronck vertrek na Kinshasa en toe hy weg is, voel dit vir Joris asof haar reis "nu pas werklik begint" (p.29). Pater De Neef en sy chauffeur Felix neem Joris op 'n besigtigingstoer deur Matadi. Die landskap in

Matadi herinner Joris aan 'n skildery wat haar heerom aan haar bomma (ouma) gestuur het. De Neef vertel van sy vroeëre missiewerk toe hy as Vlaming na die "brousse" gestuur is, terwyl die Wale stedelike gebiede gekry het om te bearbei — 'n weerspieëling van die langdurige problematiese groepsverhoudinge in België.

Joris besoek twee Limburgse priesters wat al meer as twintig jaar in die ou pastorie in die stad woon. Kimpese is een van die missieposte wat deur die redemptoriste opgerig is. Hier ontmoet sy vir pater Willekens wat sy herken uit 'n foto van heerom. Die laerskool was vroeër 'n missieskool en die paters hou nog "een oogje in het zeil" (p.43). Die missie ontvang steeds geld uit België. Pater De Munck wil vir Joris na Tumba neem, want wat hulle tot nou toe gesien het, is "allemaal ultra-modern" (p.51); op pad daarheen sien sy skole wat die pater opgerig het.

Joris besluit om die afgeleë gebied noord van die Zaïre-rivier te besoek. Pater Hugo neem haar na Luozi — hulle moet met 'n veerpont oor die rivier gaan. Sy ontmoet Charles, 'n gepensioneerde onderwyser wat haar heerom in Bienga leer ken het. Sy reis alleen verder met 'n oorvol "camion, een Duitse legerwagen uit de Tweede Wereldoorlog" (p.59). Daar is nie meer priesters nie, maar abbé Mussoki sal haar ontvang. Bienga is "een dorp van een straat groot" (p.63). Sy gaan besoek tata Victor wat vroeër missiewerk gedoen het; hy bied vir haar port aan uit 'n bottel gemerk "Versterkende Tonicum" (p.70).

Joris begeer om die ongerepte Yangapompe te sien waar haar heerom ook gewoon het, ná hom was daar geen blanke weer daar nie. Sy hoop om hier 'n blik in die verlede van heerom se lewe te verkry — hy was een-en-veertig jaar oud toe hy hier missiewerk gedoen het (p.39). Die vrolikheid die aand om die kampvuur te midde van die armoede, is vir die outeur aandoenlik — sy begryp ineens die nostalgie van die ou priesters en die sentimentaliteit van die oud-kolonialiste.

#### Hoofstuk IV Kinshasa : leven onder article 15 (pp.88-120)

In Kinshasa voel Joris dat sy wil "loskom van de paters" (p.89) — sy wil verder in die "onmeetlike" land indring. Die raamwerk gevorm deur die verbintenis met haar oom, word dus uitgebrei. In die stad ontmoet sy een van die passasiers van die Fabiolaville en dié help haar aan verblyf by Alain, 'n diplomaat. Sy geniet dit om saam met hom Kinshasa te

verken, maar besef dat die Kinshasa wat sy gaandeweg sal leer ken "een heel ander stad" is as dié een waarin Alain leef (p.91). Sy verwonder haar oor die feit dat blank en swart so min van mekaar af weet. Die telefoon-verbinding hier is volgens Joris "een puinhoop" (p.99) — sy moet omkoopgeld betaal om deurgeskakel te word na Nederland — dis haar "eerste daad van corruptie" (p.101). Sy leer die taxi-vervoer ken en kry langamerhand "macht over de stad" (p.102). Die stad is nie heeltemal vreemd nie — in België het sy na films gekyk oor die Kongo.

Joris soek André by die Mama Yemo hospitaal op (pater Bronek noem dit 'n lykshuis). André beskou sy werk in die hospitaal as 'n roeping en is bekommerd oor die haglike toestand waarin die hospitaal verkeer. Joris het 'n begeerte om Matonge, die "berugte" ontspanningsentrum in Kinshasa te sien, maar sy vra: "Hoe moet ik er dan toch komen? Want net zoals ik in de streek van heerom naar Yangapompe moest, voel ik dat ik Kinshasa niet echt gezien heb vóór ik in Matonge ben geweest" (p.115). Sy oorreed die Fransman François om haar daarheen te neem. In die diskoteek Mayaza loop Joris heelwat blankes raak.

#### Hoofstuk 5 Gbadolite: swarte Mercedesen in het regenwoud (pp.121 - 142)

Joris kry die geleentheid om saam met doktor Dubois op 'n inspeksietog na Yolo en Gbadolite te reis. Sy word gewaarsku dat dit in die "evenaarsprovincie nog heter dan in Kinshasa" is. (Bondo, 'n vertroueling van Mobutu, benodig Dubois se hulp met die heropbouing van die hospitaal in Yolo.) Bondo wil ook eers 'n herdenkingsdiens ter ere van mama Mobutu in Gbadolite bywoon. Ná die diens word 'n onthaal gehou en vir Joris lyk die saal daarna "op een slagveld" (p.131). Hulle ry na Yolo, dieper die oerwoud in waar Bondo "heer en meester" is (p.136). Wanneer Joris krokodil- en aapvleis eet gaan sy "voorgoed de annalen van de familie in". By die hospitaal aangekom, tref hulle dit leeggeplunder en in 'n vervalde toestand aan en in Bondo se winkel hoort die luukse goedere wat te koop aangebied word, eerder in die stad. Met die afskeidsfees ('n egte oerwoudfees) op die dorpsplein, word dit "een wilde nacht" (p.142) — hier leer Joris dikwels in "halluciante taferelen" die egte Afrika ken.

#### Hoofstuk 6 Reis naar het Hart der Duisternis (pp. 143 - 177)

Die hoogtepunt van haar reis word gevorm deur die tog na die "Hart der Duisternis". Sy is gereed vir haar reis dwars oor die ewenaar na die hart



van Afrika: gewapen met onder andere met "een tropenpakket vol pillen, zalfjes en poeders teen siektes en ongedierte" (p.143). In haar Cabine de luxe op die Colonel Ebenya is alles vuil en buite werking. Sy is een van drieduisend passasiers en hul bestemming Kisangani, lê eenduisend sewehonderd kilometers vêr. Die restaurant wat ook diens doen as kerk en slaapsaal, is kaal geplunder — Joris besef later dat haar kajuit "een paradisijseljk oord" is in vergelyking met die toestande op die barges (vragbootjies).

Op die prauwen (boomskuite) van die oewerbewoners word onder andere ape, visse, skilpaaie en vrugte verhandel en hulle doen hul inkopies op die barges. Veral passasiers op die barges hou Joris op hoogte van interessante voorvalle. Die JMPR (Jeunesse du Mouvement Populaire de la Révolution) sorg vir orde op die vragbote en soms word lastige oewerbewoners van die boot verwyder. Vind daar diefstal plaas, reageer die OPJ (Officier de Police Judiciaire) dadelik daarop; daar is 'n openbare tribunaal op die dek vir verhore. As gevolg van probleme met die boot, duur die reis veel langer as bepland. Ná sestien dae in plaas van nege, "doemen de contouren van Kisangani eindelik op" (p.177).

#### Hoofstuk 7 Kisangani: vechten teen die vergetelheid (pp.178 - 190)

Haar reis met 'n "duwvaart"-konvooi op die Zaïrerivier tot in Kisangani word "dé klassieke reportage" uit die boek (Reynebeau 1987:170-174). Weg van die altyd teenwoordige briesie op die Ebeya, voel Joris die ewenaarshitte ineens "alomteenwoordig" as hulle in Kisangani aankom. Joris word deur die Belgiese konsul in Kisangani verwelkom.

Volgens Joris het die Kisangani Hotel met 'n ontvangsaal so groot soos 'n balsaal, "nooit meer geworden wat het was" (p.184). Vir Kruispunt (Reynders 1987:24-25) is Kisangani "het rebellennest van de grote Simba-opstande (1963 - 1964) dat nog altijd niet de stigmata uit die tragiesche maar tipisch Afrikaanse periode heeft kunnen uitwissen."

Biskop Fataki neem vir Joris deur die stad met sy swart Mercedes wat hy by die president gekry het. Hy vertel van dié soort Zaïrese wat net die chicote (sweep) onthou waarmee hulle deur die blankes geslaan is en deur hulle as 'n makak (aap) uitgeskel is — in plaas daarvan om hulle stad ná onafhanklikheidswording in stand te hou. Joris ry met vissers van die trotse Lokele-stam op 'n boot en vanuit die boot lyk die tekstiefabriek (waar "de beste panen van heel Afrika" gemaak word)

indrukwekkend; saans as die liggies op die water weerkaats, word dit "Petit Paris" genoem.

#### Hoofstuk 8 Naar het oosten (pp. 191 - 209)

"Mijn voorouders zijn me gunstig gezind" sou die Zairese sê toe Joris die geleentheid kry om saam met die inspekteur Kadima van die Office des Routes na die ooste te reis. Die reis na Goma sal tien dae duur en die konsul verseker haar dat Kadima goed na haar sal omsien.

Op pad na Goma word die steengeboue skaarser en die modderige paaie is moeilik begaanbaar; op 'n stadium val die konvooi vas. In een van die takkantore is brandstof gesteel en Kadima is verplig om twee dae oor te bly om die saak te ondersoek. Vir die eerste keer in haar lewe sien Joris pigmeë. Joris oornag op 'n keer by die Hotel Dallas ("een langwerpige hut") waar die bier lou is en daar nie elektrisiteit is nie. Die toeriste-roete na die ooste begin by die Epulu-park; dis in hierdie gebied waar die koloniale Belge vroeër graag vakansie gehou het. By die Albert-meer is hulle egter die enigste besoekers. In Bunia word hulle deur die personeel van die Office des Routes onthaal en in die kroeg in Beni ervaar Joris dieselfde "uitgelaten drukte" as in Kinshasa. In die hotel in Goma sit Joris en Kadima tot diep in die nag en bier drink.

#### Hoofstuk 9 Shaba: de schaduw van de secessie (pp. 210-226)

Die lug is verfrissend wanneer Joris in Lubumbashi, die hoofstad van Shaba aankom. Die matige klimaat was een van die redes waarom die koloniste hulle destyds hier in Katanga kom vestig het (vgl par 1.1.4.5. # 4). Haar toergids Lukusa laat haar aan 'n Derdewêreld-intellektueel in Parys dink. Sy vind die mense hier meer vitaal; dis die eerste keer op haar reis dat sy voel dat sy nie in die verlede ingestap het nie — in die ander provinsies "liggen het oerwoud en de verwildering voortdurend op de loer". Sy ontmoet twee jongmans wat lid was van die UDPS (Union pour la Démocratic et le Progrès Social) — 'n verbode opposisie-beweging wat veral in Shaba en die Kasai aktief was.

Die Gecamines stel Emile as gids tot Joris se beskikking toe sy die ertsmyne in Kolwezi wil gaan besoek. As hulle Kolwezi binne ry, merk sy die helder skerp kleure van die Monument van de Revolusie op; Kolwezi was die laaste bolwerk van die blankes in Shaba. Terug in

Lubumbashi neem Emile en Lukusa vir Joris deur die stad. Sy sien in die mynwerksbuurt huise wat nog deur die Belge gebou is. Hulle besoek die buurt waar Lukusa gebore is, vroeër 'n évolué-woonbuurt. In Kenia, die ontspanningsentrum van Lubumbashi, woon die grootste boewe, maar ook die beste sokkerspelers. Joris merk op dat foto's van Mobutu teen die mure ontbreek; die mense hier minag hom. Die lig van die dageraad begroet hulle wanneer hul terugkeer na die stad.

#### Hoofstuk 10 Tot elkaar veroordeeld (pp.227 - 247)

Aan die einde van haar reis deur Zaïre beplan Joris en 'n Nederlandse joernalis 'n radioverslag oor 'n bootreis wat hulle wil onderneem; ongelukkig val die boot in 'n sandbank vas. As alternatief sal hulle dan 'n verslag skryf oor die turbulente geskiedenis van Kisangani. 'n Oud-kolonis Gaston sal hulle deur die stad begelei — hy ken die stad soos weinig ander. Joris sien dan ook weer die Victoria Hotel waar die blankes in 1964 deur die rebelle gedood is en Gaston neem hulle na Place des Martyrs waar die soldate van die regeringstroepe deur die Simba's aangeval is.

By die vliegveld waar die valskermsoldate die blankes na die onafhanklikheidsverklaring wou bevry het, word hulle deur die veiligheidspolisie aangehou omdat hulle hul onwettig op militêre gebied bevind. Hulle word verdink van spioenasie. Die Veiligheidshoof Kalume word gekontak en alle apparatuur word gekonfiskeer. Urelange ondervragings volg. Die konsul probeer hulle saak beredder en stuur 'n telex na die Belgiese ambassadeur in Kinshasa om die situasie te verduidelik. Hulle moet egter onder huisarres by die konsul aanbly. In Kinshasa wag die Nederlandse en Belgiese konsuls hulle in. Hulle word weer ondervra, hierdie keer deur die AND (Agence Nationale de Documentation) en tronk toe gestuur. Ná hul vrylating word hulle deur die sekretaris-generaal van die AND berispe oor hulle "onverantwoordelike" gedrag. Joris mag egter bly tot haar visum verstryk. François neem Joris na 'n diskoteek in Matonge en eersgenoemde se vriende merk op: "Nu heb je onderhand alles wel gezien" (p.246). En soos 'n joernalis dit stel: "Dus einde goed — al goed en Lieve Joris vliegt met de glimlach terug naar Europa, opgetogen over dit opwekkende verblijf in Zaïre."

Die fasering van die verhaal gee die leser die indruk dat die outeur gedurig aan die beweeg is; sy ontmoet verskillende persone en beleef

vreemde ervaringe op verskillende plekke en tye. Oënskynlik kom sy na ses maande tot rus nadat sy aanvanklik byna gejaagd deur die oerwoud op haar heerom se spore gereis het. Sy skud blanke gidse af en ontdek deur die oë van die Zaïrees die huidige Zaïre. Sy vertel van haar heimwee oor en haar haat teen kolonialisme; daarom sê sy in Kinshasa: "Nu begryp ik ook waarom simpele ambtenaren als Riva, die niet meer dan duizend zaïres per maand verdienen — terwijl een zak maniok al twaalfhonderd zaïres kost — toch kunnen rondkomen. 'Article 15, débrouillez vous pour vivre', zingt de populaire Zaïrese groep Empire Bakuba. Zó werkt article 15 dus in Kinshasa" (p.101). Korrupsie is dus 'n lewensnoodzaak.

Deur die fasering kry die leser 'n aanduiding van die hegte struktuur van Joris se reisvertelling, daar is linieër 'n opeenvolgende reeks van kousale gebeurtenisse. Alhoewel sy nie 'n vasgestelde reisprogram gevolg het nie (daarvoor is daar te veel joernalis in die outeur) — en haar oorspronklike reisdoel op die agtergrond raak, word haar relaas 'n verkenning van die hedendaagse Zaïre. Met haar berekende omsigtigheid ontdek Joris dat die Afrika van haar heerom verander het in 'n chaotiese oerwoud. Van de Sande (1987:01) som Joris se binnelandse togte soos volg op: "Daar ziet ze met eigen ogen wat er sinds de onafhankelijkheid van het land geworden is. Het bewind van Mobutu president van Zaïre, lijkt op dat van een absoluut vorst. Zijn rijkdom steekt schril af tegen de armoede van de bevolking."

In 'n onderhoud vat Joris haar ervaringe soos volg saam: "Het sukses van mijn reis hing samen met de mate waarin ik vanuit de Zaïrezen naar Zaïre en ook naar de Belgen kan kijken. Ik ben begonnen met die paters omdat je in elk land eerst moet leren 'lopen', je aan de hand moet laten leiden, om van daar naar de andere kant te stappen" (Reynebeau 1987). Binne die deurlopende verslag van haar reis deur Afrika word die kommentaar en die visie van 'n vrou op die toestand van die huidige Zaïre gehoor.

## 5.5

### Vertelinstansie

Die verteller is hier ook karakter en skrywer — dus 'n veel meer komplekse situasie as in 'n "blote" roman.

In hierdie spesifieke reisroman speel die ek-verteller as primêre fokaliseerder 'n belangrike bemiddelende rol. As bindende faktor is

Joris lewendig teenwoordig; die leser leer die outeur as "mens tussen mense" (Snyman in Steenberg 1990:49) ken. Die reisiger-verteller word ten nouste met die ruimtebeskrywing geïntegreer. Die gebeure soos dit beleef word, word deur die verteller aan die leser as 'n geheel aangebied; deur die manipulasie van die vertelinstansie word 'n persoonlike visie oortuigend aan die leser oorgedra. Dit is belangrik om te let op watter manier en wat die verteller aan die leser oordra, want dit bepaal die perspektief wat die teks as geheel aan die leser wil deurgee. Joris tree as ek-verteller op en skep by uitstek die illusie van geloofwaardigheid, want wat sy vertel en hoe sy die vertel, strook met wie sy is (sy is 'n Europeër wat oor 'n nie-Europese deel van die wêreld skryf). Sy beklemtoon daardeur haar bewuste (betrokke) optrede.

Joris wend haar in Terug naar Kongo tot 'n realistiese vertelwyse wat daarop gemik is om gebeure, karakters en ruimte te interpreteer, daarop kommentaar te lewer en vir die leser 'n beeld te skep van die wêreld soos sy dit beleef. Aan die begin van die reisverslag gee sy te kenne wat die doel van haar reis is. Sy begin dan ook haar reis met 'n ontvanklike gemoed, begerig om die Kongo vir haarself te ontdek en om die mense wat na die onafhanklikheid in Zaïre leef, te leer ken en te probeer deurgrond. Sy reis nie blind en bevooroordeeld deur Afrika nie — sy gaan om na die stem van die swartman te gaan luister. Allengs word die leser deel van haar belewenisse.

Die verteller hou haarself by 'n bepaalde perspektief. Sy "orkestreer" die teks en rig en lei die leser se visie op die karakters, handeling en tydsverloop. As lewende vertelmedium staan sy in die fokuspunt van die verhaalwêreld (reisverslag). Haar deelname en teenwoordigheid veroorsaak die handeling en sy vertel terwyl die intrige ontwikkel. Haar visie op die koloniale verlede en die gevolge van dekoloniasie oorheers. Haar subjektiewe fokalisasie van die realiteite hang ten nouste saam met haar wêreldbeskouing: sy praat oor die gebeure en doen taaluitinge sodat die reisverhaal kan ontvou. Die leser kyk mee met die visie van die verteller-fokalisator en vereenselwing hom geredelik met die subjektiewe perspektief van die verteller. Terug naar Kongo word daarom nie net as 'n feitelike reisverslag aangebied nie.

Ten opsigte van die verteller kan gevra word wáár die verteller in die verhaal staan, vanwaar sy haar waarnemings doen en hoe sy haar ideologiese perspektief en die letterlike gesigspunt gaan blootlê. Die leser kan die volgende vrae stel: Hoe sien Joris die status van die

Afrikaan in 'n onafhanklike Zaïre? Probeer sy om die volle implikasies van die onafhanklikheid te bepaal? Hoe reageer sy op die "sterkmansbeeld" van Mobutu wat in Zaïre bestaan? Hoe benader sy die nuwe geslag Zaïrese wat nie aan die koloniale opset blootgestel is nie, die oud-kolonialiste se reaksie op kolonialisme en die gevolge van verselfstandiging?

Joris begin die reisroman met 'n inleidende hoofstuk aan haar heerom gewy: "Hij zou missionaris worden [...]. Zijn baard liet hij groeien, dat zou hem in Kongo van pas komen, ..." en só word die toonaard van die roman vasgelê: die dubbele stemme van die vrye indirekte rede, waarin die stemme van die verteller en karakters subtiel vermeng. Sy berig uit die verhaalhede en dit gee aan die leser die gevoel dat jy betrokke is en die gebeure as onmiddellik aanwesig kan ervaar. Jy luister na die ketting van anekdotes uit die voormalige Belgiese Kongo en die huidige Zaïre.

Die verteller begin haar reis deur in die "vertroude" missie-milieu te beweeg: "Ook ik voel me die kille septemberochtend aan de reling van de Fabiolaville onwennig" skryf sy oor haar vertrek uit Antwerpen "Ik wilde vertrekken in de stijl zoals mijn heerom indertijd." In die klooster in Matadi geniet sy die tipiese humor van die paters en hul flou seksuele grappies. Op bladsy agt-en-sewentig is die soektog na haar heerom afgeloop en in die volgende honderd-en-sestig bladsye kry die leser 'n verslag van die aktuele situasie in die huidige Zaïre. Hier is dan 'n duidelike wending in die toon van die vertelling merkbaar.

Joris slaag daarin om die belangrike feitelike inligting só mee te deel dat die intrige nie verskraal nie. Sy wissel haar tegniek van mededeling af deur onder andere feite in die vorm van gesprekke, interessante staaltjies, terugflitse of bespiegeling aan te bied. Haar verslag is vol van soms grappige, soms navrante detail. Sy swyg nie oor oorsaak en gevolg nie: die chaos en korrupsie wat Zaïre verlam, wyt sy aan die mislukte dekoloniasie-proses en die magsmisbruik van die huidige bewind en nie aan die vermeende "luie aard" van die inlandse bevolking, soos haar blanke informante en die swart magshebbers beweer nie.

Die feitelike informasie is meestal onopvallend in die anekdotiek verweef. Sy laat byvoorbeeld pater De Neef toe om van sy moeilike jare as "broussard" te vertel (pp.37-38) en by die graf van Jean Baptiste in Kionze vertel De Neef hoedat hy aan Baptiste die Heilige Oliesel sewe

keer moes toedien — elke keer as laasgenoemde gevoel het dat hy gaan sterf (p.35). In Gbadolite kry die leser insae in Mobutu se agtergrond en sy ambisie. Heelwat politieke feite word beklemtoon (pp.124 - 130); Joris lig die gevolge van die Zaïrianisasie van 1973 uit (p.184) en in Kolwezi sê die verteller: "Ik wil het toneel zien waar 'de gebeurtenissen' [...] zich hebben afgespeeld, en wat hier sindsdien gebeurd is" (p.219). Sy maak kennis met Article Quinze en laat haarself in 'n onderhoud soos volg uit. "Toen ik daar eenmaal achter was gekomen, wou ik toch ook gaan zien wat er waar was van die dingen die ik gehoord had. Zaïre is zo verpolitiekt bij ons, zo stereotiep in de discussie. Zaïre bij ons is Moboetoe, en daar komt dan een hele reeks woorden achteraan, die uit onze beleveniswereld komen, zoals: korrupsie, de bende rondom hem, kapitaal in Zwitserland. Een tamelijk saaie versie van dat land." En wanneer sy vertel van citoyen Bondo, wou sy meer weet hoe dié soort mense leef: sy wil so iemand "een gezicht geven dat beweegt." Sy het na Zaïre gekom nie om te hoor wat sy alreeds weet nie, maar om "te weten hoe het in elkaar zit, wie zijn die mensen?" — daarom laat sy onder andere vir Bondo toe om oor homself te gesels.

Al bewegende deur Afrika lig Joris die leser in oor haar ervaringe. Wanneer sy afskeid neem van pater Bronek, voel sy "ontheemd" en klamp haar aan haar nuwe verblyfplek by die paters vas — sy sou later vanuit hierdie beskermende milieu die konfrontasie met die werklike Zaïre aangaan (p.31). Vir haar is Zaïre die eerste paar dae "... als een wazig schilderij waarin de figuren nog geen contouren hebben. Kleuren lopen in elkaar over en soms zie ik even iets in een flits, heel helder, maar dan wordt het weer opgenomen in het nevelige, verwarrende geheel. Het is in die toestand dat ik vanuit Matadi naar het binnenland vertrek, de brousse in" (p.41). Sy voel mettertyd vasgevang tussen die paters, dit voel vir haar "om de missie zit een hek, ik zou er niet eens uit kunnen" (p.48), en op pad na Bienga, wanneer sy die eerste keer alleen in Zaïre is, voel sy bevryd. In Yangapompe luister sy met verbystering na toesprake waarin sy om geldelike hulp genader word. Sy skryf: "Hier in Yangapompe lijkt er tussen verleden en heden geen verschil te bestaan, hier zijn die mensen overgeleverd aan evenementen die van buiten op het dorp afkomen" (p.87). Sy word heen en weer geslinger tussen ontroering en afsku en haar vertrek uit die dorp is "als een vlucht". Maar sy kry hier ook die geleentheid om deur middel van suster Godwine se gemoedelike geaardheid die negatiewe beeld wat sy as kind van 'n klooster opgebou het, uit te wis (p.73). Tog weet sy: "Het wordt langzaam tijd [...] om maar weer eens op te stappen" (p.75) toe die suster haar vra om 'n

fondsinsamelingspoging in Nederland vir 'n motor "voor tata curé" (p.75) te reël. In Kinshasa deel sy haar angs met die leser toe sy beseft dat sy nie meer "mama Lieve" die niggie van tata Houben is nie, maar aan haarself oorgelaat is (p.85). Op pp. 99 - 101 vertel sy van haar ervaring met 'n telefonis waar sy omkoopgeld moes betaal om na Nederland deurgeskakel te word: "ik heb het spelletjie gespeeld en het blijkt nog te werken ook!" erken sy. Sy bestee vyf bladsye verteltyd aan haar indrukke van die Mama Yemo hospitaal in Kinshasa; vir haar lyk dit asof "middeleeuwse toestanden saam met het moderne" ineenvloei. Vanaf pp.202 - 205 wy sy uit oor die interessante ontmoeting met die pigmeë.

Joris slaag daarin om die verskeidenheid indrukke en verskillende waarnemings betekenisvol te orden. Haar byna naïewe, maar helder verteltrant verseker dat die leser nêrens die gevoel kry dat 'n bepaalde visie aan hom opgedring word nie. Natuurlik word die leser gemanipuleer, maar daar duik gedurig verrassings op. Dit stel die leser in staat om in die belewenisse te deel. Wanneer die verteller by sekere insidente stilstaan of terloops besonderhede oor haarself gee, is die verwysings daarna bedrewe gedoen — die gang van die verhaal word nie daardeur vertraag nie. Soms vertel sy met deernis van grappige insidente: die onnutsige en legendariese pater Van der Steen se manewales word opgediep (pp.46 - 47). Sy vertel ook van gebeure ten koste van haarself (om sodoende in 'n gefokaliseerde posisie te verkeer): die stel wat sy afgetrap het toe sy op 'n mark in Abidjan "egte" ebbehout krale gekoop het en sy moes erken: "Door de eerste de beste Afrikaan laat ek me beetnemen." Sy gee byvoorbeeld die toespraak wat een van die jongmanne in Yangapompe gelewer het ter ere van heerdom, weer (pp.82 - 83), of sy vertel die verhaal van 'n vliegtuig wat neergestort het en hoedat die Zaïrese te bang was om hulp te verleen omdat hulle besig was met Salongo. Sy gee Bondo kans om sy jagverhale in die oerwoud te vertel; soms berig sy sonder onnodige uitbreidings, oor gebeure wat vir haar vreemd is: vertel Monoko op die boot dat die siek soldaat deur sy ouers vervloek is, is dit vir Joris duidelik: "We varen naar het hart van Afrika, demonen en duivelse krachten zijn hier alom aanwezig" (p.151). Sy deel ook die "fantasievolle" verhale wat op die Ebeya rondvertel word met die leser, soos van 'n man wat 'n skedel na Europa wou deursmokkel om dit daar te verkoop om glo aspirine daarvan te maak (p.157). Sy gee ook 'n breedvoerige beskrywing van die JMPR - manne wat probeer om die oewerbewoners van die Ebeya te verwilder (p.159 - 160).



In die hier en nou van die verhaal verkeer die verteller dikwels in 'n gespreksituasie met mense wat sy op haar reis ontmoet en sy noteer heelwat van die gesprekke. Sy gee baie aandag aan veral die onderlinge verhoudinge van die reisigers op haar bootreise. Deur te luister na gesprekke of om persone uit te lok tot kommunikasie, vermy sy dit "om al maar dieselfde verhalens over swartens te horen" (p.94). Sy weet dat as sy dit sou waag om die wit koloniste verkeerd te bewys, is die resultaat 'n frontaanval: "Dan ben ik zeker ook tegen Zuid-Afrika? Terwyl dat het enige land is waar alles nog werkt" (p.50). Op 'n keer het sy opgemerk: "Ik moet zeggen dat ik nergens in de Arabische wereld, waar ik tevoren altijd mee te maken had, diezelfde mentaliteit heb aangetroffen als onder de Belgen in Zaïre."

Soms staan die verteller eenkant en laat 'n persoon toe om byvoorbeeld 'n medevolksgenoot te fokaliseer: Mama Bondo kla in Yolo oor die vroue wat die hele dag voor hulle hut "in het niets te staren, waarom zijn ze zo laks, waarom werken ze niet op het land?" (p.138). Langsamerhand besef die verteller dat velkleur nie werklik 'n inherente skeiding motiveer nie. In 'n gesprek met 'n joernalis van die Zaïre-Afrique vind sy uit dat hy nie saamstem met die ideologie van die blankes wat Joris sover ontmoet het nie: "Door deze ontmoeting gaat de deur naar de Zaïrese wereld op een kier staan en kijk ik niet met de blik van de blanken, of met mijn eigen verwarde blik, maar met de zorgelijke blik van Kabue naar binnen" (p.112). En in François se werkkamer luister sy na sangers, skrywers en skilders wat praat oor uitstallings, optredes en lesings in Kinshasa. Sy kyk verbaas na hulle: "... ineens zie ik al die Zaïrese wat ik naar op zoek was", die mense wat volgens die Belge, nie bestaan nie (p.116).

Op verskeie plekke in haar reisverslag haal die verteller fragmente uit haar heerom se Gerardusbode en briewe aan. So gee sy die brief weer waarin heerom die dood van sy broer moes verwerk (pp.55 - 56); sy maak melding van Conrad se Hart der Duisternis waarin hy verslag gee van die aanbou van die Matadi-Leopoldville spoorlyn (p.45) — sy herlees in die roman van "die donkere gebied vol leegte en onheilspellende geluiden dat door blanken geschonden was" (p.150). Op bladsy 179 bieg die verteller dat as Naipaul se Een bocht in de rivier nie Kinsangani as milieu gehad het nie, sy "vlugger doorgereisd zou zijn". Sy het die stad deur Naipaul leer ken — nou soek sy na dié stad waaroor hy skryf "zoals men in een vreemde stad op zoek gaat naar een verre bekende" (p.180). Joris gee 'n kort opsomming van Naipaul se verhaal waarin die

vernietigingsdrang van die gedekoloniseerde volk verbeeld word. Die verteller verwys ook na die geval van die Belgiese Zaïre-kenner Ronald van den Bogaert vir wie sy altyd kwalik geneem het omdat hy in die binnelandse politiek van Zaïre betrokke geraak het. Kom sy self in 'n moeilike situasie teenoor die veiligheidspolisie te staan, toon sy baie meer begrip vir Van den Bogaert (p.236). Genoemde aanhalings en terugflitse het nie die chronologiese volgorde van die verhaal onderbreek nie; toestande is in 'n nuwe perspektief geplaas sodat die gebeure in die hede beter verklaar kan word.

Die verteller laat haarself toe om soms oor sake te bespiegel of om te mediteer : In Yangapompe vertel Mussoki van heerom wat te voet deur die oerwoud moes stap om missiewerk te doen. Joris fokaliseer die prentjie vir haarself soos volg: "Ik kan me voorstellen hoe hij liep, daar, in de heilige verte, heuvel op, heuvel af, leunend op zijn stok, gevolgd door zijn zingende dragers. Een clowneske optocht onder de brandende zon" (p.79). Sy onthou ook hoedat sy altyd die films oor Afrika met gemengde gevoelens bekyk het; dit het haar gehinder dat die swartes altyd die indruk van vrolikheid geskep het, asof hulle in 'n droomwêreld leef — sy erken: "...ik was van de generatie die al wist hoe ze daaruit zouden ontwaken" (p.103). Wanneer sy die "langgerekt gehuil" van die leeu voor Mobutu se paleis hoor, "rollen alle exotische beelden over het vroegere Kongo weer door mijn hoofd" (p.105). Sy wonder oor die gelate uitdrukkings op die swart vroue se gesigte; veral voel sy empatie met die vrou wie se seun op die Ebeya dood is — die lewe gaan egter voort: die "muziek dreunt alweer uit de boxen" (p.177). Dis vir die verteller moeilik om uit die oerwoud na Kinshasa terug te keer, want "met een konvooi stedelingen door het oerwoud trekken scheidt een eigenaardige lotsverbondenheid" (p.141). Op 'n stadium ervaar sy 'n gevoel van angs as hulle met die Ebeya wegvaar na Kisangani om haar in "dit Afrikaanse avontuur te storten" (p.145), maar sy hoop later dat die reis langer sal duur — vir die eerste keer sinds haar aankoms in Zaïre kry sy die gevoel "dat ik midden in Afrika zit" (p.166). Diep in die oerwoud ervaar sy 'n vreemde gewaarwording: hulle kom uit die stad, praat te hard en is te goed gekleed — "te bruut voor dit broze decor" (p.201). In Lubumbashi luister sy na die geraas van die goederetrein wat na die noorde met koper, kobalt, sink en uranium vertrek en vroegoggend hoor sy die geluid van die sirene vir die mynwerkers. Dan voel sy half gedesoriënteerd : die stad "ademt zo 'n autonome, on - Zaïrese sfeer" uit — is dit dieselfde Zaïre wat sy al maande lank deurreis? (p.211).

Word die verteller daarvan beskuldig dat sy 'n besitlike vrou is, is dit vir haar vreemd dat Kadima (wat lank in die buiteland was) "dat verraderlijke mekanisme van halve waarheden en mythen niet kent" — sy betwyfel nou die stelling, soos aan haar vertel is, dat swartes gou vergewe en vergeet (p.204). Wanneer sy aan die einde van haar reis ondervra word en sy die rede vir haar besoek aan Zaïre moet verstrek, klink alles so banaal: "Op zoek naar heerroom en dan hier belanden!" (p.233). Sy het nie na Zaïre gekom om Mobutu se regime te veroordeel nie; sy wou die lewe "tussen de krantekoppen ontdekken". Was sy tog naïef? (p.243) Joris soek tyd om van hierdie ervaring te genees en in die disko in Matonge peins sy oor die dansende pare se toekoms. Sy is 'n blanke, maar wat "als je een Zaïrees is?" (p.246). Wanneer sy vir oulaas saam met François in die Zaïrerivier gaan swem en sy haar egte leersandale verloor, is sy hewig ontsteld. Sien sy egter die ligte spot in sy oë, lag sy vir haarself: "Zie mij hier staan jammeren om mijn sandalen!" (p.247).

In Terug naar Kongo kruip Joris in die "siel" van die gebied waaroor sy vertel. Sy openbaar haarself as 'n onbevooroordeelde en nugter, maar menslike waarnemer. Sy gee 'n realistiese blik op die politieke toestand en op die leefwyse van die mense — sy bespreek, bespiegel en kommentareer. Die ervarings, gedagtes en vertellings vorm 'n logiese en sinryke geheel en in die hegte samehang van die totaalstruktuur kan die leser die boodskap/perspektief van die verteller raaklees.

Die beskrywing van plekke is nie net toegespits op gewone besiens- en wetenswaardighede nie; die leser kry 'n verslag van die lewenswyse binne die plekke. Haar fyn waarnemingsvermoë laat haar die klein naas die grote raaksien. In De Morgen (De Smet 1987:55-59) verwoord Joris haar standpunt oor Zaïre soos volg: "Je reduceert een land als Zaïre enorm als je het herleidt tot een politiek probleem. Hoe belangrijk dat ook is, ik vind het zonde als dat het enige is wat mensen zien. Ik wil altijd weten: hoe voelen de Zaïrezen zich daartussen?" Deur middel van haar spontane, lewendige en omslagtige vertelwyse tower Joris haar reisverslag van die historiese en kontemporêre situasie tot 'n literêre kunswerk om.

Ten opsigte van die vrae aan die begin van paragraaf 5.5 gevra is, kan moontlik volstaan word met die volgende kommentaar: "Haar verdraagzame onsensationele manier van vertellen boeit. Ze heeft oog voor de absurde, soms hallucinante contradicties met haar eigen cultuur.

Ze neemt de moeite alles naar waarde te schatten. Op haar impliciete manier is ze niet mals voor het Mobutu-schrikbewind, maar ze toont ook onverbiddelijk de blijvende, reactionaire rol van de blanke" (Osstyn 1991:217) en "Bewust of onbewust hebben zij ons geconfronteerd met de koloniale kwesties van hun tijd: dwangarbeid, corruptie, afpersing, de 'mission civilisatrice', de al dan niet overbrugbare 'culture gap', dekolonisatie, kortom de koloniale gespreksonderwerpen van roddel ontdaan" (Paasman, 1995:65).

## 5.6

### Tydruimte

Tyd en ruimte word in Terug naar Kongo as 'n ineenvloeiende dimensie ervaar. Joris se reis is gebaseer op die besef van die interrelasie van die twee dimensies. Joris se ontmoeting met die Zaïrese word verruimtelik deur die tasbaarmaking van tyd. Die tydruimte waarin die reisroman hom afspeel is die Zaïre van 1985 toe Joris 'n reis na die voormalige Belgiese Kongo onderneem het. Die gebeure in die reisverhaal is dus duidelik geografies geanker aan die Kongo na onafhanklikheidswording; die hele aard van die intrige veronderstel die teenwoordigheid van 'n reële tydruimtelike plasing. Daar is duidelik verwysings na die Kongo vóór en Zaïre ná dekoloniasie. Maar dit is ook 'n terugreis in tyd en ruimte: na 'n verbye era en die van haar oom se verblyf.

As reisiger-waarnemer rig Joris haar op die onmiddellike fisiese ruimte en lê dus meer klem as die ander drie outeurs op dié spesifieke strukturelement. Die outeur se "rapportering" berus op 'n kontroleerbare agtergrond en die vanselfsprekende teenwoordigheid van hierdie dimensie blyk uit die opmerking van Weisgerber (in Roos 1975:41): "in wezen is de romanruimte dus de complexe relatie die bestaat tussen de plaatsen waar de handeling gebeurt en de mense die hierbij betrokke zijn". Die ruimtelike konsep vervul dus 'n sentrale funksie in die vorming van die strukturegeheel en beïnvloed en rig die ontwikkeling van verskeie strukturelemente. Volgens Hugo Bousset (1987) het Joris deur middel van die ruimtelike beskrywings 'n kleurryke outentieke "film" van Zaïre gemaak: "Matonge, het zwarte hart van Kinshasa (Leopoldville); Yangapompe (waar Lieve wordt ingehaald als de opvolgster van heerom); Yolo in het regenwoud van de Evenaarsprovincie; de zestien dagen durende boottoch langs de Zaïrestroom naar het "Hart der Duisternis" — Joseph Conrads Heart of Darkness (een schitterende beskrywing van de moederboot Ebeya met zeven dochterschuiten en

drieduizend mensen aan boord: "een drijvende stad") ...En in alle misère: uitzinnige vreugde om het Kongolese bestaan."

Die ruimtelike element funksioneer eers sinvol wanneer die topografiese gegewe tot 'n persoonlike (belange-) ruimte ontwikkel. Daar is 'n besondere verbintenis tussen die outeur en die ruimtelikheid van Afrika. Die wyse waarop die verteller as karakter optree is 'n aanduiding van haar subjektiewe interaksie met die omgewing. In baie gevalle is die ruimte die aktivator van konfliktsituasies. In haar kajuit op die boot is dit vuil; sy voel vasgekeer tussen die ruimtelikheid van die kloosters — sy wil wegkom van "deze irreële verstikkende duik in het verleden" (Osstyn 1991:216). In Matadi lyk haar kamer soos 'n koshuiskamer en sy gril vir die kakkerlakke (p.28); in Bienga kry sy twee sinkemmers en "een leeg "Nivaquine-blik om water over mijn hoofd te gieten" (p.64) toe sy wou bad. Kinshasa konfronteer haar met die Zaire van nou, waarin feitlik alles wat deur die blankes opgebou is, verval is. Op 'n stadium het Afrika se ruimte vir haar as beskutting gedien, maar beland sy in die gevangenis, vind daar 'n breuk tussen haar verhouding met die ruimte plaas en sy reageer soos volg op die vervreemde ruimte: "Achter de mannen een kamertje waar drie schuimrubberen matrassen op de grond liggen. Links nog een kamer. Leeg. De mannen wijzen ernaar: daar moeten wij slapen. Muggen zeilen door de lucht. Verdomd, ook dat nog. Ik ga meteen op zoek naar het toilet. Er hangt een gescheurd zeil voor. En waar moeten we ons wassen? Ik zie alleen een kraantje in de openlucht" (p.241).

Joris bly aan die beweeg, sy gee verslag van die verskeidenheid van ruimtelike elemente tydens die ruimtelike verskuiwings. Terwyl sy vir ses maande van een plek na die ander beweeg, kring die verhaaltyd terug in die verlede in — wat sy in die hede waarneem is die openbaarmaking van die gevolge van 'n koloniale verlede. Terwyl sy aan die beweeg is, skep sy ook 'n atmosfeer van afwagting (op pad na Yolo skuif "beelden van een wondere wereld" verby (p.132)). Dis 'n reis deur 'n vreemde land — eers reis Joris deur die "bekende" omgewing van haar heerom as sy by die paters vertoef en word dan later gekonfronteer met die totaal vreemde Zaire. Sy verken met joernalistieke vaardigheid en nuuskierigheid die geografies - onbekende milieu. Sylva de Jonghe (1938:33) het in 1938 'n dramatiese prentjie van Afrika geskilder: "Want voor den Europeeschen lezer is de tropennatuur niet alleen iets nieuws, iets ongekends, maar ook iets ondenkbaars, een mysterie dat zoo geheimnisvol is als de eeuwigheid. Wat weet den Europeeër af van de

oerwouden, wat weet hij af van dit overdadig leven...?" Die indruk wat Lieve Joris in 1985 van die onafhanklike Zaire gekry het, verskil heelwat van die van De Jongh: die geboue wat die Belge in Matadi agtergelaat het "zijn uitgewoond, de ramen stukgegaan en ooit vervangen, zodat het is alsof er zwarte gaten in de huizen gebrand zijn. De wegen zijn vol bulten en barsten, als na een bombardement. Aan de kant staan karkassen van auto's die jaren geleden moeten zijn achtergelaten" (p.29). Sy sien hier ook swart vroue met houtbondels op hulle koppe en jukke met emmers op die skouers (p.34). Sy ervaar die verlatenheid van Afrika by die missiepos — dis 'n ouwêreldse atmosfeer... (p.48). Tumba is ook verwaarloos; Joris beskryf dit as "... het kale land vol lege Belgische gebouwen" (p.54); tata Victor se woonkamer "ziet eruit als een stal" (p.66) en sy slaapkamer is "een museum van afgedankte spullen" (p.68). In Yangapompe voel sy half onbeskut in die hut met mensestemme, voetstappe en die asemhaling van die diere wat so digby klink — self die reuk van gras dring deur die mure. Toe sy die skilderagtige Yangapompe sien, verstaan sy waarom heerom so baie van die dorpie gehou het (p.80) en in Kinshasa is die geluide in die stad oorweldigend — in die platteland was dit die hanegekraai of 'n aarselende gelui van 'n klok wat haar gewek het (p.91). Tog dring die vrugbare oerwoud ook deur tot in die stad: sy merk hoedat vroue langs die Nederlandse ambassade die grond omspit en weke later sien sy "de maniok er hoog op" (p.103).

Op die Ebeya is Joris ook sintuiglik deel van die gewoel; leksikaal en sintakties word aan die gebeure gestalte gegee: aan boord is dit "...een gekkenhuis. Dieven worden in een openbaar tribunaal veroordeeld. Keiharde disco schalt over het dek van de derde klasse, waar wordt gedanst, gehandeld, aap en krokodil gegeten. Bewoners van de oevers van de rivier melden zich met hun prauwen aan de boot en gooien hun negotie aan boord in ruil voor een stuk seep" (pp.143-156). Van Kisangani (die belangrikste post aan die Zairestroom) sê Joris "Hier heeft de beschaving niet een korte lichtflits in het oerwoud veroorzaakt zoals elders aan de stroom, nee, hier is ze blijven staan, alsof ze het oerwoud wilde aanschouwen en naar haar hand zetten" (p.178); die paaie is onbegaanbaar, die brûe vervalte en die rioleringstelsel buite werking. Maar as sy op die Tshoporivier ry, verkry alles 'n ander dimensie: dit voel asof reuse bome langs die oevers haar omsluit en sy hoor stemme oor die water eggo — vir Joris is die hawe aan die Tshoporivier "het mooiste tafereel dat ik tijdens mijn hele verblijf in Kisangani zal zien" (pp.187-188). Wanneer sy uit die stad ry, is sy bewus van die kleihutte,

die modderige pad en die roerlose gesigte wat hulle aanstaar: hierdie is die monotone gesig van die binneland "waarvan ik de trekken inmiddels goed ken, maar dat tegelijkertijd absoluut onbegrijpelijk voor me is gebleven" (p.192). Sy fokaliseer Kolwezi soos volg: "Rokende schouwen, lelijke gebouwen, de vreugdeloze cadans van machines, de geur van het scheikundelokaal vroeger op school" (p.219) en die beeld van Lubumbashi is vir haar bekend: "Rode zanderige wegen vol kuilen, mannen in voddige kleren die karren met makala voortduwen, vrouwen die met manden op het hoofd op weg zijn naar de markt" (p.222).

Lewensbeskoulike uitsprake word vergestalt deur dit in verband te bring met 'n spesifieke ruimte. Tydens 'n kerkdiens borsvoed 'n moeder haar kind; 'n kind spoeg brood wat hy gevoer word uit en skoolkinders steek onder andere krale, spelde en penne in hulle hare — vir Joris is dit vreemd (pp.48-49). Op bladsy een-en-sestig assosieer die outeur 'n groot swart ysterpot wat oor 'n vuur hang, met vroeëre indrukke van Afrika: "Precies dezelfde als die uit een stripboek uit mijn kinderjaren. Daar werd een spartelende blanke in gaargekookt. Zijn benen, armen en kop staken er aan alle kanten uit." Sy voel beskaamd oor hierdie assosiasies wat onbewustelik aan haar opgedring word. Die kontras tussen die paleis wat Mobutu vir hom laat bou en die armoede is veel "grotesker dan in de Golf" maar Joris het agtergekom dat die swarte hom nie aan bande laat lê deur hierdie onreg nie. Sy merk op: "Het dunne laagje beschaving, dat met een té paternalistische streek aangebracht was, drong niet tot in de kern van de zwarte mens door. Corruptie en passiviteit voeren sinds de onafhankelijkheid de boventoon in een maatschappij waar de enige wet die is van je eigen gang te gaan" (Osstyn 1991:216). Joris het probeer om die ruimtelike grense tussen die Kongo van haar heerom en die huidige Zaïre uit te wis, maar sy kom tot die besef dat 'n politieke ommekeer ook die ruimte verander het.

Deur die hantering van tyd in Terug naar Kongo word breë perspektiewe geopen en verskillende aspekte van die voormalige Kongo en die hedendaagse Zaïre word onder die loep geneem. Aanvanklik het Joris die Kongo (die verlede) in haar verbeelding deur middel van haar heerom gefokaliseer. Wat sy in Zaïre (die hede) aantref, verskil van dié van haar herinneringe: die ruimte dra die chronotopiese betekeniswaarde van verval en agteruitgang. Sy moes ook die verhale wat op die Fabiolaville vertel is aan die werklikheid wat sy self ervaar het, toets — hierdie chronotopiese spanning verhoog die digtheid van haar reisverhaal. Wanneer sy onthou hoe haar heerom op foto's gelyk het,

wat hy alles vertel het en in die Gerardusbode geskryf het, word sy ook aan 'n biografiese tyd gebind. Sy skeur haar egter los van die biografiese tyd wanneer sy besluit om verder op haar eie te reis (p.88). Joris reis nie as toeris wat na "opwinding" soek nie, maar sy sê: "Ik ben op zoek gegaan naar Zaïrese intellectuelen want ik wou weten hoe zij denken over hun land en hoe ze op hun jeugd terugkijken. Ik wou weten wat wij daar als blanken betekend hebben" (De Moor 1987:51-53). Sy wil dus 'n brug tussen die verlede en hede span; sy wil as deel van 'n postkoloniale generasie onbevange deur die verlede na die hede kyk.

Deur middel van ruimtelike verskuiwings word ook die verbygaan in die tyd gemeet. Sy reis onder andere per boot (pp.12,143,177); met 'n jeep (pp.31,77,88); 'n veerpont (p.56); 'n Duitse "legerwagen" uit die Tweede Wêreldoorlog (p.59); 'n vliegtuig (pp.123,227) en "zwarte mercedessen" (p.124). Uit die fokalisasie van Joris word die verskillende voertuie waarmee sy reis, draers van verskillende tydswaardes en -gedagtes. Joris word ook in werklikheid 'n draer van die sigbare tyd. Op 'n keer merk Joris op: "Zoveel dingen gebeuren er nu aan boord dat ik soms niet weet wat te doen" (p.166). Op die Fabiolaville besef Joris waarom mense eerder met die boot na Afrika afreis — op die boot "leeft het glorieuze verleden" tussen die twee wêrelde voort. En wanneer hulle die Zaïrerivier binnevaar, kry Joris die gevoel "een foto uit het album van mijn grootmoeder binnen te varen" (p.25). Pater Broniek merk tereg op dat alles op die boot kunsmatig was: "Nu begint het echte leven" (p.29).

Die wete dat die verbye verlede nie heeltemal verlore is nie, kry voortdurende gestalte in herinneringe. In die kapel hoor Joris die swart vroue sing — hulle stemme klink, ná al die lawaai in die stad, yl en veraf: "Als een wind uit een ver religieus verleden komen de gezangen aangewaaid. Dit is Vlaanderen vijftig jaar geleden" (p.34). En vir paters De Munick en Willekens is België vir hulle die land wat hulle in die jare veertig agter gelaat het, steeds die land van die stryd tussen die Vlaminge en die Wale. Zaïre gaan, volgens hulle "naar de verdommenis" (p.43). Wanneer Charles ('n gepensioeneerde onderwyser) 'n liedjie sing wat hulle altyd ter ere van heerom gesing het naamlik "Bamisioni yetoooo ngongueeeee / yaya yaya tata Houben kwetoooo / De protestanten willen wij niet / wij willen tata Houben" (p.57), leef Joris bewoë terug in die verlede in. Sy voel ook dat die tyd in Bienga stilgestaan het toe sy in 'n voormalige kok van heerom se huis 'n foto van pous Paulus VI sien hang (p.76) en in Yangapompe hoop sy dat sy "mischien een blik in het verleden kunnen werpen en zien hoe heerom



vir die paters; skoolhoof Honoré onthou dat heerdom hom as kind twee frank gegee het en suster Godwine is bly om weer met iemand Vlaams te kan praat.

Joris kry aanvanklik heelwat rassisties-getinte inligting by die oud-kolonialiste op die Fabiolaville: pater Bronek werk al drie jaar tussen die Tetela-stam in die Kasai, maar kan hulle steeds nog nie begryp nie; die swartes is nes kinders, maar "ze zijn niet stout" (p.13) meen 'n ander passasier; tyd speel glad nie 'n rol by die swarte nie — in Lingala beteken "lobi" sowel gister as môre; Bronek herinner hom dat 'n Vlaamse pater op 'n keer sou gesê het dat hy in die hemel vir God wil vra om die kop van 'n swartman oop te maak "want wat dáár inzit, dat zou ik wel eens willen weten" (p.14); die blanke moet altyd 'n positiewe selfbeeld hê "want wij zijn hun baas óf hun prooi" (p.15); die swartes is nie kreatief nie, maar reseptief — in Afrika groei alles vanself, maar die probleem kom met die oestyd: "...want ze nemen alleen maar wat ze vandaag nodig hebben, de rest laten ze verrotten" en die swartes was in hul primitiewe staat gelukkiger as in die koloniale tydperk met sy sogenaamde "beskawing" (p.22).

Tydens haar verblyf in Matadi word heelwat indrukke van die paters en ander katolieke geestelikes oor die swartes in haar reisverslag vasgelê; die blankes word die "teruggekomenen" genoem omdat hulle opgestaan het uit die doderyk; hulle kom met bote oor die water — dis gereïnkarneerde swartes (p.36); "zoo is de neger" skryf heerdom in 1925 in die Gerardusbode as verwys word na onderlinge twiste tussen twee dorpe wat met palmwyn besleg word (p.38); die swartes glo dat as jy toetree tot 'n sekte, jy geoffêr sal word (p.40); vroeër was diefstal sonde, maar na die onafhanklikheid word 'n dief as 'n held beskou; jongmense respekteer nie meer ouer persone nie (p.41); 'n Zaïrese man wat nie kinders het nie is 'n "belachelijke vent" (p.47); en die swartes glo dat op informele en tradisionele wyse gesing en gedans moet word in die kerk (p.49). In September 1909 vertrek Moeder Marie Adonia Depaepé met die stoomskip Albertville na die Kongo om drie maande later in Matadi aan te kom. Van Acker (1967/68:1-2) berig in Kruispunt oor háár ontmoeting met die inlanders in die provinsie Kasai soos volg: " De negers bekijkt ze door een Westeuropese, nu zouden we zeggen een racistische bril. Negers zijn vuil en lui en hun naaktlopen, dansen, beschilderen van het lichaam, inkerven van de huid, fetisjisme, polygamie, tovenarij en afgoderij zijn in haar ogen zoveel bewijzen van het heidense verval dat wortelt in de zonde. Dus kwam het erop aan ze

zo snel en in zo groot mogelijke getalle te bekeren. [...] [...] Het is geen kinderspel in die wilde harten beschaving en godsdienst te brengen. Maar eenmaal bekeerd, waren het 'goede' zwarten."

Joris hoor by Chico dat die krokodil wat 'n vrou opgevreet het, nie 'n egte krokodil is nie, maar 'n "ndoki" is; dis 'n ou man wat homself in 'n krokodil verander het (p.59). Die ndoki val nie blankes aan nie want hulle besit masjinerie, fabrieke en rekenaars (p.60). (Joris haal terloops Alberto Moravia aan wat in A Quale Tribu Appartieni meen dat die Afrikaan die Westerse beskawing geredelik aanvaar het as gevolg van hul geloof in "magie en fetisjen" (p.60)). Mussoki onthou die dood van drie kinders in Bandabani nadat hulle deur weerlig getref is — heerom is daarvoor beskuldig en hy moes na Yangapompe vlug (p.72).

Op haar reis deur Zaïre is dit vanselfsprekend dat sy te doene gaan kry met die ouer generasie Kōngolees wat met nostalgie terugkyk na die koloniale periode — hulle het gewoon geraak om oorheers te word. Die jonger geslag het die neiging om die blanke "van zich af te duwen" soos onder ander bewys is met die zairisering in 1973. Joris gee dan háár indrukke van die land en sy mense. In Knack laat Joris haarself soos volg uit ten opsigte van haar kontak met die inlandse bevolking: "Veel van wat ik in Arabiese lande heb gebruik, kon ik eger in Zaïre toepassen. Via musiek kan je bijvoorbeeld vrij snel kontakt krijgen met de lokale bevolking; ik ben vrij vaak in de cité gaan dansen, ik heb daar het lokale bier gedronken, hoewel ik geen bierdrinker ben. Het is een soort aanpassing die noodzakelijk is" (Reynebeau 1987:174).

In Kinshasa ontmoet Joris die diplomaat Alain wat sy huishulp meer betaal as wat die ander ambassadepersoneel doen, maar Celestin gebruik die ekstra geld om net weer 'n ander vrou te trou (p.92). Laasgenoemde verstaan nie waarom Joris nie vir hom 'n reiskaartjie na Europa of 'n televisiestel kan koop nie (p.99). Net soos die dorpelinge in Yangapompe kan hy nie begryp dat sy die reis na Afrika ter wille van haar heerom onderneem het. Word 'n pasiënt se voet na 'n ongeluk weer aangeheg, beskou die swartes dit as towery (p.107) en 'n Vigspasient wat sterf is "behekst" (p.108). Soms kom van die swartes met hulle dooies na die hospitaal met die verwagting dat die dokter hulle weer tot lewe sal bring (p.108). Evolué Kabue vertel dat hy sedert 1955 nie weer in sy tuisdorp was nie, want die oues daar sal hom kwaad aandoen — hy verwys dan na 'n vrou wat ná 'n besoek aan haar ouers gesterf het (p.112). Citoyen Bondo speel "suikernonkel" vir sy geboortedorp, Yolo, 'n plek

diep in die woud. Joris kry die indruk dat hy veel verder as sy van sy mense af staan. Sy swart Mercedes en die luukse woonhuis staan in sterk kontras met die armoede van die dorpbewoners. Joris vind dit moeilik om hom nie te veroordeel nie, maar kom tot die slotsom dat nie jou velkleur nie, maar klasseverskille hier mense skei. Inspekteur Dubois is nie verbaas om slote in die paaie te vind nie; dikwels grawe die swartes dit self sodat hulle iets aan die gestrande toeriste kan verhandel (p.132).

Op die Ebeya kry Joris die geleentheid om met verskeie Zaïrese kennis te maak — tussen die drieduisend passasiers kom sy heelwat te wete oor die lewenswyse en denke van die Zaïrees: "De volgende dagen zullen Zaïrezen met die meest uiteenlopende smoesjes gesprekken met me aanknopen" (p.153). Op die vragbote praat die mense Kikongo, Tshiluba, Swahili of Lingala, maar daar is altyd iemand wat die gesprekke in Frans kan vertaal. Iemand vertel dat dit sedert Mobutu se regering veilig is om te reis waar vreemde stamme woon — "we zijn allemaal Zaïrezen" (p.147). Monoko weier om met "de arme donders" op die vragbote te meng; kleinhandelaar Louis het "grote riskante dromen" (p.154); Tope, 'n student van Kisangani wil "ontsnappen uit die oude wereld" van sy ouers, maar tydens sy vakansies tuis voel dit asof die dorp "hom terugzoog" (p.167). Joris luister met verwondering na die swartes se opvattinge van die lewe: Louis vertel van 'n reuse boom in die oerwoud waarvan die mense die takke hemelwaarts wou dwing; indien iemand dit naby die boom sou waag, sal hy sterf of blind word (p.155); kom daar fout met die Ebeya, word kleurrike verklarings vir die ramp gesoek: vroeër het die Belge die rivier met geskenke, onder andere fietse en naaimasjiene voorsien om die "stroom gunstig te stemmen" (p.170); die man wat langs die rivier begrawe word, se graf moet baie diep wees want die vissers sal dit opgrawe om vir aas te gebruik (p.176). Op 'n vraag van Joris aan die pastoor of hy nie bekommerd was oor die siek man nie, antwoord hy: "Die man was behekst [...] daar was niets mee te beginnen" (p.177). Joris besef: "De zwarten zijn hard onder elkaar [...] Ze zorgen alleen voor hun stamgenoten. Hun evennaaste, die kennen ze nog niet" (p.174). Sy vra tereg in 'n onderhoud met die Volkskrant (1987): "Hoe moet je als waarnemer omgaan met de schijnbare absurditeiten van Afrika, die zich ook in dit boek weer met scheepsladingen tegelijk aandienen? Vroeger was het gemakkelijk, die Afrikanen aanbaden afgoden en moesten gekerstend worden, hun schedelomvang was nu eenmaal kleiner dan de onze, of ze stonden lager op de beschavingsladder dan wij". Die primitiewe oorleweringsdrang van die swarte gooi haar blanke waardes omver; vanuit haar katolieke

moreel is hierdie lewensopvatting moeilik aanvaarbaar. Joris fokaliseer die oewerbewoners op die platboomsuite soos volg: "Ze hebben iets wilds over zich. Niet de ondoorgrondelijke primitieve wildheid waar Conrad over schreef, maar de onbeteugelde kracht van mensen die gewend zijn tegen de natuur te vechten" (p.152).

Joris vind die konsul in Kisangani 'n "hartelike onoffisiële man" (p.182); Lukusa vra aan Joris wat sy in Zaïre verloor het (p.211) en sy beskou Emile as 'n eiesinnige gids wat oor alles in Zaïre mor (p.218). Sy verneem by Gaston, wat haar en die Nederlandse joernalis vergesel, dat die rebelle destyds towenaars besit het wat "dawa's" gemaak het om koeëls in water te kan verander — hulle het geglo dat as die blankes gedood word, sal hulle voorouers herleef (p.183). Kadima, wat in Leuven studeer het, het as gevolg van sy tradisiegetroue gehoorsaamheid aan sy vader 'n blanke meisie uit sy lewe verban en met 'n meisie uit die Kasai getrou. Sy ongelukkige huwelik het hy beskou as die prys wat hy moes betaal vir sy jare in België. Joris begryp dat nostalgie, weemoed en spyt "gevoelens zijn die hier nauwelijks gedijen" (pp.193 -196). Sy loop haar vas teen 'n muur as Kadima onwaar stories van haar glo; nadat sy gedink het dat sy geïntegreer is in die samehorigheid van die groep, duik die muur van verskil weer op (p.208). By die myn in Kolwezi kla 'n Belg teenoor Joris oor die swak organisasievermoë van die swartes: "Ze hebben geen 'conscience professionnelle' ..." (p.221).

In Shaba behandel Lukusa haar aanvanklik vyandig omdat sy 'n blanke is (p.211), maar sy het haarself gedwing om verder te kyk as net na die swart gesig. In 'n onderhoud met De Morgen (1987) erken sy: "En ja, ik had het gevoel dat ik geslaagd was, dat ik erdoor heen kon breken."

Joris se simpatieke belangstelling en beoordeling van die land en sy mense val op; sy is nie sinies nie en praat nie smalend vanuit 'n Westerse perspektief van die "andere" nie. Sy is dankbaar teenoor die Zaïrese wat met hul "goedlachsheid en vergevingsgezindheid" haar die geleentheid gebied het om meer van hulle te wete te kom. In 'n onderhoud in H.N. Magazine (1987) noem sy hulle "een open volk, waarin ik me opgenomen heb gevoeld vanaf het moment dat ik pogingen deed tot hun wereld door te dringen."

Wat haar opgeval het, was die bygeloof onder die swartes; veral het dit haar gehinder dat 'n intellektueel vertel van 'n ou man wat in 'n krokodil verander. Dis 'n gebied waar soveel duistere kragte nog aan die werk is.

Veral is in 'n Derde Wêreldland die verskil tussen die platteland en stad so groot dat dit moeilik in een generasie oorbrugbaar is. Maar sy kan begrip toon toe sy sien hoedat die mense snags hulle deure dig sluit om die bose geeste uit te hou — was sy dan nie as kind self bang om in die donker na haar grootmoeder se huis te loop nie? Die blankes wat sy in Kisangani ontmoet het, het 'n deurleefde kennis van die swarte, maar hulle mensekennis en beoordeling van die mense is gegrond op Europese norme. Die swartes wat sy deur haar heerom leer ken het, het in die Bas - Zaïre gewoon en hulle was al as gevolg van die blootstelling aan ander kulture veral in die kusstreke met Portugese, meer ontwikkel. Maar die hart van Afrika "stond tot de vorige eeuw niet eens op de kaart en daarvan zei men mij pas maar op, daar in de "forêt" wonen nog "sauvages", die eten mensen op. Sommige Zaïrezen trokken een vies gezicht toen ze merkten dat ik slang of krokodil at. Soms hoor je hen andere zwarten voor "sale negre" verslijten, dat is zo 'n scheldwoord dat ze van ons hebben overgenomen" (Knack 1987). Die oud-koloniste het 'n tipe swartmens leer ken wat aan Joris onbekend is — sy voel dis die plig van haar generasie om dinge in perspektief te bekyk en te beoordeel. Vir haar is die Zaïrese "verschrikkelijk inventief", 'n volk wat "niet ophoudt je te verbazen" alhoewel alles daarop gerig is om hulle sosiaal en polities as gevolg van 'n problematiese regime te ontmoedig. Sy is bewus van die korrupsie in die land en dat Artikel 15 eintlik 'n stryd teen oorlewing is. Maar sy het 'n groot bewondering vir die mense wat niks het nie en absoluut geen rede het om gelukkig en vrolik te wees nie, maar hulle self tog uitleef. In die bruisende stadslewe het sy ervaar hoe ontspanne die swartes met mekaar omgaan, hoe 'n fundamentele vreugde hulle lewe beheers, ten spyte van die sinisme en ontnugtering na die onafhanklikheidsverklaring.

Die respek wat Joris vir die swartmens in Zaïre ontwikkel het, vind weerklank in die volgende aanhaling: "Throughout their sufferings under the slave trade, the spread of epidemics, and subjugation under European rifles, they kept their dignity, their optimism, and their eternal and frank laughter" (Van Bellinghen 1990 : 166).

## 5.8

### Taal en styl

Lieve Joris boei die leser enduit deur middel van haar skryfwyse; haar styl is vlot, nugter en gewoon-beskrywend. Haar individuele siening en segging het sterk trefkrag. Die stilistiese aanbieding van haar

reisbelewenis is so aangebied dat sy van die leser 'n reisgenoot kon maak.

Die rapportering van voorvalle waarby mense betrokke is, verlewendig die vertelling en haar skerp waarnemingsvermoë spreek uit die fynere detail wat haar beskrywings van die persone kenmerk: Pater Bronek se gesig het 'n uitdrukking van "verbetenheid en trietsheid" (p.21); pater De Munick bied koppig weerstand, "zijn uitgedunde baard vooruit als een symbool van onverzettelijkheid" (p.43); Mussoki skel op die onverskillige motorbestuurder: "Sy kleine toornige gestalte in die te grote smoezelige soutane, hij ziet eruit als een malle engel..." (p.79); 'n ou man in Yangapompe begin huil as hy heerom se foto sien, sy stem breek en in sy "verschrompeld gezicht veranderen de ogen in kleine spleetjes" (p.84); Joris fokaliseer Alain as "een slungelachtige" (p.89) en op die Ebeya 'n blanke as "een militair met gemillimeterd haar in een camouflagepak" (p.145). Sy is sintuiglik deel van die gewoel op die boot: "Een vrouw grijpt naast de pan met gekookte bananen, een man verslikt zich in zijn rijst met vis, een kind steekt een hand vol tomatensaus in de lucht. Maar iedereen lacht. Flessen Primus-bier gaan van hand tot hand en vanaf de kade worden nog meer stokbroden naar de mama's gegooid. Als pijlen vliegen ze door de lucht" (pp.143-144). Sy beskryf een van die mans op Bondo se afskeidsgeselligheid soos volg: "Als een grote eenzame kraanvogel staat hij te dansen, met schokkende bewegingen, voortbewogen door een opzweepend ritme in zijn hoofd" (p.142). Die Belgiese konsul in Kisangani het "twinkelende ogen" (p.182); Kadima is "een boom van 'n man met een metalen brilmontuur" (p.191); Lukusa som haar op met "een brutale, zelfverzekerd blik" (p.211) en Gaston het "een felle, aggressieve blik in de ogen" (p.229). Joris se humorsin bied aan haar die vermoë om menslike dwaashede en terkortkominge met liefde, maar ook met 'n deernisvolle en opmerksame oog op te teken.

Joris speel ook 'n "spel" met intertekstuele verwysings. Sy verwys onder andere na Joseph Conrad wat in sy roman Hart der Duisternis (Heart of Darkness) van insidente vertel tydens die Matadi-Leopoldville spoorlyn-aanleg (p.45) en op die Ebeya herlees sy die roman (p.149-150). In Kisangani haal sy aan uit V.S. Naipaul se Een bocht in de rivier (A Bend in the river) en gee 'n kort opsomming van die verhaal (p.179).

Die outeur sorg dat die verhaal nie slegs 'n feitlike relaas van die gebeure is nie. Daar is afwisseling deur middel van onder meer die aanwending van metaforiese taalgebruik. Rondom Matadi is die aarde

"vuurrood, ze lijkt te gloeien als een ondergaande zon" (p.33). Sy herken die landskap uit 'n skildery wat heerom vir bomma gegee het : die Kongolese "waren opgelost in het onverstoorbare ritme van een primitief dorp." In 'n vervalle kerk in Tumba "werp de zon lange stralen met dansende stofdeeltjes naar binnen" (p.53); wanneer die bestuurder aan die slaap raak agter die wiel begin die vragmotor "te slippen in het mulle zand en een ijslijke gekrijs stijgt op uit de laadbak" (p.59); in Yangapompe leun die hutte "tegen de heuvel aan en tussen die hutten een explosie van groen gebladerte, bananebomen, palmbomen, ananasstruiken" (p.80); diep in die oerwoud merk Joris "de dode armen van een boom die getroffen is door de bliksem, doelloos in de lucht" (p.132); die Ebeya kom in beweging "als een log beest dat zijn natte vel schudt" (p.143); in Kisangani hang die verlede "als een geest in de straten"; die stad moes telkens ná belangrike omwentelende gebeurtenisse homself oprig en dit is asof "het oerwoud protesteerde tegen de mensenhanden die het haar probeerden te ontrukken" (p.178); vir die outeur lyk die plekke waar die rebellegevegte plaasgevind het, soos "open wonden" (p.183); op die Tshopo-rivier "dansen de lichtjes van de fabriek in het water" (p.190); op pad na die ooste "zwoegt een logge vrachtwagen over het modderige pad, als een olifant op weg naar zijn laatste rustplaats" (p.197) en wanneer hulle Kolwezi nader, "schreeuwen de roodgroene kleuren" van die Monument van de Revolusie hulle tegemoet (p.219).

Dit bring 'n mens by die ek-verteller se aanwending van die poëtiese styl: toe die blankes op Afrika-bodem na die bootreis afklim, beskryf Joris hulle as "zes bleekneuzen met camera's, als een onoplosbare witte vlek vloeien we het zwarte landschap binnen" (p.21); die "Zairese muziek schalt door de straten, de reclameborde 'schreeuwen'." In 'n kerk "schettert luide Zairese muziek deur alle ramen, kieren en gaten" (p.38); by 'n laerskool is die lug "gevuld met kinderstemmen die opstijgen uit de zwartgeblakerde gaten in de muren" (p.43) die maan "hangt zwaar in de lucht en werpt een glinsterend licht op de moestuin" (p.48); op pad na Bienga vang sy "flarden op van vrolijk gezang" (p.59); die hele nag "blijft de brousse kloppen, onrustig, dreigend" (p.65), maar die volgende oggend wandel sy op 'n "lommerijke paadjie dat zo uit een Vlaams landschap geknipt lijkt" (p.69). In Kinshasa laat "overvolle scheefhangende bussen" 'n "gitzwart spoor van uitlaatgasse achter zich aan" en die warm lug "blaast" in hulle gesigte terwyl die lawaai "van de stad om de oren toetert" (p.89). Die fulafula's (bussies) se vensterrame

"gaan te keer alsof de duivel eraan rammelt" (p.92). Op pad na Yolo fokaliseer sy "...gigantiese groene bomen, sommigen met vreemde bochels en vergroeiingen, rijzen langs de weg op" (p.131) en die konvooi ry "hotsend en botsend door het gat" (p.133). Wanneer die boot in beweging kom "duwt de moederboot Ebeya zeven rumoerige schuiten de brede, hete, kolkende roestbruine Zaïrestroom op" (p.144) en uit die vragbootjies "stijgt een kakofonie van geluiden op. Gefluit, geschreeuw, schetterende muziek, gelach een gegons van klanken dat ons de hele reis zal begeleiden" (p.149). Effense skoolse literêre taalgebruik is hinderlik wanneer 'n omgekeerde vragmotor "een zieltogend dier" en 'n motor met een lig "een halfblind" genoem word (p.88).

Soos ook in Mayana word die taalspel van vraag en antwoord deur middel van byvoorbeeld 'n toespraak geïllustreer:

- Servir? Oui!
- Se Servir? Non!
- Mouvement Populaire de la Révolution? Oyééé!
- Mobutu? Oyééé!
- Yangapompe? Oyééé! (p.85)

Deur gebruik te maak van kort sinne word spanning opgebou: "De deur gaat open. Eindelijk. Een man komt ons halen. We lopen achter hem aan. Gangen. Een deur. Een binnenplaats. Een nieuwe deur. Rommel op de vloer. Een hoop stenen in de hoek. Vieze muren" (p.241). Vergelyk ook "Ik voel een tomeloze woede in me opstijgen. Probeer me te beheersen. Geduld. Nog even" (p.244). Na haar vrylating fokaliseer sy die ruimte soos volg: "Daar ligt de Zaïrestroom. De ondergaande zon kleurt de hemel in een rooilig waas. We stoppen. Aan de overkant de lichten van Brazzaville. Langsaam voel ik het leven weer in me stromen. Dit is er ook nog. Dit is nooit gestopt" (p.245).

Deur die beeldende taal word die wêreld waarvan die outeur verslagdoen meer betekenisvol. In verskillende passasies kan die leser sien hoe gevarieer Lieve Joris se taalhantering is. Van Kuppenveld (1987) beweer: "Terug naar Kongo leest als een trein en is een uitstekende sfeertekening van het Zaïre van vandaag."

## 5.9

### Ten besluite

Die vrou as skrywer van reisverhale tree op binne 'n ou tradisie van ontdekkende waarneming en grensdeurbrekende belewing. Daar kan melding gemaak word van onder andere Falconbridge wat in haar



reisboek Narrative of Two Voyages in the River Sierra Leone (1802) die sentimentele tradisie weerstaan en met "female curiosity and humanitarianism" (Pratt 1991:104) haar nuuskierigheid bevredig. Van Mary Halle word gesê: "This formidable woman was actually the first female tourist to journey around Africa. [...] Since the scramble for Africa began towards the end of the nineteenth century, Hall's trip to Central Africa in 1905 was not only courageous but might also have been viewed as foolhardy" (Romero 1992:71). Flora Tristan (ooggetuie van Suid-Amerika se onafhanklikheidsstryd) bevestig in 1835 in La Necessité de faire un bon accueil aux femmes étrangères dat haar reiservaring geskryf as feminis, deel uitmaak van haar eie opvoeding en ontwikkeling. Mary Kingsley bou in Travels in West Africa (1897) haar eie "meaning-making apparatus out of the raw materials of the monarchic male discourse of domination and intervention." Die resultaat is 'n "monarchic female voice that asserts its own kind of mastery even as it denies domination and parodies power" (Pratt 1991:213). Joan Didion se Salvador (1983) getuig van realisme en disillusie en Lieve Joris bepaal haar in 1985 met haar reis na Afrika nie net by die sigbare nie, maar probeer om dit te interpreteer in die lig van die onsigbare. Sy besien en deursien Zaïre met 'n skerp waarnemersoog.

Terug na Kongo is dus 'n beskouing van dit waarin die nostalgie van die paters en die koloniste na verbye tye, die enorme probleme van die land waar niks meer funksioneer as gevolg van korrupsie, die stryd tussen die nuwe en ou tradisies, die bygeloof, die fatalisme maar ook die vitaliteit van die swartman, saam verbeeld word.

Op 'n vraag van 'n joernalis aan Joris: — "Lijdt de postkoloniale generatie niet aan een soort omgekeerd racisme, om zich daarmee tegen de racistische vooroordelen van oud-kolonialen af te zetten?" antwoord Joris: "Dat is nog iets wat onze generatie typeert: wij zijn tegen het kolonialisme. Het was voor mij een grote schok dat het koloniale denken nog levend en wel is" (Reynebeau 1987:172). Toe sy voor haar vertrek na films by die Museum voor Midden-Afrika in Tervuren gaan kyk en die rooi tong van 'n évolué sien, onthou sy ineens "een stuk speelgoed voor me, een trekpop waar ook zo 'n tong uitkwam. Het schokte me enorm dat ik dat beeld nog had; plots ontdekte ik dat mijn kennis, die ik over de clichés uit mijn kindertijd heen had verworven, louter teoretisch was. Die twee beelden zijn over elkaar heen geschoven" (Reynebeau 1987:173). Joris maak dan ook kennis met die koloniale mentaliteit op die bootreis na Zaïre — veral by die missionarisse en

oud-koloniste is hierdie ingesteldheid nog duidelik aanwesig. Sy probeer deurdring tot die swarte, maar blank en swart se verskillende agtergronde en kulture bemoeilik die proses. Sy nuanseer en probeer deurgrond. Juis daardeur kontrasteer haar uitgangspunt so sterk met dié van die oud-koloniste wat vanuit hul Europese perspektief dink en leef.

Sentraal by Joris staan die mens, die individu. Sy sluit dus aan by perspektiewe van Cottenjé, Claessens en Ver Boven wat te midde van sosio-politieke omstandighede, op die impak van kolonialisme op die individu fokus. Ouer outeurs is egter deur die Westerse beskawingsideaal besiel; Joris daarenteen kon vasstel dat die koloniste se lewenstaak na die onafhanklikheid grotendeels ondergrawe of vernietig is. Deur middel van haar Zairese gespreksgenote kon sy wel agterkom dat alles vroeër beter gefunksioneer het. Volgens Osstyn (1991:213 en 219) het Cees Nooteboom vroeër in Nederland die monopolie op die reisverhaal gehad, maar "nu vulde ze hem aan de top, ook al schreef ze op een totaal andere manier" en "Lieve Joris is natuurlijk jonger, leergieriger en onbevangener. Maar het grote verschil tussen de twee zit hem niet in het feit dat hij een man is en zij een vrouw. Ze is een antipode van Nooteboom, die alles op zichzelf betrekt en zich als in een cocon inkapselt. [...] Ooit komt ze misschien tot een vergelijkbaar illusieloos cynisme als dat van Nooteboom. Maar dan nog zal haar benadering veel aardser zijn, een aanvulling op de doorwrochte cerebraliteit van de ander."

Joris lê die kompleksiteit van die huidige Zaire bloot. Die stem van die swarte is in hierdie proses duidelik hoorbaar; haar gespreksgenote is egter meestal manlike swartes. Omdat Joris verby die swart velkleur na die wese van die Zairees soek, wend sy haar veral na die intellektuele swart man. Kommunikasie met die tradisionele ingetoë swart vrou sou moeilik wees. Haar reisverhaal omsluit die hede, maar ook die verlede. Aanvanklik word Zaire uitgebeeld asof 'n wasige skildery, waarin die figure nog nie omlin is nie, maar langsamerhand kom 'n samehangende mosaïek tot stand: die oud-kolonialiste en hul heimwee na die verlede, die paters na die Vlaandere van vyftig jaar gelede, die swarte wat ten spyte van korrupsie aan die lewe moet bly, die repressiewe politieke stelsel van Mobutu en die erfskuld van die Belge.

Joris tree op as woordvoerder van 'n Vlaamse generasie wat Zaire alleenlik uit verhale ken; sy het ook nie die koloniale era meegemaak nie. Sy merk tereg op dat dit moeilik is om in iedere geval oor

Derdewêreldlande te praat, maar beweer "Aan de ene kant hou ik er een heel groot geloof in Zaïre aan over, omdat ik er heb gezien dat er een systeem is dat echt werkt, maar het is veel ruwer dan intellektuelen zich voorstellen. Al die dingen zijn bovendien nog met veel bijgeloof gelaardeerd" (Reynebeau 1987:174).

Met Terug naar Kongo neem Joris 'n eie plek tussen die outeurs van die sogenaamde koloniale/Kongoliteratuur in. Beelde van Zaïre na onafhanklikheid kry literêre gestalte, dog die roman is tegelykertyd dokumentêr verantwoord. Vóór die onafhanklikheid verskyn heelwat reisverslae oor die Kongo (par.1.1.4.1 - 1.1.4.2), maar háár reisroman is egter van die eerstes wat na 1960 verskyn. Volgens Joris het 'n land miskien vyf-en-twintig jaar nodig om oor die trauma van koloniasie en dekoloniasie te kom. Sy het die indruk gekry dat die Vlaamse belangstelling in die Kongo weer aan die oplewe is, maar sy merk op: "...het vreemde is wel dat die interesse heel vaak in die gesiedenis blijft steken, rood rubber, afgehakte handen, op een zeer veilige afstand in de tijd. Ik heb wel mijn uiterste best gedaan om niet in een politieke diskussie terecht te komen, in die zin dat ik niet geclaimd wilde worden door links of rechts" (Reynebeau 1987:174).

Terug naar Kongo kan beskou word as 'n reisverslag op sy beste: sonder 'n gekla of enige moralisering word gesoek na die "typische via het particuliere" (Hermans 1987). Volgens Geschiere (1987) slaag Joris daarin om "door de blikvernaauwing heen te breken" en Reynebeau (1987) beskou die boek as 'n fassinerende dokument wat Zaïre in sy alledaagsheid beskryf - "het Zaïre - van - de - Zaïrezen." Martin Sommer (1987:01) meen dat die boek "is kortom smullen voor wie van het genre houdt, knarsetanden voor wie zich met de Afrikanen identificeert." Myns insiens word 'n geloofwaardige beeld van 'n land waar besorgdheid oor die toekoms net so groot is as die verontwaardiging van 'n koloniale verlede, weergegee. Los van alle politieke, ekonomiese of sosiale vraagstukke, klop in die boek die hart van "het echte Zaïre." Deur middel van haar koloniale erfenis kon Joris die "eigenheid" van Afrika probeer deurgrond en aanvaar.

## HOOFSTUK 6

SLOTSOM

Op die vraag of die Vlaamse Afrika - literatuur nog relevant is, (paragraaf 1.1.4.6:45) moet in ag geneem word dat die jaar 1960 inderdaad 'n snylyn in die Vlaams - Afrika betrekkinge was. Word gekyk na die publikasiedatums van die geselekteerde tekste — vanaf 1968 tot 1987 — is dit duidelik dat die laaste trillinge van die koloniale en die daaropvolgende postkoloniale ervaringe ook deur vroue in die literatuur vasgelê is. In die Maart/April 1989 uitgawe van die tydskrif Vlaanderen (nr. 225, J/G 38) word 'n spesiale afdeling aan die Vlaamse Afrika-literatuur gewy. Etlike aspekte van die resente Afrika - literatuur onder die opskrif "De Afrika - roman in Vlaanderen" werp lig op die literêre periode vanaf 1960 — 1985. Dit spreek van hernude belangstelling in die koloniale literatuur en het 'n innoverende impak op die algemene literêre profiel. In Neerlandica extra muros (xxxi Febr. 1993, p.36) gee Artois haar mening soos volg weer: "Algemeen kunnen we besluiten dat de Kongo-literatuur gestaag en gezapig voortkabbelt en hopen dat — zolang er nog een zweem van samenwerking op politiek of humanitair vlak tussen België en haar gewezen kolonie blijft bestaan — dat vlammetje niet moge uitgaan."

In hierdie verhandeling het ek probeer vasstel hoedat die vroue outeur deur middel van haar literêre werk 'n bepaalde visie op die Vlaamse koloniale era vergestalt. Uit die ondersoek blyk dit dat vroue outeurs vanuit verskillende perspektiewe gemeenskaplike motiewe in hul siening oor die koloniale era kommunikeer.

\* Volgens Hella Haasse (Roos 1993) is geskiedenis "een voortdurende veranderd, verschuivend beeld van het verleden." Dit wat in die geselekteerde verhale verbeeld is, is fasette van kolonialisme en dekolonisasie waarin 'n bepaalde era in die Belgiese geskiedenis aangesny is. Die wêreldbeskouing van 'n gekoloniseerde as agtergrond vir literêre werke is dus 'n dinamiese proses (vergelyk paragraaf 1.1.4.6:44). In die sosiale en ekonomiese relasie tussen veroweraar en verowerde binne die Kongo, is aandag aan die beskawingspolitiek van die inlandse bevolking geskenk, maar die politieke selfstandigheid is negeer. Aanvanklik word die paternalistiese politiek aanvaar, maar die herontdekking van die Kongolees as volk en as individu vind sy tuiste in die verheerliking van die "anders-zijn." Toe die Pax Belgica verdwyn, formuleer die onderdrukte Kongolees sy aanklag teen die superioriteit van die blanke met onverbiddelike eensydigheid: in die Kongolese

dialek klink die woord "Dipenda" vreemd op die oor van die Europeër, maar deur middel van wraaklus en verbittering word die vernislaag van die Westerse beskawing afgekrap.

Dat die inmenging van die blanke in Afrika aan 'n gewetensondersoek onderwerp is, word onderskeidelik deur 'n blanke en swarte soos volg verwoord: "The true significance of Belgium and Africa, however, lies in the fact that never before in colonial history was such rare development achieved in such a short time by such a small country in such a vast area of the world" (Van Bellinghen 1990:167) en "De blanke heeft hier rijkdom gebracht en meer rijkdom nog zal hij brengen, ook voor de inlander, maar zoveel, zo oneindig veel heeft hij hier goed te maken" (Geeraerts 1961:9).

Literatuur weerspieël die visie van 'n outeur "op de werkelijkheid waarin hij zich bevindt" (Coolsaet 1974:4) en die koloniale werklikheid omvat die sosiale relasie tussen mense onderling en dit wat op ekonomiese noodsaak en ordening in die kolonie gegrond is (vergelyk paragraaf 1.2.2:47). Literatuur funksioneer dus nie volgens 'n outonome normestelsel nie, maar as onderdeel van 'n globale sosiale struktuur. Literatore wil in hul werk probeer om die kloof tussen individu en gemeenskap op te hef (vergelyk paragraaf 1.2.3.3:56). In die geselekteerde werke van Cottenjé, Claessens, Ver Boven en Joris word gestalte aan hierdie sosio-politieke realiteite gegee: "De onafhankelĳkheid, de gebeurtenissen die eraan voorafgingen en degen die erop volgden, waren de spreekwoordelĳke schop onder de broek, die de Kongoliteratuur nodig had om haar een hoge vlucht te doen nemen. Wat vóór 1960 geschreven werd, lijkt flauwe pap in vergelijking met de sterk gekruide spĳzen die achteraf geserveerd werden. Het land, de blanke én de zwarte bevolking was een stroomversnelling terechtgekomen, die in een draaikolk eindigde" (Laurette Artois 1993:30). Die outeurs het egter ook die geleentheid gekry om 'n tematiese verruiming in hul literêre werke in te voeg — gebroke liefdesverhoudings en kortgeknpte loopbane kon byvoorbeeld as tema dien (paragraaf. 1.1.4.6:45).

In Terug naar Kongo word die naweë van die Belgiese regering se aanvanklike weiering om die aksent van die koloniale politiek op die emansipasie van die Kongolees te lê, onder oë geneem. Joris beklemtoon in 1987 die feit dat toe die Kongo op 30 Junie 1960 'n selfstandige republiek geword het, dit 'n kolonie was wat nouliks op enige vorm van

selfstandigheid voorberei is. Sy bevraagteken die vermoë van Zaïre om sonder enige kader as demokratiese land te kan funksioneer — dit te midde van die magteloosheid teenoor geregtelike en sosiale sisteme waar die Zaïrees die speelbal in die hande van burokratiese magte geword het.

\* In die Vlaamse Afrika - literatuur is die volume van die vroulike stem in teenstelling met die luide stem van die manlike outeur sagter maar tog ook helder hoorbaar. Die vrou se betrokkenheid by die sosio-politieke aangeleenthede word deur 'n persoonlike aanslag genuanseer (vergelyk paragraaf 2.5.2.2:85). Tydens 'n onderhoud verklaar Kristien Hemmerechts: "Vrouwen schrijven verschillend. Ze zien de andere werkelijkheid. Zo anders dat ze subversief is voor het gebruikelijke rationele waarnemen van mannen. Ze weigeren ook de dingen te reduceren tot hun definitie." En ten opsigte van die vroulike reisiger/skrywer huldig sy onder andere die volgende mening: "For women travelers accent was on detail; intensity of individual experiences; empathy for some people; criticisms of others. The personal nature of their experiences distinguishes the women from their equally adventuresome male colleagues. Men travelers in Africa doted on describing their heroic exploits (sometimes with exaggeration) as well as the mountains, lakes and savannah. Women more often voiced their fears. Women differed from men, too, in that obstacles of every sort were put before them, especially objections of their traveling alone (with the help of the African men, which in itself was regarded as a special obstacle)" (Romero 1992:10). Met die folkloristiese reisverhale van byvoorbeeld die vyftigerjare en die stigende bekeringsverhale word met "gesag" oor Afrika geskryf: oor die oerwoud, oor die swarte, oor die "raffelende tamtams", wuiwende palms, diaboliese towenaars en die swoelste nagtelike vrugbaarheidsdanse word ook bygesleep — "pour les besoins de l' exotisme". Hierdie soort literatuur is onder andere deur Joris se realistiese en visionêre Terug naar Kongo vervang.

\* Die feit dat die hoofkarakters in Dagboek van Carla en in Afscheid van Rumangabo blanke vroue is, beteken dat ook hulle hul teenwoordigheid in die kolonie moes verantwoord (vergelyk paragraaf 1.1.4.5#4:36-38). Dis verstaanbaar dat mense wat geografies en histories van mekaar geskei is en dan in 'n kontaksituasie beland, onvermydelik aanpassings sal moet maak. Die mening dat in 'n welgeordende maatskaplike lewe die verskillende rasse harmonieus naas mekaar "zonder zich te versmelten" moet leef, word onder andere deur De Geest (in Joostens 1995) gehuldig: "Alle menschen zijn gelijk als menschen,

maar niet als sosiale groepe [...] Vermenging en verwarring der standen bring t wanorde teweeg, niet enkel op sosiaal, maar ook op geestelik en zedelik gebied. De kolonië n zijn er treffende voorbeelden van." Hy voeg by : "Het valt niet te betwisten dat de vrouwelijke invloed, wat stoffelike verzorging, huisvesting en bestrijding van drankmisbruik betref t, weldadig is, maar van een anderen kant verwekken ijdelheid en afgunst teenover koloniale zusters [...] veel oneenigheid en krakeel. Hier speel t een nefaste sosiale situasie." In Afscheid van Rumangabo (p.38) is afguns en wrevel duidelik waarneembaar wanneer 'n blanke karakter smalend van haar man se swart seks-metgeselle praat. Die hoofkarakter in Mayana aanvaar die onderdaan/heerser sosiale orde as 'n vanselfsprekende noodwendigheid.

\* Tydens die analise van die tekste is gepoog om vas te stel hoe die vertelinstantie gebruik is om as narratiewe instrument 'n spesifieke perspektief van die koloniale werklikheid aan die leser oor te dra. Deur middel van die fokalisasie van die verteller is die verhaalelemente subjektief beheer. Die manier waarop die spreker die geskiedenis vertel, bepaal uiteraard veel van die aard van die verskil of ooreenkoms tussen die verskillende visies. Aangesien die vertellersmanipulasie onopsigtelik plaasvind, kon die leser al lesende agterkom watter boodskap deur die outeur deurgegee is. (Interessant om te let op die verskillende interpretasies deur byvoorbeeld Geeraerts se Gangreen 2 waarin die periode van 22 April 1959 tot 16 Maart 1960 betrek word, en dié van Ver Boven in De rode aarde die aan onze harten kleeft waarin dieselfde gebeurtenisse tussen November 1958 tot Julie 1960 saamgevat word.) Cottenjé, Claessens en Ver Boven maak van hul persoonlike ervaring van en eerstehandse kennis oor die Kongo gebruik om met behulp van die vertellersrol 'n outentieke visie van die koloniale era te beliggaam. Joris gaan na Zaïre om haarself te vergewis van die postkoloniale toestande aldaar.

In al vier gevalle is daar 'n outobiografiese element aanwesig. In die geval van Cottenjé, Claessens en Ver Boven is hierdie element soms baie sterk, en in die geval van Joris, minder sterk aanwesig. In Dagboek van Carla tree die hoofkarakter as alter-ego van Cottenjé op waarin sy laasgenoemde se lewensfilosofie onderskryf. Die vrouekarakters in Afscheid van Rumangabo verteenwoordig die ervaringe en siening van Claessens wat as offisiersvrou deel van 'n militêre opset in die Kongo was. Ver Boven se persoonlike verhouding met die Kongolese bevolking word duidelik in Mayana weerspieël. In Terug naar Kongo kyk Joris

vanuit 'n "vertroude" omgewing (haar grootoom se missiewerk in die Kongo) na Zaïre. Sy beskou dan ook haar reis as "een heel persoonlike tocht" (Reynebeau 1987).

In Dagboek van Carla word die tegnieke van parallelisering benut om die verbintnisse tussen die gebeure in die Kongo en dié in België aan te dui. Deur middel van die bekende/onbekende - motief verkry die leser na aanleiding van die parallelle gebeure — die stryd van die verteller om in haar "vervreemde" moederland en in die Kongo haar huwelik te probeer red — 'n beter insig in die lewe van 'n ontwrigte kolonis. Die ek-verteller in Afscheid van Rumangabo verteenwoordig die lot van 'n offisersvrou tydens die gebeure rondom die onafhanklikheidswording van die Kongo. Die paradoksale haat/liefde - relasie teenoor die Weermag konkretiseer in die handeling van die ek-verteller. In Mayana hanteer die ouktoriële verteller die problematiese verhouding tussen blank en swart met veel begrip. Lieve Joris wil in haar rol as ek-verteller in Terug naar Kongo die letsels wat kolonialisme op die individu gelaat het, onderstreep.

Via die verskillende vertellers is die impak van kolonialisme, veral op die vrou, duidelik waarneembaar. Carla verwyt Afrika dat dit die oorsaak van haar mislukte huwelik is — haar huwelik sou "niet gestrand zijn" as die "orkaan die boven Congo woedde" hulle nie getref het nie (Cottenjé 1968:84). Lena rebelleer teen die teenwoordigheid van die Weermag in Afrika — die spanning in haar huwelik wyt sy aan die Kongo: "Het is de schuld van Kongo! De rotte Kongo!" (Claessens 1983:42). Mayana se aanvanklike verwagtinge ten opsigte van blank/swart - simbiose ontaard in ontwrigting. Sy weet egter ook dat as die blanke man haar sou soek, hy haar nie sou vind nie omdat sy by háár mense hoort (Ver Boven 1974:213). Die situasie word sonder politieke verwysing of uitleg oor historiese wraak hanteer en die anonimiteit van die verteller verhoog moontlik die universaliteit van die boodskap. Joris se vertellerskommentaar fokus op die hede, maar sy koppel die toestand in Zaïre direk aan die historiese era van kolonialisme. Die turbulente werklikheid in Zaïre bied aan haar die geleentheid om sonder enige moralisering 'n waarde-oordeel uit te spreek. Joris word beskryf as 'n skrywer wat reis — in teenstelling met reisigers wat skryf: sy wil "alles met mijn eigen ogen zien" en so aan haar lesers deurgee.

\* Binne die konteks van die koloniale literatuur funksioneer (in die vier geselekteerde tekste) die saambestaan van 'n eie perspektivering en



historiese feite sinvol. Presieser gestel: al vier outeurs slaag daarin om iets van die essensie van die koloniale verlede met 'n bepaalde visie vas te lê. Met die lees van die tekste word 'n belangrike beeld "van nu over vroeger" (Houben in Roos 1993) gevorm. Die beeld wat die vroue outeur van die koloniale Kongo en die postkoloniale Zaïre het, is 'n weerspieëling van haar persoonlike siening. Sy benader die gebeure rondom die soewereiniteits-toekenning met behulp van haar persoonlike betrokkenheid en om dit wat sy ervaar het, in literatuur vas te lê. Haar betrokkenheid by die koloniale geskiedenis en by die land van haar herkoms, bly 'n onderskeidende kenmerk by al die outeurs. Die politieke motief van onafhanklikheidswording loop by ten minste die eerste drie outeurs se werke parallel met die menslike/emosionele — een van afskeid en verlies (egskeiding, verlies van eiendom en werkplek, ensovoort.)

Uit die analise van die verhale van Cottenjé, Claessens en Ver Boven blyk 'n belangrike verskynsel dat vroue meer bewus was van die spanning en konflik in die kolonie as wat die mans se ontkennde houding wou erken of toegee. In Afscheid van Rumangabo word onder andere die volgende deur 'n manlike karakter beweer: "... hier gebeurt zoiets niet, de weelderige rustige Kivu is het aardse paradijs, hier heersen orden en veiligheid en het bataljon, ons bataljon, staat paraat!" (p.58). En as die majoor sê: "Alles is hier toch volmaakt rustig en kalm, nietwaar, er is toch geen enkele moeilijkheid" (p.119) negeer hy die realiteit.

In 'n onderhoud beweer Claessens dat sy Afscheid van Rumangabo geskryf het sodat dit leesbaar is, "wat plezier aan heeft, ontspannend is en je toch iets bijbrengt" (Demedts 1984:01). Hierdie uitlating kan net so wel ook op die drie ander outeurs van toepassing wees. Die hoofkarakters in Dagboek van Carla, Afscheid van Rumangabo en Mayana is deel van die proses van kolonisasie en dekolonisasie. Alhoewel hul lewens ingrypende veranderinge ondergaan, tree hul handelend op deur die persoonlike krisissituasie binne 'n politieke omwenteling te probeer hanteer.

Die mens staan magteloos teenoor politieke besluite in die lig van historiese omstandighede. Die permanente letsels wat die koloniale ervaring op veral die vrou gelaat het, is beduidend. Ten spyte van die feit dat elke outeur se uitbeelding van haar verhaal individualistiese trekke vertoon, "... the Africa of one woman is not the Africa of another"

(Romero 1992:10), is gemeenskaplike motiewe aanwesig. Herhalende motiewe soos ontgogeling, angs, sinisme en skuldgevoelens kom voor. Politieke rewolusie was in al die werke die raamwerk vir persoonlike veranderinge — veral verlies.

\* Die gebroke verhouding tussen swart en blank kry momentum tydens die finale toekenning van soewereiniteit aan die Kongo en die motief van die mens as onvolmaakte wese (wat mekaar nie kan vind nie) is 'n opmerklieke motieflyn. In Mayana is die hoofkarakter nie net die slagoffer van die impak van kolonialisme nie, maar ook van rassisme waarin 'n swart/blank - verhouding nie tot wasdom kan groei nie. Dit is die enigste werk waarin 'n swart vrou, van wie in die derdepersoonsvorm vertel word, die hoofkarakter is (Vergelyk paragraaf 1.1.4.5 # 3:35/36). Dit is opmerklik dat die Kongolese/Zairese vrou nie self aan die woord kom nie. 'n Wyer en nuwer gesigpunt sou deur die inlandse vrou se woordkeuse en haar individuele en primitiewe denkwysse — soos in die geval by die regstreekse vertelling in Die swerfjare van Poppie Nongena (Elsa Joubert 1978) — verkry kon word. Mineke Schipper (dosent in die Franse literatuur vanaf 1964 - 1972 aan die Universiteit van Kinshasa (Zaire)) wys in haar oorsig van die Afrika-literatuur daarop dat die geskrewe literatuur in die Kongo onder andere deur die gebrek aan hoër opleiding gekniehalter is. Die swart vrou as spreker (en dus verteller) is dus 'n ongewone verskynsel. Die werke in hierdie studie bespreek, impliseer egter dat enige/die vrou ('n mens) hunker na die vervulling van basiese behoeftes. Swart en blanke vroue is inherent eenders en het wesenlik dieselfde aspirasies.

\* Die onafhanklikheidswording was die beginpunt van verskillende kontroversiële sosiale en politieke konflikte. Die vroue outeur se betrokkeheid by die tydgebonde gebeure sou bydra dat die beeld van die Vlaamse koloniale roman meer gevarieerd sou ontwikkel. Met die verskyning van onder andere die geselekteerde verhale is die "sigbaarheid" van die vroue outeur duideliker omlyn. Sy slaag daarin om 'n eie feministiese stempel op die sosio-politieke kwessie rondom die koloniale era te plaas en om binne die raamwerk van die feminisme en die sosio-politiek die vinger op die seerplek van die mislukte koloniale stelsel te lê.

As gevolg van Cottenjé, Ver Boven en Claessens se noue betrokkeheid by Afrika en sy mense, was hulle deeglik bewus gewees van die politieke spanninge, die onsekerhede en die ongeduldige stem van die Kongolese

nasionaliste. Hulle was deel van die jong onafhanklike republiek wat na die verselfstandiging as gevolg van bloedige stamtwiste, korrupsie en sosiale onrus in chaos gedompel is.

In Terug naa Kongo soek Joris antwoorde op vrae. Sy vind dat die leiers nie die ervaring het ten opsigte van die uitoefening van verantwoordelike funksies nie en nie vertrou is met die beginsels van die Westerse demokrasieë nie. Oral is die naweë van 'n mislukte koloniale bestuur duidelik merkbaar.

Die individuele toon verskil van outeur tot outeur, maar die feministiese beskouing toon raakplekke ten opsigte van die vele fasette van die koloniale bestel.

\* In aansluiting by die bogenoemde gemeenskaplike visies moet nie uit die oog verloor word dat die oorheersende perspektief steeds dié is van 'n Europeër wat vanuit eie norme perspektiewe daar stel nie. Ten spyte van die pogings om vanuit 'n swarte se perspektief te probeer skryf, word aan 'n blanke historiese- en kulturele gebonde wêreldbeeld gestalte gegee.

Dis duidelik dat al vier outeurs 'n nie-idealistiese perspektief op die koloniale era het. Die koloniale gebeure is op verskillende maniere verwerk, maar dieselfde tema van disillusie en die motief van aandadigheid aan 'n mislukte koloniale bestel word bemerk. Daar is egter progressie in die siening oor kolonialisme vanaf Cottenjé (1968) tot Joris (1985). Daar het immers bykans twintig jaar tussen die publikasiedatums verloop.

Ná hul verblyf in die Kongo gee Cottenjé, Ver Boven en Claessens deur middel van die literatuur hul siening oor kolonialisme, tot en met onafhanklikheidswording. Hulle skryf vanuit 'n sosiale konteks waartydens die kort termyn gevolge van kolonialisme ervaar word. Daar word berig oor die kwasi-revolusionêre klimaat en die onsekere toekomsverwagtinge van die blanke kolonis. Die outeurs probeer 'n brug tussen die leser en die koloniale verlede span (paragraaf 2.1); daar word gepoog na 'n beter verhouding tussen Europeër en Kongolees (paragraaf 3.8) en België word verwyrt omdat hy sy erfdeel (die Kongo) verspeel het (paragraaf 4.9). In die verhale word 'n sweem van nostalgie opgevang. Die meer gemoedelike toon in Dagboek van Carla, Mayana en Afscheid van Rumangabo word vervang deur 'n uitgesproke kritiese stem in Terug

naar Kongo.

As reisiger-waarnemer praat Joris met 'n postkoloniale stem: sy reageer op hoorsê (die verlede) en op wat sy in die hede op haar reis in Zaire ervaar. Sy probeer die drade van die koloniale verlede optel. Sy is nugter, krities-onthullend, maar nie bevooroordeel nie. Sy het nie die koloniale era meegemaak nie, maar tydens haar reis in Zaire maak sy kennis met die langtermyn gevolge van kolonialisme (paragraaf 5.3.2).

Word die vier geselekteerde verhale in samehang met ander koloniale verhale geles, kom die leser tot die slotsom dat 'n oorkoepelende perspektief oorgedra word. Binne die sosio-politieke konteks waarin hierdie verhale vertel word, word 'n negatiewe beeld van kolonialisme verkry. As samehangende korpus dien die koloniale verhale (hier die Vlaamse Afrika-literatuur) as aanklag teen kolonialisme. Vergelyk byvoorbeeld Demedts (1984:642(b)) se siening ten opsigte van een van die outeurs se ervaring van kolonialisme: Claessens blyk niet opgetogen over alles wat zij in Kongo ondervonden heeft: "Wij waren een te klein land en volk ook overdrachtelijk bekeken, voor de taak die wij in Afrika te vervullen hadden. En toch valt eruit te leren, dat onze kolonisten onder de Evenaar het niet zo slecht gedaan hebben, bij de resultaten van andere blanken vergeleken." Die leser raak emosioneel betrokke — hy kan nie net 'n teks oor die koloniale verlede toeklap en wegstap nie — die tekste roep om besinning en herevaluering oor die betekenis van die teks en ook oor die problematiek wat daarin behandel is.

### BRONNELYS

- Ahlers, Nerine. 1985. Die begrip gesigspunt met spesifieke verwysing na die Afrikaanse prosakritiek. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Anbeek, Ton. 1990. Geschiedenis van de Nederlandse literatuur 1885 - 1985. Amsterdam: De Arbeiderspers.
- Aronstein, G. 1965. De eeuw van de rechten van de mens. Periskoop 16(4):01.
- Artois, Laurette. 1993. Nederlandstalige Kongo-literatuur. Neerlandica extra muros 31(1):26-37.
- Auwers, Fernand. 1969. Schrijven of schieten. Antwerpen/Utrecht: Standaard Uitgeverij.
- Baerends, Dorien. 1974. Bundels van Geeraerts en Campert, vrijblijvende verhalen uit de Kongo. Troef 10 (12) : 8.
- Bal, M. (red.). 1979. Mensen van papier: over personages in de literatuur. Assen: Van Gorcum.
- Bal, Mieke. 1980. De theorie van vertellen en verhalen. Inleiding in de narratologie. Muiderberg: Dick Coutinho.
- Basse, Maurits. 1920. Het aandeel de vrouw in de Nederlandse letterkunde. Deel I. Gent Uitgevers en Boekdrukkershuis: A. D. Hoste.
- Basse, Maurits. 1921. Het aandeel de vrouw in de Nederlandse letterkunde. Deel II. Gent Uitgevers en Boekdrukkershuis: A.D. Hoste.
- Beekman, E.M. 1990. Realism of romance: the case for Dutch colonial literature. Dutch crossing 42(1):3 - 28.
- Bloem, Marion. 1983. Geen gewoon Indisch meisje. Haarlem: In de knipscheer.
- Blok, W. 1960. Verhaal en lezer. Groningen: J.R. Wolters.
- Blok, W. 1970. Verhaal en lezer: Een onderzoek naar enige Structuuraspecten van "Van oude mensen, de dingen die voorbijgaan" van Louis Couperus. Groningen: Wolters-Noordhoff N.V.

- Blok, Willem. 1979. Kenmerken van de moderne (Nederlandse) roman 1930 - 1970. De Nieuwe Taalgids 72 (4): 340-353.
- Boets, Jozef. 1971. De Kongo in een gedicht van Gezelle. Gezelliana Antwerp 2(1):28-34.
- Bogers, Koen en Wymeersch, Patrick. 1986. Gerard Walschap en de Vlaamse koloniale roman. Literatuur 3(3):136-143.
- Bogers, Koen en Wymeersch, Patrick. 1987. De Kongo in de Vlaamse fiktie- en reisverhalen. ASDOC-studies. Cahier 4 - 5/1987, sberie 2 van Les cahiers de CEDAF. 167 (10):27-133.
- Bongie, Chris. 1991. Exotic Memories Literature. Colonialism and the fin de siècle. Stanford, California: Stanford University Press.
- Boonstra, H.T. 1979. Van waardeoordeel tot literatuuropvatting. De Gids (4):243-253.
- Botha, Elize. 1980. Oor die Afrikaanse prosa en ander opstelle. Kaapstad: Tafelberg.
- Botha, Elize. 1980. Prosakroniek; die rol van die verteller in die dokumentêre realisme. Tydskrif vir Geesteswetenskappe 20 (4): 301 - 307.
- Botha, Elize. 1991. Afrikaanse literatuur as Afrikaliteratuur. Tydskrif vir letterkunde 29(4):21-25.
- Boudart, Marina (red.) 1990. Modern Belgium. California: The Society for the Promotion of Science and Scholarship, Inc.
- Boukema, H.J. 1992. Indisch-Nederlandse letterkunde. Neerlandica extra muros 30(1):1 - 19.
- Bousset, Hugo. 1973. Schrijven, Schrijn, Schreeuwen. Brugge: Orion
- Bousset, Hugo. 1987. Lieve Joris in Kongo. Ons erfdeel 30(4):579-580.
- Bousset, Hugo. 1990. Grenzen Verleggen. De Vlaamse prosaliteratuur. 1970 - 1986. Profielen. Antwerpen-Baarn: Houtekiet.
- Braspenning, G. 1989. Vooroordelen in de Vlaamse Kongo-literatuur. Literatuur 6(4):248-250.

- Breman, J. 1991. Over kolonialisme en racisme. De Gids 154(5):339 - 342.
- Brink, A.P. 1967. Aspekte van die nuwe prosa. Pretoria: Academica.
- Brink, André P. 1980. Tweede Voorlopige Rapport. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Brink, André P. 1991. Op pad na 2000. Afrikaans in 'n (post)-koloniale situasie. Tydskrif vir letterkunde 29(4): 1-12.
- Brondeel, P. 1970. Ik, blanke kaffer. Antwerpen/Utrecht: Standaard Uitgeverij.
- Bronzwaer, W. 1978. Implied author, extradiegetic narrator and public reader: Gérard Genette's narratological model and the reading version of Great Expectations in Great Expectations Neophilologus. 62:1 - 17.
- Brooks, Cleanth and Warren, Robert Penn. 1959. Understanding fiction. New York: Appleton-Century-Crofts, Inc.
- Calis, Piet. 1986. Onze literatuur vanaf 1916. Amsterdam: Meulenhoff Educatief.
- Carusi, A. 1989. Post-Structuralism in Postcolonial Contexts. SAVAL -referate 9. Potchefstroom: Suid-Afrikaanse Vereniging vir algemene literatuurwetenskap.
- Carusi, A. 1991. The Postcolonial other as a problem for political action. Journal of Literary studies 7 (3/4):228 - 238.
- Claes, Godelieve. 1980. Vergeten lewens onder de Tropenzone. Die blanke vrou in Kongo van 1885 tot 1940. Verhandeling aangeboden tot het bekoming van de graad van Licentiate Moderne Geschiedenis. Katholieke Universiteit Leuven.
- Claessens, Henriëtte. 1983. Afscheid van Rumangabo. Brecht/Antwerpen: Uitgeverij de Roerdomp.
- Clayton, Cherry. 1989. Women and writing in South Africa - a critical anthology. Marshalltown: Heinemann Southern Africa.
- Cloete, T.T. 1975. Oor die onderskeidende kenmerke van die literatuur. In: Grové, A.P. (red.) In en om die letterkunde. Pretoria: HAUM.
- Cloete, T.T. e.a. (red.). 1985. Gids by die literatuurstudie. Pretoria: HAUM-Literêr.

- Cloete, T.T. 1992. Literêre terme en teorieë. Pretoria: HAUM -Literêr.
- Coolsaet, R. 1974. Kolonialisme en Literatuur. Eindverhandeling tot het bekomen van de graad van licentiaat in de Germaanse Filologie, Katholieke Universiteit Leuven.
- Corbey, R. 1989. Wildheid en beschaving. Baarn: Ambo.
- Cornelius, Andries. 1968. Gerard Walschap. Lantern 18(2):76-78.
- Cottenjé, Mireille. 1968. Dagboek van Carla. 's-Gravenhagen-Rotterdam: Nijgh en Van Ditmar.
- Cottenjé, Mireille. 1969. Eeuwige zomer. 's-Gravenhagen-Rotterdam: Nijgh en Van Ditmar paperbacks.
- Cottenjé, Mireille. 1988. Lava. Den Haag: Nijgh en Van Ditmar.
- Couperus, L.M.A. 1975. De Stille Kracht. Amsterdam: Veen.
- Crowhurst-Bond, Griselda. 1989. The Ideology of Colonial and Living Space in the Writings of German Women. SAVAL-referate 9. Potchefstroom: Suid-Afrikaanse Vereniging vir Algemene literatuurwetenskap.
- Culler, Jonathan. 1977. Structuralist poetics: structuralism, linguistics and the study of literature. London: Routledge and Kegan Paul.
- Curtin, Philip D. 1964. The image of Africa. British Ideas and Action 1780 - 1850. Madison: The University of Chicago Press.
- Dangin, Mark. 1978. Het (fragmentarisch) dagboek van Mireille Cottenjé. Kalmthout - Antwerpen: Beckers.
- Davidson, Basil. 1984. Africa in History. London: Paladin Grafton Books.
- De Deken, Constant. 1952. Twee jaar in Congo. Antwerpen: De Vlijt.
- De Jonghe, Sylva. 1938. Het koloniaal in de literatuur. Turnhout: J. Van Mierlo-Proost.
- De Jonghe, H. 1961. Vlaamse dichters in Kongo. Kultuurleven Antwerp 88(7):539-540.



- De Klerk, W.A. 1990. Letterkunde as geskiedenis — die oorvloediger geskiedenis. Tydskrif vir letterkunde 28(1):1-11.
- De Looz, P.E. 1959. Zwart handen en blank kapitaal. Antwerpen: Uitgeversmij. N.V. Standaard-Boekhandel.
- Demedts, André. 1976. Daisy Ver Boven. Prov. Prijs Brabant. Vlaanderen Roeselare 25(155): 364 - 365.
- Demedts, André. 1980. Zwart en blank. De Standaard Augustus:159.
- Demedts, André. 1984. Kongo uitgewuifd. De Standaard April: 642a - 642b.
- De Moor, Piet. 1987. Terug naar Kongo van Heerroom. H.N. Magazine April : 51 -53.
- De Moor, Piet. 1987. De allesoverheersende vraag is, hoe te oorleven. H.N. Magazine April : 22 - 25.
- De Muynck, O.J.L. 1961. Band, Katalysator Van Vlaams leven in Kongo. Vierde lustrum nummer. Band-Zuiderkruis 20(22) : 10 - 12.
- Den Boef, August Hans. 1993. Oeroeg. De dubbelzinnigheid van een koloniale overgangsnovelle. De Groene Amsterdammer Junie: 01 - 03.
- De Smet, Frans. 1987. "Vergeleken met Zaïre is België een zwart-wit foto". De Morgen. 27 April : 55 - 59.
- De Sterck, Marita. 1985. Kongoromans met stevig stigma. Kerk en Leven Februarie : 14.
- De Sterck, Marita. 1986. Kroniek van het Vlaamse Proza. Boekengids 64(2) : 97 - 103.
- De Sterck, Marita. 1987. Kroniek van het Vlaamse Proza. Boekengids 65(10): 923 -924.
- De Sterck, Marita. 1989. Zwart-Afrika in de Nederlandstalige kinder- en jeugliteratuur. Vlaanderen 38(2) : 117/37 - 121/41.
- De Vriend, G. 1985-1986. De fictie van fictionaliteit. En proeve van grondslagen onderzoek. Spectator 15(2) : 85 - 93.
- D'haen, T. (red.) 1990. Herinnering, herkomst, herschrijving. Koloniale en postkoloniale literaturen. Leiden: Vakgroep - Talen en Culturen van Zuidoost-Azië en Oceanië.

- Donaldson, Laura E. 1988. The Miranda Complex: Colonialism and the question of feminist reading. Diacritics: A review of contemporary criticism 18(3): 65 - 77.
- Dresden, S. 1971. Wereld in Woorden: Beschouwing over romankunst. Den Haag: Bert Bakker.
- Duffy, James en Manners, Robert A. 1961. Africa Speaks. Princetown, N.J.: Van Nostrand.
- Du Plessis, P.G. 1968. Die verwysing in die literatuur. Elsiesrivier: Nasionale Boekhandel.
- Du Plessis, Phil. 1987. White blood, black fire. Contrast 63 16(3): 35 - 41.
- Du Plooy, Heilna. 1986. Verhaalteorie in die twintigste eeu. Durban: Butterworth.
- Du Toit, P.A. 1986. Vertellingshouding of -instelling: 'n ondersoek na 'n literêre procédé in enkele korter verhaalttekste. D. Litt.- proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- Eagleton, Mary. 1986. Feminist Literary Theory: A reader. Oxford: Basil Blackwell Ltd.
- Eco, Umberto. 1976. A theory of semiotics. Bloomington/London: Indiana University Press.
- Eco, Umberto. 1979. The role of the reader: explorations in the semiotics of texts. London: Hutchinson.
- February, V.A. 1981. Mind your colour. London: Kegan Paul International Ltd.
- Ferguson, Margaretha. 1969. Wars van narcisme. Het Vaderland, 1 Februarie : 129a -129b.
- Franken Eep en Zonneveld, Peter (red.). 1995. Van Oost tot West. Koloniale en Post-koloniale literatuur in het Nederlands. Vakgroep Talen en Culturen Van Zuidoost - Azië en Oceanië. Rijksuniversiteit te Leiden.
- Gann, L.H. en Duignan, Peter. 1969. Colonialism in Africa 1870 - 1960. Vol I. The history and politics of colonialism, 1870 - 1914. Cambridge: Cambridge University Press.
- Gann, L.H. en Duignan, Peter. 1970. Colonialism in Africa 1870 - 1960. Vol. II. The history and politics of colonialism, 1914 - 1960. Cambridge: Cambridge University Press.
- Gann, L.H. en Duignan, Peter. 1983. Africa between East and West. Kaapstad: Tafelberg.

- Gates, Henry Louis. 1986. "Race", writing and difference. London: The University of Chicago Press. Ltd.
- Gebuys, Dick. 1984. Mijn kleine oorlog, in Erembodegen of in Leopoldville. Louis Paul Boon Genoot 2(41) : 135 - 139.
- Gebuys, Dick. 1985. Alfons en Gerard Walschap en het koloniale verleden. Ons Erfdeel 28 (2) : 183 - 194.
- Geeraerts, J. 1961. Ik ben maar een neger. Amsterdam: P.N. van Kampen en Zoon N.V.
- Geeraerts, J. 1966. Het verhaal van Matsombo. Brussel/Den Haag: Manteau.
- Geeraerts, J. 1975. Gangreen 1. Black Venus. Brussel: Manteau.
- Geerts, L. 1968. Mireille Cottenjé — Dubbel wilde ik leven. De Nieuwe, Desember : 49 - 54.
- Geschiere, Peter. 1987. Non-fictie. Heerom voorbij. Haagse Post April : 49.
- Green, Martin. 1984. The English Novel In The Twentieth Century. (The Doom of Empire) London: Routledge & Kegan Paul.
- Grové, A.P. 1974. In en Om die Letterkunde. Kaapstad: HAUM.
- Haasse, Hella. 1975. Krassen op een rots. Notities bij een reis op Java. Amsterdam: Querido.
- Haasse, Hella. 1987. Oeroeg. Met inleiding en woordverklaringe deur Tony Links en Wium van Zyl. Kaapstad: Academica.
- Haasse, Hella. 1992. Heren van de thee. Amsterdam: Querido.
- Hammond, D. en Jablow, A. 1970. The Africa that never was: Four centuries of British writing about Africa. New York: Twayne Publishers.
- Hardy, Paul. 1961. In alle maten. Boekengids 39(47) : 45 - 46.
- Hardy, Paul. 1963. Romankroniek. Boekengids 41(63) : 122 - 123.
- Hardy, Paul. 1970. Romankroniek. Boekengids 48(62) : 244 - 246.

- Hardy, Paul. 1973. Het polaire gevecht/Mireille Cottenjé: LAVA. Gazet van Antwerpen, 24 Oktober: K73.
- Hermans, Willem Frederik. 1992. Naar de Kongo, met de tram. Cultureel Supplement NRC Handelsblad, 17 Julie : 3.
- Hermans, Rudi. 1987. "Hoe kan ik Zaïre leren ken door de ogen van Zaïrezen?" Het belang van Limburg, 10 April : 44 - 45.
- Hoskyns, Catherine. 1965. The Congo Since Independence. January 1960 - December 1961. London: Oxford University Press.
- Houben, V.J.H. 1992. Geschiedenis in discussie. Het gebruik van literaire bronnen bij de geschiedschrijving van Indonesië. Indische letteren 7 (4): 160 - 166.
- Ibsch, Elrud. 1980. Receptietheorie. Forum der Letteren 80(21) : 44 - 55.
- Jacobs, Frank. 1974. Mireille Cottenjé over de vrouw en Zuid-Afrika. Literatuur Februarie : 14 - 15.
- Janssens, P.E. 1961. Kongo ya Lobi - bloemlezingen vanaf 1830. Leuven: Davidsfonds.
- Janssens, Marcel. 1963. Kongoroman. Dietsche Warande en Belfort 108(1) : 77.
- Janssens, Marcel. 1983. Over Cottenjé, Mireille. Dagboek van Carla. Dietsche Warande en Belfort 128 (5) : 391 - 392.
- Joldersma, Hermina. 1990. Women writers in the Netherlands and Flanders. Canadian Journal of Netherlandic Studies 2 (2) : 9 - 11.
- Jonckheere, Karel. 1961. Literaire verwachtingen in verband met Kongo. Vierde lustrumnummer. Band-Zuiderkruis 20 (22) : 15.
- Jonckheere, W.F. 1976. Die Vlaamse beweging. Blokboek nr. 22. Kaapstad: Academica.
- Joostens, Frank. 1991. Schaven aan de zwarte ziel. Koloniaal discours in het Vlaams Afrikaanse tijdschrift "Band" (1942 - 1960). Restant 19(4) : 9 - 262.
- Joostens, Frank. 1992. Aan de rand van de spiegel. Constructies van het koloniale subject. Tijdschrift voor Sociale Wetenschappen 37 (1) : 25 - 43.

- Joostens, Frank. 1995. "Vernegering der zinnen." Vlaamse tropendrama's in de jaren dertig. Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans 2(2):29.
- Joppe, Jaap. 1968. Mag men dames-lezeressen benaderen met kraaltjies en spiegeltjies? Rotterdamse Nieuwsblad, September : 290a - 290b.
- Joris, Lieve. 1986. De Golf. Utrecht: Veen.
- Joris, Lieve. 1987. Terug naar Kongo. Amsterdam-Leuven: Meulenhoff-Kritak.
- Joris, Lieve. 1990. De melancholieke revolucie. Amsterdam-Leuven: Meulenhoff-Kritak.
- Joris, Lieve. 1991. Een kamer in Cairo. Amsterdam-Leuven: Meulenhoff-Kritak.
- Joris, Lieve. 1992. Zangeres op Zanzibar. Amsterdam-Leuven: Meulenhoff-Kritak.
- Joubert, Elsa. 1978. Die swerfjare van Poppie Nongena. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J.C. 1965. Die stem in die literêre kunswerk. Elsiesrivier: Nasou Beperk.
- Kannemeyer, J.C. 1988. Die Afrikaanse literatuur 1652 - 1987. Kaapstad.: Academica.
- Keersmaekers, G. 1988. [Over: Claessens, Henriëtte. Weerzien aan de Moehnezee. Brecht [etc.], 1987]. Vlaanderen Roeselare 37 (219) : 76.
- Keersmaekers, Gust. 1993. [Over: Claessens, Henriëtte. Een wilde roos. Utrecht [etc.] 1992] Vlaanderen Roeselare 42 (247) : 299 - 300.
- Knuvelder, G.P.M. 1976. Beknopt handboek tot de geschiedenis der Nederlandse letterkunde. Amsterdam: Malmberg De Bosch.
- Korevaart, Korrie. (red.) 1988. Vrouwen in taal en literatuur. Amersfoort: Acco.
- Kriel, S.E. 1989. Vertellermanipulasie in die Afrikaanse grensliteratuur. M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Krüger, L. 1981. Karakteriseringstegnieke in die prosakuns geïllustreer aan die hand van sestien Afrikaanse kortverhale. M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- Kummer, E. 1979. Literatuur als ideologiese interpretatie van de werkelijkheid. Forum der Letteren 20 (3) : 272 - 279.

- Kurian, George Thomas. (red.) 1992. Encyclopedia of the Third World. Fourth Edition, Vol I. New York: Oxford.
- Labuschagne, E.S en Smuts, J.P. 1989. Die selfbewussyn van die verteller as metafiksionele strategie in "Die Kremetartekspedisie." Stilet 1 (1): 19 - 27.
- Leenen, Hanni. 1983. Schrijven hoe de werkelijkheid is, dat heb ik altijd liefst gewild. Viva, Januarie : 320 (a).
- Lissens, R.F. 1967. De Vlaamse letterkunde. Van 1780 tot heden. Amsterdam: Elsevier.
- Lombaard, Christo. 1989. Eva nié die sondaar. Insig Februarie: 54 - 55.
- Maatje, Frank C. 1974. Literatuurwetenskap: Grondslagen van een theorie van het literaire werk. Utrecht: Oosthoek's Uitgeversmaatschappij.
- Malan, Charles. (red.) 1983. Letterkunde en leser. Inleiding tot lesergerigte literêre ondersoeke. Pretoria: Butterworth.
- Malan, Charles. 1985. Die literatuurwetenskap: Aard, terrein en metodes. In : T.T. Cloete en Charles Malan. Gids by die literatuurstudie. Pretoria : HAUM-Literêr.
- Malan, Charles. (red.) 1987. Race and literature. Ras en literatuur. Pinetown: Owen Burgess Publishers.
- Malan, Charles en Jooste, G.A. (red.) 1990. Onder andere. Die Afrikaanse letterkunde en kulturele kontekste. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Malan, Charles en Viviers, André. 1979. Spanningspel. Inleiding tot die studie van die letterkunde. Bloemfontein: P.J. de Villiers.
- Mawa, Avogo. 1992. Lingala. Focus on Africa 3 (4): 51.
- Meijer, Reindor P. 1978. Literature of the low Countries. Cheltenham: Stanley Thornes (Publisher Ltd.).
- Memmi, Albert. 1965. The colonizer and the colonized. New York: Beacon Press.
- Miller, Penny. 1979. Myths and Legends of Southern Africa. Cape Town: T.V. Bulpin Publications (Pry.) Ltd.

- Mooij, J.J.A. 1979. Tekst en lezer. Amsterdam: Polak en Van Gennep Uitgewersmaatskappij B.V.
- Nieuwenhuys, Rob. 1973. Oost-Indische Spiegel. Wat Nederlandse schrijvers en dichters over Indonesië hebben geschreven, vanaf de eerste jaren der compagnie tot op heden. Tweede, verbeterde druk. Amsterdam: Querido.
- N.V. 1975. Nog een stem uit voormalige Congo. De Nieuwe Gazet, 18 Junie : 75.
- Osstyn, Karel. 1991. Lieve Joris. Literatuur of journalistiek. Ons Erfdeel 34 (99) : 213 - 219.
- Otterspeer, Willem. 1994. Breekbare emoties in roman van Mineke Schipper. Een witte plek in Kongo. C.S. Literair: NRC Handelsblad, 8 April : 5.
- Oversteegen, J.J. 1982. Beperkingen: Methodologische recepten en andere vooronderstellingen en vooroordelen in de moderne literatuur-wetenschap. Utrecht: HES.
- Paasman, Bert. 1995. Koloniale en postkoloniale literatuur. Voordrag gelewer by die Werkswinkel vir Neerlandistiek. SAVN-NTU. Januarie 1995, Stellenbosch.
- Pakenham, Thomas. 1992. The scramble for Africa. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.
- Petersen, Kirsten Holst & Rutherford, A. 1985. Colonial and postcolonial women's writing. Kunapipi 7 : 9 - 10.
- Petersen, Kristen Holst & Rutherford, A. 1986. A double colonization. Colonial and Postcolonial women's writing. Aarhus: Dangaroo Press.
- Popelier, Ed. 1977. Grote ontmoetingen. Literair Monografieën. Hella Haasse. Nijmegen: B. Gottmer.
- Pratt, Mary Louise. 1991. Imperial eyes. Travel writing and transculturation. New York: Routledge.
- Prinssen, M. en Vermij, L. Th. 1991. Schrijfsters in de jaren vijftig. Amsterdam: Sara Van Gennep.
- Rautenbach, Elmari. 1994. 'n Olyftak vir onse Ingrid. De Kat Julie : 51 - 52.

- Renders, Luc. 1977. Henriette Grové "Haar naam was Hanna": Een analyse van tijd, ruimte en karakter. Tydskrif vir Letterkunde 15 (2) : 38 - 46.
- Renders, Luc. 1993. De Vlaams-Afrikaanse letterkunde: Kongo-Zaïre als uitdaging. Lesing gelewer by die 7e Internasionale Kongres van die Suider Afrikaanse Vereniging vir Nederlandistiek. Augustus 1993, Umhlanga.
- Renders, Luc. 1994. Het Vlaamse-Afrikaanse proza en het kolonialisme. Kolonialistiese en anti-kolonialistiese tendense in de Vlaamse Kongo-letterkunde. Literatuur 11 (3) : 158 - 165.
- Reynders, Paul. 1987. Toerist met weinig bagage. Kruispunt 1980 (Juni 1987) 26(108) : 24 - 25.
- Reynebeau, Marc. 1987. Zaïre, elke dag. Knack Maart : 170 - 174.
- Rijpma, E. en Rijpma, J.H. 1962. Beknopte geskiedenis van die Nederlandse letterkunde. (Afrikaanse vertaling deur A.P. Grove & J.C. Steyn). Kaapstad: Human en Rousseau.
- Romero, Patricia W. (red.) 1992. Women's Voices on Africa: A Century of travel Writings. New York: Markus Wiener Publishing.
- Roos, H.M. 1975. Ik en self. 'n Ondersoek na die vertellerrol aan die hand van drie ek-vertellers van W. F. Hermans. D. Litt. - proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Roos, Henriette. 1985. Roman en (as) geskiedenis. Standpunte 177. 38 (3) : 33 - 45.
- Roos, Henriette. (samesteller). 1990. Lewe met woorde. Opstelle oor die prosa. Kaapstad: Tafelberg.
- Roos, Henriette. 1993. Hella Haasse: Die koloniale roman. Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans 1 (1) : 27 - 39.
- Rubenstein, Renate. 1962. Een verwerpelijke visie op de neger. Nieuwe Rotterdamse Courant, 31 Maart 1962.
- Rubenstein, Renate. 1962. Antwoord van Renate Rubenstein. Nieuwe Rotterdamse Courant, 5 Mei : 1.



- Ryan, Marie Louise. 1984. Fiction as a logical, ontological and illocutionary issue. Style 18 (2) : 121 - 139.
- Ruys, Manu. 1973. The Flemings. A people on the move, a nation in being. Tiel & Utrecht: Lannoo.
- Ruys, Manu. 1987. Heerom achterna. Het Nieuwsblad De Centenaar, 20 April : 50.
- Schalbroek, Ivo. 1986. Belgisch Kongo. De dekolonisatie van een Kolonie. Tiel: Lannoo.
- Schoonees, P.C. (e.a.) 1981. Uit de Nederlandse Verhaalkunst. Pretoria: J.C. van Schaik.
- Schouten, Diny. 1986. La Querelle des Dames. De discussie over de vrouwelijke stem. Literair klimaat : 121 - 130.
- Segers, Rien T. 1980. Het lezen van literatuur. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Showalter, Elaine. 1977. A Literature of Their Own. British Women Novelists. From Brontë to Lessing. Princeton: University Press.
- Smith, Ken en Nöthling, F.J. 1985. Afrika noord van die Limpopo. Die imperiale wedervaringe sedert 1800. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Smuts, J.P. 1987. Hoe om 'n roman te ontleed. Kaapstad: Academica.
- Snyman, Henning. 1978. Die "taaldenke" by P.J. Haasbroek in Heupvuur en roofvis. Tydskrif vir Letterkunde 16 (3) : 48.
- Sommer, Martin. 1987. Van de melkdoppen naar swingend Afrika. De Volkskrant, 24 April : 01.
- Steenberg, Dawie & Du Plessis, Hans. (red.) 1992. Skryfateljee. Gesprekke oor skryfwerk. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Steinz, Pieter. 1993. "Woede in Frankfurt over racistisch exotisme." NRC Handelsblad, Oktober : 7.
- Stevenson, John, Allen. 1980. The British Novel. Defoe to Austen. A Critical History. Boston: Twayne Publishers.

- Storme, M. 1969. [Over: Cottenjé, Mireille: Dagboek van Carla. 's - Gravenhage. Kon. Acad. overzeese wet (1969). 15 (2) : 256.
- Strachan, Alexander. 1985. Die Suid-Afrikaanse prosa vandag: ingesteldheid in die tagtigerjare. Tydskrif vir Letterkunde 23 (4) : 79 - 81.
- Strachan, Alexander. 1989. Enkele raakpunte in die jonger Afrikaanse prosa. Tydskrif vir Letterkunde 27 (1) : 37 - 39.
- Stubbs, Patricia. 1979. Women And Fiction. Feminism and the Novel. 1880 - 1920. Bristol: J. W. Arrowsmith Ltd.
- Stuckens, T. 1976. Daisy Ver Boven: Mayana. De Standaard Februarie: 400.
- Stynen, Ludo. 1983. "Il faut a la Belgique une colonie", de Vlaamse koloniale literatuur van De Hoon tot Geeraerts. Restant Duffel 2 (4) : 259 - 267.
- Suleiman, Susan R. & Crosman, Inge. (eds). 1980. The Reader in the Text: Essays on Audience and Interpretation. Princeton: N.J. Princeton University Press.
- Turner, Victor. 1971. Colonialism in Africa 1870 - 1960. Vol. III. Profiles of change: African society and colonial rule. Cambridge: Cambridge University Press.
- Unisa. 1980. Prosateorie: Studiegids vir AFN 303-F. Pretoria.
- Unisa. 1984. Enigste gids vir LITOOO-M (Literatuurteorie). Pretoria.
- Unisa. 1985. Afrikaans en Nederlands III: Enigste studiegids vir AFN 304-G. (Die vroeë en moderne Nederlandse letterkunde). Pretoria.
- Unisa. 1989. Afrikaans (honours): Enigste studiegids vir MONPRO-B. Pretoria.
- Unisa. 1991. Afrikaans (Honours): Enigste studiegids vir VLABEG-S. Pretoria.
- Van Acker, George. 1967-1968. Het superioriteitsgevoel van de blanke. Kruispunt - Sumier (1967) 7(25) : 1 - 2.
- Van Aswegen, H.J. 1980. Geskiedenis van Afrika. Kaapstad: Academica.
- Van Bellinghen, Jean-Paul. 1990. Belgium and Africa in Modern Belgium. California : The Society for the Promotion of Science and Scholarship, Inc.

- Van Boven, Henri. 1904. Tropenwee. Amsterdam: Maatschappij voor goede en goedkope lectuur.
- Van Buuren, Hanneke. 1984. Hella Haasse, verzot op verborgenheden. HN-Magazine 40 (27) : 10 - 13.
- Van Buuren, Hannah. 1986. Ruimte van leven. Romankunst van Nederlandse feministen. Ons Erfdeel 29(1): 19 - 34.
- Van Coller, H.P. 1983. Teoretiese benadering van die Letterkunde. Literator 4 (3) : 1 - 16.
- Van Deel, Tom. (red.) 1986. Het literair klimaat. 1970 - 1985. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Van de Moortel, Remi. 1980. Gevierendeeld (Daisy Ver Boven). Blank en zwart: twee werelden. De Gazet van Antwerpen 80(4) : 259 - 260.
- Van der Elst, J. (red.) 1988. Momente in die Nederlandse letterkunde. Kaapstad: Academica.
- Vandergraesen, Fons. 1981. [Over: Boven, Daisy ver. Gevierendeeld . Leuven, 1980] Dietsche Warande en Belfort 126 (6) : 460 - 462.
- Van der Linde, R. 1963. Die tijd is nu verbij. Leuven: De Clauwaert.
- Van der Walt, Bennie. (red.) 1987. Vensters op die vrou. Reformatoriese perspektiewe. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.
- Van der Zee, Renata. 1992. Op Java staat bijna niets meer uit de jare veertig. Haagse Courant, 8 Mei : 01 - 02.
- Van de Sande, Monique. 1987. Reis naar het hart van de duisternis. De waarheid, 13 Junie : 01.
- Van Geelen, J.(e.a). 1981. Lexicon van de moderne Nederlandse literatuur. Amsterdam: Meulenhoff.
- Van Heerden, Etienne. 1991. Op weg na Afrika: Afrikaanse literatuur as Afrikaliteratuur. Tydskrif vir Letterkunde 29 (2) : 9 - 16.

- Van Hoeck, A. 1966-1967. Reveil van de Kongo-roman. Periscoop 17 (2) : 1 - 3.
- Van Hoeck, A. 1968. De miskraam van Moedertje Dipenda; een bloemlesing uit de recente Nederlandse Kongoletteren. Brussel : Reinaert uitgaven.
- Van Hoeck, Albert. 1978. Mireille Cottenjé's rekwisitoor tegen het huwelijk. Het Volk, 18 Mei.
- Van Hoeck, A. 1989. Ontstaan van de postkoloniale roman in 1959 - 1970. Vlaanderen 38 (2) : 82 - 89.
- Van Hulle, J. 1983. Daisy Ver Boven. Boekengids Antwerp 61 (6) : omslag.
- Van Hulle, Jooris. 1988. Mireille Cottenjé. Turnhout: Vereniging van Westvlaamse Schrijvers.
- Van Kuppenveld, Rian. 1987. Joris in de voetsporen van heeroom. Utrechts Nieuwsblad, 22 Mei : 01.
- Van Luxemburg, Jan; Bal, M. en Weststijn, W. 1983. Inleiding in de literatuurwetenschap. Muidenberg: Dick Coutinho.
- Van Rensburg, A.P.J. 1974. Aspekte van die geskiedenis van Afrika. Kaapstad: HAUM.
- Van Rensburg, A.P.J. 1983. Moderne Afrika. Kaapstad: De Jager-HAUM.
- Van Uffelen, H. 1989. De évolué in de Afrika-roman. Vlaanderen 38 (2) : 108 - 112.
- Van Vlierden, B.F. 1969. Van In't Wonderjaer tot De Verwondering. Een poetica van de Vlaamse roman. Antwerpen: De Nederlandse Boekhandel.
- Van Wyk, At. 1994. Nare spoke uit verlede gaan Afrikaners teister. Insig Augustus : 9 - 10.
- Van Zoest, Aard. 1978. Semiotiek. Over tekens, hoe ze werken en wat we ermee doen. Ambo/Baarn: Basisboeken.
- Venter, Louis. 1985. Narratiewe ruimtes. Tydskrif vir Geesteswetenskappe 25(i): 19 - 29.
- Ver Boven, Daisy. 1974. Mayana. Leuven: De Clauwaert.
- Ver Boven, Daisy. 1989. De zwart vrouw in de Afrikaroman. Vlaanderen 38 (2): 100 - 107.

- Vermeiren, Koen. 1993. Lexicon van literaire werken. [Over: Walschap, Gerard. Oproer in Kongo. 5e dr. Antwerpen [etc.], 1990]. Groningen : Wolters - Noordhoff.
- Vermeulen, J. 1986. Een kwarteeuw Afrika-literatuur in Vlaanderen (1960-1985). Ons Erfdeel 29(1) : 77 - 85.
- Vermeulen, Julien. 1988. De Centraalafrikaanse Woordkunst en de Nederlandse Afrika-literatuur. (Africana Gandensia 5). Gent: Rijksuniversiteit.
- Vermeulen, J. 1989. Afrikaanse culturen in de Afrikaroman. Vlaanderen 38(2) : 90 - 98.
- Vermeulen, J. 1989. Tussen spreekstijl en stijlexperiment. Vlaanderen 38(2) : 113 - 116.
- Vermeulen, Julien. 1993. Letterkundige Daisy Ver Boven, John Flandersprijs 1992. Vlaanderen Roeselare 42(245) : 123.
- Vermij, Lucie Th. 1992. Women writers from the Netherlands and Flanders. Amsterdam: Internasional Feminist Bookfair Press.
- Verthé, A. en Henry, B. 1961. Geschiedenis van de Vlaams Afrikaanse-letterkunde. Leuven: Davidsfonds.
- Verthé, Arthur. 1959. Mens en Afrika. s.l.: Desclee de Brouwer.
- Visel, Robin. 1988. A half colonisation: The problem of the white colonial woman writer. Kunapipi 10(3) : 39 - 45.
- Vlaamsch tooneel in Kongo. 1944. Band-Leopoldstad 3(1) : 3 - 6.
- Vrielynck, R. 1962-1963. Zwart literair Kongolees witboek. Kruispunt 4(15) : 21 - 28.
- Walschap, A. 1952. Het letterkundige werk van Alfons Walschap. Antwerpen: De Sikkel.
- Walschap, G. 1953. Oproer in Kongo. Amsterdam: Elsevier.
- Walschap, G. 1965. Opdat de blanke ontwake. Nieuw Vlaams Tijdschrift 18 : 907 - 909.
- Wesselo, J.J. 1983. Vlaamse wegen. Het vernieuwende prosa in Vlaandere tussen 1960 en 1980. Antwerpen: Manteau.
- Weststeijn, W.G. 1983. Wie leest er en hoe? De Gids 146(4): 297 - 303.

White, C.J. 1985. 'n Ondersoek na karakterisering as sentrale struktuurelement in die verhaalkuns van Hennie Aucamp. M.A. -verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Wijgh, Hanneke. 1993. Oeroeg. Trouw Junie : 01 - 02.

Winterbach, Ingrid Gerda. 1974. 'n Ondersoek na enkele struktuuraspekte van **Om te vlieg** van Breyten Breytenbach. M.A. -verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.